YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT

# 'n Strategie vir die opbou van die plaaslike kerk in die lig van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling.

deur

Griffel van Wyk

B.Th., Hons. B.Th., M.Div.

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike verwerwing van die graad Magister Theologiae (M.Th.) in Praktiese Teologie aan die Noordwes Universiteit, Potchefstroom kampus.

Studieleier: Prof. B.J. de Klerk

Augustus 2005

**vir**

**Gretha & Christi**

## ABSTRACT

Every local church, although part of a greater denomination, finds itself in a unique context with unique ministerial needs. It is of the utmost importance for every local church to be contextual in its ministry, to eventually being effective in its ministry. To make this possible a Scriptural view of the interplay between the unity of the church, the diversity of the church and the fulfillment of the calling of the church, currently not existing, is a key factor. The primary goal of this research is to provide guidelines to churches to assure the contextualization of their calling and ministerial strategy. This is done by motivating the necessity thereof, and by providing Scriptural principles for the interplay between the unity of the church, the diversity of the church and the fulfillment of the calling of the church. The research is done according to the practical-theological methodology of Gerben Heitink (1999).

- The first part of the study consists of a hermeneutical process giving perspective on the current state of affairs in ministerial theory and practice, as well as providing Scriptural principles. Chapter 2 of the hermeneutical investigation wants to determine in what manner the interplay between the unity of the church, the diversity of the church and the fulfillment of the calling of the church is currently being recognized when a local church determines their specific calling and ministerial strategy. Furthermore a brief overview is given regarding the state of affairs in South Africa which has an effect on the climate in which ministry has to take place. This ensures the contextualization of the study. In Chapter 3 Scriptural principles are developed regarding the interplay between the unity of the church, the diversity of the church and the fulfillment of the calling of the church. In Chapter 2 a description is made of the situation that has to change and in Chapter 3 the principles are developed by which the change has to take place. The research in Chapter 3 focuses on the pericope of Acts 21:17-26 and related pericopes.

  - The second part of the study comprises of an empirical investigation of Afrikaans speaking reformed church members in Eastern Pretoria to

determine how they view the interplay between the unity of the church, the diversity of the church and the fulfillment of the calling of the church.

- The third part comprises the strategic perspective that integrates the research results of Chapters 2, 3, and 4 to develop a theory of practice. This practical theory provides guidelines to local churches to help them determine their specific calling and ministerial strategy in the light of the interplay between the unity of the church, the diversity of the church and the fulfillment of the calling of the church.

The result of this study shows that the interplay between the unity of the church, the diversity of the church and the fulfillment of the calling of the church is a key factor in determining the specific calling and ministerial strategy of a local church to ensure their obedience to Gods calling. Beacons were developed in the light of the Scriptural interplay and presented as guidelines for the local church. The beacons are in short: 1 - Identifying the unique context; 2 - Ascertaining of the current interplay; 3 - Ascertaining of the Scriptural interplay; 4 - Breaking through traditions; 5 - Create balance in the interplay; 6 - Ensure unity in communal interest; 7 - ensure diversity, not in own interest; 8 - Accommodating each other.

**Keyterms**

- Unity
- Diversity
- Calling / fulfillment of calling
- Interplay
- Contextualization
- Effective ministry
- Determining specific calling
- Determining specific ministerial strategy

## UITTREKSEL

Hoewel elke plaaslike kerk deel uitmaak van 'n kerkverband, staan elkeen in 'n unieke konteks met unieke bedieningsvereistes. Vir elke kerk om werklik effektief te bedien is dit noodsaaklik om kontekstueel te bedien. 'n Skriftuurlike beskouing van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling ontbreek tans in gemeentebou-teorie en is die sleutel tot die realisering van kontekstuele bediening. Die primêre doel van hierdie navorsing is om riglyne aan kerke te gee om die kontekstualisering van hul roepingsbesef en bedieningstrategie te verseker deur die noodsaak hiervan te motiveer en die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling Skriftuurlik te begrond. Die navorsing geskied aan die hand van die prakties-teologiese metodiek van Gerben Heitink (1999).

- Die eerste afdeling van hierdie studie is 'n hermeneutiese proses wat perspektief op die huidige stand van sake wil plaas en Skriftuurlike beginsels wil ontgin. Hoofstuk 2 van die hermeneutiese ondersoek wil 'verstaan' in watter mate eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling tans in aanmerking geneem word wanneer 'n gemeente sy unieke roeping bepaal en op 'n strategie besluit. Verder word 'n kort oorsig gegee van die omstandighede in Suid-Afrika wat 'n impak het op die milieu waarin plaaslike bediening moet geskied. Dit verseker die kontekstualiteit van hierdie studie. In Hoofstuk 3 word gepoog om tot 'n 'verstaan' te kom van hoe die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling volgens die Skrif behoort te funksioneer. In Hoofstuk 2 is 'verstaan' wat verander moet word, en Hoofstuk 3 fokus op die 'verstaan' van die beginsels waarvolgens die verandering moet geskied. Hiervoor word die verloop van gebeure in die Skrif ondersoek wat in Handelinge 21:17-26 kulmineer.

- Die tweede afdeling behels 'n empiriese ondersoek onder Afrikaanssprekende gereformeerde lidmate in die Ooste van Pretoria om vas

te stel hoe hulle die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling beskou.

- Die derde afdeling is die strategiese moment en behels die integrering van die ondersoekresultate uit Hoofstukke 2, 3, en 4 in 'n praktykteorie. Die praktykteorie bied uiteindelike riglyne aan plaaslike kerke vir die bepaling van hul unieke roeping en bedieningstrategie in die lig van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling.

Dit is duidelik dat die verrekening van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling 'n onmisbare rol speel in die bepaling van die spesifieke roeping en bedieningstrategie van die plaaslike kerk ten einde te verseker dat hulle gehoorsaam is aan hulle opdrag van God. Bakens is ontwikkel in die lig van die Skriftuurlike wisselwerking en as riglyne aangebied. Die bakens kan kortliks as volg weergegee word: 1 - Identifisering van unieke konteks; 2 - Vergewis van huidige wisselwerking; 3 - Vergewis van Skriftuurlike wisselwerking; 4 - Deurbreek van Tradisies; 5 - Skep balans in wisselwerking; 6 - Bewerk eenheid in gemeenskaplike belang; 7 - Bewerk verskeidenheid, nie in eie belang nie; 8 - Akkommodering van mekaar.

**Sleutelbegrippe**

- Eenheid
- Verskeidenheid
- Roepingsvervulling
- Wisselwerking
- Kontekstualisering
- Effektiewe bediening
- Bepaling van spesifieke roeping
- Bepaling van bedieningstrategie

# DANKBETUIGINGS

Ek is dankbaar teenoor my Here en my God wat ten spyte van my voortdurende gebreke, tekortkominge en menslikheid nog steeds elke dag deur sy Gees met my bemoeienis maak, my elke dag nuut maak en steeds al hoe meer bly vorm na sy beeld. Ek is U my lewe verskuldig.

Baie, baie dankie aan my liefste vrou, Gretha en mooiste dogtertjie, Christi wat albei vir hierdie studie al onnoembare en onmeetbare opofferinge gemaak het. Dankie, my vrou, vir jou geloof in my en jou ondersteuning. Mag ek maar vir julle die helfte beteken wat julle vir my beteken!!

Baie dankie aan my ouers (Gerhard en Ria & Schalk en Ina), grootouers (Oupa Ben en Ouma Corrie) en broers en susters (Bert, Adriana, Riaan, Gert, Cornel, Johan en Chrismari) wat altyd belang gestel het, my gemotiveer het en ongetwyfeld elkeen 'n vormende rol in my lewe gespeel het, en só bygedra het tot hierdie studie wat my na aan die hart lê.

Baie dankie aan prof. Ben de Klerk, my studieleier, wat hom uitstekend van sy taak gekwyt het deur altyd positief te wees oor die navorsingsresultate en my tog kunstig gevorm en geskaaf het om dit wetenskaplik aan te bied. Dankie vir die ruimte wat professor my gegun het in my omstandighede en vir die vertroue wat u in my gestel het.

Laastens bedank ek in die besonder al my klasmaats oor die jare wat 'n groot invloed in my lewe en op my teologiese denke tot dusvêr gehad het. Julle is inderdaad 'n seëning!

Verder spreek ek graag my waardering uit teenoor:

- Mev. Malie Smit en mev. Gerda van Rooyen van die Ferdinand Postma Biblioteek wat altyd baie behulpsaam was met my soektogte en navrae.
- Mev. Cecilia van der Walt vir uitstekende, deeglike en baie flinke taalversorging van hierdie skripsie.
- Prof. Faans Steyn van die Statistiese Konsultasiediens aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit vir sy raad met my empiriese navorsing.

# INHOUDSOPGAWE

**HOOFSTUK 1 –** ........ 1
**Inleiding** ........ 1
1.1 Voorgestelde Titel ........ 1
1.2 Oriëntering en Probleemstelling ........ 1
1.2.1 Oriëntering ........ 1
1.2.2 Probleemstelling ........ 3
1.3 Doel ........ 4
1.3.1 Doelstellings ........ 4
1.3.2 Doelwitte ........ 4
1.4 Sentrale teoretiese argument ........ 5
1.5 Metode ........ 5
1.6 Hoofstukindeling ........ 7
1.7 Skematiese voorstelling ........ 8
1.8 Outeursopmerkings / Begripsomskrywing ........ 9

**HOOFSTUK 2 –** ........ 11
**Huidige funksionering van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling in plaaslike bediening** ........ 11
2.1 Inleiding ........ 11
2.1.1 Oriëntering ........ 11
2.1.2 Doelstelling ........ 12
2.1.3 Werkplan en Metode ........ 12
2.1.4 Begrensing ........ 12
2.2 Bedieningstrategie-teorieë oor die algemeen ........ 13
2.2.1 Nel – Gemeentebou ........ 13
2.2.1.1 Inleiding ........ 13
2.2.1.2 Werksformule ........ 13
2.2.1.3 Gemeentebou en vernuwing ........ 14
2.2.1.4 Kommunikasie ........ 15
2.2.1.5 Samevatting ........ 17
2.2.2 Burger – Gemeentes in die kragveld van die Gees ........ 18

Inhoud (Vervolg)


2.2.2.1 Inleiding ..... 18

2.2.2.2 'n Bybels-teologiese visie van gemeente-wees ..... 18

2.2.2.3 Identiteit ..... 19

2.2.2.3.1 Eenheid en Verskeidenheid ..... 19
2.2.2.3.2 Roepingsvervulling ..... 20
2.2.2.4 Taak ..... 21

2.2.2.4.1 Eenheid en Verskeidenheid ..... 21
2.2.2.4.2 Roepingsvervulling ..... 21
2.2.2.4 Konteks ..... 22

2.2.2.4.1 Eenheid en verskeidenheid ..... 23
2.2.2.4.2 Roepingsvervulling ..... 23
2.2.2.5 Samevatting ..... 24

2.3 Spesifieke bedieningstrategieë in die literatuur ..... 24

2.3.1 Pretorius - Die groot fokus, groot gebod en groot opdrag as sleutels tot 'n bedieningstrategie in die GSKA ..... 24

2.3.1.1 Inleiding ..... 24

2.3.1.2 Pretorius se basisteoretiese perspektiewe oor die groot fokus (2003:92) ..... 25

2.3.1.3 Pretorius se basisteoretiese perspektiewe oor die groot gebod (2003:138-139) ..... 27

2.3.1.4 Pretorius se basisteoretiese perspektiewe oor die groot opdrag (2003:225-227) ..... 28

2.3.1.4 Samevatting ..... 31

2.3.2 Schalekamp - Missione Ecclesiae: 'n Missionêre visie en strategie in gemeentebou ten opsigte van multikulturele kerkplanting ..... 32

2.3.2.1 Inleiding ..... 32

2.3.2.2 Fundering van Schalekamp se studie ..... 32

2.3.2.3 Hoof-liggaammetafoor in Efesiërs ..... 33

2.3.2.3.1 Afleidings ten opsigte van die term κεφαλή (hoof) ..... 34
2.3.2.3.1.1 Eenheid ..... 34
2.3.2.3.1.2 Verskeidenheid ..... 34
2.3.2.3.1.2 Roepingsvervulling ..... 34
2.3.2.3.2 Afleidings ten opsigte van die term σῶμα (liggaam) ..... 35

2.3.2.3.2.1 Eenheid ... 35
2.3.2.3.2.2 Verskeidenheid ... 35
2.3.2.3.2.3 Roepingsvervulling ... 35
2.3.2.3.3 Algemene afleidings oor Hoof-liggaammetafoor in Efesiërs ... 36
2.3.2.4 Die geloofsbelydenis van Nicea ... 36
2.3.2.4.1 Eenheid ... 36
2.3.2.4.2 Heiligheid ... 37
2.3.2.4.3 Katolisiteit en Apostolisiteit ... 37
2.3.2.5 Bedienings van die kerk ... 37
2.3.2.5.1 Kerugma ... 38
2.3.2.5.2 Leitourgia ... 38
2.3.2.5.3 Koinonia ... 38
2.3.2.5.4 Diakonia ... 38
2.3.2.6 Samevatting ... 38
2.4 Afleidings uit literatuurstudie van Nel, Burger, Pretorius en Schalekamp ... 40
2.5 Die Suid-Afrikaanse konteks en die onoffisiële bedieningspraktyk tans algemeen in die GKSA ... 41
2.5.1 Situasie-analise van die Suid-Afrikaanse konteks ... 41
2.5.1.1 Inleiding ... 41
2.5.1.2 Probleemstelling ... 41
2.5.1.3 Benadering ... 42
2.5.1.4 Moderne kerkhistoriese tendense ... 43
2.5.1.4.1 Die Verligting ... 43
2.5.1.4.1.1 Die invloed van die Verligting ... 44
2.5.1.4.2 Negentiende-eeuse Protestantse denke in Duitsland ... 45
2.5.1.4.2.1 Die invloed van negentiende-eeuse Protestantse denke in Duitsland ... 46
2.5.1.4.3 Die ekumeniese beweging ... 48
2.5.1.4.3.1 Die invloed van die ekumeniese beweging ... 49
2.5.1.4.4 Groeperings onder gereformeerdes ... 50
2.5.1.4.4.1 Die invloed van Groeperings onder gereformeerdes ... 51
2.5.1.4.5 Postmodernisme ... 51
2.5.1.4.5.1 Inlvoed van die Postmodernisme ... 53
2.5.1.3 Samevatting ... 54
2.5.2 Die onoffisiële bedieningspraktyk vandag algemeen in die GKSA 55
2.5.2.1 Inleiding ... 55

2.5.2.2 Bedieningspraktyk ... 56
2.5.2.3 Tiperings van hierdie bedieningstrategie ... 58
2.5.2.4 Nederlandse geloofsbelydenis, kerkorde, beroepsbrief en bevestigingformulier ... 59
2.5.2.5 Samevatting ... 61
2.6 Spesifieke bedieningstrategieë in die praktyk ... 62
2.6.1 Wapadrant-gemeente (Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika — GKSA) ... 63
2.6.1.1 Inleiding. ... 63
2.6.1.2 Wapadrant-kernwaardes ... 63
2.6.1.3 Visie ... 64
2.6.1.4 Missie ... 64
2.6.1.4.1 Die beredenering agter die gemeente se missiestelling ... 64
2.6.1.4.2 Wapadrant se missie: ... 65
2.6.1.4.3 Langtermyndoelwitte ... 65
2.6.1.5 Samevatting: ... 67
2.6.2 Moreletapark-gemeente (Nederduits Gereformeerde Kerk — NGK) ... 68
2.6.2.1 Inleiding ... 68
2.6.2.2 Visie ... 68
2.6.2.3 Missie ... 71
2.6.2.3.1 Vertrou en Verheerlik God Drie-enig ... 72
2.6.2.3.2 Gee om vir mekaar ... 72
2.6.2.3.3 Bereik die wêreld ... 72
2.6.2.4 Gemeentestrategie ... 73
2.6.2.5 Gemeente-kernwaardes ... 75
2.6.2.6 Verdere erkenning van kerklike eenheid en verskeidenheid ... 76
2.6.2.7 Samevatting ... 77
2.6.3 Meyerspark-gemeente (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika — NHK) ... 79
2.6.3.1 Inleiding ... 79

2.6.3.2 Visie van die gemeente ..... 79
2.6.3.3 Missie van die gemeente ..... 81
2.6.3.4 Kernwaardes van die gemeente ..... 82
2.6.3.5 Samevatting ..... 85
2.6.4 Samevatting van drie bedieningstrategieë in praktyk ..... 86
2.7 Omvattende samevatting ..... 89

**HOOFSTUK 3 – ..... 91**
**Skriftuurlike beskouing oor die funksionering van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling in plaaslike bediening. ..... 91**
3.1 Inleiding ..... 91
3.1.1 Oriëntering ..... 91
3.1.2 Doelstelling ..... 91
3.1.3 Werkplan en metode ..... 91
3.1.4 Motivering vir tekskeuse ..... 92
3.2 Eksegese van Handelinge 21:17-26 ..... **93**
3.2.1 Genre van Handelinge ..... 94
3.2.2 Tekstuele konteks ..... 94
3.2.3 Sintaksis ..... 96
3.2.3.11 Samevatting: ..... 103
3.2.4 Semantiek ..... 103
3.2.4.1 Gedagtestruktuurontleding ..... 103
3.2.4.2 Kernbegrippe ..... 105
3.2.4.2.1 διακονίας - bediening v19 ..... 105
3.2.4.2.2 ζηλωταὶ - yweraars v20 ..... 106
3.2.4.2.3 τοῖς ἔθεσιν – die gebruike v 21 ..... 107
3.2.4.2.4 εὐχὴν - gelofte v23 ..... 108
3.2.4.2.5 φυλάσσων τὸν νόμον - nakomer van die wet v24 ..... 108
3.2.4.2.6 ἡ προσφορά - die offer v 26 ..... 109

3.2.4.3 Samevatting: ........ 109

3.2.5 Buitetekstuele konteks ........ 110
3.2.5.1 Die kerk in Jerusalem (17) ........ 110
3.2.5.2 Paulus se afvaardiging (18) ........ 111
3.2.5.3 Paulus se bediening / roeping (v19) ........ 112
3.2.5.4 Joodse Christene (v20) ........ 112
3.2.5.5 Nasireër-gelofte (23) ........ 113
3.2.5.6 Gelowiges uit die heidennasies (25) ........ 113
3.2.5.7 Samevatting: ........ 114
3.2.6 Vergelyking van Handelinge 21:17-26 met verbandhoudende Skrifgedeeltes. ........ 115
3.2.6.1 Motivering vir seleksie van Skrifgedeeltes ........ 115
3.2.6.2 Galasiërs 2:11-14 en Galasiërs 3:1-6 ........ 116
3.2.6.3 Korintiërs 9:1-23 ........ 117
3.2.6.4 Romeine 14:1-23 ........ 118
3.2.6.4.1 Romeine 14:1-12 ........ 119
3.2.6.4.2 Romeine 14:13-23 ........ 120
3.2.6.5 Samevatting: ........ 121
3.2.7 Omvattende samevatting ........ 123

**HOOFSTUK 4 – ........ 125**
**Empiriese gegewens: kwalitatiewe navorsing. ........ 125**
4.1 Inleiding ........ 125
4.1.1 Oriëntering ........ 125
4.1.2 Doelstelling ........ 126
4.1.3 Werkplan en Metode ........ 126
4.1.4 Begrensing ........ 127
4.2 Empiriese analise ........ 128
4.2.1 Vrae rakende eenheid ........ 128

4.2.1.16 Afleidings oor kerklike eenheid: ............ 145
4.2.2 Vrae rakende verskeidenheid............ 147
4.2.2.16 Afleidings oor kerklike verskeidenheid............ 165
4.2.3 Vrae rakende roepingsvervulling............ 167
4.2.3.15 Afleidings oor roepingsvervulling ............ 183
4.2.4 Afleidings ter sake vir hierdie studie ............ 186

**HOOFSTUK 5 –............ 189**

**Strategiese bakens: riglyne vir die bepaling van 'n spesifieke roeping en strategie in die lig van kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling............ 189**

5.1 Inleiding ............ 189
5.1.1 Oriëntering............ 189
5.1.2 Doelstelling............ 190
5.1.3 Werkplan en metode ............ 190
5.2 Strategiese bakens ............ 192
5.2.1 Baken 1 – Identifisering van unieke konteks ............ 192
5.2.2 Baken 2 – Vergewis van huidige wisselwerking ............ 194
5.2.3 Baken 3 – Vergewis van Skriftuurlike wisselwerking ............ 196
5.2.4 Baken 4 – Deurbreek van Tradisies ............ 199
5.2.5 Baken 5: Skep balans in wisselwerking............ 200
5.2.6 Baken 6: Bewerk eenheid in gemeenskaplike belang ............ 201
5.2.7 Baken 7: Bewerk verskeidenheid nie in eie belang nie............ 202
5.2.8 Baken 8: Akkommodering van mekaar............ 203
5.3 Samevatting van die strategiese moment............ 204

**HOOFSTUK 6 –............ 205**

**Samevatting en gevolgtrekking............ 205**

6.1 Inleiding ............ 205
6.1.1 Oriëntering ............ 205
6.2 Hermeneutiese moment............ 206

6.2.1 Hermeneutiese bevindinge uit Hoofstuk 2 ....................................207
6.2.2 Hermeneutiese bevindinge uit Hoofstuk 3 ....................................208
6.3 Empiriese moment....................................................................210
6.3.1 Empiriese bevindinge...............................................................211
6.4 Strategiese moment ....................................................................213
6.5 Finale konklusie..........................................................................216
6.6 Terreine vir verdere navorsing.......................................................216

**BIBLIOGRAFIE ................................................................218**

## GRAFIESE VOORSTELLINGS

Figuur 1: Metodologie van praktiese teologie volgens Heitink (1999:165) ...............6
Figuur 2: Die hermeneutiese perspektief (Heitink, 1999:178) ...............................11
Figuur 3: Die groot opdrag-trapleer (Pretorius, 2003:225)....................................28
Figuur 4: Empiriese moment (Heitink, 1999:220) ..............................................125
Figuur 5: Strategiese moment (Heitink, 1999:220)..............................................189
Figuur 6: Metodiek vir die bepaling van spesifieke roeping en bedieningstrategie 191
Figuur 7: Gevolg van huidige gebrek aan wisselwerking.......................................195
Figuur 8: Skriftuurlike wisselwerking ...............................................................197
Figuur 9: Konteks bepaal funksie, en konteks sowel as funksie bepaal vorm. ......198
Figuur 10: Metodologie van praktiese teologie volgens Heitink (1999:165) ..........205
Figuur 11: Die hermeneutiese perspektief (Heitink, 1999:178) ............................206
Figuur 12: Die empiriese perspektief (Heitink, 1999:220)....................................211
Figuur 13: Die strategiese moment (Heitink, 1999:201) .......................................214
Figuur 14: Metodiek vir bepaling van spesifieke roeping en bedieningstrategie....215

# HOOFSTUK 1 –

# Inleiding

## 1.1 Voorgestelde Titel

'n Strategie vir die opbou van die plaaslike kerk in die lig van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling.

## 1.2 Oriëntering en Probleemstelling

### *1.2.1 Oriëntering*

Die kerkgeskiedenis wys uit dat die kerk sy roeping deur die loop van die eeue uit verskillende hoeke geïnterpreteer en benader het, en dat die effektiwiteit van die kerk in die algemeen negatief bejeën word (Vorster, 1996:2-6).

Vanuit die gereformeerde tradisie word vrae gestel oor die effektiwiteit van die kerk in 'n snel veranderende samelewing en veelbesproke postmoderne konteks (Vorster, 1996:23). Hiermee saam dwing die dalende lidmaatgetalle van kerke in hierdie tradisie tot 'n dringende besinning oor die roepingsvervulling van plaaslike kerke (De Kock, 2005:1).

In die afgelope vyftien jaar het die konteks waarin gemeentes hulle bevind wesenlik verander (Venter, 2005:45-57). Die veranderde multikulturele konteks waarin baie kerke van Suid-Afrika hulle tans bevind, stel groot uitdagings aan die kerke se roepingsvervulling, meer spesifiek wat die plaaslike kerklike bediening betref (Schalekamp, 2005:1-4).

Die uitdagings waarop die kerke moet antwoord het dikwels onenigheid tot gevolg omdat verskil word oor die wyse waarop aan hierdie roeping beantwoord behoort te word. 'n Voorbeeld hiervan is die nuwe psalm-omdigtings. Sommige meen dat dit

veral nodig is om steeds relevant en eietyds te wees vir die jeug wat woordgebruik in kerksang betref, terwyl ander meen dat dit onnodige en ongeregverdigde veranderinge is. Verskille soos hierdie het dikwels polarisasie tot gevolg (Vorster, 2004:34-36).

Die vraag na die verhouding tussen eenheid en verskeidenheid in die Suid-Afrikaanse kerkgemeenskap is 'n kwessie wat met die loop van jare aandag ontvang het (Helberg, 1988:26; Venter, 1994:24-26; Jackson, 2005:7; Du Plooy, 2005:18-20). Dit is egter meestal beskou in die lig van die rassebeleid van die vorige politieke bedeling, en nie in die lig van plaaslike bediening in 'n unieke konteks met selfs 'n diverse gemeenskap nie (Snyman, 1977:111-113). Eenheid en verskeidenheid is nog nie spesifiek in verband gebring met die tema van kerklike roeping as elemente met onmisbare wisselwerking vir die bepaling van 'n plaaslike gemeente se spesifieke roeping en bedieningstrategie nie.

Die beginsels van eenheid en verskeidenheid word wel in die kerk aanvaar, maar dikwels word eenheid verkeerdelik verstaan as eendersheid, wat volgens Smit (1985:84) nie die geval is nie. Hy het al in 1985 gemeld dat die sigbare eenheid geen eenvormigheid behels nie. Die beginsel wat Smit uitwys, word egter nog moeilik in die praktyk aanvaar.

Du Plooy (2005:18) stel die kommerwekkende vraag in sy artikel in die Kerkblad: "Ek wonder regtig of ons nog genoeg erns maak met die eenheid van die kerk, ook met ons onderlinge geloofsgemeenskap met mekaar, veral as ons van mekaar verskil. Doen ons dinge reg?"

Coenie Burger, moderator van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, meen dat gesprek oor diversiteit in dié kerkverband nodig is. Hy meen dat dit veral oor sake gaan soos die inrigting van eredienste, homoseksualiteit en kerkeenheid. Burger voer aan dat dit 'n bekende klag is dat NG-lidmate by 'n ander NG-gemeente kan

instap en dit nie as 'n NG-gemeente herken nie (Jackson, 2005:7). Kerklike bediening moet volgens hom kerklike eenheid en verskeidenheid weerspieël.

Roepingsvervulling en bedieningstrategie op plaaslike vlak word wesenlik beïnvloed deur die ekklesiologiese temas van kerklike eenheid, verskeidenheid en roeping. Belangrike rigtingwysers in hierdie verband word gegee deur die optrede van die apostel Paulus in die Nuwe Testament (Vorster, 2004:35). Paulus is bekend daarvoor dat hy nie van die Griekssprekende Jode verwag het om die Joodse wet te onderhou nie (Galasiërs 3) en dat hy by geleentheid die apostel Petrus skerp hieroor aangespreek het omdat Petrus van die Griekssprekende gelowiges verwag het om die gebruike van die wet te onderhou (Galasiërs 2:14).

Verder erken Paulus ook die waarde van 'n meerdere vergadering en so 'n vergadering se uitspraak (Handelinge 15 en 16). Tog laat Paulus verbasende ruimte vir gelowiges om te verskil in die uitleef van hul roeping (Romeine 14). Die mees verbasende optrede van Paulus, waarin dit wil voorkom of hy sy eie oortuigings verloën, vind ons in Handelinge 21:17-26. Hier kom hy tog bepaalde tempelgebruike na op versoek van die gemeente in Jerusalem.

### *1.2.2 Probleemstelling*

In die lig van die oriëntering hierbo is die oorkoepelende probleemstelling van die studie: Watter rol speel die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling in die bepaling van die roeping en bedieningstrategie van die plaaslike kerk?

Effektiewe plaaslike bediening roep om 'n deeglike besinning oor die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roeping wat tans nie genoegsaam verreken word nie. Vrae wat die probleem duideliker omlyn, is die volgende:

1.2.2.1 In watter mate word die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling tans verdiskonteer wat die bepaling van 'n plaaslike kerk se spesifieke roeping en bedieningstrategie betref?

1.2.2.2 Wat is 'n Skriftuurlike beskouing van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling, en watter rol speel dit in die bepaling van 'n plaaslike gemeente se spesifieke roeping en bedieningstrategie?

1.2.2.3 Wat is die huidige beskouing van gereformeerde lidmate in die Ooste van Pretoria ten opsigte van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling?

1.2.2.4 Hoe kan die plaaslike kerk op Skriftuurlike wyse rekening hou met die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling in die bepaling van hul spesifieke roeping en bedieningstrategie?

## 1.3 Doel

### *1.3.1 Doelstellings*

Die doel van hierdie studie is om Skriftuurlik te besin oor die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling, en die rol te bepaal wat dit behoort te speel in die bepaling van 'n plaaslike kerk se roeping en bedieningstrategie.

### *1.3.2 Doelwitte*

1.3.2.1 Om vas te stel in watter mate die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling tans verdiskonteer word in die

bepaling van 'n plaaslike gemeente se spesifieke roeping en bedieningstrategie.

1.3.2.2 Om vas te stel hoe die Skriftuurlike wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling daar uitsien en die rol wat dit speel in die bepaling van 'n plaaslike gemeente se spesifieke roeping en bedieningstrategie

1.3.2.3 Om vas te stel hoe gereformeerde lidmate in die Ooste van Pretoria die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling ervaar in die bediening wat hulle ontvang.

1.3.2.4 Om riglyne aan plaaslike kerke te bied vir die bepaling van hul spesifieke roeping en bedieningstrategie in die lig van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling.

## 1.4 Sentrale teoretiese argument


'n Deeglike kennis oor die wisselwerking tussen eenheid, verskeidenheid en die roeping van die plaaslike kerk sal die plaaslike kerk help om sy eie spesifieke roeping en bypassende bedieningstrategie in sy eie konteks te bepaal.

## 1.5 Metode

In hierdie studie sal die prakties-teologiese metodiek van Heitink (1999:104-239) as vertrekpunt geneem word wat ook lig werp op die modelle wat deur Zerfass (1974:166 e.v.) en ander ontwikkel is.

Hierdie prakties-teologiese metode bevat drie elemente wat elk te make het met die wyse waarop praktiese teologie kennis insamel en in 'n geïntegreerde teorie aanwend (fig. 1). Hierdie elemente word omskryf as die hermeneutiese perspektief (poging om te verstaan), empiriese perspektief (poging om te verklaar), en

strategiese perspektief (poging om te verander) (Heitink, 1999:179,221,218; Schalekamp, 2005:35). Volgens Heitink is die Hermeneutiese moment die deurslaggewende en belangrikste, en dien as fondament waarop die ander twee momente bou (Heitink, 1999:200). Hierdie standpunt word ook in hierdie studie weerspieël.




**Figuur 1: Metodologie van praktiese teologie volgens Heitink (1999:165)**

Wat die hermeneutiese moment van die studie betref, sal 'n hermeneutiese ondersoek eerstens gedoen word na die funksionering, al dan nie, van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling in die bepaling van 'n gemeente se spesifieke roeping en bedieningstrategie. Tweedens sal Paulus se besluit in Handelinge 21:17-26 ondersoek word ten opsigte van die wisselwerking tussen eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling van kerke in kerkverband.

Die empiriese moment sal probeer vasstel wat die huidige beskouing van gereformeerde lidmate in die Ooste van Pretoria is ten opsigte van die wisselwerking tussen eenheid, verskeidenheid en roeping van die kerk en betrokke kerkverband. 'n Kwalitatiewe ondersoekmetode sal hiervoor aangewend word.

Die strategiese moment vorm die laaste element van hierdie studie waarin 'n strategie vir die opbou van die plaaslike kerk in die lig van die wisselwerking tussen

kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling voorgestel word in die lig van die hermeneutiese en empiriese moment. Die strategiese moment sal poog om riglyne te bied om uiteindelik die huidige praktyk (praxis A) te verander tot 'n nuwe verstelde praktyk (praxis B). Die bevindinge van die hermeneutiese en empiriese moment sal in 'n geïntegreerde teorie aangebied word en so sal 'n strategie voorgestel word om verandering in die huidige praktyk te bewerkstellig.

## 1.6 Hoofstukindeling

1. Inleiding.

**Afdeling A: Hermeneutiese moment**

2. Huidige funksionering van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling in plaaslike bediening.

3. Skriftuurlike beskouing oor die funksionering van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling in plaaslike bediening.

**Afdeling B: Empiriese moment**

4. Empiriese gegewens: kwalitatiewe navorsing met bepaalde afleidings.

**Afdeling C: Strategiese moment**

5. Strategiese bakens: bepaling van spesifieke roeping en strategie in die lig van kerklike eenheid, verskeidenheid en roeping.

6. Samevatting en gevolgtrekking.

## 1.7 Skematiese voorstelling

| Probleemstelling | Doelstelling & Doelwitte | Metodologie |
|---|---|---|
| In watter mate word die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling tans verdiskonteer wat die bepaling van 'n plaaslike kerk se spesifieke roeping en bedieningstrategie betref? | Om vas te in watter mate die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling huidiglik verdiskonteer word in die bepaling van 'n plaaslike gemeente se spesifieke roeping en bedieningstrategie. | 'n Hermeneutiese ondersoek sal gedoen word na die funksionering, al dan nie, van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling in die bepaling van 'n gemeente se spesifieke roeping en bedieningstrategie. |
| Wat is 'n Skriftuurlike beskouing ten opsigte van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling, en watter rol speel dit in die bepaling van 'n plaaslike gemeente se spesifieke roeping en bedieningstrategie? | Om vas te stel hoe die Skriftuurlike wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling daar uitsien en die rol wat dit speel in die bepaling van 'n plaaslike gemeente se spesifieke roeping en bedieningstrategie | 'n Hermeneutiese ondersoek sal in die Skrif gedoen word oor Paulus se besluit in Handelinge 21:17-26. Die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling sal ondersoek word en na hoe Paulus dit aangewend het. |
| Wat is die huidige beskouing in die kerk ten opsigte van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling? | Om vas te stel hoe gereformeerde lidmate in die Ooste van Pretoria die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling ervaar in die bediening wat hulle ontvang. | Kwalitatiewe navorsing sal gedoen word ten einde 'n kontroleerbare weergawe van die huidige beskouing te bepaal. |
| Hoe kan die plaaslike kerk op Skriftuurlike wyse rekening hou met die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling in die bepaling van hul spesifieke roeping en bedieningstrategie? | Om riglyne aan plaaslike kerke te bied vir die bepaling van hul spesifieke roeping en bedieningstrategie in die lig van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling. | Die bevindinge van die hermeneutiese en empiriese moment sal in 'n geïntegreerde teorie aangebied word en so sal 'n strategie voorgestel word om verandering in die huidige praktyk te bewerkstellig. |

## 1.8 Outeursopmerkings / Begripsomskrywing

1.8.1 Ter wille van die leesbaarheid en eenvormigheid van hierdie studie sal gebruik gemaak word van manlike beskrywende en besitlike voornaamwoorde in die derde persoon. Hiermee word egter telkens vroulike individue ingesluit tensy die konteks dit anders aandui.

1.8.2 In hierdie studie word met die kerkbegrip gewerk waarin die universiële kerk van Chirstus plaaslik op 'n spesifieke plek vergestalt in 'n gemeente en ten volle kerk is. Daarom word nie net gepraat van gemeentes nie maar spesifiek van plaaslike kerke wat die mondigheid en verantwoordelikheid van die plaaslike kerke uitdruk. Die onderskeid is nodig omdat alle kerkverbande nie so 'n duidelike onderskeid tref tussen die woorde gemeentes, kerk en plaaslike kerk nie.

1.8.3 Bronverwysings geskied volgens die Harvardstyl, soos deur die Senaat van die Noordwes-Universiteit aanbeveel (sien Van der Elst & Van der Walt, 1998). By die gebruik van elektroniese bronne, soos kompakskywe (CD-ROM), word slegs die outeur en jaar in die studie aangedui. Die volle besonderhede van die bronne verskyn in die Bronnelys.


# HOOFSTUK 2 –

## Huidige funksionering van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling in plaaslike bediening

### 2.1 Inleiding

#### *2.1.1 Oriëntering*

Hierdie hoofstuk vorm deel van die hermeneutiese ondersoek wat eers die huidige toedrag van sake wil 'verstaan' voordat dit empiries verduidelik en strategies aangepas kan word (Fig. 2). Hier word dus gepoog om tot 'n 'verstaan' te kom van die huidige stand van sake.




**Figuur 2: Die hermeneutiese perspektief (Heitink, 1999:178)**

Hierdie hermeneutiese ondersoek fokus op die funksionering van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling in die bepaling van 'n gemeente se unieke roeping en bedieningstrategie. Hierdie deel van die hermeneutiese ondersoek wil 'verstaan' in watter mate eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling tans in aanmerking geneem word wanneer 'n gemeente sy unieke roeping bepaal en op 'n strategie besluit. Verder word kortweg 'n oorsig gebied van die omstandighede in Suid-Afrika wat 'n impak het op die milieu waarin plaaslike bediening moet geskied. Dit verseker die kontekstualiteit van hierdie

studie. Kennis word dus hier versamel wat uiteindelik in 'n geïntegreerde teorie aangewend sal word.

### *2.1.2 Doelstelling*

Die doel van hierdie hoofstuk is om vas te stel in watter mate die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling tans verdiskonteer word in die bepaling van die unieke roeping en bedieningstrategie van 'n plaaslike gemeente.

### *2.1.3 Werkplan en Metode*

Drie onderafdelings kom hier aan die orde en word telkens ondersoek om die rol van kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling daarin vas te stel. Eerstens word op bedieningstrategie-teorieë gefokus soos dit in die literatuur na vore kom. Daarna val die fokus op spesifieke bedieningstrategieë in die literatuur, en laastens op spesifieke bedieningstrategieë in die praktyk. Sorgvuldige analise sal telkens aantoon hoe die beginsels van kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling daarin figureer.

### *2.1.4 Begrensing*

Hierdie studie word ooreenkomstig konteks, taal, en literatuur afgebaken. Wat die literatuur betref word die ondersoek begrens tot die Afrikaanse gereformeerde konteks. Verder word die bedieningspraktyk van drie gemeentes uit drie verskillende gereformeerde tradisies in die ooste van Pretoria ondersoek, naamlik dié van die Nederduits Gereformeerde Kerk (NGK), die Nederduitsch Hervormde Kerk (NHK) en die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika (GKSA).

Die ondersoek fokus slegs op die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling en op hoe dit tans in bedieningsteorie en -praktyk verdiskonteer word.

## 2.2 Bedieningstrategie-teorieë oor die algemeen

### *2.2.1 Nel – Gemeentebou*

#### 2.2.1.1 Inleiding

Nel se vertrekpunt stel uitdruklik dat gemeentebou 'n omvattende bediening is en nie slegs iets wat in 'n gemeente gedoen word naas die alledaagse bediening nie (Nel, 1994:6,7;10-13). Gemeentebou is volgens Nel (1994:13) "komprehensief intensioneel (omvattend en met spesifieke bedoeling) gerig op die vernuwing van die gemeente – in wese, bestaan en funksionering" (Nel se invoeging).

Nel se boek val in drie dele uiteen. Die eerste handel oor teologiese perspektiewe, die tweede oor prosesmatige bediening en die derde oor gemeentestrukture. Deel 1, wat oor die teologiese perspektiewe handel, is vir die doel van hierdie studie in die fokus.

In hierdie deel word die teologiese perspektiewe bespreek wat dien as Nel se beginsels vir sy gemeentebouteorie op grond waarvan bedieningstrategieë ontwikkel behoort te word. Toepaslike samevattende kernmomente uit die eerste deel van die boek sal kortliks beskryf word, waarna afleidings gemaak sal word.

#### 2.2.1.2 Werksformule

Nel (1994:13) som sy werksformule in Hoofstuk 1, wat as vertrekpunt vir sy boek dien, as volg op:

- Die Vader, Seun en Heilige Gees bou die gemeente en doen dit deur die diens van mense.
- God bou sy gemeente omdat Hy deur die gemeente die koms van sy Koninkryk in hierdie wêreld laat plaasvind.

- Die bestaansdoel van die gemeente is sentraal belangrik.
- Die empiriese gemeente op 'n bepaalde plek en tyd moet begelei word om te word wat hulle reeds in Christus en deur die Gees is. Die kloof tussen gedefinieerde subjek (soos die Bybel stel dat die kerk behoort te lyk — GvW) en empiriese subjek (soos die kerk in werklikheid lyk — GvW) moet vernou en oorbrug word.
- Die totale gemeente in sy wese, bestaan, funksionering en strukturering is ter sprake. Omvattende en voortdurende vernuwing is en bly noodsaaklik.

**Afleidings**:

- Roepingsvervulling van die plaaslike kerk in antwoord op God se sending aan die gemeente is gehoorsaamheid aan God (2.2.1.2).
- Wanneer die kerk sy roeping vervul, is hy besig om aan sy bestaansdoel te beantwoord (2.2.1.2).
- Gemeentebou begelei die gemeente in sy unieke tyd en konteks om effektief aan hul roeping te beantwoord. Die unieke omstandighede van elke gemeente word hierdeur in ag geneem wat noodwendig 'n verskeidenheid bedieningsvorme teweeg sal bring wanneer elke gemeente in sy unieke konteks effektief probeer bedien (2.2.1.2).
- Eenheid lê in geloof en belydenis en dus nie in struktuur of werkswyse nie, omdat deurgaanse vernuwing noodsaaklik is ten einde effektief binne konteks te bedien (2.2.1.2).

#### 2.2.1.3 Gemeentebou en vernuwing

In Hoofstuk 2, onder bogenoemde onderwerp, verduidelik Nel (1994:15) dat God self sy skepping in Christus kom herskep en deur sy Gees onderhou. In gemeentebou gaan dit daarom dat die gemeente (empiriese subjek op bepaalde tyd en plek) begelei word tot insig in sy ware wese (gedefinieerde subjek volgens God se bedoeling met die kerk). Dit is God se wil en ook sy werk. God se aktiwiteit maak die mens se aktiwiteit moontlik.

Verder maak Nel die opmerking dat Bybeltekste wat op individue van toepassing is en oor gemeentebou en groei handel, ten diepste gemeentetekste is. Hiervolgens funksioneer die enkelgelowiges in Bybelse konteks sterk in terme van die geheel van die gemeente. Wanneer aanvaar word dat God deur sy Woord 'n ewiggeldende appèl op die gelowige maak om voortdurend sy denke te vernuwe en te word waartoe hy geroep is, naamlik toenemende heiligheid en diens, moet dieselfde aanvaar word met betrekking tot die plaaslike kerk. Die plaaslike kerk bestaan tog uit niks anders nie as individuele gelowiges wat daagliks in hul heiligheid groei. Wanneer 'n gemeente dus geen tekens van vernuwing toon nie, is dit 'n sterk aanduiding van 'n gebrek aan groei in die lidmate. So kom die effektiwiteit van die gemeente in die gedrang (Nel, 1994:16).

**Afleidings:**

- God self begelei die plaaslike kerk in sy roepingsvervulling. God se aktiwiteit maak die mens se aktiwiteit moontlik (2.2.1.3).
- Gemeentebou is per definisie lidmaatopbou. Soos daar van die lidmaat verwag word om te groei en te vernuwe is dit vanselfsprekend dat dieselfde met die gemeente moet gebeur. Die groei wat die gemeente toon, is direk eweredig aan die groei van die individuele lidmate. Wanneer lidmate dus toenemend hul roepings uitleef, toon die gemeente as geheel 'n toename in roepingsvervulling (2.2.1.3).

### 2.2.1.4 Kommunikasie

Volgens Nel (1994:21) is gemeentebou nie 'n doel op sigself nie maar bloot 'n middel tot 'n doel: die effektiewe kommunikasie van die evangelie in 'n bepaalde konteks. Gemeentebou wil dus nie die gemeentelike tradisies versterk en oordra nie, dit wil eerder verstaan hoe die Here en Verlosser van die gemeente in 'n gegewe situasie op die mees effektiewe wyse verteenwoordig kan word, wat op roepingsvervulling neerkom.

In gemeentebou gaan dit in die eerste plek om die vasstel van die identiteit van die kerk oor die algemeen. Daarna moet die identiteit en missie van die plaaslike kerk in die lig van daardie bevinding op 'n bepaalde plek, in 'n bepaalde konkrete situasie en in 'n bepaalde tydvak geformuleer word. Om dus effektief te kommunikeer is om kontekstueel te funksioneer (Nel, 1994:22).

'n Verdere saak wat die kommunikasie van die evangelie aanhelp, is dat 'n gemeente in gedagte hou dat hulle op 'n bepaalde plek 'n teken is van die koninkryk. Wanneer hierdie perspektief in gedagte gehou word, verhoed dit dat die gemeente ter wille van homself begin funksioneer, maar staan diens aan die Koning van die koninkryk voorop. Hulle is maar 'n openbaring van die koninkryk op 'n bepaalde plek en tyd en moet sinvol binne daardie konteks funksioneer. Wanneer die gemeente se invloed nie in hul konteks sigbaar is nie, sal geen belangstelling vanuit daardie gemeenskap aangewakker word om die Koning van die koninkryk wat deur daardie gemeente verteenwoordig word, te ontmoet nie.

**Afleidings:**

- Effektiewe kommunikasie van die evangelie is die doel van gemeentebou (2.2.1.4).
- Effektiewe kommunikasie hou in dat die konteks van die gemeente in gedagte gehou word om die unieke roeping van die gemeente in daardie konteks te kan peil en uitvoering daaraan te kan gee (2.2.1.4).
- Om die evangelie effektief te kommunikeer is om uiting te gee aan die roeping van die gemeente (2.2.1.4).
- 'n Verskeidenheid bedieningsvorme sal noodwendig die gevolg wees wanneer plaaslike kerke effektief binne hul konteks funksioneer. Hierdie verskeidenheid is geen geskeidenheid nie – die eenheid lê veral in hul roepingsvervulling (2.2.1.4; 2.2.1.3).
- 'n Koninkryksperspektief in die bediening van die plaaslike kerk is onontbeerlik en verseker dat die gemeente nie sy aktiwiteite ter wille van sy eie voortbestaan inrig nie maar ter wille van die uitbreiding van die

koninkryk. Koninkryksperspektief in plaaslike bediening bring roepingsvervulling mee (2.2.1.4).

#### 2.2.1.5 Samevatting

- Roepingsvervulling van die plaaslike kerk in antwoord op God se sending aan die gemeente is gehoorsaamheid aan God (2.2.1.2).
- Wanneer die kerk sy roeping vervul, is hy besig om aan sy bestaansdoel te beantwoord (2.2.1.2).
- Gemeentebou begelei die gemeente in sy unieke tyd en konteks om effektief te beantwoord aan hul roeping. Die unieke omstandighede van elke gemeente word hierdeur in ag geneem, wat noodwendig 'n verskeidenheid bedieningsvorme teweeg sal bring wanneer elke gemeente effektief in sy unieke konteks probeer bedien (2.2.1.2).
- Eenheid lê in geloof en belydenis en dus nie in struktuur of werkswyse nie omdat deurgaanse vernuwing noodsaaklik is ten einde effektief binne konteks te bedien (2.2.1.2).
- God self begelei die plaaslike kerk in sy roepingsvervulling. God se aktiwiteit maak die mens se aktiwiteit moontlik (2.2.1.3).
- Gemeentebou is per definisie lidmaatopbou. Soos van die lidmaat verwag word om te groei en te vernuwe is dit vanselfsprekend dat dieselfde met die gemeente moet gebeur. Die groei wat die gemeente toon, is direk eweredig aan die groei van die individuele lidmate. Wanneer lidmate dus toenemend hul roepings uitleef, toon die gemeente as geheel 'n toename in roepingsvervulling (2.2.1.3).
- Effektiewe kommunikasie van die evangelie is die doel van gemeentebou (2.2.1.4).
- Effektiewe kommunikasie hou in dat die konteks van die gemeente in gedagte gehou word om die unieke roeping van die gemeente in daardie konteks te kan peil en uitvoering daaraan te kan gee (2.2.1.4).

- Om die evangelie effektief te kommunikeer is om uiting te gee aan die roeping van die gemeente (2.2.1.4).
- 'n Verskeidenheid bedieningsvorme sal noodwendig die gevolg wees wanneer plaaslike kerke effektief binne hul konteks funksioneer. Hierdie verskeidenheid is geen geskeidenheid nie – die eenheid lê veral in hul roepingsvervulling (2.2.1.4; 2.2.1.3).
- 'n Koninkryksperspektief in die bediening van die plaaslike kerk is onontbeerlik en verseker dat die gemeente nie sy aktiwiteite ter wille van sy eie voortbestaan inrig nie maar ter wille van die uitbreiding van die koninkryk. Koninkryksperspektief in plaaslike bediening bring roepingsvervulling mee (2.2.1.4).

### 2.2.2 *Burger – Gemeentes in die kragveld van die Gees*

#### 2.2.2.1 Inleiding

Burger stel reeds in sy voorwoord dat die boek spesifiek oor die kerk in gemeentlike gestalte handel (Burger, 1999:vi). Alhoewel Burger talle uiteenlopende gedagtes bespreek, kom die kern van die boek in die tweede en derde deel van die boek voor. Hier handel hy onderskeidelik oor 'n Bybels-teologiese visie van gemeente-wees, en die uiteindelike beliggaming van die visie. Vir die doel van hierdie studie word slegs die beginsels waaraan Burger aandag skenk, ondersoek en dus slegs deel twee van genoemde boek.

#### 2.2.2.2 'n Bybels-teologiese visie van gemeente-wees

In hierdie deel van die boek neem Burger die volgende aspekte van gemeente-wees onder die loep: visie, identiteit, taak, bediening, konteks, verband met God Drie-enig. Dit is veral die hoofstukke oor die identiteit, taak en konteks van die plaaslike kerk wat vir hierdie studie van belang is.

### 2.2.2.3 Identiteit

Vir Burger is probleme op die identiteitsvlak van 'n gemeente 'n saak wat indringende aandag vereis en nie ligtelik reggestel kan word nie. 'n Goeie begrip van die identiteit van die plaaslike kerk sal lei tot bediening wat aan kerklike roeping en taak beantwoord. 'n Verwronge begrip sal oneffektiewe of ondoeltreffende bediening tot gevolg hê.

Burger raak die onderwerp van eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling aan, maar nie soseer in 'n sistematiese wyse nie. Uitsprake wat Burger dus telkens in dié verbande maak, word hieronder weergegee.

#### 2.2.2.3.1 Eenheid en Verskeidenheid

Aan die hart van die identiteit van die gemeente lê die feit dat God die gemeente liefhet en wil hê dat hulle sy wil doen en gehoorsaam moet reageer. Burger maak die stelling dat hierdie verhouding en gehoorsaamheid onder andere vergestalt word in die eenheidsband wat onder gelowiges bestaan (Burger, 1999:60).

Burger wys daarop dat ons in 'n donker tyd leef waarin nie veel energie vir die ekumene en eenheid van die kerk bestaan nie. Dit verraai dat ander identiteite en verhoudings belangriker geword het as ons verhouding met Christus en die mense en gemeentes wat aan Hom behoort. Patos vir die eenheid van die kerk is volgens hom een van die duidelikste tekens van 'n gesonde Christelike identiteit (Burger, 1999:61). Burger meld egter nie duidelik wat bedoel word met 'eenheid van die kerk' nie.

Wanneer Burger pleit vir 'n energie vir eenheid word 'n oproep gedoen vir die openheid vir verskeidenheid. 'n Gemeente behoort bereid te wees om 'n verskeidenheid mense en tipes in sy midde te verwelkom. Die sogenaamde apostolisiteit van die kerk maak Burger dus van toepassing op die samestelling van

die gemeente. Hy erken dat dit nie maklik is om hierdie verskeidenheid sinvol te akkommodeer nie, maar stel sy argument teenoor die verskynsel waar 'n gemeente neig om té homogeen te word – wat uiteindelik nie 'n gesonde teken sou wees nie (Burger, 1999:76). 'n Verskeidenheid in bedieningsvorme onder gemeentes word nie in beginsel bespreek nie.

#### 2.2.2.3.2 Roepingsvervulling

Deel van die kern van die identiteit van die gemeente lê in hulle gehoorsame opvolg van hul roeping. Burger neem sy vertrekpunt in die feit dat die gemeente aan God behoort en Hy hulle tot 'n verhouding met Hom roep. Daarna vorm hy die gedagteketting as volg:

- Hierdie verhouding is 'n eksklusiewe verhouding.
- Die Here het reg op hierdie verhouding omdat Hy sy volk gered het.
- Sy reg op die volk word gekwalifiseer deur sy liefde vir hulle en sy wil dat hulle Hom lief sal hê.
- Die gemeente bewys dan sy liefde deur sy wil te doen en sigbaar gehoorsaam te wees.

Om te antwoord op die verhouding waartoe die Here sy kerk roep, is dus roepingsvervulling, maar hierdie verhouding prakties en konkreet gestalte kry (Burger, 1999:52-60).

**Afleidings:**

- Waar Burger die identiteit van die kerk as sleutel tot die verstaan van die kerk se taak bespreek, kom die onderwerpe eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling aan die orde (2.2.2.2.1.1; 2.2.2.2.1.2).
- Burger werk egter nie die verband en wisselwerking tussen hierdie onderwerpe deeglik uit nie (2.2.2.2.1.1; 2.2.2.2.1.2).

### 2.2.2.4 Taak

Burger stel dat dit hier in wese daaroor gaan dat die kerk 'n bepaalde doel het wat bereik moet word en dus nie 'n doellose instelling is nie. Die roeping van die kerk hou ten nouste verband met die identiteit van die kerk.

#### 2.2.2.4.1 Eenheid en Verskeidenheid

Burger (1999:85-86) bring die sigbare eenheid van die kerk in verband met die roepingsvervulling van die kerk op grond van Johannes 17:20-26:

> " 20Ek bid egter nie net vir hulle nie, maar ook vir dié wat deur hulle woorde tot geloof in My sal kom. 21Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. 22Die heerlikheid wat U My gegee het, het Ek ook aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees net soos Ons een is: 23Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees, sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefhet net soos U My liefhet."

Sigbare eenheid dra by tot die geloofwaardigheid van die evangelie vir die wêreld. Die vraag kan gestel word of dit egter hier wel gaan om strukturele en institusionele eenheid of om geloofseenheid en harmonie onder gelowiges, veral as dit vergelyk word met Jesus se stelling in Johannes 13:35 "As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is."

#### 2.2.2.4.2 Roepingsvervulling

Die hantering van die taak van die kerk as hoofstuk in Burger se boek maak dit duidelik dat roepingsvervulling volgens Burger by die besinning oor gemeentelike bediening hoort. Volgens Burger het die gehoorsame opneem van die kerke se missie (taak) te make met die hart van kerk-wees (Burger, 1999:98). Die roeping

van die kerk behoort alle aktiwiteite van die kerk te rig en te stuur. Wanneer Burger oor die taak van die kerk besin, bring hy die makro- en mikrokonteks van 'n gemeente ook in berekening. Alhoewel hy dit nie direk in verband bring met die verhouding tussen eenheid en verskeidenheid nie, slaan dit deur in sy argumentvoering dat elke gemeente 'n unieke konteks het wat sy taak of roeping sal kleur.

**Afleidings:**

- Wanneer Burger oor die taak van die kerk handel, word duidelik gestel dat die opdrag tot eenheid deel daarvan uitmaak. Hy noem egter nie wat hierdie eenheid sou behels nie (2.2.2.2.2.1; 2.2.2.2.2.2).
- Burger lê groot klem op die roepingsvervulling van elke kerk wat deur die kerk se konteks gekleur sal wees, maar die oënskynlike spanning wat ontstaan weens sy argumente rakende die noodsaaklike eenheid van die kerk word nie verduidelik of opgeklaar nie. Die wisselwerking tussen eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling word dus nie behandel nie (2.2.2.2.2.1; 2.2.2.2.2.2).

### 2.2.2.4 Konteks

Vir Burger is 'n deeglike kennis van die konteks waarbinne die gemeente funksioneer noodsaaklik om 'n verantwoorde taakomskrywing van die gemeente te kan gee. Voordat gevra kan word 'wat moet ons doen' moet gevra word 'wat gaan aan' (Burger, 1999:124). Hy dui aan hoe kontekstualisering Bybelse begronding het, veral in die wyse waarop God sy boodskap aan die mensdom in ons eie konteks en terme vir ons kom kommunikeer het — Hy het afgebuig na ons toe en die taal gepraat wat ons verstaan.

Burger bespreek 'n aantal aspekte waarin kennis van die konteks die kerk kan help om sy roeping effektief uit te leef, naamlik kennis van die tydvak, kennis van problematiek, kennis van mense se behoeftes, kennis van kontemporêre

kommunikasiepatrone en kennis van generasiegapings. Voorts maak hy die opmerking dat al hierdie sake op drie vlakke funksioneer, naamlik mikro- (plaaslik), meso- (nasionaal) en makrovlak (globaal).

#### 2.2.2.4.1 Eenheid en verskeidenheid

Burger gaan nie in op die spanning tussen eenheid en verskeidenheid wat meegebring word deur die appèl wat die uiteenlopende kontekste op plaaslike bediening plaas nie. Die wisselwerking tussen eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling word nie verdiskonteer nie. Burger gee te kenne dat 'n verskeidenheid kontekste eiesoortige antwoorde daarop vereis, maar verduidelik nie hoe dan gedink behoort te word oor eenheid te midde van die diverse roeping van elke plaaslike kerk nie (Burger, 1999:123-135).

#### 2.2.2.4.2 Roepingsvervulling

Burger (1999:135) meen elke gemeente moet aan die einde van die proses waarin die konteks ondersoek is, die vraag stel: "Wie is die naastes by wie ons nie kan verbygaan nie?" Ook hier word nie daarop uitgebrei dat elke gemeente se "naastes by wie hulle nie kan verbygaan nie" van gemeente tot gemeente anders daar uitsien nie.

**Afleidings:**

- Burger gaan nie in op die spanning tussen eenheid en verskeidenheid wat meegebring word deur die appèl wat die uiteenlopende kontekste op plaaslike bediening plaas nie (2.2.2.2.3.1; 2.2.2.2.3.2).

#### 2.2.2.5 Samevatting

- Waar Burger die identiteit van die kerk as sleutel tot die verstaan van die kerk se taak bespreek, kom die onderwerpe eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling losstaande aan die orde (2.2.2.2.1.1; 2.2.2.2.1.2).
- Burger werk egter nie die verband en wisselwerking tussen hierdie onderwerpe deeglik uit nie (2.2.2.2.1.1; 2.2.2.2.1.2).
- Wanneer Burger oor die taak van die kerk handel, word duidelik gestel dat die opdrag tot eenheid deel daarvan uitmaak. Hy noem egter nie wat hierdie eenheid sou behels nie (2.2.2.2.2.1; 2.2.2.2.2.2).
- Burger lê groot klem op die roepingsvervulling van elke kerk wat deur die kerk se konteks gekleur sal wees, maar die oënskynlike spanning wat ontstaan weens sy argumente rakende die noodsaaklike eenheid van die kerk word nie verduidelik of opgeklaar nie. Die wisselwerking word dus nie behandel nie (2.2.2.2.2.1; 2.2.2.2.2.2).
- Burger gaan nie in op die spanning tussen eenheid en verskeidenheid wat meegebring word deur die appèl wat die uiteenlopende kontekste op plaaslike bediening plaas nie (2.2.2.2.3.1; 2.2.2.2.3.2).

## 2.3 Spesifieke bedieningstrategieë in die literatuur

### *2.3.1 Pretorius - Die groot fokus, groot gebod en groot opdrag as sleutels tot 'n bedieningstrategie in die GSKA*

#### 2.3.1.1 Inleiding

Pretorius (2003:6) ontwikkel 'n model wat beginsels hoofsaaklik uiteensit waarvolgens 'n gemeente begelei kan word om hulle roeping te ontdek. Die sogenaamde spanning wat bestaan tussen die beginsels van eenheid en verskeidenheid lei dikwels tot konflik (2.1). Pretorius se werk is hier veral van

belang omdat die sleutels wat hy ondersoek volgens hom grotendeels in 'n konteks van konflik ontstaan het (2003:6,32).

Pretorius se sentraalteoretiese argument is dat 'n duidelike verband en progressie bestaan tussen die betekenis van die fokus op Christus die gekruisigde, die groot gebod en die groot opdrag. Hierdie verband en progressie kan daartoe lei dat 'n werkbare model daargestel word aan die hand waarvan gemeentes hulle roeping kan bepaal en kan uitleef. Hierdie model is ook verder bruikbaar om ander modelle te beoordeel en leemtes in bestaande praktyke en gemeentes uit te wys en verder te bestuur (2003:11).

Pretorius se basisteoretiese perspektiewe oor die drie sleutels sal telkens voorgehou word, waarna afleidings sal volg oor die kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling wat daarin figureer, al dan nie.

#### 2.3.1.2 Pretorius se basisteoretiese perspektiewe oor die groot fokus (2003:92)

2.3.1.2.1 Die fokus op Christus en sy voltooide verlossingswerk is 'n onontbeerlike hermeneutiese vertrekpunt in die gemeentebouproses en vir die hantering van konflik.

2.3.1.2.2 'n Fokus op Christus die gekruisigde beteken dat leiers en lidmate Jesus Christus en sy voltooide verlossingswerk persoonlik ken, *in* Hom is en met sy wysheid en Gees leef. So alleen kom die dianoëtiese en dinamiese dimensies van "woord" na vore.

2.3.1.2.3 'n Fokus op wysheid en mag/tekens is valse roem of roem buite Christus. Die Bybel leer ook 'n fokus op Christus eerder as op die Vader en die Heilige Gees. Wanneer Christus geken word, kom die regte perspektief op die verhouding met die Vader en die Gees na vore.

2.3.1.2.4 Tensy die omliggende samelewing ook op Christus en die kruis fokus, is die gemeente 'n *alternatiewe* geloofsgemeenskap wat *alle*

geroepenes/mense wat gered word wil insluit (inklusief), maar tegelyk die mag en wysheid van die sekulêre gemeenskap verstaan en vermy (eksklusief).

2.3.1.2.5 In die gemeente as alternatiewe gemeenskap is die kruis 'n sentrale simbool. Die kruis simboliseer dat die mens se inherente vermoëns (sy hoër siel, nou`" en pneuvma) nie tot by God kan vorder nie.

2.3.1.2.6 Die kruis beteken ook dat die gemeente nie verlei word om op die wysheid en heerlikheid/krag van Jesus te fokus om sodoende weer wysheid en mag vir hulleself te bekom nie, maar om op Christus self te fokus.

2.3.1.2.7 Daarom is leiers en gemeentelede openhartig oor hulle eie swakheid en sonde. Sondaars kan met hulle identifiseer. Leiers fasiliteer eerder as forseer die werk van die Gees.

2.3.1.2.8 Die gemeente wat Jesus ken, word nie gekenmerk deur onsekerheid (soek en vra) nie, maar deur sekerheid in Christus en sy voltooide boodskap wat verkondig word. Die gemeente roem sodoende in die wysheid en mag van Christus die gekruisigde.

**Afleidings:**

- Pretorius stel dat die fokus op Christus die vertrekpunt is vir die hantering van konflik. In die konteks van hierdie studie kan die afleiding gemaak word dat dit ook geld ten opsigte van die konflik of spanning wat kan bestaan tussen kerklike eenheid en verskeidenheid. Pretorius antisipeer moontlike spanning in die gemeentebouproses en gee dus ook aandag daaraan. Die moontlike spanning wat kan bestaan, word dus deur medegelowiges se fokus op Christus opgelos (2.3.1.2.1).
- In die roepingsvervulling van die plaaslike kerk is die fokus daarop om mense by die geloofsgemeenskap in te sluit, maar ook in die regte opsig ander uit te sluit (2.3.1.2.4).

#### 2.3.1.3 Pretorius se basisteoretiese perspektiewe oor die groot gebod (2003:138-139)

2.3.1.3.1 Om die evangelie in die gemeentebouproses en in konflikhantering te bevorder moet die groot gebod op grond van progressiewe Skrifopenbaring verbesonder word as voortdurende toename van oorvloedige liefde in kennis/die ken van Jesus en fyn aanvoeling of optrede.

2.3.1.3.2 Die groot gebod is verweef met die fokus op of ken van Christus en gemeenskap of deelname aan sy evangelie. Omgekeerd, die evangelie word bevorder deur die werklike vertikale en horisontale impak van Jesus se liefde.

2.3.1.3.3 Gebed (ook voorbidding) vir die toename van oorvloedige liefde is noodsaaklik en vorm saam met die groot fokus strategiese vertrekpunte in die gemeentebouproses en die hantering van konflik.

2.3.1.3.4 Gebed om liefde wat toeneem in kennis/die ken van Christus en fyn aanvoeling is effektief vir nou en vir die ewige lewe, daarin dat die sake wat vir God belangrik is, onderskei word, dat kritiek voor God se troon vermy word, dat die vrug van Jesus se kruis na vore kom.

2.3.1.3.5 Elke lidmaat wat hierdie gebed bid, kan verwag dat die rykdom van die betekeniselemente daarvan toenemend 'n integrale deel van sy/haar lewe sal word, dat konflik tot eer van die Here hanteer sal kan word en dat die gelowige sy/haar eie optrede as voorbeeld van die gesindheid van Christus aan ander sal kan voorhou.

**Afleidings:**

- Dit word duidelik dat enige konflik/spanning gerig word deur die groot gebod van liefde teenoor jou naaste en God. Deur dus gehoorsaam te wees aan die groot gebod word reeds 'n groot tree gegee in die rigting van korrekte konflikhantering. Dit is egter 'n voortdurende proses waarin liefde sowel as die nodige aanvoeling vir mekaar toeneem (2.3.1.3.1).

- Dit is duidelik dat 'n toename in werklike vertikale en horisontale liefde die evangelie sal bevorder. Die afleiding kan gemaak word dat 'n afname daarin tot nadeel van die evangelie sal strek, wat dikwels die geval is wanneer kerklike eenheid en verskeidenheid verkeerdelik as noodwendige teenpole teen mekaar afgespeel word (2.3.1.3.2).
- Gebed is onontbeerlik vir konflikhantering en noodsaaklik vir 'n toename in liefde wat uiteindelik die evangelie bevorder. Die rol van gebed is daarom onmisbaar wanneer die spanning tussen kerklike eenheid en verskeidenheid behandel word (2.3.1.3.3; 2.3.1.3.4).

#### 2.3.1.4 Pretorius se basisteoretiese perspektiewe oor die groot opdrag (2003:225-227)




Figuur 3: Die groot opdrag-trapleer (Pretorius, 2003:225)

2.3.1.3.6 Die groot opdrag om dissipels te maak (soos sketsmatig in Figuur 1 uiteengesit [IND (indikatief — GvW) 1–2; SP (sport/trap — GvW) 1–3]) is die belangrikste missie ("commission") van die Here aan sy gemeente.

2.3.1.3.7 'n Dissipel is 'n volgeling en leerling van Jesus en kan 'n onverloste, verloste en toegewyde persoon beskryf.

2.3.1.3.8 Om dissipels te maak beskryf 'n lewenslange proses op aarde, waarin die gemeente primêr uitwaarts beweeg (SP 1). In hierdie proses word die potensiële dissipel deur verkondiging/lering nader gebring aan Jesus. Die dissipel word begelei tot verlossing in Christus en gedoop (SP 2) en vervolgens geleer om as volwasse dissipel steeds meer en meer soos Jesus te word (SP 3).

2.3.1.3.9 Om die grense oor te steek, noodsaak 'n strategie om uitwaarts te beweeg en die grootste denkbare groepe mense met die evangelie te bereik.

2.3.1.3.10 Binne die konteks van die groot opdrag is doop vir 'n dissipel die teken van die openbare aanvaarding van verlossing in en oorgawe aan Christus en simboliseer dit ook die ryke betekenis van 'n nuwe verhouding in die drie-enige God .

2.3.1.3.11 Dissipelskap mag op geen wyse as voorvereiste vir verlossing gestel word nie, aangesien alle mense alleen deur Christus se verdienste gered word. Daarom kan iemand al 'n dissipel wees en nog nie 'n verloste nie en behoort 'n dissipel wat in Christus as Verlosser glo, sonder tydsverloop vir verdere onderrig gedoop te word.

2.3.1.3.12 Of dissipels reg geleer word, moet gemeet word aan lewensverandering as doel en kan, wat leerinhoud betref, saamgevat word as die groot gebod met die fokus op Christus as vertrekpunt.

2.3.1.3.13 Die georganiseerde gemeente behoort sigself toe te spits op onderrig sodat dissipels toegerus kan wees vir elke taak op elke terrein van die koninkryk.

2.3.1.3.14 Met die SP 1 word uitwaarts oor die grense beweeg. Met SP 2 word vanuit die samelewing inwaarts in die gemeente in beweeg as iemand 'n Christendissipel word. Met SP 3 word beide na binne beweeg (toerusting van lidmate in die gemeente) en na buite (toegeruste dissipels onderhou wat Jesus beveel het op elke lewensterrein.

2.3.1.3.15 As roeping van die gemeente is die groot opdrag 'n sleutel daartoe om koers te verleen te midde van konflik. So byvoorbeeld kan die groot opdrag bydra daartoe om groter eenheid oor die betekenis van die doop te bewerkstelling.

2.3.1.3.16 Die groot opdrag kan met die grootste entoesiasme aangepak en volgehou word omdat die opgestane Here deur sy Gees al die krag gee wat nodig is en deur sy Gees by diegene is wat die opdrag uitvoer. Die beskrywing van hierdie proses in die boek Handelinge is die bewys vir laasgenoemde.

**Afleidings:**

- Roepingsvervulling is volgens Pretorius die belangrikste taak van die gemeente in opdrag van Christus. Dit is onontbeerlik (2.3.1.4.1).
- Roepingsvervulling hou in om dissipels van mense te maak, hulle in die gelowige gemeenskap in te bring, te onderrig en weer uit te stuur (2.3.1.4.9)
- Die roepingsvervulling van die plaaslike kerk noodsaak 'n strategie (2.3.1.4.4).
- 'n Fokus op die roepingsvervulling van die gemeente gee koers te midde van konflik, ook wat spanning tussen eenheid en verskeidenheid betref. Deur dus op die roepingsvervulling van elke plaaslike gemeente te fokus word beter perspektief geplaas op die oënskynlike problematiek waarin eenheid en verskeidenheid as onversoenbare teenpole gesien word (2.3.1.4.10).

#### 2.3.1.4 Samevatting

- Pretorius stel dat die fokus op Christus die vertrekpunt is vir die hantering van konflik. In die konteks van hierdie studie kan die afleiding gemaak word dat dit ook geld ten opsigte van die konflik of spanning wat kan bestaan tussen kerklike eenheid en verskeidenheid. Pretorius antisipeer moontlike spanning in die gemeentebouproses en gee dus ook aandag daaraan. Die moontlike spanning wat kan bestaan, word dus deur medegelowiges se fokus op Christus opgelos (2.3.1.2.1).
- In die roepingsvervulling van die plaaslike kerk is die fokus daarop om mense by die geloofsgemeenskap in te sluit, maar ook in die regte opsig ander uit te sluit (2.3.1.2.4).
- Dit word duidelik dat enige konflik/spanning gerig word deur die groot gebod van liefde teenoor jou naaste en God. Deur dus gehoorsaam te wees aan die groot gebod word reeds 'n groot tree gegee in die rigting van korrekte konflikhantering. Dit is egter 'n voortdurende proses waarin liefde sowel as die nodige aanvoeling vir mekaar toeneem (2.3.1.3.1).
- Dit is duidelik dat 'n toename in werklike vertikale en horisontale liefde die evangelie sal bevorder. Die afleiding kan gemaak word dat 'n afname daarin tot nadeel van die evangelie sal strek, wat dikwels die geval is wanneer kerklike eenheid en verskeidenheid verkeerdelik as noodwendige teenpole teen mekaar afgespeel word (2.3.1.3.2).
- Gebed is onontbeerlik vir konflikhantering en noodsaaklik vir 'n toename in liefde wat uiteindelik die evangelie bevorder. Die rol van gebed is daarom onmisbaar wanneer die spanning tussen kerklike eenheid en verskeidenheid onder bespreking kom (2.3.1.3.3; 2.3.1.3.4).
- Roepingsvervulling is volgens Pretorius die belangrikste taak van die gemeente in opdrag van Christus. Dit is onontbeerlik (2.3.1.4.1).
- Roepingsvervulling hou in om dissipels van mense te maak, hulle in die gelowige gemeenskap in te bring, te onderrig en weer uit te stuur (2.3.1.4.9)
- Die roepingsvervulling van die plaaslike kerk noodsaak 'n strategie (2.3.1.4.4).

- 'n Fokus op die roepingsvervulling van die gemeente gee koers te midde van konflik, ook wat spanning tussen eenheid en verskeidenheid betref. Deur dus op die roepingsvervulling van elke plaaslike gemeente te fokus word beter perspektief geplaas op die oënskynlike problematiek waarin eenheid en verskeidenheid as onversoenbare teenpole gesien word (2.3.1.4.10).

### *2.3.2 Schalekamp - Missione Ecclesiae: 'n Missionêre visie en strategie in gemeentebou ten opsigte van multikulturele kerkplanting*

#### 2.3.2.1 Inleiding

Schalekamp se primêre doel is om die identiteit van die kerk as missionêr ekklesiologies te definieer. Die verhouding tussen God wat stuur (missio Dei) en die gemeente wat gestuur word (missiones ecclesiae) maak 'n sentrale deel uit van Schalekamp se beredenering (2005:1-50). Eers moet die identiteit van die kerk vasgestel word sodat die roeping van die kerk daaruit verstaan kan word.

Om Schalekamp se uiteindelike doel te peil is dit nodig om die volgende aanhaling uit die uittreksel van sy werk te maak "In stedelike gebiede waar monokulturele gemeentes bestaan, is die empiriese waarneming dat hulle nie kan voortbestaan nie – omdat hulle nie vanuit 'n missionêre ekklesiologie funksioneer nie. In middestedelike gebiede waar 'n kulturele transformasie vanaf 'n monokulturele na 'n multikulturele konteks plaasvind, is die antwoord van die kerk van die Here: Multikulturele kerkplanting op grond van 'n missionêre ekklesiologie." (Schalekamp, 2005: Uittreksel.)

#### 2.3.2.2 Fundering van Schalekamp se studie

Schalekamp ontwikkel 'n strategie vir multikulturele kerkplanting in stedelike gebiede en fundeer dit op sy ondersoek na die identiteit van die kerk. In die hermeneutiese moment van sy studie fokus hy op die Hoof-liggaammetafoor soos

dit in Paulus se brief aan die Efesiërs voorkom (2005:55-117), die merktekens van die kerk soos geformuleer in die geloofsbelydenis van Nicea (2005:119-187) asook die bedieninge van die kerk soos uit die Woord nagevors (2005:189-247).

Uit elkeen van hierdie drie onderwerpe word afleidings gemaak en beginsels gedistilleer waaruit hy uiteindelik sy missionêre ekklesiologie ontwikkel en waarop hy sy bedieningstrategie bou. Hierdie afleidings van Schalekamp sal nou beskou word teen die lig van die wisselwerking tussen eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling.

#### 2.3.2.3 Hoof-liggaammetafoor in Efesiërs

Schalekamp se keuse vir die boek van Efesiërs motiveer hy op grond van die onderwerpe wat sentraal staan in die brief, naamlik die identiteit van die kerk. 'n Verdere motivering is dat die brief die duidelikste uitdrukking gee aan God se bedoeling met die roeping van die kerk (Schalekamp, 2005:59). Hy fokus veral op die hoof-liggaammetafoor om die onderlinge verhouding te kan peil, byvoorbeeld die verhouding tussen die hoof en die liggaam sowel as die verhouding van die liggaamsdele onderling.

Saam met ander merk Schalekamp op dat die brief aan die Efesiërs waarskynlik as 'n rondskrywe aan die gemeentes in Klein-Asië gestuur is (Schalekamp, 2005:60; Gundry, 1970:310). Roberts (1988:139) meen dat rekening gehou moet word met die meer algemene karakter van die brief as skrywe aan 'n groep eerder as aan een gemeente. Dit is belangrik om hierdie opmerking in gedagte te hou, want so word dit duidelik dat die afleidings wat gemaak word dus nie noodwendig van toepassing is op slegs een plaaslike kerk se onderlinge verhoudings en verhouding met Christus nie, maar ook met die plaaslike kerke (al die Christene in die streek) onderling. Waar die verhoudinge onderling in die liggaam bespreek word, geld dit dus ook vir kerke onderling.

Schalekamp self werk nie in hierdie rigting nie en fokus eerder op die plaaslike kerk. Die afleidings wat Schalekamp telkens maak, word beskou as die beginsels waarop hy dan ook uiteindelik sy strategie ontwikkel.

#### 2.3.2.3.1 Afleidings ten opsigte van die term κεφαλή (hoof)

##### 2.3.2.3.1.1 Eenheid

Uit die afleidings wat Schalekamp maak, is dit duidelik dat die eenheid wat tussen die hoof en sy liggaam bestaan besondere implikasies sal hê vir plaaslike bediening. Die belangrikste is dat die hoof uiteindelik die bron is van lewe. Geen plaaslike bediening kan dus voortgesit word indien dit nie onderdanig aan die Hoof is nie (2005:83). Eenheid met die Hoof is 'n wesenlike vertrekpunt.

##### 2.3.2.3.1.2 Verskeidenheid

In hierdie opsig is daar nie melding van verskeidenheid nie, maar eerder geskeidenheid in dié dat Christus as hoof geskei is van sy liggaam en wel so dat Hy nie daarvan deel is nie. Die term κεφαλη werp nie lig op kerklike verskeidenheid nie, behalwe soos genoem in 2.3.2.3.1.1, naamlik dat Christus hoof is oor die geheel van die verskeidenheid (2005:83).

##### 2.3.2.3.1.2 Roepingsvervulling

Roepingsvervulling kom wel na vore in Schalekamp se afleidings oor die term κεφαλη. Hy noem dat die Hoof, Christus, se outoritêre gesag oor sy liggaam, die kerk, dit is om sy liggaam te voed en te bou. Sy liggaam beantwoord die gesag uit respek en is gehoorsaam aan die Hoof. Gehoorsaamheid veronderstel roepingsgetrouheid (2005:83).

#### 2.3.2.3.2 Afleidings ten opsigte van die term σῶμα (liggaam)

##### 2.3.2.3.2.1 Eenheid

Schalekamp noem dat Paulus die mans herinner aan Christus se sorg vir sy kerk en dat hulle as lede van sy liggaam ontvangers is van sy sorg. Die belangrikste is dat hulle nie net ontvangers sal wees nie maar ook gewers. Ontvangers van Christus se sorg moet dit aan ander meedeel op grond van die eenheid van die liggaam met die Hoof (2005:95), asook dan op grond daarvan dat die hoof die liggaam tot 'n eenheid saambind.

##### 2.3.2.3.2.2 Verskeidenheid

Dit is opmerklik dat, waar Paulus in Efesiërs 4:16 van die liggaam praat in sy diversiteit dat Schalekamp geen afleidings in hierdie verband maak nie. Die liggaam is in wese 'n verskeidenheid-eenheid, wat nie sou kon funksioneer indien daar nie verskeidenheid was nie. Paulus self noem dit in 1 Korintiërs 12:21 waar hy ook oor dieselfde beeld uitwei:" [21]Die oog kan nie vir die hand sê: 'Ek het jou nie nodig nie.'" Schalekamp maak geen afleiding in die verband vir sy uiteindelike strategie nie.

##### 2.3.2.3.2.3 Roepingsvervulling

Hier noem Schalekamp dit pertinent dat die liggaam in onderdanigheid en uit roepingsbesef die verantwoordelikheid moet aanvaar om mekaar te versorg, en verder ook dat Christus die kerk instrument maak om versoening te bewerk deur hulle met Hom te versoen. Dit kom dus hier neer op roepingsvervulling om te getuig van dit wat ontvang is.

#### 2.3.2.3.3 Algemene afleidings oor Hoof-liggaammetafoor in Efesiërs

Schalekamp doen dan heelwat moeite om nog drie begrippe, wat verdere lig op die betekenis van die metafoor kan werp, te ondersoek. Hy gebruik dan hiervoor die begrippe eenheid, misterie en volheid. Opmerklik, weereens, is dat hy nie die konsep verskeidenheid in die liggaam verder ondersoek nie – veral in die lig daarvan dat hy juis werk aan 'n bedieningspatroon vir multikulturele bediening. Tog noem hy sommige van die verskillende kontekste waarbinne hierdie versoening bedien moet word (2005:110), maar brei nie daarop uit nie. Die vraag kan gestel word of dit vanweë 'n gereformeerde neiging is om eerder op eenheid as verskeidenheid te fokus.

### 2.3.2.4 Die geloofsbelydenis van Nicea

#### 2.3.2.4.1 Eenheid

Met betrekking tot eenheid maak Schalekamp 'n paar waardevolle afleidings wat besonder toepaslik is vir hierdie studie (2005:132-138):

- Die kerk, wat uit alle gelowiges uit alle volke bestaan, is een liggaam, omdat die kerk deur een Gees bewoon word. (Die implikasie is dus dat geldige diversiteit ook bestaan tussen verskillende kerke en kerkgemeenskappe — GvW)
- In al nege plekke waar die woord ἐκκλησία in Efesiërs voorkom, staan dit in die enkelvoud. Verder word geloof in die belydenis van Nicea, ook nie in "heilige algemene kerke" bely nie, maar in die enkelvoudige kerk.
- Die eenheid van die liggaam is veel eerder 'n interne eenheid as 'n eksterne, institusionele, organisatoriese eenheid. In Efesiërs praat Paulus nie van denominasie of organisasie nie, maar van liggaam.
- Die gegewe eenheid in geloof van die geheel is iets waarna die dele moet streef.

Duidelik verreken Schalekamp hier die beginsel van eenheid nie as 'n eendersheid nie maar 'n eenheid wat geleë is in geloof en roeping. Hierin stem hy met Smit saam (1985:84) (vgl. 1.2.1). Hierdie beginsel maak dit juis vir Schalekamp moontlik om kontekstueel aan 'n multikulturele gemeenskap te bedien, wat 'n meer unieke vorm sal aanneem as ander kerke waarmee hierdie bediening, wat geloof en belydenis betref, een is.

#### 2.3.2.4.2 Heiligheid

Wat heiligheid betref, soos deur Schalekamp hanteer, kom die beginsels van eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling nie so sterk deur nie, behalwe daarin dat die kerk in sy gehoorsaamheid aan Christus besig is om te word wat Hy reeds is: heilig. Christus het uitverkies en daarom is die kerk heilig, maar moet dit ook in heiligheid groei. Die kerk moet dus word wat hy reeds is as deel van die beantwoording op sy roeping, en dan veral die roeping na binne (2005:138-147).

#### 2.3.2.4.3 Katolisiteit en Apostolisiteit

Schalekamp hanteer hierdie twee merktekens onder een hoof. Hier word roepingsvervulling in die kern gestel. Om katoliek te wees is om die evangelie die hele wêreld te laat ingaan. En apostolies is om gevolg te gee aan die roeping van die kerk om die leer van die apostels oor Christus te verkondig. Die twee vind dus inderdaad noue aansluiting by mekaar en omvat die roepingsvervulling van die kerk (2005:147-154).

### 2.3.2.5 Bedienings van die kerk

Hierdie bedienings word deur Schalekamp so verstaan dat dit uiting gee aan die merktekens van die kerk. Dus sal die onderwerpe eenheid, verskeidenheid en

roepingsvervulling noodwendig ook hier aangetref word, veral met roepingsvervulling op die voorgrond, omdat die kerk besig is om al hoe meer te word wat hy is deur die uitvoer van die bedieninge (2005:189-247).

#### 2.3.2.5.1 Kerugma

Kerugma handel oor die roepingsvervulling van die gemeente deur die Woord se unieke boodskap aan gelowiges sowel as ongelowiges te verkondig.

#### 2.3.2.5.2 Leitourgia

Leitourgia handel oor die roepingsvervulling van die gemeente soos dit na vore kom in die aanbidding van God, wat op sy beurt getuienis aan die wêreld lewer.

#### 2.3.2.5.3 Koinonia

Koinonia handel oor die roepingsvervulling van die gemeente daarin dat die eenheid in die praktyk tot vergestalting kom.

#### 2.3.2.5.4 Diakonia

Diakonia handel oor die roepingsvervulling van die gemeente waardeur hulle die liefde van God uitdruk en bedien teenoor hulle naaste.

### 2.3.2.6 Samevatting

- Geen plaaslike bediening kan voortgesit word indien dit nie onderdanig aan die Hoof is nie (Schalekamp, 2005:83). Eenheid met die Hoof is 'n wesenlike vertrekpunt (2.3.2.3.1.1).

- Alhoewel die beginsels van kerklike eenheid, verskeidenheid en roeping in Schalekamp se fundering van die multikulturele bedieningstrategie na vore kom, word die wisselwerking tussen hierdie drie faktore nie duidelik uitgewerk of bespreek nie (2.3.2.3.2). In die lig daarvan dat Schalekamp aan multikulturele bediening in 'n diverse gemeenskap werk, sou dit sinvol kon wees om in sy ondersoek juis 'n oog oop te hou hiervoor.

- Wat egter duidelik is, is dat die drie faktore in berekening gebring word, maar met sterker klem op eenheid en roepingsvervulling as op verskeidenheid (2.3.2.3.2).

- Alhoewel die telos van Efesiërs 4 oor die beginsel van eenheid handel, word die eenheid (in geloof ensovoorts — nie strukture nie!) juis behandel in 'n konteks van diversiteit – en so sluit die tema van eenheid noodwendig aan by verskeidenheid. Die twee kan nie as teenpole gesien word nie. Efesiërs 4 handel dus eerder oor eenheid in verskeidenheid, veral as gelet word op die verhoudings in Hoofstuk 5 tussen mans en vroue, ouers en kinders, slawe en vryes — dus eenheid te midde van verskeidenheid (2.3.2.3.2).

- Dit is opmerklik dat, waar Paulus in Efesiërs 4:16 van die liggaam in sy diversiteit werk, Schalekamp geen afleidings in hierdie verband maak nie. Die liggaam is in wese 'n verskeidenheid-eenheid, wat nie sou kon funksioneer indien daar nie verskeidenheid was nie. Paulus self noem dit in 1 Korintiërs 12:21 waar hy ook oor dieselfde beeld handel :" [21]Die oog kan nie vir die hand sê: 'Ek het jou nie nodig nie.'" Schalekamp maak geen afleiding in die verband vir sy uiteindelike strategie nie (2.3.2.2.2.2).

- Duidelik verreken Schalekamp hier die beginsel van eenheid nie as 'n eendersheid nie maar 'n eenheid wat geleë is in geloof en roeping. Hierin stem hy met Smit saam (1985:84) (vgl. 1.2.1). Hierdie beginsel maak dit juis vir

Schalekamp moontlik om kontekstueel te bedien aan 'n multikulturele gemeenskap wat 'n meer unieke vorm sal aanneem as ander kerke waarmee hierdie bediening, wat geloof en belydenis betref, een is (2.3.2.4.1).

## 2.4 Afleidings uit literatuurstudie van Nel, Burger, Pretorius en Schalekamp.

- Die beginsels van kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling kom almal aan die orde in al die ondersoekte literatuur (2.2.1.5; 2.2.2.3; 2.3.1.4; 2.3.2.6).
- Die wisselwerking tussen hierdie drie beginsels word in hierdie literatuur nie deeglik uitgewerk en as noodsaaklik beskou vir die beplanning van 'n effektiewe bedieningstrategie nie (2.2.1.5; 2.2.2.3; 2.3.1.4; 2.3.2.6).
- Die klem in bogenoemde literatuur lê eerder op eenheid en roepingsvervulling, dikwels ten koste van 'n goeie begrip van kerklike verskeidenheid (2.2.1.5; 2.2.2.3; 2.3.1.4; 2.3.2.6).
- 'n Fokus op roepingsvervulling word genoem as 'n weg uit kerklike konflik en sal waarskynlik 'n rol speel in die hantering van die oënskynlike spanning tussen kerklike eenheid en verskeidenheid (2.3.1.4).
- 'n Verskeidenheid bedieningspatrone sal noodwendig die gevolg wees daarvan dat gemeentes kontekstueel hul roepings vervul. 'n Gebrek aan verskeidenheid toon oneffektiwiteit, ongehoorsaamheid en dat ander sake, en nie roeping nie, in gemeentelike aktiwiteite die pas aangee (2.2.1.5; 2.3.1.4).

## 2.5 Die Suid-Afrikaanse konteks en die onoffisiële bedieningspraktyk tans algemeen in die GKSA

### *2.5.1 Situasie-analise van die Suid-Afrikaanse konteks*

#### 2.5.1.1 Inleiding

Tans word algemeen aanvaar dat ons wêreld drasties aan die verander is en dat die verandering wesenlike implikasies vir kerklike bediening inhou (Smit & Vorster, 2000:515; Vorster, 1999:99-100; Snyder, 1996:13; Gibbs, 2000:17). In die konteks van hierdie studie raak die implikasies van die verandering vir kerklike bediening veral die besinning oor kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling.

Hierdie genoemde verandering word hoofsaaklik saamgevat onder die breë noemer paradigmaskuif — 'n verskuiwing van modernisme na postmodernisme. Dit is 'n verandering in denkwyses en lewenswaardes, en ten diepste 'n verandering in wêreldbeskouing.

Hierdie paradigmaskuif word natuurlik vergesel van 'n hele aantal faktore wat 'n wesenlike invloed op kerklike bediening het. Die kerk se rolvervulling word immers nie net deur sy prinsipiële fundering gerig nie, maar ook deur die konteks waarin dit funksioneer (Vorster, 1999:100).

#### 2.5.1.2 Probleemstelling

Die kerk wil en moet voortgaan met sy bediening, maar dit wil voorkom of die postmodernisme met 'n snelle pas van verandering as onderliggende faktor, die kerk onkant betrap het. Hierdie onkant-posisie waarin die kerk hom bevind, bring toenemende weerstand teen kerklike bediening in geïnstitueerde vorm mee. Die mens het egter steeds 'n spontane behoefte daaraan om sy eie spiritualiteit te ontgin en uit te leef (Snyder, 1996:23; Vorster, 1996:16; Gibbs, 2000:11). Alhoewel

‘n groot deel hiervan op ‘n hernude belangstelling in Oosterse godsdienste en die New Age-filosofie uitloop, is daar steeds die wat ‘ja’ sê vir Christus maar ‘nee’ vir die kerk (Gibbs, 2000:11).

Vorster (1996:15) beaam op goeie gronde Anderson se stelling: “Change is not the choice, how we handle it is.”

Alhoewel ‘n Gereformeerde gemeente, wat prinsipiële fundering betref, toegerus is vir hierdie nuwe wêreld waarin ons ons bevind, bly die vraag egter steeds staan na die doeltreffende gerigtheid van ‘n bepaalde gemeente in sy unieke konteks. Daarom kan daar gepraat word van plaaslike kerke wat elkeen ‘n unieke roeping het in die lig van die konteks waarin God daardie gemeente plaas. In die proses ontstaan spanning egter, naamlik dat geantwoord word op die konteks wanneer die metodiek nie ooreenstem met kerke in kerkverband nie.

Die probleem is dat, vir enige gemeente om hom weer funksioneel in te rig sodat hy aan die nood en behoeftes van die tyd kan beantwoord, moet dit sy huidige omstandighede goed begryp, kan hanteer en effektief beantwoord (Vorster, 1996:16). Dit is egter nie so maklik nie. Die snelle pas van verandering wat die postmodernisme volhou, sowel as die beperking aan ‘n plaaslike kerk deur die kerkverband, maak dat dit vir die kerk moeilik is om sy omstandighede konkreet te kan peil.

#### 2.5.1.3 Benadering

Die hedendaagse konteks van Suid-Afrika sal benader word vanuit die verlede. Dit is juis wat in die verlede gebeur het wat gehelp het om vorm te gee aan ‘n Suid-Afrika soos dit vandag daar uitsien. Die hededaagse Suid-Afrikaanse konteks is dus die resultaat van ‘n legio kragte wat in die verlede aan die werk was. In ‘n groot

mate word hierdie momentum voortgedra wat 'n effek het op hoe Suid-Afrika in die toekoms daar gaan uitsien.

Om al die vormende faktore hier te bespreek is 'n haas onmoontlike taak. In die konteks van 'n prakties-teologiese studie sal slegs gefokus word op 'n seleksie van die moderne kerkhistoriese tendense en die invloed daarvan op ons huidige Suid-Afrikaanse kerklike konteks.

Om uiteindelik riglyne te kan neerlê waarvolgens kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling effektief in wisselwerking met mekaar kan tree, moet die konteks waarin hierdie beginsels moet funksioneer eers begryp word.

#### 2.5.1.4 Moderne kerkhistoriese tendense

Sekere moderne kerkhistoriese tendense het 'n invloed op die situasie waarin die kerk hom vandag bevind. 'n Paar tersaaklike aspekte word vervolgens kortliks bespreek ten einde die invloed daarvan te kan vasstel.

##### 2.5.1.4.1 Die Verligting

Die oorsprong van die Verligting is terug te vind in die gees van die Renaissance. Gedurende die Renaissance het Kopernicus ontdek dat die aarde nie die middelpunt van die heelal is nie, en Newton het die wette van swaartekrag vasgelê. Hierdie ontdekkings het 'n groot indruk gelaat en gelei tot 'n onbegrensde vertroue in die menslike waarnemingsvermoë en rede (Berkhof, 1955:250). Die idee was dat, as die mens hierop kon afkom, wat was nie nóg moontlik nie.

So het die Verligting tot stand gekom in die jare 1800. Hiervolgens is die mens se hoop op menslike rede en verstand beklemtoon. Geloof in God is nog behou, maar slegs as 'n Opperwese wat alles op aarde diensbaar maak aan die mens. In hierdie redelike godsdiens was die grondbegrippe God, deug en onsterflikheid gevestig. Vir

Jesus was daar min plek en Hy is slegs as 'n leraar van die natuurlike godsdiens en 'n voorbeeld van ware deug voorgehou (Berkhof, 1955:251; Walker, 1992:625). Die hedendaagse Jesus-seminaar is dus egter 'n ou modernistiese filosofie wat as postmodernisties aangebied word, maar in werklikheid nie in hierdie kader pas nie.

Die grootste neweproduk wat die Verligting op Christelike terrein nagelaat het, is die verskrompeling van die geloof tot 'n blote verstandelike leerstelsel (Berkhof, 1955:250; Walker, 1992:627). Die Verligting is in Nederland gebore, met Descartes, Spinoza, Locke, Toland en Voltaire wat baie tyd in Nederland deurgebring het (Berkhof, 1955:252).

Die belangrikheid hiervan word duidelik as in gedagte gehou word dat die GKSA uit die gereformeerde Nederlandse tradisie stam en hierdie sterk rasionalistiese benadering tot godsdiens ook so sy weg tot in die GKSA vandag gevind het en in 'n groot mate steeds vandag die toon aangee.

**2.5.1.4.1.1 Die invloed van die Verligting**

Soos hierbo genoem, moet in gedagte gehou word dat die GKSA uit die gereformeerde Nederlandse tradisie stam en die sterk rasionalistiese benadering tot godsdiens ook so sy weg tot in die GKSA van vandag gevind het en in 'n groot mate steeds vandag die toon aangee. Die invloed van die verligting is egter nog steeds nie uitgewerk nie, terwyl daar in die GKSA 'n groep mense toenemend groei wat negatief staan teenoor 'n strak rasionalistiese benadering tot godsdiens. Hierdie neiging in die kerk om ook godsdiens te wil ervaar het grootliks ook 'n oorsprong in die postmodernisme, maar mag nie as sodanig negatief beoordeel word nie.

Die indirekte invloed van die Verligting gaan waarskynlik nog lank in die GKSA geld en geensins binne die volgende 15 jaar beduidend verander nie. Die gevolg is dat daar waarskynlik groter spanning sal ontstaan tussen die ouer geslag (sterk onder invloed van die Verligting en modernisme) en die jonger geslag. Dit is soos om

dambord en skaak tegelykertyd op een speelbord te wil speel (Smit & Vorster, 2000:516).

**Afleidings:**

- Die gesprek oor kerklike eenheid en verskeidenheid geskied tans binne 'n sterk rasionalistiese paradigma (2.5.1.4.1.1).
- Die jonger geslag benader die problematiek vanuit 'n meer empiriese hoek omdat die rede alleen probleme in die praktyk nie blyk op te los nie (2.5.1.4.1.1).

### 2.5.1.4.2 Negentiende-eeuse Protestantse denke in Duitsland

Immanuel Kant (1724-1804) het in 'n piëtistiese huis grootgeword en in sy loopbaan 'n geweldige impak gemaak op die filosofie en godsdienstige strominge. Hy meen dat elke persoon deur rede en waarneming sy eie beeld van die werklikheid moet skep. Die rede en waarneming is dus 'n bril waardeur na die werklikheid gekyk moet word (Gaarder, 1999:270).

So is absolute kennis buite die mens se rede of waarneming onmoontlik en dus kennis van God ook. God se openbaring in die Bybel is dus nie waar nie, omdat dit nie vir die mens moontlik is om God te kan waarneem nie. Dit is die produk van mense. God is onkenbaar maar godsdiens is wel kenbaar. Alle godsdienste is egter goed solank dit moreel goed is. Teologie is dus vir Kant in werklikheid bloot etiek. Hy ontken die verdorwenheid van die mens en is sterk humanisties ingestel (Walker, 1992:629). Volgens Kant het die mens die vermoë om tussen goed en kwaad te kan onderskei, sy eie godsdiens te kan vorm en eie moraliteit te kan ontwikkel. Hierdie sieninge leef vandag nog voort in sterk liberalisme wat glo dat die mens in homself iets van die goddelike het.

Frederik Schleiermacher (1768-1834) is onder andere sterk deur Plato, Spinoza en Kant beïnvloed. By die rede-en-waarnemingteorie van Kant voeg Schleiermacher

nog 'n sterk klem op die noodsaak van emosie en ervaring in hierdie proses. Vir hom is emosie die beginpunt van godsdiens, en dan veral die gevoel van afhanklikheid. Dit is die mens se afhanklikheidsgevoel wat hom na 'n opperwese laat soek. Godsdiens lei die mens net om meer en meer sy afhanklikheid te besef — dit maak nie saak watter godsdiens dit is nie. Elkeen wat dus spiritualiteit ervaar en beoefen, is in wese besig met godsdiens. Godsdiens is nie volgens hom 'n stelsel van dogma wat geopenbaar is en rasioneel toetsbaar is nie (Walker, 1992:630).

Schleiermacher se invloed op die postmodernisme is duidelik te sien in die soeke na enige spiritualiteitservarings. Ongeag hoe dit verkry word, is ervaring die maatstaf van sukses van enige godsdiens.

Georg Hegel (1770-1831) meen dat die absolute hom openbaar deur 'n proses van filosofiese ewolusie. Waarheid bly deurgaans relatief en daarom is die Skrif vandag nie meer geldig nie, al was dit dalk waar en geldig in die tyd en omstandighede van ontstaan. Waarheid word verkry deur tese en antitese. As iemand iets sê of doen, is dit waar, as dit deur 'n antitese uitgedaag word, vind wisselwerking plaas totdat die waarheid uit die tese en antitese 'n nuwe tese daarstel wat dan vir die oomblik weer waar is totdat dit weer uitgedaag en aangepas word. Die menslike rede skep dus waarheid en daarbuite is geen waarheid nie (Walker, 1992:631-633).

Hegel se groot invloed geld vandag nog steeds, veral op die gebied van teologie en Skrifkritiek. Hier is rede die maatstaf, maar die rede van vandag kan nie gebruik word om die rede van gister te meet nie, omdat die tyd en omstandighede verskil.

#### 2.5.1.4.2.1 Die invloed van negentiende-eeuse Protestantse denke in Duitsland

Hierbo is drie rolspelers van hierdie tydperk bespreek, en elkeen het 'n nalatenskap in denke en filosofie wat vandag steeds in die kerk te bespeur is.

Kant se grootste invloed is waarskynlik te bespeur in die postmoderne mens se nuwe ingesteldheid tot humanisme en morele goedheid. Soos genoem, het die mens volgens Kant die vermoë om tussen goed en kwaad te kan onderskei, sy eie godsdiens te kan vorm en eie moraliteit te kan ontwikkel. Hierdie sieninge leef vandag baie sterk voort in sterk liberalisme wat glo dat die mens in homself iets van die goddelike het.

Alhoewel hierdie invloed op die oomblik in die GKSA nie so sterk is nie, moet dit tog gesien word as 'n bedreiging. Die gereformeerde lidmaat kom daagliks in aanraking hiermee — hetsy met ander mense in sy lewensfeer of met die leer van die Nuwe Hervorming.

Schleiermacher se invloed is veral meer indirek te bespeur in die hernude soeke na geestelike ervaring en spiritualiteit van die postmodernisme. Sy invloed steek ook plek-plek kop uit op die gebied van missiologiese aktiwiteite wat dikwels benader word as opheffings- en ontwikkelingswerk. Die gevaar bestaan dat daar in reaksie teen die rasionalisme en modernisme te veel gesoek word na emosie en ervaring.

Hegel se invloed is te sien in die relatiwiteit van waarheid soos dit vandag in die postmodernisme na vore kom. Hiervolgens is waarheid waar totdat dit aangepas moet word deur 'n ander waarheid. Wat hier veral aan die sentrum staan, is Skrifbeskouing in die GKSA. Bestaan die waarheid in die Woord van God of in ons instemming met dit wat die Woord leer? Veral in die GKSA word daar nie oral saamgestem oor die hermeneutiek wat by Skrifinterpretasie gebruik moet word nie. Die neiging kan wees dat dit wat ons van God se openbaring nie kan verstaan nie so "gewentel" moet word totdat óns rede en sin daarin sien.

Die aktualiteit van hierdie onderwerp blyk duidelik uit Spoelstra se artikel in Die Kerkblad (2003:28-29). Die stryd hieromheen kan verreikende gevolge vir die GKSA inhou.

**Afleidings:**

- Volgens Kant is daar nie verskille nie maar eerder 'n verskeidenheid moontlikhede. Diegene wat om ruimte vir verskeidenheid in kerklike bediening pleit, word dikwels beskou as aanhangers van Kant se filosofie. Verskeidenheid moet daarom gekwalifiseer word omdat dit nie per se sleg of goed is nie (2.5.1.4.2.1).
- Schleiermacher meen ervaring bepaal waarheid. Hierdie subjektiewe beskouing van ervaring en waarheid wat vandag nog voorkom, bring uiteenlopende standpunte mee oor waar eenheid moet lê en waarin verskeidenheid geoorloof is (2.5.1.4.2.1).
- Volgens Hegel bepaal die situasie die reaksie, wat gevolglik uitloop op die nuwe sintese wat noodwendig geldig moet wees. Eenheid en verskeidenheid is egter nie net twee teenpole soos 'n tese en antitese wat 'n nuwe sintese tot gevolg het nie. Hegel se denke gee aanleiding daartoe dat 'n oplossing gesoek word deur bloot kompromieë na weerskante te maak (2.5.1.4.2.1).

**2.5.1.4.3 Die ekumeniese beweging**

In die negentiende eeu is sterk klem geplaas op die uitbreiding en verspreiding van die kerk in die wêreld. In die twintigste eeu het 'n neiging egter wêreldwyd geheers om kerke te integreer en te konsolideer. Die term ekumeniese beweging is generies en verwys in werklikheid na 'n reeks bewegings na en neiging tot eenheid in geloof en struktuur. In hierdie beweging is daar hoofsaaklik ses velde te identifiseer waarbinne gearbei is met die oog op eenheid, naamlik 1) Sending 2) Jeugwerk 3) Christelike diens en etiek 4) Dogma 5) Organiese kerkeenheid en 6) Vorming van wêreld denominasionele assosiasies (Walker, 1992:686-694).

Die gees van hierdie beweging het ook sy invloed in die GKSA gehad. Die Sinode GKSA 1964 het besluit dat daar een algemene sinode saamgeroep moet word uit die vier nasionale sinodes. Tog was die standpunt steeds in daardie stadium dat

kerkvergaderings (klassisse en sinodes) volgens etnisiteit saamgestel moes word. Hierdie algemene sinode het nog net 6 maal sedert 1964 vergader — die laaste keer in 1992 (Van Wyk, 2003:13-15).

Die jonger kerke het kritiek ontwikkel teen die samestelling van die Algemene Sinode. Hulle was tereg van mening dat die Algemene Sinode te veel van 'n onbybelse volkskerkgedagte openbaar. In 1986 het deputate van al vier sinodes vergader en konsensus bereik oor die noodsaak van kerkeenheid, ook ten opsigte van kerkvergaderings. Die drie ander sinodale vergaderings, Soutpansberg, Middellande en Suidland het hierdie resultate eenparig aanvaar. In 1988 het die Sinode Potchefstroom hulle egter op grond van 'n minderheidsrapport hiervan gedistansieer. Alhoewel hulle na 'n beswaarskrif teen hierdie besluit in 1988 hul besluit herroep het, het dit 'n groot vertrouensbreuk tot gevolg gehad. Hierna suspendeer Sinode Soutpansberg hulle bande met die Algemene Sinode (Van Wyk, 2003:13-15).

Op Sinode Potchefstroom 2000 dien 'n rapport egter wat 'n oproep doen om die hegte eenheidsbande met die kerke in die ander Sinodes te bevorder en dit ook in die kerkregering konkrete gestalte te laat kry. Sinode Potchefstroom gee dan opdrag dat hieraan gevolg gegee moet word deur samewerking met die ander twee Sinodes (Middellande en Soutpansberg). Geen rapport hieroor het egter in 2003 gedien nie (Van Wyk, 2003:13-15).

#### 2.5.1.4.3.1 Die invloed van die ekumeniese beweging

Die invloed wat die gees van die ekumeniese beweging op die GKSA gehad het is onseker. Dat die behoefte aan kerkeenheid in alle opsigte al hoe sterker word, is nie te misken nie. Die vraag is: Waarin is die eenheid te vinde?

Sou daar werklike eenheid tussen etnisiteite in die GKSA ontwikkel wat kerklike vergaderings betref — van plaaslike kerk tot by nasionale sinode — sou dit die kerk dwing om in oorweging te neem wat waarlik wesenlik en wat middelmatig is.

**Afleiding:**

- Die nadraai van die ekumeniese beweging, soos aangetref in die kerke van Suid-Afrika, dwing tot besinning oor waar kerklike eenheid lê en waarin verskeidenheid wel geoorloof is (2.5.1.4.3.1).

#### 2.5.1.4.4 Groeperings onder gereformeerdes

Die bekendste voorbeeld hiervan is sekerlik die kerkstryd in Nederland in die negentiende eeu. Hier het gereformeerdes hulle aanvanklik in een kerkverband in onderskeie groepe gegroepeer wat uiteindelik op kerkskeurings uitgeloop het (Berkhof, 1955:287-288). Hierin was H. De Cock (1801-1852) 'n groot rolspeler wat daartoe aanleiding gegee het dat die Christelik Gereformeerde kerk formeel tot stand gekom het na skeuring met die Hervormde kerk wat as staatskerk onder staatsgesag die enigste amptelike gereformeerde kerk in Nederland van die tyd was. De Cock se aanvanklik oogmerk was nooit om af te stig nie, maar die verskille het uiteindelik daarop uitgeloop.

In 'n populêre artikel van Spoelstra (2003:28-29) word die besonder aktuele saak van kerklike groeperings weer aangeroer. Hy wys op die strukturele eenheid maar ook, aan die ander kant, die innerlike verdeeldheid wat vandag in die GKSA bestaan. Alhoewel die omstandighede vandag baie anders is as wat dit in die Nederlandse kerkstryd was, is die temas waaroor die verdeeldheid handel dikwels dieselfde — ook die reaksies daarop.

Weereens in die fokus is die kerklied (wat eenmaal gelei het tot die totstandkoming van die GKSA in 1859), sowel as Skrifbeskouing en hantering. En weer is die

reaksies ook nie veel anders nie (vgl. die sogenaamde doleansie van die Gereformeerde Kerk Waterberg). Die regverdiging van die verskille of die reaksies daarop is nie nou die fokus nie, maar die moontlike gevolge wel. Dit is regdeur die kerkgeskiedenis, nie net dié van Nederland nie, wel duidelik dat verskille oor sake waaroor in die GKSA op die oomblik voorkom, op skeuring uitloop.

Alhoewel nie ligtelik van verdeeldheid en skeuring gepraat mag word nie, plaas die moontlikheid daarvan 'n appèl op deeglike besinning oor kerklike eenheid en verskeidenheid.

#### 2.5.1.4.4.1 Die invloed van Groeperings onder gereformeerdes

In die gereformeerde landskap van Suid-Afrika kom allerlei groeperings en partyskappe voor. Waar strukturele eenheid wel bestaan, hang 'n vraagteken oor die ware eenheid (Helberg, 1988:26; Venter, 1994:24-26; Jackson, 2005:7; Spoelstra, 2003:28-29; Du Plooy, 2005:18-20).

**Afleidings**:

- Bewaring van eenheid te midde van verskille en verskeidenheid is steeds nie in gereformeerde kringe bemeester nie (2.5.1.4.4.1).
- Eenheid en verskeidenheid word oor die algemeen noodwendig verstaan as twee teenpole (2.5.1.4.4.1).

#### 2.5.1.4.5 Postmodernisme

Postmodernisme is die jongste in 'n reeks makroparadigmas wat sedert die begin van die jaartelling tot vandag toe ontwikkel het. Hieronder is premodernisme, modernisme en postmodernisme (Smit & Vorster, 2000:517).

Paradigma impliseer 'n werklikheidsbeskouing wat in die eerste plek navorsers se uitgangspunte en benadering tot die veld van ondersoek bepaal. Die beskouing kan bewus of onbewus bestaan en gaan enige reëls en teorie van wetenskapsbeoefening vooraf (Vorster, 1999:101).

Premodernisme duur deur die Middeleeue tot die dertiende eeu. In hierdie tyd val die klem op metafisiese kragte. Die lewe gaan bloot om voortbestaan. Die rede speel 'n klein rol hierin, terwyl godsdiens/bygeloof grotendeels gedrag bepaal (Smit & Vorster, 2000:517).

Hierna volg die modernisme wat sy wortels in die Renaissance vind en deur die Verligting tot volle bloei kom. Die rede word hier primaat bo geloof of ervaring. Godsdiens is nie toetsbaar deur die rede nie en word daarom bevraagteken. Uitermatige vertroue word in die menslike rede geplaas om die voortbestaan en selfverwesenliking van die mens moontlik te maak (Smit & Vorster, 2000517; Gibbs, 2000:21; Edwards, 1997:350-478).

Deur die loop van die twintigste eeu het die postmodernisme momentum begin ontwikkel namate die modernisme teleurgestel het. Die postmodernisme is uit 'n mate van ontnugtering gebore. Die menslike rede het hom in die steek gelaat. Wêreldoorloë het uitgebreek, tegnologie en wetenskap het nie aan al die verwagtinge van die mens voldoen nie en die mens het tot die besef gekom dat hy nie net 'n redelike wese is nie. Die wêreld is nie net verstandelik verklaarbaar en beheerbaar nie. Dit is ook geestelik. Daar is weggedoen met alle absolute waarhede en alles is nou relatief. Die waarheid het baie kante (Smit & Vorster, 2000:518).

Vorster (1999:105) identifiseer twee uitstaande kenmerke van die postmodernisme. Die eerste is 'n fokus op die mens en sy vooronderstellings, en die tweede is 'n nuwe belangstelling in die metafisiese. Wat die eerste betref, word die mens nou

van nader ondersoek, dus 'n ingekeerde ondersoek, na die mens se vooronderstellings, gevoel, geloof en spiritualiteit. Soos die modernisme godsdiens bevraagteken het, bevraagteken die postmodernisme die rede en die resultaat van die rede. Die tweede kenmerk is dat aanvaar word dat die individu in verhouding staan tot die geheel van die kosmos. Die bestaan van God en die mens se geestelike dimensie word erken. Die sekularisme word dus agterweë gelaat. Die vraag is dus nie of daar 'n God is nie, maar: Hoe kan die mens in 'n verhouding met God tree? Die diepste essensie van die mens is dus godsdiens en spiritualiteit (Vorster, 1999:105).

#### 2.5.1.4.5.1 Inlvoed van die Postmodernisme

Postmodernisme is beslis die wêreld waarin die kerk hom vir die volgende 15 jaar plus gaan bevind (Smit & Vorster, 2000: 520-521). Wat waardevol is hiervan, is die hernude soeke van die mens na die uitleef van sy spiritualiteit en geestelikheid. Dit bied aan die GKSA soveel meer geleentheid vir evangelisasie as wat die modernisme gebied het.

Die probleem is egter dat die postmodernisme gepaard gaan met 'n aversie van die geïnstitueerde kerk en gesagstruktuur (Hendriks, 2001:34). Elkeen is eerder op sy eie op soek na God. Wat hierby gereken moet word, is die Afrikanervolk se politieke teleurstelling en ontnugtering wat in 'n groot mate deur die kerk gevoed en ondersteun is. Dit bring 'n geweldige wantroue in en afkeer van die Afrikaanse kerke in die besonder mee.

**Afleidings:**

- Die opkoms van die postmodernisme bring nuwe belangstelling in die metafisiese en godsdiens, wat die kerk dus geleentheid gee tot roepingsvervulling (2.5.1.4.5.1).

- Die postmodernisme bring nuwe geleenthede vir evangelisasie wat geleentheid vir roepingsvervulling van plaaslike kerke laat toeneem (2.5.1.4.5.1).
- Die postmodernisme het 'n aversie van kerk in geïnstitueerde gesagsvorme wat sal meebring dat 'n kerk in geïnstitueerde tradisionele vorm moeilik effektief in hierdie konteks sal bedien (2.5.1.4.5.1).
- Die opkoms van die postmodernisme vereis 'n verskeidenheid bedieningspatrone terwyl 'n onderlinge eenheid verlang word (2.5.1.4.5.1).

### 2.5.1.3 Samevatting

- Die gesprek oor kerklike eenheid en verskeidenheid geskied tans binne 'n sterk rasionalistiese paradigma (2.5.1.4.1.1).
- Die jonger geslag benader die problematiek uit 'n meer empiriese hoek omdat die rede alleen probleme in die praktyk nie blyk op te los nie (2.5.1.4.1.1).
- Volgens Kant is daar nie verskille nie maar eerder verskeidenheid moontlikhede. Diegene wat om ruimte vir verskeidenheid in kerklike bediening pleit, word dikwels beskou as aanhangers van Kant se filosofie. Verskeidenheid moet daarom gekwalifiseer word omdat dit nie per se goed of sleg is nie (2.5.1.4.2.1).
- Schleiermacher meen ervaring bepaal waarheid. Hierdie subjektiewe beskouing van ervaring en waarheid wat vandag nog voorkom, bring uiteenlopende standpunte mee oor waar eenheid moet lê en waarin verskeidenheid geoorloof is (2.5.1.4.2.1).
- Volgens Hegel bepaal die situasie die reaksie, wat gevolglik uitloop op die nuwe sintese wat noodwendig geldig moet wees. Eenheid en verskeidenheid is egter nie net twee teenpole soos 'n tese en antitese wat 'n nuwe sintese tot gevolg het nie. Hegel se denke gee aanleiding daartoe dat 'n oplossing gesoek word deur bloot kompromieë na weerskante te maak (2.5.1.4.2.1).

- Die nadraai van die ekumeniese beweging, soos aangetref in die kerke van Suid-Afrika, dwing tot besinning oor waar kerklike eenheid lê en waarin verskeidenheid wel geoorloof is (2.5.1.4.3.1).
- Bewaring van eenheid te midde van verskille en verskeidenheid is steeds nie in gereformeerde kringe bemeester nie (2.5.1.4.4.1).
- Eenheid en verskeidenheid word oor die algemeen noodwendig verstaan as twee teenpole (2.5.1.4.4.1).
- Die opkoms van die postmodernisme bring nuwe belangstelling in die metafisiese en godsdiens, wat die kerk dus geleentheid gee tot roepingsvervulling (2.5.1.4.5.1).
- Die postmodernisme bring nuwe geleenthede vir evangelisasie wat geleentheid vir roepingsvervulling van plaaslike kerke laat toeneem (2.5.1.4.5.1).
- Die postmodernisme het 'n aversie van kerk in geïnstitueerde gesagsvorme, wat sal meebring dat 'n kerk in geïnstitueerde tradisionele vorm moeilik effektief in hierdie konteks sal bedien (2.5.1.4.5.1).
- Die opkoms van die postmodernisme vereis 'n verskeidenheid bedieningspatrone terwyl 'n onderlinge eenheid verlang word (2.5.1.4.5.1).

### *2.5.2 Die onoffisiële bedieningspraktyk vandag algemeen in die GKSA*

#### 2.5.2.1 Inleiding

Dit is eerder die uitsondering as die reël dat 'n plaaslike kerk uit gereformeerde tradisie 'n gedokumenteerde roepingsformulering navolg en bedieningstrategie toepas. By diegene waar so 'n verantwoorde aanslag nie teenwoordig is nie, word 'n bedieningspatroon dikwels gevolg wat oorgeërf is van die kerktradisie (Nel, 1994:18-19).

Hierdie bedieningspatroon neem nie soseer die konteks en spesifieke roeping van daardie plaaslike kerk in ag nie. Dit is nodig om hierdie onoffisiële

bedieningspatroon te erken en te verstaan ten einde 'n korrektief daarteenoor te kan bied. Alhoewel hier slegs op die GKSA dikwels, is die vooronderstelling dat soortgelyke gebeure ook in ander kerkverbande plaasvind.

#### 2.5.2.2 Bedieningspraktyk

Eers is dit nodig om 'n oorsig te bied oor die algemene bedieningspraktyk. Vorster (1997:279) tipeer die bedieningsaktiwiteite van 'n predikant in die GKSA as dié van Woordverkondiging, sakramentsbediening, kategese, pastoraat en toesig in die gemeente. Dit is bloot 'n tipering hierdie omdat die dienswerk in die belydenisskrifte, die kerkorde en bevestigingformuliere slegs oor die algemeen gestel word as 'n drieërlei taak van Woordbediening, die diens van gebede en toesig oor die gemeente saam met die kerkraad. Daarom word dan na dié praktyk verwys as die onoffisiële bedieningspraktyk.

Nêrens in die GKSA word gereglementeerde riglyne gegee vir die vorm wat die predikant se bediening moet aanneem nie. Vorster stel die kritiese vraag of hierdie soepelheid in die formulering van die predikant se dienstaak in die praktyk van die gereformeerde bediening neerslag gevind het. Hy meen: "Gereformeerde bediening dra, ten spyte daarvan (die afwesigheid van reglementering — GvW), duidelike tekens van 'n predikante kerk." (Vorster, 1997:275.)

Vorster beskryf die taak van die predikant in die gereformeerde kerk as die van Woordverkondiging en sakramentbediening, gebede en regering wat die toepassing van die tug en die goeie orde insluit (Vorster, 1997:272).

Die soepelheid waarmee die predikant se taak in die NGB artikel 31 insluit, Kerkorde van die GKSA artikel 16, en beroepsbrief sowel as bevestigingformulier beskryf word, moet ten hoogste aangeslaan word omdat dit ruimte laat vir vernuwing in die opbou van die kerk (Vorster, 1997:273;275). 'n Bestuursmatige detailbeskrywing van die diens van die predikant is dus vreemd aan die

gereformeerde tradisie soos die tradisie uitdrukking vind in die belydenis, kerkorde, beroepsbriewe en formulier van die GKSA.

Die taak van die predikant, en daarmee ook die algemene bediening in die GKSA, word wyd omlyn en laat genoegsame ruimte vir aanpassing van situasie tot situasie. In die praktyk het daar egter weens bepaalde invloede 'n verstarring in hierdie soepelheid ingetree (Nel, 1994:2,3).

Volgens Vorster (1997:271) was die verklarings van die kerkorde van die GKSA oor die jare in hierdie opsig 'n groot faktor, veral ook die feit dat die beroepsbrief, wat slegs as konsepdokument voorgehou word, met min uitsondering net so geneem word en iets van 'n reglementering sodoende tot stand gekom het. Die beroepsbrief maak melding van Woord- en sakramentbediening, huisbesoek en kategese. Opmerklik word in hierdie brief nie pertinent aandag gegee aan die gebede nie.

Daar is geen offisiële ruimte vir die amp van die gelowige om in die gemeente te dien nie, en lidmate wat nie 'n besondere amp beklee nie, moet maar inval waar hulle kan – wat dikwels nie gebeur nie. Vorster meen dat die gebrek aan ruimte vir die amp van die gelowige in die gereformeerde kerklike bediening verreikende implikasies het (Vorster, 1997:272).

Die meeste aandag van die predikant, ouderlinge en diakens is gerig op die gemeente en die instandhouding van die strukture, met nouliks aandag aan die verhoudings in die gemeente en na buite. Die herder-kuddemodel is besonder gepas om hierdie strategie uit te druk (Vorster, 1997:268). Die herder fokus primêr op die bestaande kudde om hulle in hul daaglikse versoekinge en traumas te versorg, te beskerm en te bemoedig. Die kudde geniet die aandag en verwelkom die moeite wat gedoen word om hulle op te bou en in stand te hou. Die probleem is dat 'n eensydige fokus op die herder-kuddemodel 'n eenrigtingkommunikasie impliseer en dat die verhoudinge tussen die ampte en die gemeente nie opgebou word nie.

'n Ander vergelyking kan ook die heersende stand van sake beskryf. Waar die kerk 'n proaktiewe oorlogskip behoort te wees met 'n siekeboegafdeling, kan baie plaaslike kerke in die GKSA eerder beskryf word as een groot Rooikruis-hospitaalskip, met een generaal en 'n paar personeellede wat die passasiers aan die lewe moet hou tot die hawe bereik word. Die meeste gemeentes is dus na binne gerig en onbewus van/ongehoorsaam aan hulle doel, en so hul roeping in die wêreld.

**Afleidings:**

- Groot soepelheid bestaan in die GKSA vir plaaslike bediening om 'n verskeidenheid vorme aan te neem (2.5.2.2).
- Die ruimte wat in teorie vir verskeidenheid gelaat word, vind nie noodwendig neerslag in die praktyk nie (2.5.2.2).
- Die roepingsvervulling van die gemeentes word ooreenkomstig interne bediening verstaan, terwyl bediening na buite nouliks aandag geniet (2.5.2.2).

#### 2.5.2.3 Tiperings van hierdie bedieningstrategie

Omdat hierdie bedieningspraktyk nêrens as 'n offisiële strategie vermeld word nie is dit noodwendig dat enige beskrywing hiervan bloot 'n tipering is vanuit 'n sekere gesigshoek. Vorster (1997:267-268) haal in sy inleidende deel tot sy artikel, "Die diens van die Gereformeerde predikant", 'n paar tiperinge aan wat gemaak is deur predikante in die gereformeerde tradisie.

Calian meen dat die "teacher preacher"-rol van die predikant gelei het tot 'n lekekerk wat in beginsel nie veel verskil van die institusionalisme en klerikalisme van die Rooms-Katoliek kerk nie.

Dit is juis wat hierdie bedieningspatrone betref dat nou besin word oor die eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling van kerke in kerkverband. Wat plaaslike kerklike bediening betref, word geen melding in die NGB, beroepsbrief of bevestigingsformulier gemaak rakende die rol wat kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling in die taak van die predikant of die bedieningspatroon/strategie speel nie.

Weereens is die genoemde soepelheid te bespeur. Dit word byvoorbeeld nie genoem dat 'n predikant die gemeente so moet bedien dat dit soos 'n ander lyk en funksioneer nie, of die teendeel dat elke gemeente uiteenlopend móét wees nie. Wat egter wel onderliggend aan al hierdie dokumente is, is die klem van die roepingsvervulling. Tog word ook dít nie in detail voorgeskryf nie.

'n Moontlike afleiding wat gemaak kan word, is dat daar onduidelikheid is oor die wisselwerking tussen eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling omdat die bediening aangepak word op die spoor van die genoemde dokumente wat hulle nie duidelik hieroor uitspreek nie (1.4.2.1; 1.4.2.2).

Die NGB raak byvoorbeeld geensins die saak van kerkverband aan nie, behalwe in die frase in artikel 27 wat handel oor die algemene Christelike kerk: "Verder is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of sekere persone nie, maar dit is oor die hele wêreld versprei en verstrooi. Tog is dit met hart en wil en deur die krag van die geloof in een en dieselfde Gees saamgevoeg en verenig." (GKSA, 1992:506.)

Dit is eers in die Kerkorde van die GKSA dat die verhouding van kerke in kerkverband bespreek word, en wel in artikels 29-52 (GKSA, 1979:14). Hier word meer klem gelê op hoe die eenheidsverhouding wat tussen kerke bestaan prakties tot uiting moet kom, as wat beskryf word hoe die verskeidenheid van die kerke en hul taak tot roepingsvervulling prakties ordelik kan geskied. Tog is hierdie kerkorde

Gibbs maak die volgende veelseggende stelling: "The priest moved from the altar to the pulpit, but the people remained undisturbed in their pews."

Vorster (1997:268) self maak die stelling: "Gereformeerde kerke het die vorm begin aanneem van "predikantskerke" of "dominokratiese kerke" waarin die diens van die predikant alle ander aktiwiteite domineer en selfs verdring."

Trimp het in 1982 reeds daarop gewys dat die gereformeerde praktyk van die diens van die predikant die klag van verstarring in die bediening ontlok. Die verstarring is die gevolg van 'n praktyk waardeur alles in die gemeente om die predikant wentel.

Louw meen dat die gereformeerde ampsbeskouing vanweë die beklemtoning van die diens van die predikant eerder episkopaals as presbiteriaal is.

Alhoewel bogenoemde bloot tiperinge is, is dit steeds kommerwekkende opmerkings wat gemaak word oor 'n deel van die liggaam van Christus wat bedoel is om effektief in hul gegewe konteks te bedien.

#### 2.5.2.4 Nederlandse geloofsbelydenis, kerkorde, beroepsbrief en bevestigingformulier

Om by Rainer (1994:58) aan te sluit het die instandhouding van strukture die grootste taak geword. Omdat die strukture in 'n sekere tydperk gewerk het (middel tot laat in die jare 1500 tot vroeg in die jare 1900) word verwag dat hulle steeds moet werk – en bevind die meeste van die gemeentes in die GKSA hulle in 'n groef. Dit waarvoor Oostenbring en Lotter (1999:6) pleit, koinonia deur opregte verhoudinge, is in die meeste plaaslike kerke van die GKSA broodnodig.

In die woorde van Vorster (1997:279): "Om die toerustingstaak van die predikant in die GKSA dus volgens die gegewens van Efesiërs 4:11-12 tot sy reg te laat kom, sal ook gewerk moet word aan die huidige algemene bedieningspatrone".

baie soepel en word ruimte gegee aan die plaaslike kerk om op 'n eie bedieningstrategie te kan besluit en dit te implementeer. Die kerkorde laat heelwat ruimte vir kontekstuele bediening. Ook die beroepsbrief en bevestigingsformulier maak geen melding van hoe die wisselwerking tussen eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling die taak van die predikant en sy bediening beïnvloed nie.

**Afleidings:**

- Die wisselwerking tussen eenheid, verskeidenheid en roeping word nêrens in kerklike dokumente van die GKSA uitgewerk nie (2.5.2.4).
- In die GKSA word meer klem gelê op eenheid as op verskeidenheid (2.5.2.4).
- Die NGB, kerkorde van die GKSA, beroepsbrief en bevestigingsformulier laat heelwat ruimte vir verskeidenheid ten opsigte van plaaslike bediening (2.5.2.2; 2.5.2.4).
- Die afwesigheid van hierdie verskeidenheid in die praktyk wil dit laat voorkom of 'n ongeskrewe stel reëls of tradisie verantwoordelik is vir hoofsaaklik eenvormige bediening (2.5.2.4).

#### 2.5.2.5 Samevatting

- Groot soepelheid bestaan in die GKSA vir plaaslike bediening om 'n verskeidenheid vorme te kan aanneem (2.5.2.2).
- Die ruimte wat teoreties vir verskeidenheid gelaat word, vind nie noodwendig neerslag in die praktyk nie (2.5.2.2).
- Die roepingsvervulling van die gemeentes word ooreenkomstig interne bediening verstaan, terwyl bediening na buite nouliks aandag geniet (2.5.2.2).
- Die wisselwerking tussen eenheid, verskeidenheid en roeping word nêrens in kerklike dokumente van die GKSA uitgewerk nie (2.5.2.4).
- In die GKSA word meer klem gelê op eenheid as op verskeidenheid (2.5.2.4).

- Die NGB, kerkorde van die GKSA, beroepsbrief en bevestigingsformulier laat heelwat ruimte vir verskeidenheid ten opsigte van plaaslike bediening (2.5.2.4).
- Die afwesigheid van hierdie verskeidenheid in die praktyk wil dit laat voorkom of 'n ongeskrewe stel reëls of tradisie verantwoordelik is vir hoofsaaklik eenvormige bediening (2.5.2.4).

## 2.6 Spesifieke bedieningstrategieë in die praktyk

As deel van die hermeneutiese moment is dit nodig om insig te hê in bedieningstrategieë wat tans in die praktyk toegepas word. Dit is hier waar oorvleuling tussen die verskillende momente van die prakties-teologiese navorsingsmetode uitgewerk deur Heitink sigbaar word (1999:233-239).

Hierdie inligting maak nie deel uit van die empiriese momente nie, omdat dit in wese gegewe literatuur as inligtingsbron gebruik en nie vraelyste of onderhoude nie. Verder verskil die aard van die inligting wat in die hermeneutiese moment bekom is van dié uit die empiriese moment. In die empiriese moment word eerder gefokus op betrokke lidmate se ervarings van die onderskeie bedieningspraktyke hieronder bespreek. Hier word die betrokke bedienings dus in teorie beskou terwyl hulle in die empiriese moment in die praktyk geëvalueer word.

Beide 2.6 in hierdie hoofstuk en die hele hoofstuk 3 skets uiteindelik juis die situasie wat aangepas moet word. Die hermeneutiese moment is dus nie klinies van die empiriese moment geskei nie.

### *2.6.1 Wapadrant-gemeente (Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika — GKSA)*

#### 2.6.1.1 Inleiding.

Wapadrant Gereformeerde kerk beskou strategiese beplanning nie as 'n doel op sigself nie, maar eerder as 'n middel tot 'n doel (Wapadrant, 2004:1). Hierin kan die doelgerigtheid van die gemeente reeds bespeur word. Die doel van die strategiese plan is om rigting te gee waarvolgens, en 'n raamwerk te bied waarbinne, alle aktiwiteite van die gemeente beplan en uitgevoer kan word.

Benewens die geformuleerde visie en missie van die gemeente speel die kernwaardes wat die gemeente geformuleer het 'n deurslaggewende rol in die aanpak van hul bediening. Die waardes is as't ware die onderliggende beginsels wat die van-dag-tot-dag besluite en uitvoering van die bedieningstrategie bepaal.

#### 2.6.1.2 Wapadrant-kernwaardes

Hierdie waardes weerspieël die hart van die gemeente en bepaal hulle van-dag-tot-dag besluite (Kruger, 2005:1).

- Verhoudings
- Diens
- Uitnemendheid
- Vorm volg funksie
- Nie groot gemeente met kleingemeente-mentaliteit
- Maak die wêreld verskillend!
- Vier verskeidenheid

**Afleidings:**

- Verhoudings is vir Wapadrant belangrik, en daarom behoort die spanning wat in kerklike eenheid en verskeidenheid bestaan vir hulle 'n fokus te wees. Dit is egter duidelik uit die laaste kernwaarde dat hierdie gemeente, te midde

van bogemelde bedieningskonteks in die GKSA, klem plaas op kerklike verskeidenheid en dit sien as sleutel tot hulle beantwoording aan hul roeping (2.6.1.2).

- Die gemeente se begeerte aan roepingsvervulling word wel in hul kenwaardes weerspieël (2.6.1.2)

#### 2.6.1.3 Visie

Die gemeente formuleer hulle visie as volg: "Die Gereformeerde Kerk Wapadrant leef vir God en die koms van sy koninkryk." (Kruger, 2005:1.)

**Afleidings:**

- Uit die visie kan nie veel met betrekking tot kerklike eenheid en verskeidenheid afgelei word nie (2.6.1.3).
- Die gemeente se begeerte tot roepingsvervulling word duidelik in hul visie verwoord (2.6.1.3).

#### 2.6.1.4 Missie

##### 2.6.1.4.1 Die beredenering agter die gemeente se missiestelling

- Ons as lidmate en gemeente behoort aan God en is daarom burgers van sy koninkryk (Kruger, 2005:1).
- As burgers het ons die roeping om die eer van God en die belange van sy ryk te bevorder.
- Om hierdie heerlike roeping na te kom, seën die Vader ons met veelvuldige seëninge in Jesus Christus deur die Heilige Gees.
- Die doel van hierdie seëninge is om as gemeente, elkeen individueel en gesamentlik:

#### 2.6.1.4.2 Wapadrant se missie:

Wapadrant se missie is om:

- ons lewende verhouding met God Drie-enig te laat groei
- ons verhouding met alle gelowiges te versterk en
- ons roeping in die wêreld uit te leef.

**Afleidings:**

- Roepingsvervulling staan voorop in die gemeente se missieformulering (2.6.1.4.1; 2.6.1.4.1).
- Iets met betrekking tot kerklike eenheid en verskeidenheid kan beswaarlik afgelei word.

#### 2.6.1.4.3 Langtermyndoelwitte

Wapadrant formuleer die volgende langtermyndoelwitte wat hulle missie meer verbesonder waaruit meer konkrete afleidings te maak is (Kruger, 2005:2,3).

2.6.1.4.3.1 Om die hele gemeente (volwassenes en kinders) deur Woordbediening tydens die erediens, Bybelstudie, kleingroepbyeenkomste, katkisasie/ dissipelakademie en enige ander geskikte geleentheid so te skool in kennis van die Skrif en Gereformeerde belydenis asook in vaardigheid in gebed dat elkeen sy dienswerk na behore kan verrig. Ons wil dus elke lidmaat toerus en ondersteun om naby die Here te leef en sy getuies te wees. Ons kan dus sê ons wil die hele gemeente lei tot geloofsvolwassenheid.

2.6.1.4.3.2 Om te verseker dat elke lidmaat die betekenis om ware kerk van Jesus Christus in 2004 en daarna in die Ooste van Pretoria te wees, goed verstaan. Om lidmate verder toe te rus om respek en begrip vir mekaar

se huidige siening van kerk-wees te hê, en om saam daarna te strewe om ons gemeente voortdurend te vernuwe en te hervorm tot 'n instrument in diens van die koms van God se koninkryk.

2.6.1.4.3.4 Om lidmate se geloofsgemeenskap met mekaar (koinonia) in besonder, maar ook hul geloofsvolwassenheid oor die algemeen te laat groei deur kleingroepbediening as bedieningstrategie. Om verder kleingroepbediening, wat binne die raamwerk van Skriftuurlike beginsels plaasvind, meer effektief en deel van die gemeente se kultuur te maak.

2.6.1.4.3.5 Om in ons jeugbediening te fokus op die groei in die jeug se verhouding met God en groei in hul verhouding met mekaar. Om jeugbediening verder so te ontwikkel dat dit met gesinsbediening geïntegreer word en dit so te struktureer om ook die evangelie na buite ons gemeente uit te dra. Ons streef daarna om ons jeugbediening as magneet vir die koninkryk van God in die samelewing te laat funksioneer.

2.6.1.4.3.6 Om Wapadrant as gemeente so te lei en toe te rus dat die gemeente (kerk) as missionêre kerk sy roeping sigbaar in die gemeenskap uitleef.

2.6.1.4.3.7 Om 'n pastorale dienssentrum te vestig wat deur middel van 'n Bybelse beradingsdiens mense-in-nood begelei na 'n hoopvolle lewe.

**Afleidings:**

- Kerklike eenheid geniet aandag in die sin dat onderrig in gereformeerde belydenis genoem word as bydraend tot die dienswerk van die gemeente (2.6.1.4.3.1).
- Onderrig geskied met die oog op dienswerk wat verstaan kan word as roepingsvervulling op grond van die gemeente se visie- en missiestelling (2.6.1.4.3.1).

- Die bedieningstrategie van hierdie gemeente wil die eenheid en verskeidenheid in hulle gemeente akkommodeer deur die gemeente in hierdie opsig toe te rus en hulle saam te snoer deur op die gesamentlike roeping van die gemeente te fokus (2.6.1.4.3.2).
- Verder speel roepingsvervulling 'n deurslaggewende rol in die gemeente se bepaling van hul langtermyndoelwitte (2.6.1.4.3.4-2.6.1.4.3.7).

### 2.6.1.5 Samevatting:

- Verhoudings is vir Wapadrant belangrik, en daarom behoort die spanning wat in kerklike eenheid en verskeidenheid bestaan vir hulle 'n fokus te wees. Dit is egter duidelik uit die laaste kernwaarde dat hierdie gemeente, te midde van bogemelde bedieningskonteks in die GKSA, klem plaas op kerklike verskeidenheid en dit sien as sleutel tot hulle beantwoording aan hul roeping (2.6.1.2).
- Die gemeente se begeerte aan roepingsvervulling word wel in hul kenwaardes weerspieël (2.6.1.2).
- Uit die visie kan nie veel met betrekking tot kerklike eenheid en verskeidenheid afgelei word nie (2.6.1.3)
- Die gemeente se begeerte tot roepingsvervulling word duidelik in hul visie verwoord (2.6.1.3)
- Roepingsvervulling staan voorop in die gemeente se missieformulering (2.6.1.3.1;2.6.2.1.3.2).
- Iets met betrekking tot kerklike eenheid en verskeidenheid kan beswaarlik afgelei word
- Kerklike eenheid geniet aandag in die sin dat onderrig in gereformeerde belydenis genoem word as bydraend tot die dienswerk van die gemeente (2.6.1.4.3.1).
- Onderrig geskied met die oog op dienswerk wat verstaan kan word as roepingsvervulling op grond van die gemeente se visie- en missiestelling (2.6.1.4.3.1).

- Die bedieningstrategie van hierdie gemeente wil die eenheid en verskeidenheid in hulle gemeente akkommodeer deur die gemeente in hierdie opsig toe te rus en hulle saam te snoer deur op die gesamentlike roeping van die gemeente te fokus (2.6.1.4.3.2).
- Verder speel roepingsvervulling 'n deurslaggewende rol in die gemeente se bepaling van hul langtermyndoelwitte (2.6.1.4.3.4-2.6.1.4.3.7).

## *2.6.2 Moreletapark-gemeente (Nederduits Gereformeerde Kerk — NGK)*

### 2.6.2.1 Inleiding

Moreleta-gemeente het in 1985 van Pretoria Oosterlig NGK met 'n lidmaattal van 1200 afgestig. In die afgelope twintig jaar het die lidmaattal gestyg tot by die 17 000 lidmate. Hulle beskou hulleself as 'n sogenaamde 'makro'-gemeente wat 'n andersheid teweeg bring wat betref die struktuur en werking van die gemeente. Verder identifiseer hulle hulle sterk as 'n 'vernuwings'-gemeente wat volgens hulle beteken dat hulle 'n spesifieke identiteit binne hul tydvak en milieu wil handhaaf (Van der Spuy, 2005:1).

Die hoofmomente in hierdie gemeente se bediening is hul geformuleerde visie, missie, strategie en kernwaardes. Elkeen van hierdie aspekte sal aandag geniet en geïnterpreteer word ooreenkomstig kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling.

### 2.6.2.2 Visie

Moreleta-gemeente werk met 'n gemeentevisie wat op Esegiël 47:1-12 gebaseer is. Hulle sit hulle visie as volg uiteen (Van der Spuy, 2005:2,3):

> "Ons Gemeente visie is die droom wat ons glo die Here vir ons as gemeente gegee het, en wat ons behoort te rig na dit wat ons moet wees."

Esegiël 47:1-12:

Die man met die meetstok het my teruggebring na die ingang van die tempel toe. Toe sien ek daar kom water onder die tempel se drumpel uit aan die oostekant. Die tempel het oos gekyk. Die water het regs van die tempel weggeloop, suid van die altaar verby. Die man vat my toe by die noordpoort uit en om na die buitenste oospoort toe. Daar syfer die water toe regs langs die poort uit. Die man het oos gestap en met die maatlyn wat hy by hom gehad het vyf honderd meter afgemeet van die oospoort af. Toe laat hy my deur die water loop. Dit was enkeldiep. Hy het nog vyf honderd meter afgemeet en my deur die water laat loop. Dit was kniediep. Hy het nog vyf honderd meter afgemeet en my deur die water laat loop. Dit het tot by my heupe gekom. Toe meet hy nog vyf honderd meter, maar toe was die water 'n stroom waar ek nie kon deur nie. Die water was diep, sodat 'n mens sou moes swem; dit was 'n stroom waar 'n mens nie deur kon loop nie.

Die man sê toe vir my: "Sien jy dit, mens?" Hy laat my toe al langs die stroom terugstap. Terwyl ek so terugstap, sien ek daar staan groot, hoë bome weerskante op die stroom se wal. Die man het vir my gesê: "Hierdie water loop weg na die streek oos toe en af na die Jordaanvallei toe waar dit in die Dooie See sal inloop. Wanneer dit in die Dooie See inloop, sal die water van die Dooie See vars word. Waar die stroom ook kom, sal dit wemel van al die soorte diere en sal daar baie vis wees. Die water loop af na die Dooie See toe en sal die see vars maak. Waar die stroom kom, sal alles lewe. Daar sal vissers langs die Dooie See staan van En-Gedi af tot by En-Eglajim. Dit sal 'n plek wees waar hulle nette droogmaak. Daar sal net soveel soorte vis wees as in die Groot See, en net so baie. Net die water in die moerasse en kuile langs die Dooie See sal nie vars word nie. Hulle moet sout bly. Weerskante op die wal van die stroom sal allerlei vrugtebome groei. Hulle blare sal nie verlep nie en hulle vrugte sal nie opraak nie. Hulle sal elke maand dra, want die stroom se water kom uit die heiligdom. Die vrugte sal daar wees om te eet en die blare om genesing te bring."

Moreleta omskryf hul vissie ooreenkomstig spesifieke verse in hierdie Skrifgedeelte en brei dit as volg uit:

2.6.2.2.1 Die visioen is van water, wat lewe en groei verteenwoordig. Die water kom uit die tempel (kerk, gemeente, huis van die Here) uit, wat die lewegewende rol van die gemeente aandui.

- "daar kom water onder die tempel se drumpel uit"

2.6.2.2.2 Die water wat dieper en wyer vloei, stel die invloed en impak voor (die lewe en groei) wat wyer en dieper strek soos dit verder gaan.

- "Toe laat hy my deur die water loop. Dit was enkeldiep. Hy het nog vyf honderd meter afgemeet en my deur die water laat loop. Dit was kniediep. Hy het nog vyf honderd meter afgemeet en my deur die water laat loop. Dit het tot by my heupe gekom. Toe meet hy nog vyf honderd meter, maar toe was die water 'n stroom waar ek nie kon deur nie. Die water was diep, sodat 'n mens sou moes swem; dit was 'n stroom waar 'n mens nie deur kon loop nie."

2.6.2.2.3 Daar waar die water gevloei het, het daar permanente en standhoudende lewe gegroei in die vorm van bome.

- "Hy laat my toe al langs die stroom terugstap. Terwyl ek so terugstap, sien ek daar staan groot, hoë bome weerskante op die stroom se wal."

2.6.2.2.4 Die lewende water bring lewe waar dit gaan — selfs binne dit wat dood was. Die impak en werk van ons gemeente moet hierdie lewende water vir verlore mense sonder hoop en ewigheidsperspektief wees.

- "Wanneer dit in die Dooie See inloop, sal die water van die Dooie See vars word. Waar die stroom ook kom, sal dit wemel van al die soorte diere en sal daar baie vis wees. Die water loop af na die Dooie See toe en sal die see vars maak. Waar die stroom kom, sal alles lewe. Daar sal vissers langs die Dooie See staan van En-Gedi af tot by En-Eglajim."

2.6.2.2.5 Tog sal daar dele wees wat nie deur die invloed geraak word nie. Dis om ons te herinner aan die wonderwerk, en hoe dit was sonder God se lewende Gees wat lewe bring.

- "Net die water in die moerasse en kuile langs die Dooie See sal nie vars word nie. Hulle moet sout bly. "

2.6.2.2.6 Omdat dit God se Heilige Gees is wat die lewe in en deur die gemeente veroorsaak, sal daar voortdurend vrug en groei wees. Hierdie vrugte sal mense geestelik voed en aan hul emosionele, geestelike en fisiese genesing en herstel bring soos die gemeente die Gees van God toelaat om Sy werk deur ons te doen.

- "Weerskante op die wal van die stroom sal allerlei vrugtebome groei. Hulle blare sal nie verlep nie en hulle vrugte sal nie opraak nie. Hulle sal elke maand dra, want die stroom se water kom uit die heiligdom. Die vrugte sal daar wees om te eet en die blare om genesing te bring."

**Afleidings:**

- Moreleta-gemeente fokus besonder sterk op sowel hulle persoonlike opbou as die uitbou van die gemeente. Hulle definieer dus hul roepingsvervulling as 'n roeping om hulle in hul gegewe konteks op te bou en uit te bou en so 'n verandering teweeg te bring (2.6.2.2.1; 2.6.2.2.2; 2.6.2.2.3; 2.6.2.2.4; ).
- In hierdie visie-omskrywing word op eie verantwoordelikheid van die gemeente en hul impak op die omgewing gefokus. Eenheid met hul breër kerkverband figureer nie in die gemeente se visieformulering nie (2.6.2.2.4).
- Die unieke karakter van die gemeente se bediening slaan wel deur in hul visieformulering en dit dui duidelik daarop dat hulle 'n sterk eie identiteit het, wat hulle onderskeibaar maak van die res van die NGK-familie. Selferkende verskeidenheid kan hieruit afgelei word (2.6.2.2.4).

### 2.6.2.3 Missie

Moreleta verstaan hul gemeentemissie as hul daaglikse taak en opdrag. Hulle som hul missie op as dit waarmee almal in die gemeente hulle op daaglikse basis moet besig hou (Van der Spuy, 2005:3,4):

> "Vertrou en verheerlik God Drie-Enig; gee om vir mekaar, en bereik die wêreld."

Hierdie missie word deur Moreleta-gemeente verder as volg omskryf (Van der Spuy, 2005:4,5):

#### 2.6.2.3.1 Vertrou en Verheerlik God Drie-enig

"Ons taak is om in alles en deur alles wat ons as gemeente doen God Drie-enig te vertrou en te verheerlik. Ons glo dat God verheerlik word as Sy wil gedoen word, en daarom is dit vir ons aller belangrik om voortdurend Sy wil vir ons gemeente te soek en na te streef. Dis ook binne hierdie openbaring van Sy wil dat die Bybel vir ons sentraal is, as die praktiese riglyne van wat Sy wil is vir ons. Om God te verheerlik is almal in die gemeente se taak, te alle tye".

#### 2.6.2.3.2 Gee om vir mekaar

"Hierdie gedeelte van ons missie is verteenwoordigend van die 'Groot Gebod' in Matteus 22:37-40. Ons glo dat die praktiese uitleef van liefdevolle verhoudinge binne die liggaam van Christus die hartklop van God se kerk vorm. Daarom sien ons onsself as 'n "Omgeegemeente" en vorm omgeegroepe die basis van ons gemeente se bedieningstruktuur. Ons glo dat die praktyk van hierdie 'omgee' duidelik uitgebeeld word in Handelinge 2:42-47 en 4:32-35. Ons glo ook dat hierdie onderlinge liefde en omgee vir mekaar die ware getuienis van God se gemeente na mense buite die kerk moet wees (Johannes 13:35). Om vir mekaar om te gee is almal in die gemeente se taak, te alle tye."

#### 2.6.2.3.3 Bereik die wêreld

"Hierdie gedeelte van ons missie is verteenwoordigend van die 'Groot Opdrag' in Matteus 28:19. Ons glo dat die praktiese uitleef van die 'maak van dissipels' die grootste taak van die kerk op aarde is. Daarom sien ons onsself as 'n 'Gestuurde gemeente' en is dit belangrik dat elke lidmaat sy of haar rol binne die uitleef van getuienis en dissipelmaking sal insien en daardie rol aktief sal vervul. Om die wêreld (verlore mense) te bereik is almal in die gemeente se taak, te alle tye."

**Afleidings:**

- Die behoefte om aan hul roeping te beantwoord figureer baie sterk in Moreleta-gemeente. Dit kan genoem word as hul primêre doelstelling (2.6.2.3.1; 2.6.2.3.3).
- Sterk klem word gelê op onderlinge eenheid en liefde terwyl verskeidenheid in die gemeente geakkommodeer wil word (2.6.2.3.2; 2.6.2.3.3).

### 2.6.2.4 Gemeentestrategie

Moreleta se gemeentestrategie is die manier, of metode, waarvolgens hulle hul taak (missie) in die praktyk uitleef. Waar die missie die breë begrip uiteensit van waarmee hulle besig is, dui die strategie aan hoe dit in die gemeente 'grond vat' of gestalte kry (Van der Spuy, 2005:5).

Hul strategie word verwoord as die sogenaamde "10 G's", naamlik: Geloofsekerheid; Getuig; Groei; Groepe; Gawes; Gebed; Gehoorsaamheid; Genade; Gaan; Gee. Hierdie strategie word verder deur hulle as volg omskryf (Van der Spuy, 2005:5,6):

2.6.2.4.1 "Geloofsekerheid: dat elke lidmaat absoluut seker sal wees dat hul gered is deur Christus se kruisdood wat as losprys vir ons sonde dien, en dat redding deur geloof kom en nie deur dade nie. Daarom is dit strategies vir ons gemeente belangrik om seker te maak dat elke lidmaat geloofsekerheid het."

2.6.2.4.2 "Getuig: dat elke lidmaat die verantwoordelikheid om oor sy of haar geloof te getuig as lewenswyse sal aankweek, en hulself daarin sal toerus om die evangelie met vertroue en helderheid te kan oordra. Daarom is dit vir ons gemeente strategies belangrik om seker te maak dat elke lidmaat in staat is om oor Christus te getuig."

2.6.2.4.3 "Groei: dat elke lidmaat sal besef dat geloofsgroei normaal is vir die gelowige, en dat ons elkeen 'n verantwoordelikheid het om toe te sien dat ons aanhou groei en transformeer om soos Christus te word.

Daarom is dit strategies vir ons gemeente belangrik om seker te maak dat elke lidmaat geestelik sal groei."

2.6.2.4.4 "Groepe: dat elke lidmaat 'n deel sal uitmaak van liefdevolle verhoudinge in die gemeente. Ons glo dat verhoudinge die beste gevorm word tussen 'n klein groep mense, en dat dit is waar elkeen geborge behoort te wees. Daarom is dit vir ons gemeente strategies belangrik om seker te maak dat elke lidmaat deel sal wees van 'n Omgeegroep."

2.6.2.4.5 "Gawes: dat elke lidmaat sal besef dat hul gawes van God ontvang het, wat uniek is, en dat hul as ledemaat 'n funksie van diens in die liggaam moet vervul. Dienswerk is nie opsioneel nie, maar behoort normaal te wees vir elke gelowige. Daarom is dit vir ons gemeente strategies belangrik om seker te maak dat elke lidmaat weet wat sy of haar gawes is, en daarvolgens in en deur die gemeente diens lewer."

2.6.2.4.6 "Gebed: dat elke lidmaat sal besef dat gebed die pilaar vorm van alle praktiese en sigbare dinge wat deur ons geloof gebeur. 'n Toegewyde en aktiewe gebedskultuur word in ons gemeente gehandhaaf, in afhanklikheid van ons Here. Daarom is dit vir ons gemeente strategies belangrik dat elke lidmaat die belang en waarde van 'n aktiewe gebedslewe sal insien, en deel sal vorm van 'n nimmereindigende gebeds-front."

2.6.2.4.7 "Gehoorsaamheid: dat elke lidmaat in toegewyde gehoorsaamheid aan God se Woord sal bly leef, aangesien geen groei of heiligmaking moontlik is sonder gehoorsaamheid nie. Daarom is dit vir ons gemeente strategies belangrik dat elke lidmaat 'n dissipline van gehoorsaamheid sal kweek wat vloei vanuit hul liefde vir Jesus Christus."

2.6.2.4.8 "Genade: dat elke lidmaat 'n praktiese hand van genade sal uitsteek na mense in nood, en mense ver van God af. Ons is deur genade gered, en moet dieselfde genade in die praktyk aan ander mense betoon. Daarom is dit vir ons gemeente strategies belangrik om genade-

bedieninge in stand te hou waardeur lidmate die gemeenskap in nood kan bedien en bereik."

2.6.2.4.9 "Gaan: dat elke lidmaat sal verstaan dat ons elkeen in reaksie tot die Groot Opdrag, direk of indirek, deel moet vorm van gestuurdes met die evangelie, ook na die uithoeke van die aarde. Daarom is dit vir ons gemeente strategies belangrik dat ons 'n aktiewe bydrae sal lewer in die missionêre uitreik na ander kulture en wêrelddele."

2.6.2.4.10 "Gee: dat elke lidmaat 'n lewe van goeie Bybelse rentmeesterskap sal handhaaf in die hantering van hul besittings en finansies. Daarom is dit vir ons gemeente strategies belangrik dat elke lidmaat die Bybelse beginsels rondom geld sal verstaan en toepas."

**Afleidings:**

- Wat die gemeentestrategie betref, is Moreleta konsekwent besig met roepingsvervulling as hul grootste doel. Hierdie doel rig alle ander aktiwiteite in die gemeente (2.6.2.4.1; 2.6.2.4.5; 2.6.2.4.8; 2.6.2.4.9).
- Die gemeentestrategie wil die eenheid in die gemeente handhaaf en bou (2.6.2.4.4).
- Hulle pas die liggaam-beeld van die Skrif op hul gemeente toe en wil elke ledemaat begelei tot die uitleef van sy/haar funksie. Hierdeur word verskeidenheid in die gemeente erken en verwelkom as strategies belangrik vir die uitleef van hul roeping (2.6.2.4.5).

### 2.6.2.5 Gemeente-kernwaardes

Moreleta-gemeente het tien kernwaardes wat die grondslag van hulle belydenis as gelowiges opsom. Hulle definieer hul kernwaardes as ononderhandelbare Bybelse beginsels, wat hulle gedrag as gemeente rig onderwyl hulle saam werk aan hul missie as gemeente (Van der Spuy, 2005:5,6). Die gemeentestrategie is om volgens hierdie waardes te lewe waardeur hulle uiteindelik hul visie en missie wil verwesenlik.

- Die uitdra van die Evangelie;
- Die Bybel as finale en onfeilbare gesag;
- Heiligheid as Goddelike opdrag;
- Die Gawes van die Heilige Gees as realiteit;
- Die erns van mensenood;
- Jesus die enigste weg na God;
- Elke gelowige geroep as bedienaar;
- Die belangrikheid van voortdurende vernuwing;
- Bedieninge en verhoudinge oor kerkgrense heen;
- Die belangrikheid van die huwelik en die gesin.

**Afleidings:**

- Wat Moreleta se kernwaardes betref, figureer hulle roepingsbesef en begeerte tot roepingsvervulling besonder sterk (2.6.2.5).
- Die waarde wat aan voortdurende vernuwing geheg word, dui op die belangrikheid van volgehoue effektiwiteit ten opsigte van hul roepingsvervulling, asook op die uniekheid wat hulle hulleself in hul kerkverband gun, wat voorts dui op openheid ten opsigte van verskeidenheid in kerkverband (2.6.2.5).

### 2.6.2.6 Verdere erkenning van kerklike eenheid en verskeidenheid.

Moreleta-gemeente het 'n lys kerke waarmee hulle hulle as een in geloof beskou. Lidmate wat uit hierdie kerke by Moreleta aansluit, hoef slegs lidmaatbewys in te dien en hoef nie gedoop te word nie. Enige ander voornemende lidmate moet eers vir belydenis aanmeld en na ondervraging, belydenis van geloof aflê.

- Ned Hervormde Kerk van Afrika
- Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika
- Presbiteriaanse Kerk
- Church of England in South Africa

- Afrikaanse Protestantse Kerk
- Lutherse Kerk
- Metodiste Kerk
- Baptist Church of South Africa
- Hatfield Christian Church
- Apostoliese Geloofsending (AGS)
- Doxa Deo
- Lewende Woord
- Anglikaanse Kerk
- Evangelies Gereformeerde Kerk

**Afleidings:**

- Hieruit kan afgelei word dat Moreleta-gemeente hulle eenheid met hierdie kerke in die lig van geloof en belydenis beskou en nie soseer wat betref kerkorde, kerkregering of liturgie nie (2.6.2.5).
- Die feit dat hulle as gemeente hierdie verskeidenheid ten opsigte van Christelike bedieninge erken en bereid is om hulle geloofseenheid met hierdie kerkgemeenskappe te erken impliseer die aanvaarding van die beginsel van kerklike verskeidenheid te midde van die een Christelike geloof (2.6.2.5).

#### 2.6.2.7 Samevatting

- Moreleta-gemeente fokus besonder sterk op sowel hulle persoonlike opbou as die uitbou van die gemeente. Hulle definieer dus hul roepingsvervulling as 'n roeping om hulle in hul gegewe konteks op te bou en uit te bou en so 'n verandering teweeg te bring (2.6.2.2.1; 2.6.2.2.2; 2.6.2.2.3; 2.6.2.2.4; ).
- In hierdie visie-omskrywing word op die eie verantwoordelikheid van die gemeente en hul impak op die omgewing gefokus. Eenheid met hul breër kerkverband figureer nie in die gemeente se visieformulering nie (2.6.2.2.4).

- Die unieke karakter van die gemeente se bediening slaan wel deur in hul visieformulering en dit dui duidelik daarop dat hulle 'n sterk eie identiteit het, wat hulle onderskeibaar maak van die res van die NGK-familie. Selferkende verskeidenheid kan hieruit afgelei word (2.6.2.2.4).
- Die behoefte om aan hul roeping te beantwoord figureer baie sterk in Moreleta-gemeente. Dit kan genoem word as hul primêre doelstelling (2.6.2.3.1; 2.6.2.3.3).
- Sterk word gelê op onderlinge eenheid en liefde terwyl verskeidenheid in die gemeente geakkommodeer wil word (2.6.2.3.2; 2.6.2.3.3).
- Wat die gemeentestrategie betref, is Moreleta konsekwent besig met roepingsvervulling as hul grootste doel. Hierdie doel rig alle ander aktiwiteite in die gemeente (2.6.2.4.1; 2.6.2.4.5; 2.6.2.4.8; 2.6.2.4.9).
- Die gemeentestrategie wil die eenheid in die gemeente handhaaf en bou (2.6.2.4.4).
- Hulle pas die liggaam-beeld van die Skrif op hul gemeente toe en wil elke ledemaat begelei tot die uitleef van sy/haar funksie. Hierdeur word verskeidenheid in die gemeente erken en verwelkom as strategies belangrik vir die uitleef van hul roeping (2.6.2.4.5).
- Wat Moreleta se kernwaardes betref figureer hulle roepingsbesef en begeerte tot roepingsvervulling besonder sterk (2.6.2.5).
- Die waarde wat aan voortdurende vernuwing geheg word, dui op die belangrikheid van volgehoue effektiwiteit ten opsigte van hul roepingsvervulling, asook op die uniekheid wat hulle hulleself in hul kerkverband gun, wat voorts dui op openheid ten opsigte van verskeidenheid in kerkverband (2.6.2.5).
- Hieruit kan afgelei word dat Moreleta gemeente hulle eenheid met hierdie kerke in die lig van geloof en belydenis beskou en nie soseer wat betref kerkorde, kerkregering of liturgie nie (2.6.2.5).
- Die feit dat hulle as gemeente hierdie verskeidenheid van Christelike bedieninge erken en bereid is om hulle geloofseenheid met hierdie kerkgemeenskappe te erken impliseer die aanvaarding van die beginsel van kerklike verskeidenheid te midde van die een Christelike geloof (2.6.2.5).

### *2.6.3 Meyerspark-gemeente (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika — NHK)*

#### 2.6.3.1 Inleiding

Die gemeente het in 1975 van die Nederduitsch Hervormde gemeente Silverton afgestig. In 2004 het hulle weer met Pretoria-Suid tot een gemeente saamgesmelt en steeds die naam Meyerspark behou. Die lidmaattal van die gemeente beloop tans 936 in totaal.

Die kernvrae waarop die bedieningsplan van die gemeente wil antwoord, formuleer hulle as volg: "Wat moet ons doen om ons doel van kerk-wees in die wêreld, spesifiek in ons omgewing, te kan uitleef en hoe moet ons dit doen?" (Botha, 2005:1.)

Hierdie bedieningsplan behoort ook volgens die gemeente elke drie jaar hersien te word. Alhoewel die bedieningsplan redelik omvattend is ten opsigte van die gemeente se aktiwiteite, word vir die doel van hierdie studie slegs volstaan met die prinsipiële aspekte van hulle bediening, naamlik hul visie, missie en kernwaardes.

#### 2.6.3.2 Visie van die gemeente

Die visie van die gemeente is: Leef tot eer van die Here. Ter verduideliking van die visie, maak die gemeente die volgende opmerkings (Botha, 2005:3):

2.6.3.2.1 "Die woord 'Leef' omsluit alle terreine van die gemeentelike lewe en is beslis nie beperk tot dit wat Sondag by die kerk gebeur nie - dit beslis ook maar, nie net dit nie. Die gemeente wil kerk wees "uitleef" in die wêreld waarin God ons geplaas het."

2.6.3.2.2 "Die woord 'Leef' omsluit ook die volle spektrum van elke lidmaat se

hele lewe. Beslis die lidmaat se diens en betrokkenheid by die gemeente, as sodanig, maar veel meer as dit. Dit is juis in die lidmate se elke dag se lewe waar die boodskap van geloof, hoop en liefde, sigbaar uitgedra moet word. Deur die Blye Boodskap uit te leef word dit aan alle mense verkondig - deur elke lidmaat."

2.6.3.2.3 "'Tot eer van die Here' impliseer 'n strewe deur die gemeente, as geheel, om niks te doen, op enige terrein van die lewe, wat die eer van die Here sal skaad nie. In teendeel, ons wil met ons volle lewe so leef dat ons waardige kinders en erfgename mag wees. Dit is eerder 'n positiewe aanbidding/uitleef van die boodskap as 'n passiewe weerhouding van verkeerde optredes in ons elke dag se lewe."

2.6.3.2.4 "Die naam 'Here' verwys na die Drie-enige God - Die Vader; die Seun en die Heilige Gees."

2.6.3.2.5 "Die gemeente streef hierdie visie na uit dankbaarheid teenoor dit wat die Here reeds vir ons, die gemeente as geheel maar ook vir elke lidmaat, gedoen het en nie om enige iets daarmee te probeer verdien nie. Ons leef in God se genade as swak en sondige mense en kan niks verdien om op te kan roem nie."

**Afleidings:**

- Hierdie gemeente is bewus van hul unieke konteks waarin hulle deur God geplaas is en wil daarom kontekstueel effektief bedien (2.6.3.2.1). Daarom kan afgelei word dat hulle waarskynlik aanvaar dat hul bediening 'n meer unieke vorm/karakter behoort te hê as die res van die gemeentes in die Nederduitsch Hervormde Kerk.
- Elke lidmaat dra by tot die suksesvolle verwesenliking van die roeping van die gemeente (2.6.3.2.2).
- Die gemeente se roepingsvervulling as doelstelling figureer sterk in hul visiestelling (2.6.3.2.1; 2.6.3.2.2; 2.6.3.2.3).
- In hulle strewe na roepingsvervulling erken hulle ook hul swakheid en afhanklikheid (2.6.3.2.5).

#### 2.6.3.3 Missie van die gemeente

Die roeping van die gemeente is om die Blye Boodskap van Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Heer, as die enigste Verlosser te bely en in die wêreld te verkondig (Botha, 2005:3,4). Hierdie oorkoepelende doel word prakties ingeklee deur hul missiestelling wat die volgende behels: "Uit dankbaarheid, streef die gemeente daarna om:

2.6.3.3.1 "al haar aktiwiteite op Bybelse norme en waardes te grond;"

2.6.3.3.2 "'n stabiele en gelukkige omgewing te skep waarin godsdiens ten volle beoefen word;"

2.6.3.3.3 "te verseker dat kundige, verantwoordbare en toegewyde kategete beskikbaar is om katkisante toe te rus met kennis, gesindhede en 'n opregte geloof in die Drie-enige God wat hulle in staat sal stel om, as volwassenes, sinvol kerklik en in die breër geestelike samelewing in te skakel;"

2.6.3.3.4 "vanuit die beginsel van gemeenskaplike verantwoordelikheid met alle gemeentes van ons Kerk, en kerke met dieselfde geloofsbelydenis, saam te werk om evangelisasie- en missionêre aksies in die breër samelewing te bevorder;"

2.6.3.3.5 "op 'n koste effektiewe wyse al haar aktiwiteite te bedryf; en"

2.6.3.3.6 "te verseker dat kwaliteit administratiewe diens gelewer word in alle gevalle waar dit noodsaaklik is."

**Afleidings:**

- Die wyse van roepingsvervulling word deur al bogenoemde stellings praktykgerig omskryf.
- Die gemeente beskou sy eenheid met ander gemeentes in dieselfde kerkverband en ander kerkverbande in die lig van hul belydenis (2.6.3.3.4).
- Die eenheid van hierdie gemeente met die ander gemeentes in dieselfde kerkverband, en ander kerke van dieselfde belydenis word uitgedruk in terme

van 'n gemeenskaplike verantwoordelikheid om evangeliserend in die breër samelewing aktief saam te werk (2.6.3.3.4).

- Die eenheid en gemeenskaplike verantwoordelikheid vergestalt dus primêr in belydenis en roepingsvervulling (2.6.3.3.4; vgl. Pretorius, 2.3.1.4.10).
- Uit die missie blyk dit dat hulle hierdie roeping wil vervul deur met ander gemeentes saam te werk. Hier word roeping en eenheid in wisselwerking net mekaar gesien, terwyl dit roeping en verskeidenheid oorskadu (2.6.3.3.4).

### 2.6.3.4 Kernwaardes van die gemeente

Die gemeente sien hul kernwaardes as 'n tipe belydenis en formuleer hulle kernwaardes as volg (Botha, 2005:4,5):

2.6.3.4.1 Die gemeente is 'n gemeenskap van gelowiges wat God deur Sy versoening in Christus tot stand bring en in stand hou deurdat Hy mense, in Jesus Christus, in genade uitkies en, deur die werk van die Heilige Gees, saambring om deur die Woord en sakramente, 'n heilige volk te wees en dienswerk in die wêreld te verrig.

2.6.3.4.2 Ons, die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika - Gemeente Meyerspark, bely in gemeenskap met die kerk van alle eeue, ons geloof in die Drie-enige God - die Vader; die Seun en die Heilige Gees wat, Hom en alles wat vir ons verlossing nodig is, duidelik en voldoende deur sy Woord, die Bybel, bekend maak.

2.6.3.4.3 Ons belydenis is in die drie ekumeniese belydenisse verwoord, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis genoem na Atanasius; asook in die drie Reformatoriese belydenisskrifte, die drie formuliere van eenheid te wete: die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.

2.6.3.4.4 Ampsdraers is dienaars van Jesus Christus, die enigste Hoof van die kerk. Hulle opdrag behels die verkondiging, die toerusting, opbouing,

versorging, beskerming, regering en leiding van die gemeente. Om hierdie opdrag uit te voer, kom hulle in vergaderings van die ampte byeen. Sodoende heers die een amp nie oor die ander nie en die een ampsdraer ook nie oor 'n ander een nie.

2.6.3.4.5 Die gemeente is 'n gemeenskap van gelowiges wat selfstandig georganiseer is en deur die eenheid in geloof en belydenis saam met al die ander gemeentes die Kerk is. Ons gemeente is die manier waarop die Kerk in ons bedieninggebiede bestaan.

2.6.3.4.6 As 'n gemeente van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, sien die gemeente haarself as deel van volkskerk met haar eie kerklike kultuur, geskiedenis, taal en tradisie wat geroepe is tot die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus aan die Afrikanervolk en tegelyk aan alle mense.

2.6.3.4.7 Soos die Kerk, is ons gemeente geroep om die Blye Boodskap van verlossing deur die Drie-enige God in die wêreld te verkondig. Hierdie verkondiging neem verskillende gestaltes aan. Onder andere, die volgende: Woordverkondiging in die erediens; Bediening van die sakramente; Kategese; Herderlike versorging; Openbare Woordverkondiging; Apostolaat; Gesinsorg; Die getuienistaak van die gelowige; Toerusting; ens. Hierin volg die gemeente die riglyne soos in die Kerkboek vervat - Belydenisse en belydenisskrifte, liturgiese geskrifte en diensordes; die Liedboek van die Kerk, Kategesehandleidings soos deur die Algemene Kerkvergadering goedgekeur en die Kerkorde.

2.6.3.4.8 As deel van die een, heilige algemene Christelike kerk, neem die gemeente, binne ons bepaalde omgewing, deel aan ekumene.

2.6.3.4.9 Die huwelik is 'n instelling en 'n gawe van God. Kinders is geskenke van die Here. Die gesin is 'n eenheid wat saamgebind is deur 'n gemeenskaplike geloof, liefde en trou en is 'n gemeente in die kleine. Die huisgesin is so belangrik dat dit in die Bybel dien as beeld van die verhouding tussen God en die gelowige. Die gemeente sien dan ook

die opvoeding van ons kinders as 'n opdrag uit die Woord.

2.6.3.4.10 Deur die verkondiging van die Woord word orde en dissipline in die gemeente geskep sodat almal in die gemeente ooreenkomstig die Woord van God glo en leef, en Jesus Christus as enigste Hoof van die Kerk erken word. Hierdeur word die eenheid en eendrag in die gemeente bewaar en bevorder.

2.6.3.4.11 Die gemeente aanvaar dat God, deur Sy goedheid stoflike middele aan die gemeente voorsien sodat die gemeente haar roeping kan uitvoer. Die gemeente aanvaar die verantwoordelikheid om op verantwoordelike wyse toesig en beheer oor die stoflike middele, wat God tot haar beskikking stel, uit te oefen.

2.6.3.4.12 Ten opsigte van besluitneming volg die gemeente die uitgangspunt dat die betrokke vergaderings van die ampte, binne hulle onderskeie werksvelde, die finale besluitnemingsgesag, t.o.v. die bestuur van die gemeente en die bedieninge, het. Dit spreek van self dat die vergaderings hulle afhanklikheid van God se leiding sal erken en hulle besluitnemingsprosesse so sal struktureer dat hulle voortdurend na God se stem kan luister. Die vergaderings van die ampte word dan ook, voortdurend, aan God vir leiding opgedra. Ons streef daarna om beplanning en besluitneming so deursigtig as moontlik te maak, konsensusbesluite te neem en om die hoogste mate van betrokkenheid by besluitneming en uitvoering te verkry.

2.6.3.4.13 Die Here gebruik mense om die roeping van die Kerk op aarde tot uitvoering te bring. Dit is opsigself 'n groot genade. Daarom sal die gemeente as geheel, maar die vergaderings van die ampte spesifiek, voortdurend daarna streef om maksimum deelname en betrokkenheid van lidmate, in die beplanning en uitvoering van die bestuur van die gemeente en die bedieninge, te mobiliseer. Afgesien daarvan dat daar voortdurend, doelbewus, geleenthede vir betrokkenheid geskep word, word betrokkenheid op vele wyses aktief bevorder. Hierdie uitgangspunt word versterk deur faktore soos die dinamika en grootte

van ons gemeente.

2.6.3.4.14 God gee aan alle mense spesifieke gawes. Daarom, a.g.v. die grootte van ons gemeente, is daar 'n magdom gawes in ons gemeente beskikbaar om in diens van God aangewend te kan word. Die mobilisering van hierdie kragbron, en toerusting van ampsdraers en lidmate, sodat dit optimaal benut kan word, is 'n belangrike boublok in die bedieningsplan van ons gemeente.

**Afleidings:**

- Die gemeente definieer hul roepingsvervulling baie sterk ooreenkomstig interne bediening (2.6.3.4.7; 2.6.3.4.9; 2.6.3.4.11; 2.6.3.4.13).
- Die gemeente erken ekumeniese deelname maar omskryf nie die aard daarvan nie (2.6.3.4.8)

### 2.6.3.5 Samevatting

- Hierdie gemeente is bewus van hul unieke konteks waarin hulle deur God geplaas is en wil daarom kontekstueel effektief bedien (2.6.3.2.1). Daarom kan afgelei word dat hulle waarskynlik aanvaar dat hul bediening 'n meer unieke vorm/karakter behoort te hê as die res van die gemeentes in die Nederduitsch Hervormde Kerk.
- Elke lidmaat dra by tot die suksesvolle verwesenliking van die roeping van die gemeente (2.6.3.2.2).
- Die gemeente se roepingsvervulling as doelstelling figureer sterk in hul visiestelling (2.6.3.2.1; 2.6.3.2.2; 2.6.3.2.3).
- In hulle strewe na roepingsvervulling erken hulle ook hul swakheid en afhanklikheid (2.6.3.2.5).
- Die wyse van roepingsvervulling word deur al bogenoemde stellings praktykgerig omskryf.
- Die gemeente beskou sy eenheid met ander gemeentes in dieselfde kerkverband en ander kerkverbande in die lig van hul belydenis (2.6.3.3.4).

- Die eenheid van hierdie gemeente met die ander gemeentes in dieselfde kerkverband, en ander kerke van dieselfde belydenis word uitgedruk in terme van 'n gemeenskaplike verantwoordelikheid om evangeliserend in die breër samelewing aktief saam te werk (2.6.3.3.4).
- Die eenheid en gemeenskaplike verantwoordelikheid vergestalt dus primêr in belydenis en roepingsvervulling (2.6.3.3.4; vgl. Pretorius, 2.3.1.4.10).
- Uit die missie blyk dit dat hulle hierdie roeping wil vervul deur met ander gemeentes saam te werk. Hier word roeping en eenheid in wisselwerking net mekaar gesien, terwyl dit roeping en verskeidenheid oorskadu (2.6.3.3.4).
- Die gemeente definieer hul roepingsvervulling baie sterk ooreenkomstig interne bediening (2.6.3.4.7; 2.6.3.4.9; 2.6.3.4.11; 2.6.3.4.13).
- Die gemeente erken ekumeniese deelname maar omskryf nie die aard daarvan nie (2.6.3.4.8)

### *2.6.4 Samevatting van drie bedieningstrategieë in praktyk*

- Verhoudings is vir Wapadrant belangrik, en daarom behoort die spanning wat in kerklike eenheid en verskeidenheid bestaan vir hulle 'n fokus te wees. Dit is egter duidelik uit die laaste kernwaarde dat hierdie gemeente, te midde van bogemelde bedieningskonteks in die GKSA, klem plaas op kerklike verskeidenheid en dit sien as sleutel tot hulle beantwoording aan hul roeping (2.6.1.2).
- Die gemeente se begeerte tot roepingsvervulling word wel in hul kenwaardes weerspieël (2.6.1.2).
- Uit die visie kan nie veel afgelei word met betrekking tot kerklike eenheid en verskeidenheid nie (2.6.1.3).
- Die gemeente se begeerte tot roepingsvervulling van word duidelik in hul visie verwoord (2.6.1.3)
- Roepingsvervulling staan voorop in die gemeente se missieformulering (2.6.1.3.1; 2.6.2.1.3.2).

- Iets met betrekking tot kerklike eenheid en verskeidenheid kan beswaarlik afgelei word
- Kerklike eenheid geniet aandag in die sin dat onderrig in gereformeerde belydenis genoem word as bydraend tot die dienswerk van die gemeente (2.6.1.4.3.1).
- Onderrig geskied met die oog op dienswerk wat verstaan kan word as roepingsvervulling op grond van die gemeente se visie- en missiestelling (2.6.1.4.3.1).
- Die bedieningstrategie van hierdie gemeente wil die eenheid en verskeidenheid in hulle gemeente akkommodeer deur die gemeente in hierdie opsig toe te rus en hulle saam te snoer deur op die gesamentlike roeping van die gemeente te fokus (2.6.1.4.3.2).
- Verder speel roepingsvervulling 'n deurslaggewende rol in die gemeente se bepaling van hul langtermyndoelwitte (2.6.1.4.3.4-2.6.1.4.3.7).
- Moreleta-gemeente fokus besonder sterk op sowel hulle persoonlike opbou as die uitbou van die gemeente. Hulle definieer dus hul roepingsvervulling as 'n roeping om hulle in hul gegewe konteks op te bou en uit te bou en so 'n verandering teweeg te bring (2.6.2.2.1; 2.6.2.2.2; 2.6.2.2.3; 2.6.2.2.4; ).
- In hierdie visie-omskrywing word op die eie verantwoordelikheid van die gemeente en hul impak op die omgewing gefokus. Eenheid met hul breër kerkverband figureer nie in die gemeente se visieformulering nie (2.6.2.2.4).
- Die unieke karakter van die gemeente se bediening slaan wel deur in hul visieformulering en dit dui duidelik daarop dat hulle 'n sterk eie identiteit het, wat hulle onderskeibaar maak van die res van die NGK-familie. Selferkende verskeidenheid kan hieruit afgelei word (2.6.2.2.4).
- Die behoefte om aan hul roeping te beantwoord figureer baie sterk in Moreleta-gemeente. Dit kan genoem word as hul primêre doelstelling (2.6.2.3.1; 2.6.2.3.3).
- Sterk klem word gelê op onderlinge eenheid en liefde terwyl verskeidenheid in die gemeente geakkommodeer wil word (2.6.2.3.2; 2.6.2.3.3).

- Wat die gemeentestrategie betref, is Moreleta konsekwent besig met roepingsvervulling as hul grootste doel. Hierdie doel rig alle ander aktiwiteite in die gemeente (2.6.2.4.1; 2.6.2.4.5; 2.6.2.4.8; 2.6.2.4.9).
- Die gemeentestrategie wil die eenheid in die gemeente handhaaf en bou (2.6.2.4.4).
- Hulle pas die liggaam-beeld van die Skrif op hul gemeente toe en wil elke ledemaat begelei tot die uitleef van sy/haar funksie. Hierdeur word verskeidenheid in die gemeente erken en verwelkom as strategies belangrik vir die uitleef van hul roeping (2.6.2.4.5).
- Wat Moreleta se kernwaardes betref, figureer hulle roepingsbesef en begeerte tot roepingsvervulling besonder sterk (2.6.2.5).
- Die waarde wat aan voortdurende vernuwing geheg word, dui op die belangrikheid van volgehoue effektiwiteit ten opsigte van hul roepingsvervulling, asook op die uniekheid wat hulle hulleself in hul kerkverband gun, wat voorts dui op openheid ten opsigte van verskeidenheid in kerkverband (2.6.2.5).
- Hieruit kan afgelei word dat Moreleta-gemeente hulle eenheid met hierdie kerke in die lig van geloof en belydenis beskou en nie soseer wat betref kerkorde, kerkregering of liturgie nie (2.6.2.5).
- Die feit dat hulle as gemeente hierdie verskeidenheid ten opsigte van Christelike bedieninge erken en bereid is om hulle geloofseenheid met hierdie kerkgemeenskappe te erken impliseer die aanvaarding van die beginsel van kerklike verskeidenheid te midde van die een Christelike geloof (2.6.2.5).
- Meyerspark-gemeente is bewus van hul unieke konteks waarin hulle deur God geplaas is en wil daarom kontekstueel effektief bedien (2.6.3.2.1). Daarom kan afgelei word dat hulle waarskynlik aanvaar dat hul bediening 'n meer unieke vorm/karakter behoort te hê as die res van die gemeentes in die Nederduitsch Hervormde Kerk.
- Elke lidmaat dra by tot die suksesvolle verwesenliking van die roeping van die gemeente (2.6.3.2.2).

- Die gemeente se roepingsvervulling as doelstelling figureer sterk in hul visiestelling (2.6.3.2.1; 2.6.3.2.2; 2.6.3.2.3).
- In hulle strewe na roepingsvervulling erken hulle ook hul swakheid en afhanklikheid (2.6.3.2.5).
- Die wyse van roepingsvervulling word deur al bogenoemde stellings praktykgerig omskryf.
- Die gemeente beskou sy eenheid met ander gemeentes in dieselfde kerkverband en ander kerkverbande in die lig van hul belydenis (2.6.3.3.4).
- Die eenheid van hierdie gemeente met die ander gemeentes in dieselfde kerkverband, en ander kerke van dieselfde belydenis word uitgedruk ooreenkomstig 'n gemeenskaplike verantwoordelikheid om evangeliserend in die breër samelewing aktief saam te werk (2.6.3.3.4).
- Die eenheid en gemeenskaplike verantwoordelikheid vergestalt dus primêr in belydenis en roepingsvervulling (2.6.3.3.4; vgl. Pretorius, 2.3.1.4.10).
- Uit die missie blyk dit dat hulle hierdie roeping wil vervul deur met ander gemeentes saam te werk. Hier word roeping en eenheid in wisselwerking met mekaar gesien, terwyl dit roeping en verskeidenheid oorskadu (2.6.3.3.4).
- Die gemeente definieer hul roepingsvervulling baie sterk met betrekking tot interne bediening (2.6.3.4.7; 2.6.3.4.9; 2.6.3.4.11; 2.6.3.4.13).
- Die gemeente erken ekumeniese deelname maar omskryf nie die aard daarvan nie (2.6.3.4.8).

## 2.7 Omvattende samevatting

2.7.1 Die beginsels van kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling kom elkeen aan die orde in al die ondersoekte literatuur (2.2.1.5; 2.2.2.3; 2.3.1.4; 2.3.2.6). Die wisselwerking tussen hierdie drie beginsels word nie deeglik in hierdie literatuur uitgewerk en as noodsaaklik beskou vir die beplanning van 'n effektiewe bedieningstrategie nie. Hierdie feit skep

verwarring en bring gevolglik mee dat eenheid en verskeidenheid oor die algemeen verstaan word as twee teenpole (2.5.1.4.4.1). Dit bring oënskynlike spanning na vore (2.2.1.5; 2.2.2.3; 2.3.1.4; 2.3.2.6). Die klem in bogenoemde literatuur lê eerder op eenheid en roepingsvervulling, dikwels ten koste van 'n goeie begrip van kerklike verskeidenheid (2.2.1.5; 2.2.2.3; 2.3.1.4; 2.3.2.6). 'n Fokus op roepingsvervulling word genoem as 'n weg uit kerklike konflik en sal waarskynlik 'n rol speel in die hantering van die oënskynlike spanning tussen kerklike eenheid en verskeidenheid (2.3.1.4).

2.7.2 Die huidige Suid-Afrikaanse konteks sowel as die opkoms van die postmodernisme dwing tot 'n deeglike besinning oor die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling van die plaaslike kerk wat toenemend oneffektief blyk te wees (2.5.1.4.1.1; 2.5.1.4.1.1; 2.5.1.4.3.1; 2.5.1.4.5.1). 'n Verskeidenheid bedieningspatrone sal noodwendig die gevolg wees van die feit dat gemeentes hul roepings kontekstueel vervul. 'n Gebrek aan verskeidenheid toon oneffektiwiteit, ongehoorsaamheid en dat ander sake, en nie roeping nie, in gemeentelike aktiwiteite die pas aangee (2.2.1.5; 3.3.1.4).

2.7.3 Groot soepelheid bestaan in die GKSA vir plaaslike bediening om 'n verskeidenheid vorme te kan aanneem (2.5.2.2). Die afwesigheid van hierdie verskeidenheid in die praktyk wil dit laat voorkom of 'n ongeskrewe stel reëls of tradisie verantwoordelik is vir hoofsaaklik eenvormige bediening (2.5.2.4).

2.7.4 In al drie die ondersoekte gemeentes staan roepingsvervulling uit die aard van die saak voorop, al word dit verskillend verstaan (2.6.4; vgl. 2.6.3.3.4). In een van die bedieningstrategieë is melding gemaak van die eenheid van die gemeente met ander kerke in dieselfde kerkverband, en dat hulle gesamentlik verantwoordelikhede het wat roepingsvervulling betref (2.6.3.3.4). Klem word telkens gelê op die uniekheid van die plaaslike kerk en hul eie roeping (2.6.4).

## HOOFSTUK 3 –

# Skriftuurlike beskouing oor die funksionering van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling in plaaslike bediening.

## 3.1 Inleiding

### *3.1.1 Oriëntering*

Hierdie hoofstuk maak deel uit van die hermeneutiese ondersoek wat eers ter sake faktore wil 'verstaan' voordat dit empiries verduidelik en strategies uitgevoer kan word. Hier word gepoog om tot 'n 'verstaan' te kom van hoe die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling volgens die Skrif behoort te funksioneer. In Hoofstuk 2 is 'verstaan' wat verander moet word, en Hoofstuk 3 fokus op die 'verstaan' van die beginsels waarvolgens die verandering moet geskied.

Hiervoor word die verloop van gebeure in die Skrif ondersoek wat in Handelinge 21:17-26 kulmineer.

### *3.1.2 Doelstelling*

Om vas te stel hoe die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling in die Skrif funksioneer en watter rol dit speel in die bepaling van 'n plaaslike gemeente se unieke roeping en bedieningstrategie.

### *3.1.3 Werkplan en metode*

Eksegese van Handelinge 21:17-26 vorm die kern van die werkplan en metode. Die eksegese word gedoen volgens die grammaties-historiese metode. Eerstens sal die genre van Handelinge ondersoek word, en daarna die tekstuele konteks van die perikoop. Daarna volg 'n sintaktiese ontleding wat 'n detail sintaktiese struktuur van

die perikoop behels. 'n Semantiese ondersoek kom dan aan die beurt wat 'n gedagtestruktuur en woordstudies van elke kernbegrip, insluit.

'n Ondersoek na die buitetekstuele konteks of sogenaamde sosiohistoriese konteks word opgevolg deur 'n vergelyking van Handelinge 21:17-26 met ander Skrifgedeeltes. Dit word gedoen om tot 'n beter verstaan van die gebeure in Handelinge 21:17-26 te kom en om aan te toon hoe Paulus in sy bediening unieke standpunte in verskillende gemeentelike kontekste gehuldig het weens die uniekheid van elke gemeente.

### *3.1.4 Motivering vir tekskeuse*

Die teksgedeelte maak deel uit van die boek Handelinge wat belangrik geag word, onder andere, vir die historiese waarde daarvan (Stott, 1990:5). Sonder die boek Handelinge sou 'n konstruksie van hoe die evangelie in die Romeinse wêreld funksioneer en versprei het, beswaarlik gemaak kon word. Weens die unieke rol wat die apostels met hul apostoliese gesag en bediening in Handelinge speel, is Handelinge daarby nie maar net 'n deskriptiewe teks met informasie nie, maar openbaring van God aangaande sy handeling met die kerk en die funksionering daarvan (Stott, 1990:5,6).

Wanneer insig met betrekking tot die funksionering van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling dus uit die boek Handelinge verkry word, kan dit nie net gesien word as deskriptief van aard nie — dit is in wese deel van die Godsopenbaring. Dit is daarom nie verniet nie dat voorstelle al gemaak is vir 'n beter naam van die boek wat as volg kan lui: "Die voortgesette woorde en dade van Jesus in sy Gees deur die Apostels" (Stott, 1990:34). Dit is daarom nie net die apostels se handelinge wat sigbaar word nie, maar Jesus self wat geopenbaar word deur die handelinge van die Apostels.

Paulus self sien sy aktiwiteit in hierdie lig: "Paulus het hulle gegroet en in besonderhede vertel wat God deur sy diens onder die heidene gedoen het." (Handelinge 21:19.) In die boek Handelinge word die aktiwiteite van niemand anders nie as God self in die vroeë kerk sigbaar.
Die gebeure, soos beskryf in Handelinge 21:17-26, laat vrae ontstaan oor die wisselwerking tussen kerklike eenheid (eenheid tussen Grieksprekende Christene en Joodse Christene), verskeidenheid (verskille tussen Grieksprekende Christene en Joodse Christene) en roepingsvervulling (Paulus wil albei groepe effektief bedien en tree sodoende oënskynlik teenstrydig op) in Paulus se bediening — die situasie dus waarin hy hom bevind.

Paulus is bekend daarvoor dat hy nie van die Grieksprekende Jode verwag het om die Joodse wet te onderhou nie (Galasiërs 3) en dat hy by geleentheid die apostel Petrus skerp hieroor aangespreek het omdat dié van die Grieksprekende gelowiges verwag het om die gebruike van die wet te onderhou (Galasiërs 2:14).

Verder erken Paulus ook die waarde van 'n meerdere vergadering en die uitspraak van so 'n vergadering (Handelinge 15 en 16). Tog laat Paulus verbasende ruimte vir gelowiges om te verskil ten opsigte van die uitleef van hul roeping (Romeine 14). Die mees verbasende optrede van Paulus, waarin dit wil voorkom of hy sy eie oortuigings verloën, is te vind in Handelinge 21:17-26. Hier kom hy tog bepaalde tempelgebruike na op versoek van die gemeente in Jerusalem.

Insig in die gebeure, soos beskryf in Handelinge 21:17-26, kan antwoorde bied op die oënskynlike teenstrydigheid in Paulus se bediening, wat weer waardevolle perspektiewe kan ontsluit vir kerklike bediening vandag te midde van verskille.

## 3.2 Eksegese van Handelinge 21:17-26

'n Ondersoek na die outeurskap, ontstaansgeskiedenis van Handelinge, verband met die evangelie volgens Lukas en ander formele aspekte wat nie hier aandag geniet nie, val buite die omvang van hierdie studie.

### *3.2.1 Genre van Handelinge*

Die boek sowel as die perikoop is tipies van kerugmaties historiese narratief, oftewel "Historical monograph" (Palmer, 1993:2). Hierdie genre, van toepassing op die hele boek, sluit per definisie ook direkte rede in soos die in vers 23-25 van die perikoop (Kistemaker, 1990:8; Palmer, 1993:29).

Die identifisering van hierdie perikoop as kerugmaties historiese narratief impliseer dat dit spesifieke historiese gebeure verhaal, maar nie slegs met die doel om te verhaal (vertel) nie (Kistemaker, 1990:32,33; Johnson, 1992:15; vgl. 3.1.3). Agter hierdie narratief lê 'n spesifieke kommunikasiedoel, soos Lukas self ook in Handelinge 1 aandui. Die direkte rede wat in hierdie perikoop voorkom, behoort daarom in dieselfde lig beskou te word. Lukas gee ook 'n getroue weergawe van die direkte rede (Kistemaker, 1990:11).

**Afleidings:**

- Wanneer afleidings uit Handelinge gemaak word rakende die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling in Paulus se bediening, is dit nie bloot deskriptief van aard nie, maar ook normatief en daarom geskik vir afleidings vir kerklike bediening vandag (3.2.1).

### *3.2.2 Tekstuele konteks*

Interessante lig word op die perikoop gewerp wanneer die tekstuele konteks van die perikoop bepaal word. Om die perikoop in die geheel van die boek te plaas word 'n sketsmatige plan van die boek Handelinge hier weergegee (Vosloo & Van Rensburg, 1997:1648):

**A. Petrus se bediening** (1:1-12:25)

1. Totstandkoming van die kerk (1:1 -7:60)
    1.1 Hemelvaart ( 1:1-11)
    1.2 Mattias vervang Judas (1:12-26)
    1.3 Uitstorting van die Heilige Gees (2:1-47)
    1.4 Petrus as geneser en prediker (3:1-26)
    1.5 Petrus en Johannes voor die Sanhedrin (4:l-37)
    1.6 Probleme in die kerk (5:1-42)
    1.7 Die eerste diakens aangestel (6:1-7)
    1.8 Stefanus, die eerste martelaar (6:8-7:60)

2. Uitbreiding van die kerk (8:1-12:25)
    2.1 Vervolging en verspreiding van die Christene (8:1-40)
    2.2 Saulus se bekering (9:1-31)
    2.3 Petrus begin ook sendingwerk doen (9:32-11:18)
    2.4 Die gemeente in Antiogië (11:19-30)
    2.5 Jakobus se dood en Petrus se gevangeneming (12:1-25)

**B. Paulus se bediening** (13:1-28:31)

1. Eerste sendingreis (13:1-14:28)
2. Die Christelike leiers in Jerusalem byeen (15:1 -35)
3. Tweede sendingreis (15:36-18:22)
4. Derde sendingreis (18:23-21:17)
5. **Paulus word verhoor (21:18–28:31)**

Die ter sake perikoop (B.5.) beskryf gebeure wat spesifiek handel oor Paulus se bediening aan die einde van sy derde sendingreis. In hierdie stadium (48 nC – indien aanvaar word dat Handelinge 21 dieselfde gebeure verhaal as Galasiërs 2) het die Christelike kerk reeds vêr uitgebrei en hom in diverse kontekste gevestig (Joubert, 1999:1411).

Die rede waarom Paulus in hierdie stadium van sy bediening na Jerusalem gegaan het, was onder andere om die eenheid van die kerk te bevorder deur verteenwoordigers van die gelowiges uit die heidennasies en Joodse gelowiges byeen te bring (Kistemaker, 1990:762). Die gebeure in die perikoop moet dus in die lig hiervan benader word.


**Afleiding:**

- Vanuit hierdie perikoop word lig gewerp op hoe Paulus eenheid en verskeidenheid in sy roepingsvervulling hanteer te midde van diverse kontekste (3.2.2).

### *3.2.3 Sintaksis*

'n Sintaktiese ontleding van die perikoop is nodig om die presiese konteks te bepaal waarin die kernbegrippe gebruik word wat later in die woordstudie ontleed word (vgl. 3.2.4.2). Die kernbegrippe wat in die woordstudie ontleed word, kom hier in vetdruk voor. Die afleidings word gemaak ten opsigte van die konteks waarin die kernbegrippe gebruik word. Hierdie afleidings sal by die woordontleding van die bepaalde kernbegrippe in aanmerking geneem word.

#### 3.2.3.1 Vers 17




Die broers het ons vriendelik gegroet nadat ons in Jerusalem aangekom het.

### 3.2.3.2 Vers 18

τῇ ἐπιούσῃ (die volgende (*dag-veronderstelling*)
εἰσῄει (hy het ingegaan)
ὁ Παῦλος (Paulus)
σὺν ἡμῖν (saam met ons)
πρὸς Ἰάκωβον,(na Jakobus)
πάντες
τε (al) (en)
παρεγένοντο (hulle het saamgekom/vergader)
οἱ πρεσβύτεροι.(die ouderlinge)

Paulus het die volgende dag saam met ons ingegaan na Jakobus toe, en al die ouderlinge het saam vergader.

### 3.2.3.3 Vers 19


καὶ ἀσπασάμενος (en nadat hy groet het)
αὐτοὺς (hulle)
ἐξηγεῖτο (Hy het vertel)
καθ' ἓν ἕκαστον,(rakende een en ander)
ὧν ἐποίησεν (wat Hy het gedoen)
ὁ θεὸς (God)
ἐν τοῖς ἔθνεσιν (onder die nasies)
**διὰ τῆς διακονίας (deur die diens)**
**αὐτοῦ. (van hom)**

En nadat hy hulle gegroet het, het hy hulle een en ander vertel van alles wat God gedoen het onder die nasies **deur sy bediening**.

**Afleiding:**

- Die bediening waarvan Paulus hier vertel het, was spesifiek sy bediening onder die heidennasies in die algemeen (3.2.3.3, vgl. 3.2.4.2.1).

### 3.2.3.4 Vers 20





En hulle het, nadat hulle dit gehoor het, God geloof en vir hom gesê: Broer, jy het gesien hoe baie duisende daar is onder die Jode wat glo, en almal is **yweraars van die wet**.

**Afleiding:**

- Die wet is nog steeds nougeset deur Jode wat in Christus geglo het, nagekom. Dit word gestel in kontras met Paulus se beweerde dislojaliteit aan die besnydenis en tradisie in vers 21 (3.2.3.4).

### 3.2.3.5 Vers 21





En hulle is ingelig oor jou – dat jy afvalligheid van Moses leer aan al die Jode onder die nasies deur te sê: Moenie julle kinders besny nie en moenie **die gebruike** nakom nie.

**Afleiding:**


- Paulus word daarvan beskuldig dat Hy Jode leer om nie die gebruike van die Joodse tradisie na te kom nie (3.2.3.5; vgl. 3.2.4.2.3). Let op dat Jakobus slegs praat van die besnydenis en gebruike/tradisie en nie van die wet nie. Uit die konteks van verse 20 en 22 word duidelik dat die klem op die kontras tussen die nakoming van die wet as iets anders as nakoming van besnydenis en tradisie lê (3.2.3.4; 3.2.3.5).

**3.2.3.6 Vers 22**




Wat gaan ons nou doen? Hulle gaan verseker hoor dat jy gekom het.

**3.2.3.7 Vers 23**




Maak soos ons wat vir jou sê: "Ons het hier vier manne wat 'n gelofte afgelê het."

### 3.2.3.8 Vers 24

τούτους (Hierdies)
παραλαβὼν (Neem)


ἁγνίσθητι (Reinig jouself )
σὺν αὐτοῖς (saam met hulle)
καὶ δαπάνησον (betaal)
ἐπ' αὐτοῖς ( vir hulle)
ἵνα ξυρήσονται (sodat hulle kan skeer)
τὴν κεφαλήν,(die kop)
καὶ γνώσονται (en hulle sal weet)
πάντες (almal)
ὅτι ὧν (dat wat)
κατήχηνται (wat versprei/ingelig is)
περὶ σοῦ (aangaande jou)
οὐδέν (niks)
ἐστιν (is)
(maar) ἀλλὰ στοιχεῖς (gedra jouself)
καὶ αὐτὸς (Jy)
φυλάσσων (onderhouende)
τὸν νόμον.
(die wet)

Neem hulle, en reinig jouself saam met hulle en betaal vir hulle sodat hulle die kop kan skeer en almal sal weet dat wat oor jou versprei/ingelig is, niks is nie, maar dat jy jouself gedra deur **die wet te onderhou**.

**Afleiding:**


- Jakobus het dit nie net oor die tradisies, soos die beskuldiging gelui het nie, maar oor die gehoorsaamheid van die wet (3.2.3.8). Die tradisies en die wet word so in hierdie perikoop gewiggel – asof dit sinoniem behoort te wees.

#### 3.2.3.9 Vers 25




Wat die gelowiges uit die nasies betref het ons reeds ons besluit bekend gemaak dat hulle moet afsien van afgodsoffers, en bloed, en verwurgde diere en seksuele losbandigheid.

#### 3.2.3.10 Vers 26




Die volgende dag het Paulus die manne gevat, die tempel binnegegaan, homself saam met hulle gereinig, en kennis gegee van die voltooiing van die dae van die reiniging totdat die **offer** vir elkeen geoffer is.

**Afleiding:**

- Die offer waarvan hier gepraat word, is spesifiek die offer wat verband hou met die Nasireër-gelofte, en nie offers in die algemeen nie (3.2.3.10).

#### 3.2.3.11 Samevatting:

- Die bediening waarvan Paulus hier vertel het, was spesifiek sy bediening onder die heidennasies in die algemeen (3.2.3.3, vgl. 3.2.4.2.1).
- Die wet is nog steeds nougeset nagekom deur Jode wat in Christus geglo het. Dit word gestel in kontras met Paulus se beweerde dislojaliteit aan die besnydenis en tradisie in vers 21 (3.2.3.4).
- Paulus word daarvan beskuldig dat Hy Jode leer om nie die gebruike van die Joodse tradisie na te kom nie (3.2.3.5; vgl. 3.2.4.2.3). Let op dat Jakobus slegs praat van die besnydenis en gebruike/tradisie, en nie van die wet nie. Uit die konteks van die perikoop word dit duidelik dat die klem lê op die kontras tussen die nakoming van die wet en die nakoming van besnydenis en tradisie as twee verskillende sake(3.2.3.4; 3.2.3.5).
- Jakobus het dit nie net oor die tradisies, soos die beskuldiging gelui het nie, maar oor die gehoorsaamheid van die wet (3.2.3.8). Die tradisies en die wet word so in hierdie perikoop gewiggel – asof dit as sinoniem hanteer word maar in werklikheid nie is nie .
- Die offer waarvan hier gepraat word, is spesifiek die offer wat verband hou met die Nasireër-gelofte, en nie offers in die algemeen nie (3.2.3.10).

### *3.2.4 Semantiek*

#### 3.2.4.1 Gedagtestruktuurontleding

Die telos van die perikoop word duidelik gemaak deur 'n gedagtestruktuurontleding en het ten doel om die gedagte-opbou, vloei, en momente uiteen te sit (De Klerk & J Van Rensbrug, 2005:34-37).

**Inleiding tot nuwe perikoop**

17 Die broers het ons vriendelik gegroet nadat ons in Jerusalem aangekom het.

**Nuwe toneel – Samestelling van vergadering**

18 Paulus het die volgende dag saam met ons ingegaan na Jakobus toe, en al die ouderlinge het saam vergader.

**Eerste onderwerp – Paulus se rapport oor sy bediening**

19 En nadat hy hulle gegroet het, het hy hulle een en ander vertel van alles wat God gedoen het onder die nasies deur sy bediening.

**Eerste reaksie - Vreugde**

20a En hulle het, nadat hulle dit gehoor het, God geloof

**Tweede reaksie – Waarskuwing (agtergrond)**

20b en vir hom gesê: Broer, jy het gesien hoe baie duisende daar is onder die Jode wat glo, en almal is yweraars van die wet.

**Waarskuwing - kern**

21 En hulle is ingelig oor jou – dat jy afvalligheid van Moses leer aan al die Jode onder die nasies deur te sê: Moenie julle kinders besny nie en moenie die gebruike nakom nie.

**Knoop - krisis**

22 Wat gaan ons nou doen? Hulle gaan verseker hoor dat jy gekom het?

**Ontknoping - Inleiding**

23 Maak soos ons wat vir jou sê: "Ons het hier vier manne wat 'n gelofte afgelê het."

**Opdragte aan Paulus**

24 Neem hulle, en reinig jouself saam met hulle en betaal vir hulle sodat hulle die kop kan skeer en almal sal weet dat wat oor jou versprei/ingelig is, niks is nie, maar dat jy jouself gedra deur die wet te onderhou.

**Regverdiging vir opdragte**

25 Wat die gelowiges uit die nasies betref het ons reeds ons besluit bekend gemaak dat hulle moet afsien van afgodsoffers, en bloed, en verwurgde diere en seksuele losbandigheid.

**Afloop**

26 Die volgende dag het Paulus die manne gevat, die tempel binnegegaan, homself saam met hulle gereinig, en kennis gegee van die voltooing van die dae van die reiniging totdat die offer vir elkeen geoffer is.

Die gedagtestrekking van die perikoop kan as volg opgesom word: Uit kommer vir 'n breuk in die eenheid (waarvoor Paulus gekom het) maak Jakobus aan Paulus die voorstel om so op te tree dat die gerugte wat die gemeente in Jerusalem bereik het as vals uitgewys word. Paulus gee toe en volg Jakobus se voorstel op.

**Afleiding:**

- In Handelinge 21:17-26 plaas Paulus groter klem op sy eenheid met die Joodse Christene om die balans in die wisselwerking tussen eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling te herstel. Wat die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling betref, blyk dit so te wees dat groter klem op enige van die beginsels geplaas kan word ter wille van die herstel van die balans. Só 'n optrede is eerder 'n kwessie van korrekte optrede binne 'n bepaalde konteks om aanstoot te vermy, as blote huigelary (vgl. 3.2.6.6).

### 3.2.4.2 Kernbegrippe

Kernbegrippe wat bydra tot 'n beter verstaan van die perikoop in die lig van die problematiek word vervolgens ontleed.

#### 3.2.4.2.1 διακονίας - bediening v19

διακονίας is 'n selfstandige naamwoord, hier in die genitiewe naamval, vroulik, enkelvoud van διακονία. Friberg beskryf die woord as duidend op 'n spesiale taak, plig of bediening wat iemand in diens aan God uitvoer (Friberg, 2004). Dit was egter in hierdie stadium nog nie 'n tegniese term wat 'n amp aangedui het nie (Barret, 1998:1006). Paulus verwys hier veral na sy bediening onder die heidennasies (Bybelse Ensiklopedie, 1998; vgl. 3.2.3.3). Hierdie bediening het egter Paulus se prediking onder die Jode en in sinagoges nie uitgesluit nie (Bybelse Ensiklopedie, 1998).

Wanneer Lukas hierdie woord hier gebruik, herhaal hy 'n woord wat Paulus self in sy afskeidstoespraak in Milete op die strand (Handelinge 20:24) gebruik het. Daar het hy gepraat van die dienswerk wat hy van Jesus self ontvang het om die evangelie van God se genade te verkondig. Dit is waarskynlik dat Lukas opsetlik weer hierdie woord gebruik (Wall, 2002:292). Paulus het dit sy roeping geag om sy bediening uit te voer waar die Heilige Gees hom ook gely het. Sy bediening is dus in antwoord op sy roeping.

**Afleiding:**

- Paulus beskou die uitvoer van sy bediening as die vervulling van sy roeping wat hy van Jesus Christus self ontvang het om die evangelie van God se genade te verkondig (3.2.4.2.1; vgl. 3.2.3.3). Kerklike bediening is per definisie roepingsvervulling.

**3.2.4.2.2 ζηλωται - yweraars v20**

ζηλωταὶ is 'n selfstandige naamwoord, nominatief, manlik, meervoud van ζηλωτής. Die werkwoord waarvan ζηλωται afgelei is, is ζηλοω̂. Hierdie werkwoord word gebruik om uit te druk dat iemand ten diepste verbind is tot 'n saak met die implikasies dat dit gepaard gaan met 'n sterk begeerte om daartoe verbind te wees (Louw & Nida, 1988:298; Liddel & Scott, 1953). Hier word nie na die politieke beweging van die Selote verwys nie (Rienecker & Rogers, 1980:321). Die Joodse Christene het die wet nougeset nagekom sonder om op enige wyse daarvan af te sien.

Al het baie Jode tot bekering gekom, het hulle steeds die wet onderhou. Hierdie wetsonderhouding het niks minder ingehou nie as Jode wat nie Christene was nie, behalwe dat dit nie gedoen is om saligheid te verkry nie (De Villiers, 1983:12-128; vgl. Handelinge 15:5).

**Afleiding:**

- Paulus het baie streng Joodse Christene as teenstanders gehad met wie hy eenheid in Christus wou handhaaf (3.2.4.2.2; vgl. 3.2.3.4). Kerklike eenheid moet selfs met die strengste van strominge gehandhaaf word, tensy die kern van die evangelie daardeur aangetas word.

**3.2.4.2.3 τοῖς ἔθεσιν – die gebruike v 21**

τοῖς ἔθεσιν is 'n selfstandige naamwoord, datief, gemeenslagtig, enkelvoud van ἔθος wat gebruik of tradisie beteken (Newman, 1971). Dadelik opvallend is die feit dat hierdie woord wat deel uitmaak van die beskuldiging nie so 'n sterk saak impliseer as ongehoorsaamheid aan die wet nie, maar slegs 'n afwyking van die tradisie of gebruike van die Jode (Louw & Nida, 1988:507).

Wall (2002:293) stel dat die gebruik van hierdie woord daarop dui dat die probleem nie soteriologies van aard was nie, maar sosiologies. Stott (1990:342) dra die volgende hieroor by: "The issue between them (Jakobus en Paulus - GvW) concerned culture, ceremony and tradition. The solution to which they came was not a compromise, in the sense of sacrificing a doctrinal or moral principal, but a concession in the area of practice".

Tog is die beskuldiging nie geldig nie (vgl. Handelinge 16:3; 15:21; 18:18; 21:24b). Die feit dat Paulus nie gehoorsaamheid aan die Joodse tradisies van die gelowiges uit die heidennasies geëis het nie, het dalk aanleiding gegee tot hierdie valse beskuldiging (Marshall, 1989:344). In 'n bepaalde konteks het Paulus selfs hierdie Joodse gebruike ten opsigte van hoofbedekkings verdedig (1 Korintiërs 11:2-6).

**Afleiding:**

- Die valse beskuldiging het gehandel oor die Joodse tradisie en nie daaroor dat Paulus ongehoorsaam was aan die wet nie. Die beskuldiging het nie aan die hart van die evangelie geraak nie. Tog, al was dit nie ingrypend nie, het

Paulus steeds gepoog om die eenheid te handhaaf in die lig van 'n eintlik middelmatige saak (3.2.4.2.3; vgl. 3.2.3.5). Selfs al is kerklike verskille middelmatig, moet die eenheid bewaar word.

**3.2.4.2.4 εὐχὴν - gelofte v23**

εὐχὴν is 'n selfstandige naamwoord, akkusatief, vroulik, enkelvoud van εὐχη. Louw en Nida (1988:442) beskryf die woord as 'n belofte aan God deur 'n mens dat hy iets sal doen met die implikasie dat, wanneer hy dit nie doen nie, daar negatiewe gevolge sal wees. Hier word na alle waarskynlikheid verwys na die Nasireër-gelofte (Numeri 6; vgl. 3.2.5.5). In Handelinge 18:18 word verwys daarna dat Paulus self in 'n stadium ook hierdie gelofte afgelê het.

**Afleiding:**

- Die nakoming van hierdie gelofte impliseer nie 'n erkenning dat hierdie handeling noodsaaklik is vir verlossing nie (3.2.4.2.4). Paulus kan daarom ter wille van die eenheid hiermee saamgaan. Enige optrede wat nie met die kern van die evangelie in stryd is nie, is akkommodeerbaar.

**3.2.4.2.5 φυλάσσων τὸν νόμον - nakomer van die wet v24**

φυλάσσων is die praesens, partisipium, aktief, nominatief, manlik, 2de persoon, enkelvoud van φυλάσσω. Louw en Nida (1988:468) beskryf hierdie woord as spesifiek die onderhouding van 'n wet of bepaling. In hierdie konteks (vgl. 3.2.3.8) dui dit op die onderhouding van die wet soos vereis deur die Jode. Barret (1998:1012,1013) lig die vraag uit of Paulus se φυλάσσων τὸν νόμον 'n eenmalige handeling was, maar antwoord self deur te noem dat Paulus heel waarskynlik self as 'n goeie Jood asook as 'n goeie Christen beskryf sou kon word.

**Afleiding:**

- Paulus sou hier die wet nakom om die eenheid te bewaar sonder om by 'n argument of stryd betrokke te raak. Dit is juis sy vryheid van die wet wat gemaak het dat hy hom vrywillig daaronder kon stel om aanstoot uit die weg te ruim (3.2.4.2.5; vgl. 3.2.3.8).

**3.2.4.2.6 ἡ προσφορά - die offer v 26**

προσφορά is 'n selfstandinge naamwoord in die nominatief, vroulik, enkelvoud van προσφορά. Hierdie offer hou spesifiek verband met die gelofte van die Nasiriër (vgl. 3.2.3.10). Vir 'n beskrywing van wat hierdie offer sou behels, vergelyk 3.2.5.5.

**Afleiding:**

- Hierdie offer sou inderdaad volbring word as 'n offer wat deel uitgemaak het van die Mosaïese wet. Paulus laat dit dus hier in werklikheid toe dat Christene nog volgens die ou gebruike offers bring (3.2.4.2.6; vgl. 3.2.3.10).

**3.2.4.3 Samevatting:**

- Paulus beskou die uitvoer van sy bediening as die vervulling van sy roeping wat hy van Jesus Christus self ontvang het om die evangelie van God se genade te verkondig (3.2.4.2.1; vgl. 3.2.3.3). Kerklike bediening is per definisie roepingsvervulling.
- Paulus het baie streng Joodse Christene as teenstanders gehad met wie hy eenheid in Christus wou handhaaf (3.2.4.2.2; vgl. 3.2.3.4). Kerklike eenheid moet selfs met die strengste van strominge gehandhaaf word, tensy die kern van die evangelie daardeur aangetas word.
- Die valse beskuldiging het gehandel oor die Joodse tradisie en nie daaroor dat Paulus ongehoorsaam was aan die wet nie. Die beskuldiging het nie aan die hart van die evangelie geraak nie. Tog, al was dit nie ingrypend nie, het Paulus steeds gepoog om die eenheid te handhaaf in die lig van 'n eintlik

middelmatige saak (3.2.4.2.3; vgl. 3.2.3.5). Selfs al is kerklike verskille middelmatig, moet die eenheid bewaar word.

- Die nakoming van hierdie gelofte impliseer nie 'n erkenning dat hierdie handeling noodsaaklik is vir verlossing nie (3.2.4.2.4). Paulus, al het hy dit al selfs reeds gedoen, kan daarom ter wille van die eenheid hiermee saamgaan. Enige optrede wat nie met die kern van die evangelie in stryd is nie, is akkommodeerbaar.
- Paulus sou hier die wet nakom om die eenheid te bewaar sonder om by 'n argument of stryd betrokke te raak. Dit is juis sy vryheid van die wet wat gemaak het dat hy hom vrywillig daaronder kon stel om aanstoot uit die weg te ruim (3.2.4.2.5; vgl. 3.2.3.8).
- Hierdie offer sou inderdaad volbring word as 'n offer wat deel uitgemaak het van die Mosaïese wet. Paulus laat dit dus hier in werklikheid toe dat Christene nog volgens die ou gebruike offers bring (3.2.4.2.6; vgl. 3.2.3.10).

### *3.2.5 Buitetekstuele konteks*

#### 3.2.5.1 Die kerk in Jerusalem (17)

Die kerk in Jerusalem is dikwels beskou as die moederkerk wat leiding en rigting gegee het aan ontwikkelende dogter-kerke. Jakobus is beskou as die erkende leier van hierdie kerk sowel as van die wêreldwye Joods-Christelike gemeenskap. Hierdie kerk was self baie groot met waarskynlik baie ouderlinge om die gemeente te bedien (Stott, 1990:339; Handelinge 21:20). Jakobus en die ouderlinge het 'n sentrale rol gespeel wanneer die Raad vergader het (Handeling 15:4,12,22). Die feit dat Paulus telkens aan die kerk terugrapporteer, toon ook die sentrale rol wat hierdie kerk in die vroeë Christendom gespeel het (Kistemaker, 1990:27,28,35).

Johnson (1992:379) noem dat Paulus en die leierskap van die kerk fundamenteel saamgestem het oor die praktyk van die bediening in daardie tyd. Hulle het Paulus die voordeel van die twyfel gegee terwyl baie van die lidmate (waarskynlik almal

Joods-Christelik), veral die Fariseërs, skepties was oor Paulus se bediening en metodes (Johnson, 1990:379).

**Afleidings:**

- Paulus het die ondersteuning van die kerk se leierskap geniet, maar was onder verdenking by sommige van die lidmate (3.2.5.1).
- Die wantroue wat die gemeente in hom gehad het, het daartoe gelei dat Paulus die eenheid met die gemeente wou versterk deur hulle twyfel uit die weg te ruim (3.2.5.1) Dit het nie sy roeping teenoor hulle opgehef nie.

#### 3.2.5.2 Paulus se afvaardiging (18)

Paulus het nie alleen by die vergadering opgedaag nie, maar saam met Christene uit die heidennasies. So is albei "Christendomme" verteenwoordig (Stott, 1990:339). Stott (1990:339) stel dit in so 'n lig dat beide Paulus en Jakobus by die vergadering was met die eiesoortige vrug van hul arbeid, wat op sigself gedien het as 'n regverdiging vir hul bediening, 'n teken dat dit geseënd was, al was dit verskillend.

Paulus het in ooreenstemming met die besluit van die vergadering in Handelinge 15 nie van die gelowiges uit die heidennasies verwag om die Joodse wet en tradisies te onderhou nie. Hy is egter nou in Jerusalem om te vergader saam met die kerk wat almal Joodse lidmate gehad het en wat die wet en tradisies nougeset nagevolg het. Hierdie twee groepe sou selfs weens hulle kleredrag verskillend daar uitsien (Du Toit, 1997).

**Afleiding:**

- Die twee groepe was in talle opsigte uiteenlopend, maar gebind in 'n eenheid wat nie noodwendig sigbaar vergestalt is nie (3.2.5.2).

#### 3.2.5.3 Paulus se bediening / roeping (v19)

In Handelinge 13:2 en Gal 2:1-10 word verwys na Paulus se bediening. Volgens Galasiërs sou Paulus se bediening primêr aan die nie-Jode wees. In sy bediening het daar 'n krisis ontstaan waaroor duidelikheid verkry moes word, en Handelinge 15 beskryf hoe hulle na Jerusalem is om die saak op te klaar. Daardie vergadering het besluit dat nie van die Christene uit die heidene verwag kan word om die wet en tradisies van die Jode na te kom nie. Hierna sou dit duidelik wees dat Paulus se bediening, sowel as die gemeentes wat deur daardie bediening tot stand gekom het, 'n unieke karakter sou hê.

**Afleiding:**

- Paulus se unieke roeping tot 'n spesifieke deel van die bevolking het tot gevolg gehad dat sy bediening daar anders uitgesien het as die bediening in die kerk van Jerusalem. Vir Paulus het die konteks die bedieningstyl bepaal. Hierdie saak is egter op 'n kerklike vergadering eers uitgeklaar. Paulus offer dus nie die eenheid op ter wille van sy unieke bediening nie maar beskou die twee as versoenbaar met mekaar: verskeidenheid binne eenheid (3.2.5.3).

#### 3.2.5.4 Joodse Christene (v20)

Soos vroeër uitgewys, het die Jode wat Christene geword het nog steeds die hele wet en Joodse tradisie stiptelik onderhou (3.2.4.2.2; 3.2.4.2.4). Dit was versoenbaar met die Christelike evangelie, mits dit nie as voorwaarde vir redding gestel is nie. Hieroor het Paulus egter die Jode as die swakker broers in die geloof beskou (De Villiers, 1983:128; Marshall, 1989:344).

**Afleiding:**

- Paulus het ter wille van die swakker broers opgetree om die eenheid te bewaar. Die broers se swakheid was daarin geleë dat hulle nie die vryheid wat Christus bewerk het ten volle omhels het nie (3.2.5.4).

### 3.2.5.5 Nasireër-gelofte (23)

Die gelofte van die Nasireër word in Numeri 6:1-21 uiteengesit. Die aflê van so 'n gelofte simboliseer die persoon se gedissiplineerde toegewydheid aan God. Hierdie gelofte en die offers wat dit behels, is egter nie nagekom om verlossing per se te verkry nie, alhoewel die gepaardgaande offers tekens was van die offer van die Messias vir die volk (Marshall, 1989:345; Stott, 1990:341,342).

**Afleiding:**

- Deur die reiniging en offers saam met die ander mans te verrig het Paulus homself nie verloën deur te erken dat dit nodig was vir redding nie (3.2.5.5).

### 3.2.5.6 Gelowiges uit die heidennasies (25)

Wanneer iemand tot die Jodedom bekeer is, is so 'n persoon 'n proseliet genoem. Hierdie verskynsel was nie vir die Jode vreemd nie (Du Toit, 1997). Van hierdie proseliete is verwag om hulle te laat besny en die wet van Moses en Joodse tradisies ten volle na te kom. Deur Paulus se bediening het mense uit die heidennasies tot geloof gekom (Galasiërs 2:1-10).

Baie van die Joodse Christene was bereid om die nuwe 'Christene' te ontvang op voorwaarde dat hulle die wet onderhou (Handelinge 15:1). Dit is waarom daar groot stryd was toe mense uit die heidennasies Christene geword het maar nie van hulle verwag is om die wet te onderhou nie (Galasiërs 2). Op die kerklike vergadering, soos in Handelinge 15 beskryf, is besluit dat hulle nie die wet of tradisies hoef te onderhou nie en dat hulle daarvan vry was, met die uitsondering van 'n paar sake waardeur hulle die Joodse broers moes akkommodeer.

**Afleidings:**

- Hierdie gelowiges uit die heidennasies het baie anders daar uitgesien as die lidmate van die kerk in Jerusalem. Tog het hulle hulleself beskou as één met daardie kerk.
- Paulus het weens sy roeping onder hierdie gelowiges gewerk, maar nie van hulle verwag om hulle eenheid met die Jerusalemse kerk prakties uit te druk deur die Joodse tradisies na te kom nie. Hy het die verskeidenheid wat onder die gemeentes bestaan het, nie beskou as 'n teenpool van die eenheid nie (3.2.5.6; 3.2.5.4; 3.2.5.2).

### 3.2.5.7 Samevatting:

- Paulus het die ondersteuning van die kerk se leierskap geniet maar was onder verdenking by sommige van die lidmate (3.2.5.1).
- Die wantrou wat die gemeente in hom gehad het, het daartoe gelei dat Paulus die eenheid met die gemeente wou versterk deur hulle twyfel uit die weg te ruim (3.2.5.1) Dit het nie sy roeping teenoor hulle opgehef nie.
- Die twee groepe was in talle opsigte uiteenlopend, maar gebind in 'n eenheid wat nie noodwendig sigbaar vergestalt is nie (3.2.5.2)
- Paulus se unieke roeping tot 'n spesifieke deel van die bevolking het tot gevolg gehad dat sy bediening daar anders uitgesien het as die bediening in die kerk van Jerusalem. Vir Paulus het die konteks die bedieningstyl bepaal. Weens konflik hieroor is die saak eers op 'n kerklike vergadering uitgeklaar. Paulus offer dus nie die eenheid op ter wille van sy unieke bediening nie, maar beskou die twee as versoenbaar met mekaar: verskeidenheid binne eenheid (3.2.5.3).
- Paulus het ter wille van die swakker broers opgetree om die eenheid te bewaar. Die broers se swakheid was daarin geleë dat hulle nie die vryheid wat Christus bewerk het ten volle begryp het nie (3.2.5.4).
- Deur die reiniging en offers saam met die ander mans te verrig het Paulus homself nie verloën deur te erken dat dit nodig was vir redding nie (3.2.5.5).

- Hierdie gelowiges uit die heidennasies het baie anders daar uitgesien as die lidmate van die kerk in Jerusalem. Tog het hulle hulleself beskou as een met daardie kerk.
- Paulus het weens sy roeping onder hierdie gelowiges gewerk, maar nie van hulle verwag om hulle eenheid met die Jerusalemse kerk prakties uit te druk deur die Joodse tradisies na te kom nie. Hy het die verskeidenheid wat onder die gemeentes bestaan het, nie beskou as 'n teenpool van die eenheid nie (3.2.5.6; 3.2.5.4; 3.2.5.2).

### *3.2.6 Vergelyking van Handelinge 21:17-26 met verbandhoudende Skrifgedeeltes.*

#### 3.2.6.1 Motivering vir seleksie van Skrifgedeeltes

Die doel is om na te speur hoe die wisselwerking tussen eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling in Paulus se bediening in die lig van Handelinge 21:17-26 daar uitsien.

In Handelinge is Paulus se bepaalde optrede in die gemeente van Jerusalem duidelik. Talle verklaarders (De Villiers, 1983:128; Marshall, 1989:344; Stott, 1990:339; Wall, 2002:292; Johnson, 1990:379; Kistemaker, 1990:27,28,35) wil hierdie gebeure verstaan en interpreteer in die lig van ander bedieningsituasies waarin Paulus hom bevind het waar hy die eenheid moes bewaar — die verskeidenheid verdedig — terwyl hy getrou moes bly aan sy roeping.

Hierdie bedieningsituasies kom veral voor in die kerke in Galasië, Rome en Korinte. Die volgende perikope in hierdie briewe van Paulus werp lig op die gebeure in Handelinge —21:17-26:

- Galasiërs 2:11-14 en Galasiërs 3:1-6
- 1 Korintiërs 9:1-23
- Romeine 14:1-12
- Romeine 14:13-23

#### 3.2.6.2 Galasiërs 2:11-14 en Galasiërs 3:1-6

Die gebeure, soos in hierdie perikope beskryf, het plaasgevind na afloop van die vergadering by Jerusalem, soos in Handelinge 15 beskryf (Hendriksen, 1969:90). Hierdie gebeure was 'n belangrike baken wat die vroeë kerk uiteindelik gehelp het om duidelikheid te verkry oor bediening aan nie-Joodse Christene en Joodse Christene (George, 1994:171). Op die oog af kan die beskuldiging gemaak word dat die optrede van Petrus hier niks anders was as Paulus se optrede later in Handelinge 21 nie. Dit is egter nie die geval nie.

Petrus het hier geswig onder die druk van Joodse gelowiges uit die kerk in Jerusalem wat nakoming van die wet as voorwaarde vir redding gestel het. In die woorde van Paulus self: "Toe ek sien dat hulle van die reguit pad van die evangeliese waarheid afwyk..." (Galasiërs 2:14). Met Paulus se optrede in Handelinge 21 was dit nie die geval nie. Hy het nie iets by die evangelie gevoeg as voorwaarde vir redding nie. Deur sy optrede wou hy bloot vals gerugte weerlê ter wille daarvan om die eenheid te bewaar.

Petrus het nie maar aangepas by sy konteks ter wille van sy bediening nie; hy het deur sy optrede ingestem dat die Joodse gebruike en besnydenis noodsaaklik is vir redding en daardeur ander opregte gelowiges uitgesluit (Longenecker, 1990:79). Petrus het deur sy optrede ander (Barnabas) ook laat huigel. Die optrede van Petrus hier kan nie gelyk gestel word met die optrede van Paulus in Handelinge 21 nie.

Paulus stel duidelik in Galasiërs 3:1-6 dat verlossing slegs verkry word deur in Jesus Christus te glo — nie deur enige wet na te kom of na te laat nie.

**Afleidings:**

- Wanneer die hart van die evangelie aangetas word om sogenaamde eenheid te bewaar moet dit veroordeel word (3.2.6.2).

- Wanneer verskeidenheid geakkommodeer wil word en die evangelie sodoende skade ly, moet dit veroordeel word (3.2.6.2). Of negatief gestel: Slegs wanneer verskille afbreuk doen aan die evangelie, kan dit nie geakkommodeer word nie.
- Die waterskeiding om eenheid te bepaal is slegs die evangelie van genade en verlossing deur geloof in Jesus Christus (3.2.6.2).
- Petrus se optrede is nie vanuit sy roeping gemotiveer nie, en daarom uiteindelik in stryd met die evangelie (3.2.6.2).
- Geen kulturele, sosiale, etniese of enige ander oorweging mag in aanmerking geneem word om eenheid te bepaal nie. Die eenheid bestaan daarom te midde van verskeidenheid (3.2.6.2).

#### 3.2.6.3 Korintiërs 9:1-23

Hierdie perikoop is welbekend as Paulus se weergawe van 'n beginsel van missionêre akkommodasie en buigsaamheid (Thiselton, 2000:702). Thiselton (2000:703) is egter van mening dat hierdie beginsel nie net op die sendingveld van toepassing is nie maar ook op pastorale situasies en faksies in die kerk vandag. As voorbeeld maak hy spesifiek melding van Paulus se optrede in Handelinge 21:17-26 waar hy hierdie beginsel toepas.

Hieroor maak Thiselton die volgende opmerkings: "... in his relation to the Jews, whom he sought to convert, he behaved in Jewish fashion, e.g. observing Jewish customs" (Thiselton 2000:702). Oor Paulus, wat as Jood geroep is om onder nie-Jode te bedien, maak hy die opmerking: "The need for restraint, sensititvity, and a measure of accommodation may be demanded by a given calling, sometimes even contrary to a person's own cultural backrground and traditions. Paul not only lived this out, but also avoided the 'inverted' snobbery or 'twice-born' reactive arrogance which undervalues the very traditions which that person has been called to relativize." (Thiselton, 2000:705.)

Horsley (1998:131) bespreek die perikoop binne die konteks van die kerk in Korinte wat hulle nuutgevonde vryheid verkeerd verstaan. Hy probeer 'n korrektief bied op die gemeente se houding waarbinne hulle deur hulle optrede niks en niemand ontsien nie (Horsley, 1998:131; vgl. 1 Korintiërs 8). Dit is juis waarom Paulus so klem daarop lê dat hy nou 'n slaaf is van dié wat hy dien, ter wille van hulle saligheid. Oor Paulus se bedieningstrategie, soos blyk uit hierdie perikoop, maak Horsley (1998:131) die volgende baie belangrike opmerking: "He is able to adapt his own behavior to the particular needs of given missionary situations."

In Prior (1985:160) se verduideliking van wat Paulus se slaaf-wees vir ander behels, verwys hy na Handelinge 21:17-26 as voorbeeld en beskryf daardie gebeure as dat "(he) was quite ready to go through with actions which in Christ were unnecessary..."

**Afleidings:**

- Handelinge 21:17-26 is 'n toepassing van die beginsel wat Paulus in 1 Korintiërs 9:19-23 stel. Die beginsel is dat bedieningskonteks bepalend is vir bedieningsvorm. Hierdie feit noodsaak kerklike verskeidenheid, indien by hierdie Skriftuurlike beginsel gehou word (3.2.6.3).
- Wanneer op roepingsvervulling gefokus word, soos in die geval van Paulus, kan die verskeidenheid binne die eenheid geakkommodeer word (3.2.6.3).

### 3.2.6.4 Romeine 14:1-23

In hierdie perikoop word dieselfde twee groepe aangespreek as waarvan in Handelinge 21:17-26 sprake is. Hulle is die Joodse Christene (swakkere groep / tradisionaliste) en die nie-Joodse Christene (sterkere groep / liberaliste) (Lekkerkerker, 1975:152; Dunn, 1988:801; Mounce, 1995:251). Hierdie keer is dit in 'n ander konteks, naamlik die gemeente in Rome (Dunn, 1988:787).

Jonker (1976:178) verdeel hierdie perikoop in twee dele. Die eerste, verse 1-12, handel oor verdraagsaamheid teenoor mekaar in dinge wat nie tot die wese van die Christelike geloof of lewenswandel hoort nie. Die tweede, naamlik verse 13-23, stel die eis van die liefde dat geen struikelblok vir medegelowiges in die weg gelê moet word nie, maar dat die gelowige liewer moet afsien van wat op sigself nie onrein is nie, as dit sy broer aanstoot gee.

Hierdie indeling is besonder sinvol as die twee perikope soos volg opgesom kan word:

- verse 1-12 = verdra die verskeidenheid
- verse 13-23 = bewaar die eenheid

Indien met hierdie indeling gewerk word, ontvou 'n mooi perspektief op die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling.

### 3.2.6.4.1 Romeine 14:1-12

Hierdie perikoop het die sogenaamde swakker broers as primêre fokus. In hierdie perikoop is die belangrikste vir Paulus dat hierdie twee groepe mekaar eers as Christene moet aanvaar. Hierdie eis word hoofsaaklik gestel aan die sogenaamde broers met die meer tradisionele standpunte oftewel die Joodse Christene (Dunn, 1988:804). Ten einde die verskeidenheid te verdra moet hulle toegee dat Christenskap, soos hulle dit sien, meer inhou en wyer is as wat hulle dit in hul eie tradisies en gebruike interpreteer (Lekkerkerker, 1975:156,157).
In hierdie opsig stel Paulus dit baie sterk dat God self sal sorg dat die broers, wat na die mening van die Joodse-Christene 'te vêr gaan', deur God self staande gehou sal word (Mounce, 1995:252). Die kern hiervan is dat die voordeel van die twyfel aan die meer vrydenkende broers gegun word. Hulle moet dus dié aanvaar wat van hulle verskil ten opsigte van sake wat volgens hulle grondliggend is aan die geloof. Dunn (1988:805) stel dat die tweede saak wat Paulus wil tuisbring dít is dat een party nie die ander met sy standpunt mag intimideer nie.

**Afleidings:**

- Wanneer verskille in die kerk voorkom, moet die een die ander altyd as broer in Christus ag (3.2.6.4.1).
- Vanuit hierdie eenheid in Christus moet die verskeidenheid geakkommodeer en nie veroordeel word nie (3.2.6.4.1).
- Die meer behoudende groep/standpunt mag daarom nie die meer vrydenkende groep/standpunt veroordeel nie (3.2.6.4.1).
- Verskille moet altyd in liefde hanteer word (3.2.6.4.1).
- Kerklike eenheid moet verskeidenheid in sy midde akkommodeer (3.2.6.4.1).
- Wanneer beide groepe op roepingsvervulling fokus, is harmonie moontlik (3.2.6.4.2).

### 3.2.6.4.2 Romeine 14:13-23

Hierdie perikoop spreek weer die broers aan wat in hulle vryheid so vêr gaan dat hulle neersien op diegene wat meer nougesette riglyne wil volg (Lekkerkerker, 1975:162). Hulle loop die gevaar om in liefdeloosheid op die ander neer te sien en hulle geloof nie te ag nie. Op hierdie wyse is hulle 'n struikelblok (Dunn, 1988:821). Die meer 'liberale' broers, om Dunn se beskrywing te gebruik, moet dus die einste vryheid waarop hulle roem, inspan om vrywillig die swakker broers te akkommodeer.

Die vraag is: Wat presies behels hierdie akkommodasie? Kan die 'liberales' maar net so vry wees as wat die 'tradisionaliste' hulle toelaat?

Die sake waaroor Paulus hier skryf, naamlik die wette met betrekking tot kos en heilige dae het weens die konteks van Joodse Christene in die diaspora, en veral Rome, so 'n kern van hul identiteit uitgemaak dat, wanneer dit misken is, hulle werklik die risiko geloop het om hulle in 'n geweldige geloofskrisis te bevind (Dunn,

1988:801-803). Dit behoort daarom die maatstaf te wees: die geloofskrisis wat by die broer aan wie aanstoot gegee word, kan ontstaan.

Die volgende ernstige oorweging wat die sterker broers in gedagte behoort te hou is die beeld van die kerk na buite (Lekkerkerker, 1975:164). 'n Liefdelose meerderwaardige houding wat 'n negatiewe skadu oor die kerk werp, moet ten sterkste afgewys word (Dunn, 1988:822).

**Afleidings:**

- Die meer vrydenkende groep/standpunt mag nie op die meer behoudende groep/standpunt neersien nie (3.2.6.4.2).
- Die meer vrydenkende groep/standpunt moet die meer behoudende groep/standpunt akkommodeer in soverre die verskil 'n geloofskrisis teweeg kan bring (3.2.6.4.2).
- Die beeld van die kerk in die oë van die wêreld moet te alle tye bewaar word (3.2.6.4.2).
- Kerklike verskeidenheid mag nooit ten koste van eenheid in Christus nagejaag word nie (3.2.6.4.2).
- Wanneer beide groepe op roepingsvervulling fokus, is harmonie moontlik (3.2.6.4.2).

### 3.2.6.5 Samevatting:

- Wanneer die hart van die evangelie aangetas word om sogenaamde eenheid te bewaar, moet dit veroordeel word (3.2.6.2).
- Wanneer verskeidenheid geakkommodeer wil word en die evangelie sodoende skade ly, moet dit veroordeel word (3.2.6.2). Of negatief gestel: Slegs wanneer verskeidenheid afbreuk doen aan die evangelie, kan dit nie geakkommodeer word nie
- Die watersskeiding om eenheid te bepaal is slegs die evangelie van genade en verlossing deur geloof in Jesus Christus (3.2.6.2).

- Petrus se optrede was nie vanuit sy roeping gemotiveer nie, en daarom uiteindelik in stryd met die evangelie (3.2.6.2).
- Geen kulturele, sosiale, etniese of enige ander oorweging mag in aanmerking geneem word om eenheid te bepaal nie. Die eenheid bestaan daarom te midde van verskeidenheid (3.2.6.2).
- Handelinge 21:17-26 is 'n toepassing van die beginsel wat Paulus in 1 Korintiërs 9:19-23 stel. Die beginsel is dat bedieningskonteks bepalend is vir bedieningsvorm. Hierdie feit noodsaak kerklike verskeidenheid, indien by hierdie Skriftuurlike beginsel gehou word (3.2.6.3).
- Wanneer op roepingsvervulling gefokus word, soos in die geval van Paulus, kan die verskeidenheid binne die eenheid geakkommodeer word (3.2.6.3).
- Wanneer verskille in die kerk voorkom, moet die een die ander altyd as broer in Christus ag (3.2.6.4.1).
- Vanuit hierdie eenheid in Christus moet die verskeidenheid geakkommodeer en nie veroordeel word nie (3.2.6.4.1).
- Die meer behoudende groep/standpunt mag daarom nie die meer vrydenkende groep/standpunt veroordeel nie (3.2.6.4.1).
- Verskille moet altyd in liefde hanteer word (3.2.6.4.1).
- Kerklike eenheid moet verskeidenheid in sy midde akkommodeer (3.2.6.4.1).
- Wanneer beide groepe op roepingsvervulling fokus, is harmonie moontlik (3.2.6.4.2).
- Die meer vrydenkende groep/standpunt mag nie op die meer behoudende groep/standpunt neersien nie (3.2.6.4.2).
- Die meer vrydenkende groep/standpunt moet die meer behoudende groep/standpunt akkommodeer in soverre die verskil 'n geloofskrisis teweeg kan bring (3.2.6.4.2).
- Die beeld van die kerk in die oë van die wêreld moet te alle tye bewaar word (3.2.6.4.2).
- Kerklike verskeidenheid mag nooit ten koste van eenheid in Christus nagejaag word nie (3.2.6.4.2).

### *3.2.7 Omvattende samevatting*

- Kerklike eenheid en verskeidenheid is nie teenpole wat onversoenbaar met mekaar is nie. Geen kulturele, sosiale, etniese of enige ander oorweging mag in aanmerking geneem word om eenheid te bepaal nie. Selfs groot sosiale en kulturele verskille behoort akkommodeerbaar te wees. Die eenheid bestaan daarom te midde van verskeidenheid (3.2.6.2). Die verhouding is eerder 'n verskeidenheid te midde van die eenheid, oftewel 'n verskeidenheidseenheid. Die aard van die eenheid laat ruimte vir verskeidenheid op plaaslike vlak (3.2.5.2). Die beginsel is dat bedieningskonteks bepalend is vir bedieningsvorm. Hierdie feit noodsaak kerklike verskeidenheid, indien by hierdie Skriftuurlike beginsel gehou word (3.2.6.3). Wanneer op roepingsvervulling gefokus word, soos in die geval van Paulus, kan die verskeidenheid binne die eenheid geakkommodeer word (3.2.6.3).

- Wat die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling betref, blyk dit dat groter klem op enige van die beginsels geplaas kan word ter wille van die herstel van die balans. Só 'n optrede is eerder 'n kwessie van korrekte optrede binne 'n bepaalde konteks om aanstoot te vermy en effektief te bedien, as blote huigelary (3.2.4.1; vgl. 3.2.6.6).

- Uit die woordstudies blyk dit dat kerklike bediening per definisie roepingsvervulling is. In hierdie roepingsvervulling kan kerklike eenheid selfs met die strengste van strominge gehandhaaf word, tensy die kern van die evangelie daardeur aangetas word. Selfs al is kerklike verskille middelmatig moet die eenheid bewaar word. Optredes wat nie in stryd is met die kern van die evangelie nie, behoort akkommodeerbaar te wees (3.2.4.2).

- Die waterskeiding om eenheid te bepaal is slegs die evangelie van genade en verlossing deur geloof in Jesus Christus (3.2.6.2). Wanneer die hart van die evangelie aangetas word om sogenaamde eenheid te bewaar, of verskeidenheid te akkommodeer moet dit veroordeel word (3.2.6.2). Of negatief gestel: Slegs wanneer verskille afbreuk doen aan die evangelie, kan dit nie geakkommodeer word nie.

- Wanneer verskille in die kerk voorkom, moet die een die ander altyd as broer in Christus ag (3.2.6.4.1). Vanuit hierdie eenheid in Christus moet die verskeidenheid in liefde geakkommodeer en nie veroordeel word nie (3.2.6.4.1). Die meer behoudende groep/standpunt mag daarom nie die meer vrydenkende groep/standpunt veroordeel nie (3.2.6.4.1). Kerklike eenheid moet verskeidenheid in sy midde akkommodeer (3.2.6.4.1). Wanneer beide groepe op roepingsvervulling fokus, is harmonie moontlik (3.2.6.4.2). Die meer vrydenkende groep/standpunt mag nie op die meer behoudende groep/standpunt neersien nie (3.2.6.4.2). Die meer vrydenkende groep/standpunt moet die meer behoudende groep/standpunt akkommodeer in soverre die verskil 'n geloofskrisis teweeg kan bring (3.2.6.4.2). Die beeld van die kerk in die oë van die wêreld moet te alle tye bewaar word (3.2.6.4.2).


# HOOFSTUK 4 –

# Empiriese gegewens: kwalitatiewe navorsing.

## 4.1 Inleiding

### *4.1.1 Oriëntering*

In Hoofstukke 2 en 3 van hierdie studie is die hermeneutiese ondersoek afgehandel. In hierdie ondersoek is gepoog om die huidige stand van sake te verstaan en te verklaar. Gebeure vind egter nooit in isolasie plaas nie en daarom is die empiriese moment noodsaaklik. Die empiriese moment wil die 'wie doen wat' verbind met die 'waar en wanneer'.




**Figuur 4: Empiriese moment (Heitink, 1999:220)**

Alle aktiwiteit is situasioneel en vind plaas binne 'n bepaalde tyd en ruimte met 'n unieke konteks. Die empiriese ondersoek hoop om lig hierop te werp. In hierdie sin staan die empiriese ondersoek nie lynreg teenoor die hermeneutiese en strategiese momente nie. Dit dra by tot die ontwikkeling van 'n verstaans- en praktykteorie, en wil kennis genereer wat dit moontlik sal maak om die huidige onbevredigende situasie na 'n meer aanvaarbare een te verander (Heitink, 1999:221-225). Anders as by die metode van Zerfass (1974:167) funksioneer hierdie drie momente daarom

nie in strakke isolasie van mekaar nie maar is interaktief met 'n bepaalde wisselwerking (Heitink, 1999:221).

In sowel 2.6 in Hoofstuk 2 wat handel oor bedieningstrategieë in praktyk, as die hele Hoofstuk 3 word uiteindelik juis die situasie wat aangepas moet word, geskets. Die bevindinge in 2.6 maak nie deel uit van die empiriese moment nie, omdat dit in wese gegewe literatuur as inligtingsbron gebruik en nie vraelyste of onderhoude nie. So iets is toelaatbaar, want dit is juis hier waar oorvleueling tussen die verskillende momente van die prakties-teologiese navorsingsmetode, soos uitgewerk deur Heitink (1999:233-239), sigbaar word.

### *4.1.2 Doelstelling*

Om vas te stel hoe gereformeerde lidmate in die Ooste van Pretoria die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling in die bediening wat hulle ontvang, ervaar.

### *4.1.3 Werkplan en Metode*

Heitink (1999:229-231) beskryf drie metodes van empiriese navorsing, naamlik beskrywende navorsing, verkennende navorsing en die toets van hipoteses. Hy beskryf hierdie metodes as volg:

- Beskrywende navorsing fokus op 'n sistematiese beskrywing van 'n tema op grond van empiriese data.
- Verkennende navorsing beklemtoon die verduideliking en interpretasie van gegewens waarvan min bekend is en geen teorie daaromheen ontwikkel is nie.
- In navorsing waar die geldigheid van bepaalde hipoteses getoets word, word bepaal of geldige verbande tussen die werklikheid en die teoretiese grond bestaan.

In hierdie empiriese studie word verkennend navorsing gedoen om te bepaal wat die beskouing is van gereformeerde lidmate in die Ooste van Pretoria oor die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling.

Hierdie empiriese navorsing word gedoen aan die hand van 'n kwalitatiewe ondersoek wat gestruktureerde onderhoude behels met 'n toetsgroep uit elke plaaslike kerk wat in Hoofstuk 2 in 2.6 behandel is. So word nege in-diepte-onderhoude gevoer met persone vanuit gereformeerde tradisie in die Ooste van Pretoria.

Telkens sal die vraag wat in die onderhoud gevra is, gestel word, gevolg deur die respons van elkeen van die toetspersone volgens 'n bepaalde kode. In die lig van die antwoorde van die toetspersone sal dan, indien van toepassing, 'n afleiding van hul antwoord gemaak word met betrekking tot die invloed van die bediening wat hulle tans ontvang.

Die kodering werk as volg. Elke gemeente in die studie het sy eie kode. Wapadrant Gereformeerde Kerk se kode is **WG**, Moreleta Nederduitsch Gereformeerde Kerk se kode is **MN**, en Meyerspark Hervormde Kerk se kode is **MH**. Die lid van die kerkjeug in elkeen van die gemeentes word aangedui deur die syfer **1**, die volwasse vrou deur die syfer **2** en die volwasse man deur die syfer **3**. As voorbeeld is die volwasse vrou in Meyerspark Hervormde gemeente se kode **MH-2**.

### *4.1.4 Begrensing*

Om die doel van hierdie hoofstuk te bereik word die toetsgroep slegs geneem uit elkeen van die gemeentes wat in 2.6 behandel is. Om so vêr moontlik objektiwiteit te verseker voldoen die toetsgroep aan die volgende vereistes:

- Nie een van die toetspersone was betrokke by die ontwikkeling van hul gemeente se bedieningstrategie nie.

- Elkeen van die toetspersone ontvang reeds 5 jaar of meer bediening in hul gemeentes.
- Elkeen van hierdie toetspersone is meelewende lidmate in hul gemeentes.

Lidmate in drie gereformeerde gemeentes in die Ooste van Pretoria is telkens ondervra. Vergelyk die motivering by 2.1.4.

## 4.2 Empiriese analise

Telkens sal die vraag wat in die onderhoud gevra is, gestel word, gevolg deur die respons van elkeen van die toetspersone volgens 'n bepaalde kode, en dan 'n afleiding. In die lig van die antwoorde van die toetspersone sal dan, indien van toepassing, ook afleidings van hul antwoord gemaak word met betrekking tot die invloed van die bediening wat hulle tans ontvang.

Laastens sal samevattende afleidings gemaak word met betrekking die lidmate se beskouing van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling en die invloed van die bediening wat hulle ontvang daarop.

### *4.2.1 Vrae rakende eenheid*

#### 4.2.1.1 Hoe belangrik is eenheid van u kerk met ander kerke in dieselfde kerkverband vir u?

- WG
    - 1 – Dit is baie belangrik.
    - 2 – Dis nogal belangrik. Vir myself is ek nie baie gepla oor wat ander mense dink nie. Dit pla my nie regtig wat ander kerke doen nie.
    - 3 – Baie belangrik.
- MN
    - 1 – In die Bybel staan die kerk is die liggaam van Christus en daar word nie net gepraat van 'n gemeente nie, maar almal is gelowiges en

almal het presies dieselfde doel om die nasies vir God te wen, so om saam te werk help baie keer, maar elke kerk moet sy deel doen in sy onmiddellike omgewing. Tog moet kerke saamwerk om die groot doel te bereik

  - 2 – Omdat ons 'n NG kerk is, is dit belangrik om eenheid met ander NG kerke te behou. Maar dit is ook vir my belangrik dat ons nie net onsself as een beskou met die NG kerk nie maar ook in Christus met alle ander kerke.
  - 3 – Dit is vir my belangrik. Ek glo egter nie eenheid is in die manier waarop mense dinge doen nie, dit kan nie net op papier wees nie want dan beteken dit niks nie. Eenheid kan mens slegs sien op die grond. Daar waar kerke saam werk, daar is eenheid. Dit is vir my belangrik dat kerke so saam kan werk.
- MH
  - 1 – Ek dink dit is baie belangrik. Ons is tog almal een groot kerk. En ek dink dat ons deel moet wees van die Hervormde kerk.
  - 2 – Ek dink dit is belangrik.
  - 3 – Baie, baie belangrik.

**Afleiding:**

- Al die respondente ag eenheid van hul gemeente met ander gemeentes in 'n bepaalde kerkverband as belangrik, alhoewel hulle dit verskillend verstaan en verskillende motiverings daarvoor gee (4.2.1.1).

### 4.2.1.2 Waarom is dit vir u belangrik?

- WG
  - 1 – Omdat meer mense so bereik kan word.
  - 2 – Dit pla nie.
  - 3 – Weens die eenheid in Christus. Eenheid binne die kerkverband verseker eenheid in strewe.

- MN
  - 1 – Ek glo ek het dit so pas verduidelik
  - 2 – As ons in geloof een is, is dit nie iets wat weggevat kan word nie.
  - 3 – Omdat kerke so die dienskneggestalte van Christus openbaar deur die minste te kan wees teenoor mekaar en die ander se belange op die hart dra. Die eenheid is in die hulp wat gemeentes aan mekaar kan gee.
- MH
  - 1 – Ons moet almal saamstaan. Ons is Christene en koek saam as Christene. Ek voel ons moet almal bymekaar wees.
  - 2 – Ek dink nie 'n gemeente kan op sy eie funksioneer nie. Gemeentes het mekaar nodig om te ondersteun ten opsigte van kennis en vaardighede asook finansiële middele.
  - 3 – Die gees van die Hervormde kerk wil hulle uniekheid behou wat ten nouste verbind is aan hulle ontstaansgeskiedenis.

**Afleiding:**

- Die respondente se motivering verskil. Die meerderheid se motivering vir die belangrikheid van kerklike eenheid sentreer om die hulp wat gemeentes so aan mekaar kan bied. Ander noem beter roepingsvervulling (WG3, MN1) en behoud van identiteit (MH3) (4.2.1.2).

#### 4.2.1.3 Waarin, sou u sê, lê gelowiges regoor die wêreld se eenheid met mekaar?

- WG
  - 1 – Ons is almal Christene en glo in Christus.
  - 2 – Jesus Christus. Solank hulle glo dat Hy vir hulle sondes gesterf het, opgestaan het en besig is om ons plek voor te berei. Dit is vir my die belangrikste.
  - 3 – Geloof in Christus, in God.

- MN
    - 1 – Basies in drie dinge. Dat daar net een weg is om in die hemel te kom en dit is deur Jesus Christus, asook ons roeping in Matteus 28 en wat vir my regtig belangrik is, is dat ons die Bybel lees en glo wat ons lees. Die Bybel is maklik genoeg om te verstaan oor die dinge wat belangrik is, maar mense probeer soms dinge inwerk. Ons moet net luister na die Bybel.
    - 2 – In Jesus Christus.
    - 3 – Wat vir my belangrik is, is dat iemand uit 'n ander geloofsgemeenskap glo dat Jesus vir my sondes gesterf het en dat ek daardeur verlos is. Dit is vir my die kern, baie van die goed waaroor so maklik gestry word, is eintlik irrelevant.
- MH
    - 1 – Ons almal aanbid dieselfde God.
    - 2 – Geloof in Jesus Christus.
    - 3 – In Christus. Sonder Christus kan daar nie van eenheid gepraat word nie.

**Afleiding:**

- Die respondente sien die kern van wêreldwye eenheid in 'n gemeenskaplike geloof in Christus. Ander sake word ook as belangrik beskou, naamlik die aanvaarding van die betroubaarheid van die Bybel en die roeping van die kerk (MN1) (4.2.1.3).

#### 4.2.1.4 Op watter wyse deel u kerk 'n eenheidsband met ander kerke binne u kerkverband?

- WG
    - 1 – Ek weet nie eintlik nie, die Gereformeerde kerk is maar baie meer rustiger as ander kerke. Die eredienste is nie so uitbundig soos baie NG kerke nie.
    - 2 – Ek weet nie baie daarvan nie.
    - 3 – Kanselruil tussen gemeentes en kerklike vergaderings.

- MN
  - 1 – By die Jeug is dit soos C.S.V.-kampe waar gemeentes saamwerk en saamgaan. Die manier wat ons glo en eintlik dieselfde as wat ek nou genoem het oor geloof in Christus, die gehoorsaamheid aan ons roeping en geloof dat die Bybel genoeg is.
  - 2 – Half gedwonge deur die sinode en die ring en ander kerklike strukture.
  - 3 – Moreleta poog om regtig uit te reik na hulpbehoewende gemeentes en ander wat om hulp kom aanklop rondom verskillende aspekte van bediening. Ons probeer raad en hulp gee aan ander gemeentes sodat ons by mekaar kan leer. Stephan Joubert het 'n bepaalde bediening waarin hy leiertoerusting doen in die NG kerk as leraar van ons gemeente wat spesifiek gaan oor leieropleiding. Die eenheid is vir my eerder op bedieningsvlak as formele strukturele sake. Eenheid gaan oor verhoudings en ek dink nie mens kan 'n ding forseer terwyl dit nie in praktyk kan werk nie.
- MH
  - 1 – Ons almal het dieselfde manier van kerk-wees. Dieselfde geloofsbelydenis en dieselfde kerkorde.
  - 2 – Ek sou dink in ringsverband is daar 'n netwerk van kommunikasie maar ook hoe ons saamwerk met ons sendinggemeente in Mamelodi.
  - 3 – Die wyse waarop die Woord verstaan en uitgelê word. Die kerkorde. Aktuele aanspreek van vrae in die gemeenskap.

**Afleiding:**

- Die respondente beskou kerklike eenheid verskillend in verskillende kerkverbande. Die twee hoofsake waarin dit gesien word, is kerklike vergaderings (WG3, MN2, MH1, MH2, MH3) en bedieningstyl/aktiwiteite (WG1, WG3, MN1, MN3, MH1, MH2, MH3) Bedieningsaktiwiteite dra by hulle meer gewig (4.2.1.4).

#### 4.2.1.5 Hoe belangrik is vergaderings waar ander kerke uit u kerkverband saamkom vir u kerk?

- WG
  - 1 – Dit is belangrik, dit gee 'n riglyn vir die kerk hoe om die Woord reg oor te dra. Dit help ook dat hulle standpunte en opinies kan toets om te weet watter een is die regte een.
  - 2 – Dit is seker belangrik, maar vir my tel dit nie regtig punte nie. Dit moet seker gedoen word omdat ons deel is van die GKSA. Dis nodig dat mens darem 'n bietjie verhoudinge met mekaar het. Veral as die kerk dinge doen wat nie reg is nie, dan is dit goed dat daar ander kerke is wat toesig kan hou.
  - 3 – Baie belangrik, sodat eenstemmigheid verkry kan word oor die rigting waarin die kerke beweeg.
- MN
  - 1 – Hulle doen regtig moeite om met ander gemeentes te skakel en om mekaar te ondersteun en raad te vra.
  - 2 – Ek dink nie dit is vir ons gemeente baie belangrik nie. Skakeling met ander kerke wat nie noodwendig in die NG kerkverband is nie, is vir ons 'n hoër prioriteit as byvoorbeeld die ringsvergadering.
  - 3 – Ek dink ons woon dit by maar ek dink nie die waarde daarvan is groot vir ons bediening nie. Dit help nie mens forseer mekaar na 'n vergadering toe en die res van die jaar praat jy nie met mekaar nie, dit moet vir almal van waarde wees. Dis nie eenheid nie. Ek het vrae oor die sisteem.
- MH
  - 1 – Dit is baie belangrik. Ons moet weet wat ander mense se menings is. Ons moet nie op ons eie wees nie. Ons moet hoor hoe ander kerke oor ander dinge dink.
  - 2 – Baie belangrik. Hierdie spesifieke gemeente is die afgelope tyd baie betrokke. Ons predikant is verkies as die Voorsitter van die ring

en twee van ons ouderlinge is ringsouderlinge. So ek dink ons gemeente is baie betrokke daarby.

  - 3 – Baie belangrik. In ons ring neem ons gemeente die leiding. Dit is belangrik om te hoor wat ander gemeentes en ander ringe doen

**Afleiding:**

- Kerklike vergaderings word positief deur die respondente beoordeel waar dit ervaar word dat dit 'n bydrae lewer tot plaaslike bediening (WG1, WG3, MN1, MH1, MH2, MH3). In ander gevalle staan die respondente skepties teenoor die waarde van die vergaderings vir plaaslike bediening (WG2, MN2, MN3) (4.2.1.5).

#### 4.2.1.6 Hoe belangrik is vergaderings waar verskillende kerke/kerkgroepe saamkom vir u kerk bv. Biddae, seminare, vigskonferensies ens.?

- WG
  - 1 – Met die dataprojektors kom 'n mens dit agter dat hulle soms sulke dinge adverteer.
  - 2 – Ek weet nie veel van so iets nie. Ek dink dit sal nogal lekker wees.
  - 3 – Kom nie baie sterk uit in die gemeente nie.
- MN
  - 1 – Ja, ons neem deel aan die 'Global day of prayer' en allerhande sulke dinge word afgekondig in ons gemeente en ons lidmate help baie by sulke geleenthede.
  - 2 – Dit is baie belangrik vir ons. Dit is op hierdie vlak waar ons eenheid met ander beleef.
  - 3 – Ja, dit is vir ons baie belangrik. Denominasies maak nie vir ons as gemeente saak nie. Ons is deel van die Transforming Thswane-inisiatief wat allerhande samekomste hou om 'n impak te maak op die stad. Ons gemeente neem baie graag aan sulke geleenthede deel en inisieer ook baie sulke aksies.

- MH
  - 1 – Ek dink dit is belangrik dat ons saamstaan, maar ek weet nie regtig van sulke dinge nie.
  - 2 – Ek dink dit is belangrik, maar ek dink nie dit word so goed ondersteun deur die gemeente as sulks nie.
  - 3 – Formeel is daar op die jaarprogram ekumeniese geleenthede. Ekumene word nie regtig op hierdie vlak of wyse uitgeleef in ons gemeente nie. Dit dra na my mening nie regtig vrug nie.

**Afleiding:**

- WG1, WG3, en MH3 blyk nie baie bewus van en entoesiasties te wees oor sulke geleenthede nie. WG2, MH1, MH2 is nie bewus daarvan nie, maar klink wel entoesiasties. MN1, MN2, MN3 is almal baie bewus van sulke geleenthede en slaan dit baie hoog aan. (4.2.1.6). Die standpunte blyk uiteenlopend te wees, terwyl daar 'n bepaalde ooreenkoms is tussen die opinies van lidmate in dieselfde gemeentes.

**4.2.1.7 Wat maak dat u kerk met ander kerke saam in 'n kerkverband is?**

- WG
  - 1 – Ons bedieningstyl, ons is rustiger en doen dinge anders.
  - 2 – Al die verskillende sakramente wat dieselfde is. Die manier van doen stem baie ooreen in al die Gereformeerde kerke. Ek dink tog ons is baie meer los as ander kerke.
  - 3 – Geloof in Christus en kerklike vergaderings
- MN
  - 1 – Seker die manier wat ons glo. Ek weet nou nie van die tegniese dinge nie. Ek het wel reeds verwys na die liggaam en ons het die doel om saam te werk.
  - 2 – Sake van gemeenskaplike belang wat deur die ring aangebied word, maar nie eintlik ander dinge waaraan ek kan dink nie. Ons is nog redelik anders as baie ander NG kerke.

- 3 – Ringvergaderings en so. In terme van bedieningstyl en 'n klomp ander goed lyk ons nie meer soos 'n NG kerk nie. Moreleta word gesien as 'n meer charismatiese kerk, dit hang seker daarvan af wat jou definisie is van charismaties, maar ons laat baie ruimte vir die Heilige Gees en die bedieningstyl in die algemeen.

- MH
  - 1 – Ons is 'n baie aktiewe kerk en baie mense kom na ons aksies toe.
  - 2 – Die tradisies van die kerk as sulks. Ons gemeente is redelik behoudend wat tradisies betref.
  - 3 – Die kerklike struktuur en die wil om nie geïsoleerd te werk nie. Om mekaar te ondersteun, as ek dink aan ons verhouding met ons sustergemeente in Silverton wat swaarkry en leun op ons ondersteuning. Ander gemeenskaplike belange.

**Afleiding:**

- Bedieningstyl/aktiwiteite (WG1, WG2, MH2, MH3) en kerklike vergaderings (WG3, MN1, MN2, MN3, ) is die twee hoof redes wat deur die respondente aangevoer word. Kerkverband word gesien in die lig van gemeenskaplike belange en vergaderings (4.2.1.7).

#### 4.2.1.8 Waarin, sou u sê, lê u kerk se eenheid op die oomblik met ander kerke in u kerkverband?

- WG
  - 1 – Die erediens en alles, ek weet wat aangaan as ek in 'n ander Gereformeerde Kerk kom, dit is baie dieselfde.
  - 2 – Maar die manier hoe ons van die goeters doen.
  - 3 – Geloof in Christus. Nie op die oomblik in erediensstyl nie.
- MN
  - 1 – Ek kan nie nou so vinnig dink nie.
  - 2 – Dat ons deelneem aan die ringsvergaderings en ander gemeentes betrek in ons projekte, en ook ondersteuning aan hulle wil bied.

    - 3 – In ons gereformeerde strukture of benadering. Verder ook dalk in die manier waarop die sakramente bedien word.
- MH
    - 1 – Ek dink ons jeugaktiwiteite trek baie ander Hervormde lidmate en dit is ons groot raakpunt.
    - 2 – Kom weereens neer op die tradisie. Maar ook dalk wyer, Christus as Verlosser.
    - 3 – Ek dink nie ons sal sommer op ander gronde as die bogenoemde met ander gemeentes saamwerk nie.

**Afleiding:**

- Eenheid binne kerkverband word gedefinieer ooreenkomstig bedieningstyl (WG1, WG2, MH1, MH2, MH3), kerklike tradisie (MH2) en kerklike vergaderings (MN2, MN3) (4.2.1.8).

**4.2.1.9 Waar, sou u sê, behoort u eenheid met ander kerke in u kerkverband te lê?**

- WG
    - 1 – Die Woord wat hulle aan mense leer.
    - 2 – Ek weet nie.
    - 3 – Geloof in Christus
- MN
    - 1 – In dit wat ons glo, wat ons doen, en dit is omtrent dit.
    - 2 – Daarin dat ons dieselfde leer verkondig: Geloof in Jesus Christus en die Bybel as die waarheid. Dit behoort die basiese dinge te wees.
    - 3 – Ek glo nie dit moet afgeforseer word deur vergaderings en die tipe formele strukturele sake nie. Dit behoort gesien te word op die grond waar ons besig is met bediening en uitreik, ek glo dit is waar ware eenheid lê. Soos ek reeds gesê het, glo ek iets op papier wat nie in praktyk gebeur nie, beteken niks.

- MH
    - 1 – Ek dink die eenheid moet orals sigbaar wees in geheel.
    - 2 – Mens het tog een saambindende faktor en dit is geloof in die Drie-enigheid. Dit is vir my die saambindende faktor.
    - 3 – Ons sal waarskynlik meer kan bereik as ons eenheid op 'n ander manier laat werk waar daar bv. die doel is om evangelisasie in 'n gemeente uit te bou dat gemeentes mekaar kan help, maar dit gebeur nie. Dit is eerder 'n elkeen-vir-homself-tipe ding. Die eenheid wat tans bestaan, is struktureel wat op ons afgedwing word en ander minder belangrike dinge. Daar is nie werklik 'n eenheid wat evangelisering betref nie, alhoewel dit dalk op hoër vlakke genoem word. Die kern van ons eenheid is in ons geloof in Christus

**Afleiding**:

- Alhoewel eenheid in kerkverband tans ooreenkomstig bedieningstyl, kerklike tradisie en vergaderings gedefinieer word (vgl. 4.2.1.8), is die mening dat dit eerder geleë moet wees in geloof in Christus (WG3, MN1, MN2, MH2, MH3) en praktiese bediening (MN3, MH1) (4.2.1.9).

**4.2.1.10 Waar, sou u sê, behoort u eenheid met ander kerke buite u kerkverband te lê?**

- WG
    - 1 – Geloof in Jesus.
    - 2 – In Jesus Christus.
    - 3 – In geloof in Jesus Christus. Nie in kosmetiese sake soos bv. die gebruik van kelkies by nagmaal nie
- MN
    - 1 – Almal het verskillende maniere hoe hulle glo, maar solank as die basies drie goeters net staan wat ek vroeër genoem het, dan kan ons met mekaar saam stap.

- 2 – Dieselfde as wat ek nou genoem het. In Jesus Christus en geloof in sy Woord as openbaring.
- 3 – Dit is veral gekoppel aan projekte soos uitreik aan vigswesies en dié tipe aktiwiteite. Dit is op grondvlak waar ek glo die eenheid moet sigbaar wees. Selfs in die NG kerk. Almal deel 'n passie vir die spesifieke bediening en dit is wat ons moet saambind. Eenheid behoort te lê in bedieninge waar mense se roepingsvervulling plaasvind. Ek sien kerk as om op die grond te wees. Hoë teologiese gesprekke oor 'n klomp goed help niks as mens dit nie op die grond doen nie, dis maar weer soos ek netnou gesê het.

- MH
  - 1 – Ek weet nie of ons regtig so groot band met ander kerke het nie.
  - 2 – In die Drie-enigheid.
  - 3 – Geloof in Jesus Christus.

**Afleiding:**

- Die respondente beskou eenheid met ander kerke buite hul kerkverband grootliks slegs in geloof in Jesus Christus (WG1, WG2, WG3, MN 1, MN2, MH2, MH3). Tog meen een respondent dat dit verder strek as slegs geloof, — dit strek ook oor gesamentlike praktiese bediening oor kerkgrense heen (MN3) (4.2.1.10).

**4.2.1.11 Waarom, sou u sê, is eenheid tussen kerke nodig vir die kerke om hul roepings te vervul?**

- WG
  - 1 – So word al hoe meer mense geraak, hoe meer kerke daar is, hoe meer mense gaan na die kerke toe.
  - 2 – Ek dink eenheid is tog nodig. Solank die waarheid gepraat word en Jesus verkondig word. Ek weet nie wat help dit nie. Dalk dat hulle leiding kry by ander kerke.

- 3 – Om in dieselfde rigting te beweeg met bediening en nie onnodig energie te verspil nie.

- MN
    - 1 – Om raad te vra en mekaar te ondersteun.
    - 2 – Ek dink die groot roeping is om dissipels te maak en as ons 'n groter forum het en almal praat uit een mond uit om dit te bereik het jy baie meer trefkrag. Maar as daar verskeuring in die kerk is, ly die getuienis van die kerk rondom Christus daaronder.
    - 3 – In 'n sekere sin kan dit 'n toets wees vir 'n kerk om te bepaal in hoe mate die gemeente diensbaar is aan ander kerke en na ander kerke kyk. Moreleta is nie beter as 'n ander kerk nie. As gelowiges saamstaan en dieselfde doelstellings het en die evangelie op dieselfde manier verstaan, kan 'n mens as 'n verenigde front na die wêreld toe gaan, met ander woord as jou roepings dieselfde is dan moet jy tog saam kan gaan. Dit is ook van groot waarde op praktiese vlak waar verskillende gemeentes en kerke hul hulpbronne tot mekaar se beskikking kan stel, byvoorbeeld help Moreleta baie met die logistiese bestuur van kosvoorraad vir die 'Transforming Thswane'-veldtog wat uit verskeie kerke en kerkgroepe kom.
- MH
    - 1 – Ek dink dit is goed as ons mekaar se menings hoor en mekaar leer verstaan om ook by ander te kan leer.
    - 2 – Ek sou nie dink dit is noodsaaklik nie, maar ek dink dit is goed want skakeling met mekaar maak 'n band sterk.
    - 3 – Ek dink so. Sodat ons by mekaar kan leer en mekaar kan ondersteun en help met raad en ervaring. Groter samewerking maak dat ons beter gebruik kan maak van ons geleenthede.

**Afleiding:**

- Al die respondente meen dat kerklike eenheid uitgedruk in terme van gemeentelike hulp aan en ondersteuning van mekaar tot roepingsvervulling

bydra (WG1, WG2, WG3, MN1, MN2, MN3, MH1, MH2, MH3) (4.2.1.11; vgl.4.2.1.2).

**4.2.1.12 Sou u sê die verskeidenheid kerke wat vandag bestaan, bedreig die eenheid van die kerk regoor die wêreld? Motiveer.**

- WG
  - 1 – Ek dink nie so nie. Al doen baie mense dinge verskillend in die kerk, het elkeen tog 'n plekkie waar hulle tuis voel. Mense wat dinge anders doen, is glad nie 'n bedreiging vir ons nie.
  - 2 – Nee, die ideaal sal seker wees dat almal dieselfde leer het maar dis nie vir my so baie belangrik nie. Die belangrikste bly vir my Jesus Christus. Verskillende kerke is nie 'n bedreiging nie. Al is ons anders is ons tog een. Ek voel ons moet fokus op dit waaroor ons saamstem.
  - 3 – Nee, nie regtig nie. Kerke moet minstens een wees wat hul geloof in Christus betref, verder kan kerke maar verskillend bedien en tog dieselfde eindresultaat verkry.
- MN
  - 1 – Op die oomblik voel dit asof baie mense regtig in die Bybel dinge lees wat nie daar staan nie. Dit bedreig die eenheid. As mense maar net die Bybel vat soos wat dit geskryf is sal dit beter gaan. Op die oomblik is die grootste bedreiging mense wat die Bybel misbruik en dinge probeer laat sê wat nie daar staan nie. Ander kleiner dinge soos aanbiddingstyl en sulke sake dink ek nie bedreig die eenheid nie.
  - 2 – Nee, ek dink nie so nie. As mens dink dat in 'n gemeente daar maar 'n klomp selle is, net so is daar in die groot kerk van die Here ook maar verskillende selle wat elkeen sy eie werk en eie ding doen. Ek dink die media kan sulke verskeuring goeters praat wat eintlik 'nonsense' is en maar eintlik die duiwel is wat wil inkom en dit verkeerd maak, maar ek dink nie dit is noodwendig verkeerd nie.
  - 3 – Nee wat, ek dink dit maak dit net meer moontlik vir die kerk om alle mense beter te kan bereik. Mense is nie almal dieselfde nie en so

beantwoord verskillende kerke in verskillende lande aan bestaande behoeftes.

- MH
    - 1 – Ek dink so, want mense het verskillende maniere hoe hulle wil kerkgaan. Ek weet die Hervormdes is meer outyds en so, en meeste van die mense hou nie van die idee van die manier waarop ander kerke hulle werk doen nie. Ons mense hou net van ons manier van kerk, hulle is skepties oor ander goed.
    - 2 – Ek glo nie, ek dink tog verskillende groepe kan tog aanbid op die manier wat hulle self volgens die Bybel as korrek verstaan. Ek dink nie dit kan die eenheid van totale kerk-wees bedreig nie.
    - 3 – Ja, dit straal 'n slegte beeld uit en maak dat kerke nie noodwendig saamwerk nie. Die verskeidenheid is inhiberend vir die eenheid.

**Afleiding:**

- Die meeste respondente meen nie dat kerklike verskeidenheid wêreldwye eenheid bedreig nie en dat daar ruimte moet wees vir verskillende mense (WG1, WG2, WG3, MN1, MN2, MN3, MH2). Die opmerking word selfs gemaak dat elke deel van die verskeidenheid sy eie taak het (MN2). Twee respondente meen egter wel dat wêreldwye eenheid bedreig word deur kerklike verskeidenheid (MH1, MH3) (4.2.1.12).

**4.2.1.13 Hoe, sou u sê, help die eenheid van u kerkverband u plaaslike kerk om sy roeping te vervul?**

- WG
    - 1 – Om meer mense te bereik.
    - 2 – Ek weet nie regtig nie. Kerke is seker maar nodig vir mekaar om mekaar te kan help en beskerm.
    - 3 – Dit behoort 'n invloed te hê, veral wanneer dit minder volwasse gemeentes is wat deur middel van die eenheid by ander gemeentes kan leer wat sekere dele van die bediening betref.

- MN
  - 1 – Ek kan nie nou aan 'n voorbeeld dink nie.
  - 2 – Daar is nie nou iets waaraan ek dadelik kan dink nie.
  - 3 – Ag ek dink ek het dit reeds aangeraak deur te noem dat die waarde daarvan veral deurkom wanneer dit op praktiese vlak sigbaar is waar gemeentes mekaar prakties help in die uitvoer van hul roepings.
- MH
  - 1 – Ja, ek dink so.
  - 2 – Ek kan nie aan 'n voorbeeld dink nie.
  - 3 – Nie regtig in ons geval nie. Behalwe dat dit dalk maak dat ons nie afdwaal in ons bediening in geheel nie.

**Afleiding:**

- Die meeste respondente is nie pertinent bewus van die bydrae tot roepingsvervulling van hulle plaaslike kerk wat kerklike eenheid in hulle kerkverband maak nie (WG1, WG2, WG3, MN1, MN2, MH1, MH2, MH3). Een respondent meen egter dat daar waar die eenheid prakties sigbaar is, dit van hulp is (MN3) (4.2.1.13).

**4.2.1.14 Sou u sê dat u kerk sy roeping beter kan uitvoer indien dit dieselfde lyk as ander kerke in u kerkverband.**

- WG
  - 1 – Nee, ek dink bietjie verskeidenheid sal dalk goed wees. Party kerke trek dalk meer tieners as ander kerke.
  - 2 – Nee, wat vir my in Wapadrant lekker is, is die aktiwiteite onder die jongmense en dat ons dinge kan doen soos wat ons dink nodig is.
  - 3 – Nee, definitief nie, elke omgewing en gemeente in daardie omgewing is uniek. Die kerk moet aanpas by sy omgewing.
- MN
  - 1 – Al die kerke wat presies dieselfde funksioneer, verloor lidmate. Dit is nie wat die Here wil hê nie. Hy wil dat mens groei. Die manier

waarop ons funksioneer, is eintlik God self wat werk, ons probeer maar net soveel ons kan om gehoorsaam te wees en by Hom te hoor wat ons moet doen. Soos ons gemeentevisie loop die water dieper en wyer. Die statistiek bewys duidelik dat as ons soos ander gemeentes moes funksioneer, sou ons dalk nie so doeltreffend wees nie.
    - 2 – Die eenheid daarvan gaan dit nie verkeerd maak nie.
    - 3 – Nee, nie noodwendig nie. Daar is dalk iets te sê vir eenvormigheid wat nodig is as mens dink hoe die wêreld na die kerk kyk maar ek glo dat die eenheid in werklikheid prakties op grondvlak moet lê. Ek glo nie Moreleta sou noodwendig hul roeping beter kon uitvoer nie.
- MH
    - 1 – Nee, as elke ou van sy tipe kerk hou en hy is gemaklik daarmee en besig om sy roeping uit te leef is dit goed.
    - 2 – Ja, dit is 'n groter eenheid.
    - 3 – Ja, veral wanneer ons dieselfde lyk in sekere opsigte waarin ander gemeentes suksesvol is. As ons so Geesvervuld werk dan sal dit help. Dit help nie ons lyk dieselfde as gemeentes wat nie suksesvol is nie.

**Afleiding:**

- Eendersheid in kerklike funksionering van kerke binne kerkverband om effektiewe roepingsvervulling te verseker word nie deur van die respondente as noodsaaklik geag nie (WG1, WG2, WG3, MN1, MN2, MH1). Die wat dit wel as bevorderlik vir roepingsvervulling ag, meen dat dit die geval is waar gemeentes in positiewe opsigte dieselfde is (MH2, MH3) (4.2.1.14).

#### 4.2.1.15 Enige iets anders wat u nog oor kerklike eenheid sou wou noem?

- WG
    - 1 – Nee, dankie.
    - 2 – Nee, dankie.
    - 3 – Nee, dankie.

- MN
  - 1 – Die belangrikste is dat mense moet weet dat klein details nie 'n verskil moet maak nie, solank die drie dinge waarvan ek heeltyd praat in plek is, is als goed.
  - 2 –Nee, dankie
  - 3 – Nee wat, ek glo jy het gehoor hoe my hart daaroor klop.
- MH
  - 1 – Nee, dankie.
  - 2 – Nee wat, dankie.
  - 3 – Nee, dankie.

#### 4.2.1.16 Afleidings oor kerklike eenheid:

- Al die respondente ag eenheid van hul gemeente met ander gemeentes in 'n bepaalde kerkverband as belangrik, alhoewel hulle dit verskillend verstaan en verskillende motiverings daarvoor gee (4.2.1.1).
- Die respondente se motivering verskil. Die meerderheid se motivering vir die belangrikheid van kerklike eenheid sentreer om die hulp wat gemeentes so aan mekaar kan bied. Ander noem beter roepingsvervulling (WG3, MN1) en behoud van identiteit (MH3) (4.2.1.2).
- Die respondente sien die kern van wêreldwye eenheid in 'n gemeenskaplike geloof in Christus. Ander sake word ook as belangrik beskou, naamlik die aanvaarding van die betroubaarheid van die Bybel en die roeping van die kerk (MN1) (4.2.1.3).
- Die respondente beskou kerklike eenheid verskillend in verskillende kerkverbande. Die twee hoofsake waarin dit gesien word, is kerklike vergaderings (WG3, MN2, MH1, MH2, MH3) en bedieningstyl/aktiwiteite (WG1, WG3, MN1, MN3, MH1, MH2, MH3) Bedieningsaktiwiteite dra by hulle meer gewig (4.2.1.4).
- Kerklike vergaderings word positief deur die respondente beoordeel waar dit ervaar word dat dit 'n bydrae lewer tot plaaslike bediening (WG1, WG3, MN1,

MH1, MH2, MH3). In ander gevalle staan die respondente skepties teenoor die waarde van die vergaderings vir plaaslike bediening (WG2, MN2, MN3) (4.2.1.5).

- WG1, WG3, en MH3 blyk nie baie bewus van en entoesiasties te wees oor sulke geleenthede nie. WG2, MH1, MH2 is nie bewus daarvan nie, maar klink wel entoesiasties. MN1, MN2, MN3 is almal baie bewus van sulke geleenthede en slaan dit baie hoog aan. (4.2.1.6). Die standpunt blyk uiteenlopend te wees, terwyl daar 'n bepaalde ooreenkoms is tussen die opinies van lidmate in dieselfde gemeentes.
- Bedieningstyl/aktiwiteite (WG1, WG2, MH2, MH3) en kerklike vergaderings (WG3, MN1, MN2, MN3, ) is die twee hoof redes wat deur die respondente aangevoer word. Kerverband word gesien in die lig van gemeenskaplike belange en vergaderings (4.2.1.7).
- Eenheid binne kerkverband word gedefinieer ooreenkomstig bedieningstyl (WG1, WG2, MH1, MH2, MH3), kerklike tradisie (MH2) en kerklike vergaderings (MN2, MN3) (4.2.1.8)
- Alhoewel eenheid in kerkverband tans in terme van bedieningstyl, kerklike tradisie en vergaderings gedefinieer word (vgl. 4.2.1.8), is die mening dat dit eerder geleë moet wees in geloof in Christus (WG3, MN1, MN2, MH2, MH3) en praktiese bediening (MN3, MH1) (4.2.1.9).
- Die respondente beskou eenheid met ander kerke buite hul kerkverband grootliks slegs in geloof in Jesus Christus (WG1, WG2, WG3, MN 1, MN2, MH2, MH3). Tog meen een respondent dat dit verder strek as slegs geloof — dit strek ook oor gesamentlike praktiese bediening oor kerkgrense heen (MN3) (4.2.1.10).
- Al die respondente meen dat kerklike eenheid uitgedruk ooreenkomstig gemeentelike hulp aan en ondersteuning van mekaar tot roepingsvervulling bydra (WG1, WG2, WG3, MN1, MN2, MN3, MH1, MH2, MH3) (4.2.1.11; vgl.4.2.1.2).
- Die meeste respondente meen nie dat kerklike verskeidenheid wêreldwye eenheid bedreig nie en dat daar ruimte moet wees vir verskillende mense

(WG1, WG2, WG3, MN1, MN2, MN3, MH2). Die opmerking word selfs gemaak dat elke deel van die verskeidenheid sy eie taak het (MN2). Twee respondente meen egter wel dat wêreldwye eenheid bedreig word deur kerklike verskeidenheid (MH1, MH3) (4.2.1.12).

- Die meeste van die respondente is nie pertinent bewus van die bydrae tot roepingsvervulling van hulle plaaslike kerk wat kerklike eenheid in hulle kerkverband maak nie (WG1, WG2, WG3, MN1, MN2, MH1, MH2, MH3). Een respondent meen egter dat daar waar die eenheid prakties sigbaar is, dit van hulp is (MN3) (4.2.1.13).
- Eendersheid in kerklike funksionering van kerke binne kerkverband om effektiewe roepingsvervulling te verseker word nie deur van die respondente as noodsaaklik geag nie (WG1, WG2, WG3, MN1, MN2, MH1). Die wat dit wel as bevorderlik vir roepingsvervulling ag, meen dat dit die geval is waar gemeentes in positiewe opsigte dieselfde is (MH2, MH3) (4.2.1.14).

### *4.2.2 Vrae rakende verskeidenheid*

#### 4.2.2.1 **Dink u elke plaaslike kerk in u kerkverband moet prakties dieselfde lyk/funksioneer? Motiveer.**

- WG
  - 1 – Nee, verskeidenheid sal goed wees maar nie drastiese verskeidenheid nie.
  - 2 – Ag nee wat, hulle hoef nie.
  - 3 – Nee.
- MN
  - 1 – Ek glo nie. Soos 'n besigheid moet mens eers kyk na die kliënte wat jy het. In hierdie omgewing soek die mense nie 'n outydse verskriklike stywe dinge met 'n orrel en al daardie tipe dinge nie. As dit so was, sou minder mense aangespreek gewees het. Jy moet kyk na jou teikengroep. Jy is hier om die wêreld te wen vir die Here. Dit help nie jy kom na iemand toe met 'n styl wat hy nie kan verdra nie. Jy kom

na hom toe met dit wat hy wil hê. By 'n plek waar mense verskriklik konserwatief is, moet jy daarby aanpas, want dit gaan werk. Solank hulle net 'n kind van die Here is en in Christus glo. Hier waar ons is, sien ons dat die manier waarop ons dit doen werk — ons trek al by 16 000 lidmate.

  - 2 – Solank die waarheid van die Bybel dieselfde is, glo ek nie dat die struktuur en bedieningstyl dieselfde moet wees nie. Dit maak 'n verskil of jy op die platteland sit of in die stad.
  - 3 – Ek dink nie dit is prakties moontlik nie. As ek glo dat mens 'n sekere bedieningstyl of bedieningspatrone neem, moet ek aanvaar dat daar iemand anders is wat óf ouer as ek is óf uit 'n ander agtergrond kom wat nie gemaklik gaan wees in dieselfde omgewing waar ek gemaklik gaan wees nie. Mens aanvaar dat jy verskeidenheid moet kan hanteer. In die verlede was 'church hopping' nie so algemeen nie, maar ek dink baie meer mense doen dit nou en eindig maar uiteindelik by 'n kerk waar hulle gemaklik is.
- MH
  - 1 – Ek sal daarvan hou, want dan verminder dit die wrywing tussen kerke, want sodra daar groot verskille is en nuwe orde ingebring word, is daar altyd rusie tussen die gemeentes. As almal dieselfde is, gaan dit makliker wees.
  - 2 – Nee, ek dink nie dit is nodig nie. Ek glo elkeen kan sy eie karakter behou binne die bepalinge van die kerkwet en kerkorde.
  - 3 – Nee, elke gemeente is anders en het ruimte om anders te wees. Wat by ons gaan werk, gaan byvoorbeeld nie in die middestad werk nie. Mens moet die omgewing en die profiel van die gemeente in ag neem. Dit gaan dus oor die konteks.

**Afleiding:**

- Al die respondente behalwe een (MH1) meen dat eendersheid nie as 'n noodsaaklikheid vir roepingsvervulling beskou word nie (4.2.2.1). Die

motivering van die betrokke respondente is dat eendersheid konflik wel kan verminder.

#### 4.2.2.2 Dink u dit is Bybels dat kerke verskillend lyk?

- WG
    - 1 – Ek dink so.
    - 2 – Die ideaal is dat ons almal een moet wees, maar ek het al baie gewonder hoekom is ons soveel verskillende Christelike kerke wat dinge so anders doen. Ek het al baie daaroor gewonder. Dalk het dit iets te doen met die vertaling van die Bybel en dat elkeen uiteindelik sy eie interpretasie het. Ek dink nie dit maak iets aan ons saligheid dat die een kerk anders is as die ander kerk nie.
    - 3 – Ja.
- MN
    - 1 – Ja wat. Ek dink nie daar staan iets wat dit verbied nie.
    - 2 – Ja.
    - 3 – Ja, ek glo so. Dit is vir my belangrik dat ek geestelik sal groei in die gemeente waar ek deel is. As ek deel is van 'n gemeente waar ek voel ek nie noodwendig groei ervaar nie, sal ek kyk of daar ander opsies is wat my sal help om te groei. Ons mense is verskillend gemaak en het verskillende behoeftes.
- MH
    - 1 – Ek dink tog so. Ek dink dit is menslik dat al die mense nie van dieselfde ding hou nie.
    - 2 – Ek kan nie sien dat dit nie Bybels is nie.
    - 3 – Ja, ek dink so; daar is genoeg sprekende voorbeelde in die Nuwe Testament daarvoor. Die evangelie moet dieselfde wees maar die behoeftes mag verskil.

**Afleiding:**

- Al die respondente behalwe een (WG2) meen dat kerklike verskeidenheid Bybels is. Die betrokke respondent beskou kerklike eenheid as die ideaal, maar die afwesigheid daarvan word nie beskou as belemmerend vir redding nie (4.2.2.2).

**4.2.2.3 Sou u sê dat dit die kerk met sy roepingsvervulling kan help as dit nie dieselfde lyk nie? Motiveer.**

- WG
    - 1 – Ja ek dink so. Mense is tog nie dieselfde nie, hulle word op verskeie maniere geraak
    - 2 – Ja, in 'n mate dink ek so omdat ons nie so eng is nie. Vir my kinders is dit lekker om in ons kerk te wees. Hulle gaan na ander gemeentes en kerke toe maar as hulle huis toe kom dan sê hulle dat hulle hier regtig kos kry, hulle voel die ander kerke is meer soos 'n konsert en daar is so baie goed wat gedoen word voordat daar regtig by die preek uitgekom word. Ek dink ons kerk is jongmensvriendelik.
    - 3 – Ja, dit sluit baie aan by die vorige vrae, veral dat 'n gemeente moet aanpas by sy omgewing.
- MN
    - 1 – Ek dink nogal so, ja.
    - 2 – In die huidige situasie in ons land waar die NG kerke negatief praat en baie besig is om dood te gaan sal dit juis help om anders te wees as die gemiddelde NG kerk, want die gemiddelde NG kerk is op die afdraand pad. Ons is op die opdraand pad en as ons soos hulle lyk, gaan dit ons definitief nie help nie.
    - 3 – Ek dink nie dit is noodwendig ongesond nie. Ek is net bekommerd oor die volwassenheid van gemeentes en mense om mekaar te aanvaar. In ons eie gemeente wat baie groot is, is een van die groot uitdagings om verskeidenheid te kan hanteer en ek voel ons moet

voorsiening maak vir verskeidenheid. Waar jy verskeidenheid hanteer en nie wegdeins van roeping nie, dink ek is dit uitstekend.

- MH
  - 1 – Nee, ek dink dit sal ons juis nie help nie.
  - 2 – Ja, ek dink alhoewel gemeentes lid is van dieselfde kerk het hulle tog hulle eie identiteit en ek dink nie dit is nodig om hul identiteit te verloor om te voldoen aan hul roeping nie.
  - 3 – Ek dink dit is tot nou toe die behoud van ons voortbestaan gewees dat die kerke by mekaar kan leer en so ook kan groei.

**Afleiding:**

- Al die respondente behalwe een (MH1) meen dat die plaaslike kerk sy roeping beter kan uitvoer indien dit nie dieselfde as ander kerke lyk nie. Die respondent meen dat verskeidenheid juis die roepingsvervulling van die kerk gaan belemmer (4.2.2.3).

**4.2.2.4 Waarom lyk kerke verskillend regoor die wêreld?**

- WG
  - 1 – Dit het baie met die tradisies en kultuur en opvoeding met mense te doen.
  - 2 – Ek dink maar dit is smaak. Ek hou van lewendige opgewekte musiek, ander hou van stil en stemmige goeters. Ek is gelukkig soos wat ons dinge doen.
  - 3 – Om aan te pas by hulle omgewings ten einde die eindresultaat te bereik.
- MN
  - 1 – Want mense en gemeenskappe verskil. Ek het nie 'n pyn daarmee nie. Ek dink dit kan verskil, ek dink dit is uitstekend dat kerke verskil. Ek dink dit is hoe die Here dit wil.
  - 2 – Omdat God verskillende gawes aan verskillende mense gegee het. Die een groep is meer evangelies gedrewe en die ander groep

meer gerig op barmhartigheid. Die gemeentes funksioneer dan anders. God het verskillende roepings aan verskillende mense gegee en een gemeente se roeping kan verskil van 'n ander gemeente se roeping.

  - 3 – Ek dink dit is meestal kultuurgoed. Mens moet gemaklik voel waar jy is.

- MH
  - 1 – Mense hou van verskillende goed. Mense verskil.
  - 2 – Omdat mense verskillend dink en voel. Mense verstaan selfs die Bybel verskillend. Ek is dalk baie liberaal wat dit betref. maar ek glo dat elkeen ruimte het om anders te mag en kan wees. Jy moet gaan waar jy aanklank vind.
  - 3 – Dit is eie aan die mens en sy tradisies en manier van doen. Die mens is baie verskillend en mense reageer verskillend.

**Afleiding:**

- Die verskeidenheid kerke regoor die wêreld word deur die respondente toegeskryf aan: kultuurverskille of tradisie (WG1, MN1, MN3. MH3), aan eie smaak of voorkeur (WG2, MH1, MH2) en aan gawes of roeping (WG, MN2) (4.2.2.4).

### 4.2.2.5 Sou u sê dit is nodig dat kerke verskillend lyk? Waarom?

- WG
  - 1 – Ja, dit help hulle om al die mense te kan bereik.
  - 2 – Ja, ek weet nie of dit nodig is nie, maar dit is dalk goed sodat elkeen tuis kan voel.
  - 3 – Ja, beslis, want anders kan hulle nie hul eindresultaat bereik nie. Die mense gaan nie luister nie.
- MN
  - 1 – Mense is verskillend. As hulle die Here op hulle eie manier wil aanbid, dan is dit goed. Jy jaag meer mense weg as als dieselfde is.

As dit verskillend is en pas in by sy behoefte, dan laat hy dit doen. Die belangrikste is geloof in Jesus Christus alleen, die uitleef van jou roeping en geloof in die Bybel.

  - 2 – Ja, ek dink dit is nodig om die behoeftes van verskillende mense te akkommodeer.
  - 3 – Ek dink die kerk sit 'hier' en daar is verskeidenheid in die kerk, en die wêreld sit 'daar' en daar is verskeidenheid in die wêreld. As die wêreld na die kerk toe kom, gaan hulle nie almal op een plek pas nie. Dit gaan afhang van jou agtergrond en kultuur en wat jy in die kerk soek.

- MH
  - 1 – Ek dink so. Elke ou moet gemaklik wees met sy tipe kerk.
  - 2 – Ek dink dit is nodig. Ek kom terug daarna, daar is nie twee mense wat dieselfde is nie. In hierdie liggaam waar ons Christus dien, hoekom wil ons dan almal dieselfde wees?
  - 3 – Ja, verseker.

**Afleiding:**

- Al die respondente meen dat kerklike verskeidenheid noodsaaklik is. Die algemene rede wat daarvoor aangevoer word is die noodsaak dat die kerk tot die verskeidenheid in die behoeftes van die mensdom moet spreek (4.2.2.5).

**4.2.2.6 Kan kerke nog een wees, al lyk/funksioneer hulle verskillend? Motiveer.**

- WG
  - 1 – Ja, ek dink daar is die hoofaspek wat ons saambind dat ons die evangelie verkondig en glo dat die Bybel die Woord van God is.
  - 2 – Ja, ek dink tog.
  - 3 – Verseker. Bv. met nagmaal kan mens verskillende maniere gebruik, maar uiteindelik besig wees met dieselfde saak.

- MN
  - 1 – Definitief. Om deel te wees van die liggaam van Christus stel nie te veel vereistes nie en as mense daaraan kan voldoen, is dit reg. Solank mense verskil binne Bybelse perke.
  - 2 – Ja, definitief, want die eenheid lê in Christus.
  - 3 – Kom ons gaan terug na wat ek netnou gesê het. Ek dink kerke maak te veel 'n bohaai oor dinge wat nie relevant is nie. Fokus liewer op dit waar 'n mens saamstem eerder as wat jy fokus op verskille.
- MH
  - 1 – Ja, al lyk hulle verskillend is hulle tog besig met dieselfde werk.
  - 2 – Ja ek dink dit kan, want die basiese sake is dieselfde.
  - 3 – Ja, as die eenheid gedefinieer word. As die eenheid in Christus bepaal word. Dit is wat ons tot dusver aan mekaar gebind het.

**Afleiding:**

- Al die respondente meen dat kerklike eenheid oor die breë spektrum moontlik is al lyk/funksioneer kerke verskillend. Die redes wat hiervoor aangevoer word, is: dat die kerk tog besig is met dieselfde doel (WG1, WG3, MN3, MH1, MH2) en dat eenheid in slegs in Christus geleë is (MN1, MN2, MH3) (4.2.2.6).

**4.2.2.7 As 'n kerk verskillend wil lyk/funksioneer, wat mag die redes wees wat dit sal toelaat?**

- WG
  - 1 – Hulle moet die goedkeuring van die gemeente kry anders gaan hulle die gemeente wegdryf. Hulle moet ook toestemming kry by ander kerkvergaderings.
  - 2 – Groei kan dalk 'n goeie rede wees. As die kerk groei, weet jy jy is op die regte pad. Hoe meer mense kerk toe kom, hoe beter.
  - 3 – Jou lidmate moet geken word en insette hê.

- MN
    - 1 – Als wat ek maar tot nou toe genoem het.
    - 2 – Om die behoeftes van die gemeenskap te bevredig. Of ook om terug te kom na die Woord toe as daarvan afgewyk word.
    - 3 – As jy werklik 'n Handelinge 2 kerk is en werklik jou roeping uitleef, dan sal alle kerke dieselfde doen. Maar as jy binne kerklike omstandighede vasgevang word wat jou keer om werklik kerk te wees is dit waarskynlik genoeg rede om anders te lyk of weg te breek of iets in die aard.
- MH
    - 1 – Die meerderheid moet rigting gee. Ek dink vir die 'greater good' is dit nodig, al stem almal nie saam nie. Jy moet die mense gelukkig hou.
    - 2 – Die samestelling van die gemeente kan baie daartoe bydra. Mens kan nie van 'n gemeente wat uit baie jongmense bestaan, verwag om dieselfde te funksioneer as 'n gemeente wat uit hoofsaaklik ouer mense bestaan nie. Elke gemeente het sy eie karakter en stempel wat hy wil afdruk in eredienste en die manier van verkondiging.
    - 3 – Suiwer om die gemeente se werksaamheid te vergemaklik. En om die verkondiging sinvol te laat geskied. Daar moet ruimte wees vir 'n gemeente om in sy konteks te kan pas, maar dit mag nie ten koste wees van die suiwerheid van die evangelie nie.

**Afleiding:**

- Die verskillende redes wat gegee word, is: die goedkeuring van die gemeente (WG1, WG3, MN, MH3), effektiewer bediening of groei (WG2, MN3, MH2, MH3) en om gehoorsaam te wees aan die Woord (MN2, MN3) (4.2.2.7).

#### 4.2.2.8 Bedreig die verskeidenheid van kerke die eenheid daarvan? Hoe?

- WG
  - 1 – Ek dink nie verskeidenheid belemmer die eenheid nie. Elke kerk het 'n verskillende manier om die Woord te verkondig en die mense wat daarby aanklank vind, gaan na so kerk toe. Mense is nie dieselfde nie en het verskillende behoeftes.
  - 2 – Nee, ek glo nie. Solank elkeen ruimte laat vir die ander.
  - 3 – Ek dink nie die verskille in die GKSA is so groot dat die eenheid daardeur bedreig behoort te word nie.
- MN
  - 1 – Nee, ek glo nie.
  - 2 – Nee.
  - 3 – Nee ek glo nie. Verskillende kerke het almal dieselfde roeping wat hul wil uitleef, maar miskien op 'n ander manier. Ek dink na buite, na die wêreld toe, is dit 'n baie wasige beeld wat hulle sien as hulle na die kerk kyk.
- MH
  - 1 – Nee, solank elkeen doen wat vir hom gemaklik is en almal besig is met dieselfde ding, dink ek nie so nie.
  - 2 – Ek ervaar dit nie so nie.
  - 3 – Omdat die werkswyse van gemeente tot gemeente verskil, is daar verseker nie eenheid soos wat daar moet wees nie. As ons meen dat ons Christus verkondig en dat ons eenheid daarin is, sou dit slegs versterk kon word as ons saam sou kon werk. Ek dink die verskeidenheid moet inhiberend wees vir die eenheid van die kerk in die sin dalk dat dit nie bevorderlik is vir die eenheid nie. Dit straal 'n slegte beeld uit en maak dat kerke nie noodwendig saamwerk nie.

**Afleiding:**

- Die antwoorde van die respondente stem ooreen met dié van vraag 4.2.2.3, behalwe dat MH1 met hierdie vraag anders oor die saak blyk te voel, of het

die twee vrae verskillend verstaan. MH3 voeg 'n ander dimensie by, naamlik dat die verskeidenheid wel dalk inhiberend is vir die eenheid in die sin dat 'n negatiewe beeld aan die wêreld voorgehou word. Kerklike verskeidenheid blyk nie beskou te word as bedreigend vir kerklike eenheid nie (4.2.2.10).

**4.2.2.9 Waarin is u kerk uniek wat ander kerke in u kerkverband betref?**

- WG
  - 1 – Die gemeente is nie so streng oor baie dinge nie. Die mans staan nie altyd onder gebed soos by ander kerke nie. Ons kerk het bietjie ontdooi.
  - 2 – Ek dink ons is baie gefokus op die jongmense. Nie net die jongmense wat op skool is nie maar werkende en studerende jongmense. Ons is nie styf nie, en regtig baie informeel.
  - 3 – Die dinamiese karakter van die gemeente wat in baie kerklike sake 'n voorloper is van verandering.
- MN
  - 1 – Ons doen groot moeite om getrou te wees aan die Bybel se boodskap wat nie noodwendig so algemeen is nie.
  - 2 – Ek dink die groot uniekheid is in die plek maak vir die Heilige Gees om ons in alle opsigte te lei. 'n Groter ruimte word geskep vir die werking van die Heilige Gees. Elke ding word ondersoek of dit net tradisie is of is dit wat God wil hê dat ons moet doen. Ek dink dit is hoekom ons nog steeds 'n NG kerk wil bly want die leuse van die kerk is mos om terug te hervorm na die Woord toe, en dit is wat ons wil doen. Ons wil bly hervorm en kies teen dinge wat net tradisie is. As die tradisie Bybels is, dan is dit reg, maar nie net omdat dit tradisie is nie.
  - 3 – Ek dink wat ons probeer doen in Moreleta om ruimte te maak vir die leiding van die Heilige Gees en om die Here se wil te soek. Nie dat ander gemeentes dit nie doen nie, maar dit is 'n geval dat ons hoor en doen. Ons doen groot moeite om gehoorsaam te wees. Ek dink ook

een van die kernwaardes van die gemeente is die hele ding van 'groepe' wat neerkom op koinonia en gepaard gaan met verhoudings. Dit is egter nie noodwendig afwesig by ander gemeentes nie. Die gemeente funksioneer regtig as 'n eenheid en dat die verskillende ledemate is aktief. Daar is 'n klomp goed wat gebeur, dit is nie soos by ander gemeentes waar jy met 'n leier-pastor sit wat alles doen en die gemeente gaan maar net saam nie. Dirkie is wel die leierleraar maar ek dink nie hy speel dieselfde rol as wat jy sal kry in ander kerke nie.

- MH
  - 1 – Ons is baie bedrywig met ons Jeug.
  - 2 – Ek het eintlik nou net die vraag beantwoord. Ons gemeente is uniek in die sin dat ons altwee groepe probeer akkommodeer. Ons gemeente het wegbeweeg van pastorale bediening en funksioneer meer in werkgroepe wat dalk ook in hierdie stadium redelik uniek is in die Hervormde kerk. Klem is eerder op die werksgroepe in plaas van op die een of twee predikante wat daar is. Verder is die ouderlingvergadering dalk anders; wat baie gesteld is op toerusting van kerkraadslede en kategete. Daar word ook baie kursusse aangebied en alle gemeentes doen dit nie.
  - 3 – Ons is nie eintlik nie, dalk dat ons 'n groot en suksesvolle gemeente is. Bloot omdat ons ons doelwitte behaal deur hard te werk. Ek dink nie ons het so groot invloed na buite as wat ons potensieel kan bereik nie.

**Afleiding:**

- Die toetspersone beskou hul gemeentes as uniek in hulle kerkverbande wat betref: bedieningstyl (WG1, WG2, WG3, MN3, MH2), toewyding aan gehoorsaamheid (MN1, MN2, MN3) en suksesvolheid (MH1, MH3). Al die toetspersone uit die onderskeie gemeentes meen dat hulle gemeente ten minste een saak het waarin hulle uniek van ander gemeentes te onderskei is (4.2.2.9).

#### 4.2.2.10 Waarin is u kerk uniek wat enige ander kerk betref?

- WG
  - 1 – Ek dink nie ons is eintlik uniek nie
  - 2 – Ek glo nie ons is regtig uniek nie.
  - 3 – Ons is nie regtig so besonders nie, hier is baie ander groot kerke in Pretoria.
- MN
  - 1 – Nee wat, ons is nie regtig so uniek nie.
  - 2 – Nie wat ons van ons eie kant af doen nie. Ek dink ons is uniek in die sin dat God besluit het om hier te seën en te werk. Ons moet net saam beweeg. Hoekom Hy so besluit het, weet ons nie, want ons is dood ordinêre Christene soos enige ander kerk. Ons staan verstom oor wat die Here hier doen, want mense se lewens verander.
  - 3 – Ek dink nie ons het iets wat ons regtig uniek maak bo enige ander kerk nie.
- MH
  - 1 – Ons het baie formeel gebly en amper glad nie verander in die afgelope 20 jaar nie.
  - 2 – Ek dink in alle eerlikheid nie so nie. Ons bedien 'n bepaalde groep mense wat saamgegroepeer is as gevolg van hul kerklike oortuiging maar dit maak ons nie uniek nie.
  - 3 – Ons evangelisasietaak. Die Hervormde kerk het sending anders benadruk en 'n aparte struktuur geskep as die Hervormde kerk vir Swart mense om hulle te kan akkommodeer.

**Afleiding:**

- Respondente WG1, WG2, WG3, MN1, MN3, en MH2 meen nie dat hulle werklik uniek is wat enige ander kerk betref nie. Die respondente wat meen dat hulle wel 'n mate van uniekheid besit, beskryf dit as: 'n buitengewone

maat van God se seën (MN2), 'n gebrek aan verandering in 20 jaar (MH1) en evangelisasiepraktyk (MH3) (4.2.2.10).

**4.2.2.11 Dink u dit is nodig vir u kerk om in ag te neem wie die mense is wat hy wil bereik?**

- WG
  - 1 – Ja, dan sal hulle weet hoe om daardie mense te benader.
  - 2 – Nee, ek dink ons is daar vir almal.
  - 3 – Ja, absoluut.
- MN
  - 1 – Definitief.
  - 2 – Ja, verseker as mens dink aan die tienerdienste wat ingestel is.
  - 3 – Ja, beslis. Ek dink dit is belangrik
- MH
  - 1 – Ek dink dit is baie belangrik. As jy nie weet wie jy wil bedien nie, gaan jy nie regtig 'n impak maak nie.
  - 2 – Ja. Omdat wie die mense is gaan bepaal hoe jy hulle gaan bereik. Ons gemeente beweeg in die situasie waar ons geweldig baie opkomende sekuriteitsoorde het in ons grense. Ons getalle toon dit en styg dramaties. Dit is een van die redes waarom ons gemeente spesiaal 'n deeltydse predikant aangestel het om daardie mense te kan bedien.
  - 3 – Ja, beslis. Daardie mense moet gelukkig wees in die bediening wat hulle ontvang.

**Afleiding:**

- Al die respondente behalwe een (WG2) meen dit is nodig vir hulle gemeente om in ag te neem wie die mense is wat hulle wil bereik. Die motivering in die algemeen is vir effektiewer bediening. Dit wil voorkom of respondent WG2 nie dink dat dit nodig is om te besin oor die mense wat hulle wil bereik nie (4.2.2.11).

#### 4.2.2.12 Watter invloed het die omgewing waar u is, op u kerk se bediening?

- WG
  - 1 – Die gemeente neem dit in ag.
  - 2 – Ek dink nie die omgewing het 'n groot impak op ons nie.
  - 3 – 'n Groot invloed. Dit bepaal hoe ons daarop probeer beantwoord in ons bediening na buite.
- MN
  - 1 – Ek dink dit het 'n baie groot invloed. Alles is so vinnig en die kerk hou by die tempo.
  - 2 – Ja, ons het baie jongmense en probeer daarom daarvoor voorsiening te maak in ons bedieningsaanpak, terwyl ons min ou mense het. Die tipe bediening aan die mans neem ook so 'n vorm aan wat tot hulle sal spreek en waarin hulle sal belangstel, byvoorbeeld 'n mannekamp met 4x4 voertuie is baie populêr.
  - 3 – Mens wil kerk wees vir die gemeenskap. Ons is nou in die proses om te skuif na 'n nuwe kerkterrein en selfs daarin neem ons in ag wie die mense is wat ons wil bedien en bereik. Dit is maar die gemeenskap in die omgewing.
- MH
  - 1 – Ek dink nie dit het 'n invloed nie.
  - 2 – Ek kan nie werklik eerlik daarop antwoord nie. Ek dink nie ons gemeente is grafies so goed geleë nie. Polities andersdenkendes is op ons gemeente se direkte grense en dit kan nogal 'n invloed hê.
  - 3 –'n Groot invloed. Dit is tog die omgewing waaruit ons lidmate kom. Ek dink ook dat die swart woongebied naby aan ons gemaak het dat ons ons verskans het teen sekere invloede om ons karakter te kan behou in ons omstandighede.

**Afleiding:**

- Die respondente wat meen dat daar wel 'n invloed is, noem die invloed ten opsigte van: bedieningsvorm (WG3, MN2), bedieningstempo (MN1), ligging van kerkgebou (MN3) en politieke konflik (MH2, MH3). Die ander respondente meen dat daar nie 'n invloed is nie (WG2, MH1) of het nie gemotiveer nie (WG1). Dit wil voorkom of die omgewing waarin die betrokke gemeentes geleë is, in sommige gevalle 'n invloed op die bediening het en in ander gevalle weer nie (4.2.2.12).

**4.2.2.13 Wat, sou u sê, het gemaak dat u kerk 'n eie unieke konteks het? Glo u die Here het 'n doel daarmee?**

- WG
  - 1 – Die tipe mense oor die aarde verskil maar.
  - 2 – Ek weet nie eintlik nie.
  - 3 – Mense is maar orals verskillend
- MN
  - 1 – Ek voel die Here het ons hier gesit met 'n rede. Hier is geweldig baie mense in hierdie deel van Pretoria en ons wil vir al daardie mense bereik.
  - 2 – Ek glo die Here het ons hier geplaas vir 'n rede en ons moet gehoorsaam wees aan dit wat Hy wil hê dat ons moet doen.
  - 3 – Die Here het ons hiernatoe groep en oor die jare geseën en ons glo dat Hy regtig 'n roeping op die gemeente geplaas het. Dit maak ons nie beter as 'n ander gemeente nie.
- MH
  - 1 – Nee, ek dink nie dit maak regtig saak nie.
  - 2 – Ek glo die Here het ons beslis hier geplaas. Geografies is die naaste Hervormde kerk nie naby aan ons geleë nie en bedien ons daarom lidmate wat andersins moeiliker bediening sou kon ontvang.
  - 3 – Mense maar in die omgewing. Verder dink ek nie ons beïnvloed die omgewing so baie nie, alhoewel ons nou 'n evangelisasieprojek

het in die nuwe ontwikkelende gedeelte. As ons 'n invloed gehad het, sou ons stoele moes indra elke Sondag maar ons het dit nie.

**Afleiding:**

- Een respondent glo nie daar is 'n spesifieke rede vir hul gemeente se konteks nie (MH1). Vier respondente (MN1, MN2, MN3, MH2) skryf die unieke konteks toe aan die Here se wil. Die oorblywende drie respondente (WG1, WG3, MH3) meen dat verskeidenheid ten opsigte van mense die oorsaak is van hul konteks. Die omgewing waarin die gemeentes geleë is, word nie deurgaans beskou as 'n faktor wat bydra daartoe om die Here se roeping vir daardie gemeente te bepaal nie (4.2.2.13).

#### 4.2.2.14 Sou u reken dat u kerk sy roeping beter kan uitvoer indien sy bediening anders lyk as ander kerke in u kerkverband?

- WG
  - 1 – Ja, ek dink so. Dit is die aspek dat verskeidenheid nodig is.
  - 2 – Ja, definitief. As daar te veel van die sinode se kant af gesê word julle mag nie dit of dat nie dink ek sal ons nie effektief kan wees nie. Ons moenie beperk word nie, ons moet ons eie manier kan vind.
  - 3 – Ja, dit behoort. Soos ek reeds gesê het, is elke gemeente uniek met 'n unieke omgewing.
- MN
  - 1 – Ja, ek dink so.
  - 2 – Ek dink dit is wat ek netnou eintlik probeer aandui het. Dit gaan nie daaroor om anders te wees as ander kerke nie, maar om net terug te kom tot wat die Bybel sê. In die proses het dit gebeur dat ons anders begin lyk en funksioneer het maar ons is nie anders om mense te trek nie, ons is bloot gehoorsaam en daarom groei ons. Dit is goed dat ons die ruimte hiertoe het, want anders sou ons in 'n baie moeilike situasie gewees het.

- 3 – Nie noodwendig nie, maar ons het dalk 'n unieke rol om te speel en in daardie sin. Ons sou moeilik kon doen wat ons nou doen as ons presies soos alle ander gemeentes moes lyk. Ons wil meer gehoorsaam wees aan die Here as aan die kerkorde. As ons glo die Here roep ons om iets te doen waarvoor daar nie ruimte is in die kerkorde nie, dan moet ons die kerkorde verander. En dit is ook wat ons probeer doen.

- MH
  - 1 – Dit sal glad nie werk nie.
  - 2 – Na my mening behoort ons almal te kan bereik. Ek dink daar is al soveel aanpassing gemaak in die orde van die kerk dat dit almal behoort te kan akkommodeer.
  - 3 – Nie noodwendig nie. Dalk wel as dit maak dat ons meer suksesvol kan wees.

**Afleiding:**

- Die respondente wat meen dat ruimte vir verskeidenheid wel tot roepingsvervulling bydra, motiveer dit as: blote noodsaak van verskeidenheid (WG1), bevordering van effektiwiteit (WG2,WG3) en ruimte om gehoorsaam te wees aan hul roeping (MN2, MN3). Die wat meen dat dit nie die geval is nie, motiveer dit óf glad nie (MH1) óf deur die genoegsaamheid van veranderinge wat reeds aangebring is (MH2) óf met voorwaarde dat dit in positiewe opsigte sinvol kan wees (MH3). Daar is nie eenstemmigheid daaroor dat ruimte vir verskeidenheid bydra tot roepingsvervulling nie (4.2.2.14).

**4.2.2.15 Enige iets anders wat u graag oor verskeidenheid sou wou noem?**

- WG
  - 1 – Verskeidenheid is goed.
  - 2 – Nee, dankie.
  - 3 – Nee, dankie.

- MN
    - 1 – Nee wat, dankie.
    - 2 – Nee, dankie.
    - 3 – Nee wat, dankie.
- MH
    - 1 – Nee, dankie.
    - 2 – Nee, dankie.
    - 3 – Nee, dankie.

#### 4.2.2.16 Afleidings oor kerklike verskeidenheid.

- Al die respondente behalwe een (MH1) meen dat eendersheid nie as 'n noodsaaklikheid vir roepingsvervulling beskou word nie (4.2.2.1). Die motivering van die betrokke respondente is dat eendersheid konflik wel kan verminder.
- Al die respondente behalwe een (WG2) meen dat kerklike verskeidenheid Bybels is. Die betrokke respondent beskou kerklike eenheid as die ideaal, maar die afwesigheid daarvan word nie beskou as belemmerend vir redding nie (4.2.2.2).
- Al die respondente behalwe een (MH1) meen dat die plaaslike kerk sy roeping beter kan uitvoer indien dit nie dieselfde as ander kerke lyk nie. Die respondent meen dat verskeidenheid juis die roepingsvervulling van die kerk gaan belemmer (4.2.2.3).
- Die verskeidenheid kerke regoor die wêreld word deur die respondente toegeskryf aan: kultuurverskille of tradisie (WG1, MN1, MN3. MH3) aan eie smaak of voorkeur (WG2, MH1, MH2) en aan gawes of roeping (WG, MN2) (4.2.2.4).
- Al die respondente meen dat kerklike verskeidenheid noodsaaklik is. Die algemene rede wat daarvoor aangevoer word, is die noodsaak dat die kerk tot die verskeidenheid in die behoeftes van die mensdom moet spreek (4.2.2.5).

- Al die respondente meen dat kerklike eenheid oor die breë spektrum moontlik is al lyk/funksioneer kerke verskillend. Die redes wat hiervoor aangevoer word is: dat die kerk tog besig is met dieselfde doel (WG1, WG3, MN3, MH1, MH2) en dat eenheid slegs in Christus geleë is (MN1, MN2, MH3) (4.2.2.6).
- Die verskillende redes wat gegee word, is: die goedkeuring van die gemeente (WG1, WG3, MN, MH3), effektiewer bediening of groei (WG2, MN3, MH2, MH3) en om gehoorsaam te wees aan die Woord (MN2, MN3) (4.2.2.7).
- Die antwoorde van die respondente stem ooreen met dié van vraag 4.2.2.3, behalwe dat MH1 met hierdie vraag anders oor die saak blyk te voel, of het die twee vrae verskillend verstaan. MH3 voeg 'n ander dimensie by, naamlik dat die verskeidenheid wel dalk inhiberend is vir die eenheid in die sin dat 'n negatiewe beeld aan die wêreld voorgehou word. Kerklike verskeidenheid blyk nie beskou te word as bedreigend vir kerklike eenheid nie (4.2.2.10).
- Die toetspersone beskou hul gemeentes as uniek in hulle kerkverbande wat betref: bedieningstyl (WG1, WG2, WG3, MN3, MH2), toewyding aan gehoorsaamheid (MN1, MN2, MN3) en suksesvolheid (MH1, MH3). Al die toetspersone uit die onderskeie gemeentes meen dat hulle gemeente ten minste een saak het waarin hulle uniek van ander gemeentes te onderskei is (4.2.2.9).
- Respondente WG1, WG2, WG3, MN1, MN3, en MH2 meen nie dat hulle werklik uniek is wat enige ander kerk betref nie. Die respondente wat meen dat hulle wel 'n mate van uniekheid besit, beskryf dit as: 'n buitengewone maat van God se seën (MN2), 'n gebrek aan verandering in 20 jaar (MH1) en evangelisasiepraktyk (MH3) (4.2.2.10).
- Al die respondente behalwe een (WG2) meen dit is nodig vir hulle gemeente om in ag te neem wie die mense is wat hulle wil bereik. Die motivering in die algemeen is vir effektiewer bediening. Dit wil voorkom of respondent WG2 nie dink dat dit nodig is om te besin oor die mense wat hulle wil bereik nie (4.2.2.11).

- Die respondente wat meen dat daar wel 'n invloed is, noem die invloed ten opsigte van: bedieningsvorm (WG3, MN2), bedieningstempo (MN1), ligging van kerkgebou (MN3) en politieke konflik (MH2, MH3). Die ander respondente meen dat daar nie 'n invloed is nie (WG2, MH1) of het nie gemotiveer nie (WG1). Dit wil voorkom of die omgewing waarin die betrokke gemeentes geleë is in sommige gevalle 'n invloed op die bediening het en in ander gevalle weer nie (4.2.2.12).
- Een respondent glo nie daar is 'n spesifieke rede vir hul gemeente se konteks nie (MH1). Vier respondente (MN1, MN2, MN3, MH2) skryf die unieke konteks toe aan die Here se wil. Die oorblywende drie respondente (WG1, WG3, MH3) meen dat verskeidenheid ten opsigte van mense die oorsaak is van hul konteks. Die omgewing waarin die gemeentes geleë is word nie deurgaans beskou as 'n faktor wat bydra daartoe om die Here se roeping vir daardie gemeente te bepaal nie (4.2.2.13).
- Die respondente wat meen dat ruimte vir verskeidenheid wel tot roepingsvervulling bydra, motiveer dit as: blote noodsaak van verskeidenheid (WG1), bevordering van effektiwiteit (WG2,WG3) en ruimte om gehoorsaam te wees aan hul roeping (MN2, MN3). Die wat meen dat dit nie die geval is nie, motiveer dit óf glad nie (MH1) óf deur die genoegsaamheid van veranderinge wat reeds aangebring is (MH2) óf met voorwaarde dat dit in positiewe opsigte sinvol kan wees (MH3). Daar is nie eenstemmigheid daaroor dat ruimte vir verskeidenheid bydra tot roepingsvervulling nie (4.2.2.14).

### *4.2.3 Vrae rakende roepingsvervulling*

#### 4.2.3.1 Hoe belangrik is dit vir u dat u kerk sy roeping vervul?

- WG
    - 1 – Ek dink so, want dit gee 'n sin van selfverwesenliking. Die gemeente probeer mense betrek.
    - 2 – Baie belangrik. Verseker.

- 3 – Baie, dit is hoekom ons daar is.
- MN
  - 1 – As jy dit nie doen nie, is dit heeltemal sinneloos.
  - 2 – Kardinaal belangrik.
  - 3 – Dit is kardinaal belangrik
- MH
  - 1 – Vir enige kerk dink ek is dit baie belangrik.
  - 2 – Ek dink dit is waarvoor jy daar is.
  - 3 – Baie belangrik

**Afleiding:**

- Roepingsvervulling word deur al die respondente beskou as baie belangrik en as die kern bestaansdoel van die kerk (4.2.3.1).

**4.2.3.2 Wat, sou u sê, is die roeping van die kerk in die algemeen?**

- WG
  - 1 – Hulle probeer mense betrek. Daar is baie meer jeug in die kerk, ons is seker die helfte van die kerk, as ons dan nie meer kerk toe gaan nie, gaan die kerk nie meer bestaan nie.
  - 2 – Om so veel as moontlik mense te bereik en te vertel van die evangelie en wat op ons wag.
  - 3 – Om die Woord van God uit te dra en om gemeentes te bou en gelowiges toe te rus.
- MN
  - 1 – Gaan na al die nasies, maak dissipels en verheerlik God waar jy gaan.
  - 2 – Gaan dan heen na al die nasies en maak dissipels.
  - 3 – Dat 'n mens die nasies moet bereik en siele vir die koninkryk wen.
- MH
  - 1 – Om God te dien en te eer en te prys. Ek dink dit is die kern.
  - 2 – Om siele te wen vir Christus.

- 3 – Om die evangelie van Christus uit te dra. So eenvoudig as dit, niks meer en niks minder nie.

**Afleiding:**

- Een respondent meen die kerk se roeping in die algemeen is om jongmense te betrek (WG1). Die ander respondente meen egter dat dit gaan om die dien van God deur die evangelie van Jesus Christus uit te dra en so verlossing vir mense te bring (WG2, WG3, MN1, MN2, MN3, MH1, MH2, MH3). Daar blyk grootliks ooreenstemming te wees in die beskrywing van die roeping van die kerk in die algemeen as verkondiging van die evangelie aan die nasies (4.2.3.)

**4.2.3.3 Wat, sou u sê, is die roeping van die kerk waarin u is. Is julle in ooreenstemming met die roeping in die algemeen?**

- WG
  - 1 – Maar in lyn met alle kerke.
  - 2 – Ek dink ons kerk is in lyn met wat ek sopas genoem het.
  - 3 – Woordverkondiging nie net in die gemeente nie, maar ook buite die gemeente.
- MN
  - 1 – Definitief.
  - 2 – Ja, ek glo ons is in lyn met die roeping van die kerk in die algemeen.
  - 3 – Ons is in lyn met die vorige antwoord. Veral as jy kyk na die visie van ons kerk met die stroom water in Esegiël wat uitgaan en weier en dieper groei.
- MH
  - 1 – Om soveel as moontlik Christene bymekaar te hê. Dit is dalk belangriker vir ons om bestaande Christene daar te hou as om nuwes in te kry.

- 2 – Ek glo ons gemeente se roeping stem ooreen met wat nou net genoem is.
- 3 – Nie anders as wat ek nou net geantwoord het nie.

**Afleiding:**

- Elkeen van die respondente glo dat hulle hul eie roeping beskou as ooreenstemmend met wat hulle beskou as die roeping van die kerk in die algemeen. MH1 maak wel die opmerking dat hulle dit dalk belangriker ag om bestaande Christene te behou as om nuwes te maak en te verwelkom (4.2.3.4).

**4.2.3.4 Dink u die kerk waar u is het 'n ander roeping as ander kerke? Indien wel, wat maak dit anders?**

- WG
    - 1 – Dit kan wees want hulle mik op ander gebiede en mense. Die tipe mense wat hulle wil bereik hier in Pretoria.
    - 2 – Nee wat. Ek glo nie. Ons vervul dit dalk bietjie anders as ander gereformeerde kerke maar ek dink nie ons het 'n ander roeping nie.
    - 3 – Nee, ek glo nie ons is iets unieks nie. Dit is nie in die manier waarop ons dinge doen nie, ek kan nie sien dat ons anders as ander gemeentes is nie. Die kern bly die verkondiging van die evangelie.
- MN
    - 1 – Ek sou nie dink dit is regtig uniek nie. Ons doen maar dieselfde as 2000 jaar terug.
    - 2 – Ja, ek glo ons gaan 'n groot rol ook speel in die herlewing van die NG kerk maar oor die hele Suid Afrika.
    - 3 – In nederigheid wil ek vir jou sê: Ja. Ons het 'n groot rol om te speel veral in die NG kerkverband. Dit maak ons nie beter as ander kerke nie maar ons probeer ander gemeentes help met wat ons het.
- MH
    - 1 – Ek dink nie so nie.

- 2 – Nie regtig nie. Ek dink nie ons het 'n unieke rol om te speel nie.
- 3 – Nie spesifiek nie, maar ons probeer baie hard om nuut te dink en die ou maniere te verander om vernuwe te dink. Ons wil leer by ander ouens wat dalk dinge meer suksesvol doen as ons.

**Afleiding:**

- Sommige respondente meen dat hulle wel 'n mate van uniekheid besit in hul roepingsvervulling ten opsigte van die teikengroep (WG1) en rol in hul kerkverband (MN2, MN3). Die ander respondente glo nie dat hulle gemeente 'n ander roeping het as ander nie (4.2.3.4).

**4.2.3.5 Dink u dat u kerk makliker sy roeping kan vervul indien hy soos al die ander kerke in u kerkverband moet lyk/funksioneer?**

- WG
  - 1 – Nee, dit gaan ons keer om die mense hier te gee wat hulle nodig het.
  - 2 – Nee, ek dink dis goed as ons bietjie ruimte het om anders te kan wees.
  - 3 – Nee
- MN
  - 1 – Nee, ek glo nie. Ons moet beantwoord aan die behoeftes van die mense in ons omgewing.
  - 2 – Nee.
  - 3 – Ek het dit alreeds geantwoord, ek glo nie dit sal ons help nie.
- MH
  - 1 – Nee, ek dink nie hy sal beter as ander kerke doen nie. Almal is maar dieselfde.
  - 2 – Ek weet nie of dit 'n verskil sal maak aan ons roepingsvervulling nie, maar ek dink wel dit dra by tot die tradisies en dit is goed en lekker om in verskillende gemeente te kom en min of meer die orde dieselfde te vind nie.

- 3 – Ek dink ons het dit reeds aangeraak. Wanneer 'n gemeente die suksesvolle praktyke van ander gemeentes oorneem en daarin dieselfde lyk, sal dit help. Aan die anderkant help dit nie om soos onsuksesvolle gemeentes te wil wees nie.

**Afleiding:**

- Nie een van die respondente meen dat dit hulle gemeente sal help in hulle roepingsvervulling as hulle soos al die ander gemeentes in hul kerkverband moet lyk nie (4.2.3.5).

**4.2.3.6 Dink u dat u kerk makliker sy roeping kan vervul indien hy anders daar sou uitsien as ander kerke in u kerkverband?**

- WG
    - 1 – Ja, soos ek genoem het is dit nodig. Dit help dat ons mense beter kan bereik.
    - 2 – Ja, ek dink dit gee ons kans om te doen waarvan ons hou en wat ons dink belangrik is.
    - 3 – Ja, verseker.
- MN
    - 1 – Ja.
    - 2 – Ja
    - 3 – Ja
- MH
    - 1 – Nee, ek glo nie.
    - 2 – Ek dink nie so nie. Dit hang af van die samestelling van die gemeente.
    - 3 – Ek dink ons is nog nie daar om suksesse te deel, selfs binne kerkverband nie, wat nog te praat van tussen kerkverbande.

**Afleiding:**

- Die meeste respondente meen dat hulle wel hul roeping beter kan vervul indien hulle ruimte het om anders as ander gemeentes te wees. MH1, MH2,

en MH3 klink skepties oor die sinvolheid van 'n verskeidenheid in gemeentes (4.2.3.6).

**4.2.3.7 Watter invloed dink u het stryery tussen kerke op die roepingsvervulling van u kerk? En op die kerke in die algemeen?**

- WG
  - 1 – Dit pla dalk nie Wapadrant soveel nie, maar ek dink dit kan mense deurmekaar maak.
  - 2 – Ek het dit nog nie ondervind nie. Ek dink wel dat dit dalk ander kerke kan belemmer wanneer daar moeilikheid is.
  - 3 – Energie word so vermors deur te verskil oor dinge wat nie die belangrikste is nie.
- MN
  - 1 – Definitief nie 'n goeie invloed nie. Hulle verwar mense en maak dat ons nie regtig ons werk kan doen nie.
  - 2 – Ek dink die stryery wat daar is, het die eenheid wat ons by onsself het eerder net beklemtoon. Dit het gemaak dat ons moes standpunt inneem en het eintlik bygedra tot ons roepingsvervulling. Daar is sekere goed waaroor ons standpunt inneem. Dit maak nie saak wat sê die sinode of wat sê ander kerke nie, ons sê homoseksuele praktyke is nie reg nie; dit is nie Bybels nie. Dit het ons gehelp met ons roepingsvervulling en ons sterker gemaak.
  - 3 – Ek glo nie dit het 'n direkte invloed nie.
- MH
  - 1 – Nie so baie op ons roepingsvervulling nie, maar dit het al baie probleme gemaak tussen die lidmate.
  - 2 – Ek kan nie regtig 'n antwoord daarop gee nie, want ek is nie bewus van stryery tussen gemeentes nie. Sake word op die algemene vergadering bespreek en dit bly op daardie vlak. Ek glo nie dit slaan sommer deur na die gemeentes nie.

- 3 – Ja dit het. Dit bring verwarring en onsekerheid by lidmate as ander individue en kerke bepaalde dinge kwytraak wat nie strook met wat ons glo nie. Dit laat hulle twyfel.

**Afleiding:**

- Van die respondente meen dat, indien 'n gemeente self betrokke is by konflik, dit nadelig kan wees vir die roepingsvervulling van daardie gemeente (WG2, WG3, MN1, MH3). Een beskou dit as moontlik bydraend tot roepingsvervulling (MN2). Drie respondente meen dat kerklike konflik verwarrend is vir lidmate (WG1, MN1, MH3) (4.2.3.7).

**4.2.3.8 Hoe dink u moet kerke dit hanteer wanneer hulle van mekaar verskil oor sake wat nie aan die hart van die evangelie raak nie?**

- WG
  - 1 – Hulle moet dit net los. Dit is dan nie belangrik nie so hulle moet maar 'n kompromie bereik. Hulle moet maar 'n middeweg kry.
  - 2 – Nee jinne. Ek sal nie weet wat die oplossing is nie.
  - 3 – Mens moet besluit waar jy energie wil spandeer — op dit wat belangrik is of nie so belangrik nie. Dit gaan dalk gepaard met 'n opvoedingstaak om te kan weet wat is belangrik en wat nie. Daar moet genoeg ruimte wees vir gemeentes wat anders is in dinge wat nie belangrik is nie. Mens moenie so eng wees nie.
- MN
  - 1 – As dit oor klein goedjies gaan, dink ek nie eers dit moet 'n probleem wees nie. Solank hulle die basiese dinge doen. Mense mors baie energie op onnodige 'issues'.
  - 2 – Daar moet ruimte gegee word vir sulke tipe dinge. En lidmate moet ook ruimte hê om te kan gaan waar hulle tuis voel. In hierdie sin dink ek dit is goed dat daar nie meer iets is soos gemeentegrense nie.
  - 3 – Ek dink 'n ou moet ruimte laat vir verskille. Mens moet verskeidenheid erken en op 'n manier probeer voorsiening maak

daarvoor. Ek sê dit met versigtigheid, want ek weet dit is makliker om dit te sê as om dit te doen. Mens moet maar akkommoderend probeer optree sover moontlik.

- MH
  - 1 – Dan moet jy dit maar respekteer. As 'n gemeente en sy mense verskil en hulle wil iets op hulle manier wil doen, dan het ons nie 'n reg om te besluit of 'n ander kerk reg of verkeerd is nie.
  - 2 – Gesprekvoering op die kerklike vergaderings.
  - 3 – Ons moet dit meet aan dit wat binne die kerkstruktuur en kerkorde beskryf word. As dit in stryd is daarmee, moet ons dit verwerp. Wat goed werk, word nie altyd aangeneem nie.

**Afleiding:**

- Een respondent het geen voorstel gemaak nie (WG2). Van die respondente meen dat verskille geakkommodeer moet word (WG1, MN3, MH2), ander dat bloot ruimte gegee behoort te word vir gemeentes wat 'anders' funksioneer (WG3, MN1, MN2, MN3, H1). Een respondent meen dat die kerkstruktuur en kerkorde die maatstaf is en dat alles wat nie daarbinne geakkommodeer kan word nie, verwerp moet word (MH3) (4.2.3.8).

#### 4.2.3.9 Hoe dink u moet kerke dit hanteer wanneer hulle verskil oor sake wat wel die hart van die evangelie raak?

- WG
  - 1 – Hulle moet dan lank sit en praat totdat daardie ding uitgepraat is; hulle kan nie verder gaan as hulle nog verskil nie.
  - 2 – Hulle moet maar saamkom en bid en daaroor redeneer. Ek glo mens sal rustigheid kry as mens dit in gebed vir die Here gee.
  - 3 – Mens sou dit moet oplos deur ernstig met mekaar te praat.
- MN
  - 1 – Die weg van Matteus 18 dink ek, waar jy eers apart gaan praat en dan moet jy iemand saamvat en dan moet jy dit openlik hanteer.

   - 2 – Dan moet daar indringend op ringsvlak besprekings gevoer word. Kerklike tug moet toegepas word indien nodig. Die probleme moet nie deur die media uitgeveg word nie, maar mense moet met mekaar praat en saam bid.
   - 3 – Mens moet standpunt inneem. Ek dink die wêreld sien dit raak en respekteer dit, al stem hulle nie noodwendig saam nie.
- MH
   - 1 – Mens moet die saak aanspreek sonder om dit in die ope te doen.
   - 2 – Ek sou dink broederlike gesprekke en om te probeer tot 'n vergelyk kom indien dit nie Woordverkondiging beskadig nie.
   - 3 – Dit moet op 'n volwasse manier op broederlike wyse uitgesorteer word met feite op die forum wat daarvoor is in die kerkstruktuur.

**Afleiding:**

- Al die respondente meen dat die saak daadwerklik hanteer moet word. Verskillende voorstelle word gemaak, soos: gesprekvoering tot oplossing (W1, WG2, WG3, MN1, MN2, MH1, MH2, MH3), standpuntinname (MN3) en gebed (WG2). Verskille wat wel die hart van die evangelie raak, kan nie sonder meer geakkommodeer word nie (4.2.3.9).

#### 4.2.3.10 Watter rol dink u speel die groot opdrag wat die Here aan die kerke gee (Matt 28) in situasies waar kerke van mekaar verskil?

- WG
   - 1 – Mens moet net weer herinner word aan wat is regtig die doel en dat hulle regtig nie van die punt af moet dwaal nie.
   - 2 – Ek weet nie hoe om hierdie een te beantwoord nie.
   - 3 – Ek dink dit is die een ding wat bepalend kan wees om te bepaal waaroor dit eintlik gaan. As ons daaroor verskil, het ons 'n probleem. Die roeping is die ding waarna ons altyd moet teruggaan om te bepaal wat is belangrik en waarvoor is ons hier. Dit is bepalend. Dit gaan 'n hartseer dag wees wanneer ons op daardie saak gaan verskil.

- MN
    - 1 – Dit skep 'n eenheid. Dit maak dat mense weereens besef ons is in dieselfde bootjie, ons is liggaam van Christus en ons moet saamwerk om hierdie roeping te vervul.
    - 2 – Ek dink so. As almal fokus op die roepingsvervulling, dan is versoening soveel makliker. Hier in Pretoria werk ons almal saam aan die 'Transforming Tshwane', almal werk aan die een doel: blanke, nie-blanke, charismaties, gereformeerd; almal werk na die een doel en dit bring eintlik groot eenheid.
    - 3 – Mens moet eerder fokus op die kernwaardes van Christenskap en dit waaroor 'n mens saamstem as op dit waaroor 'n mens verskil. Dit help dat 'n ou beter perspektief ontwikkel oor die verskille wat baie keer 'non-issues' is.
- MH
    - 1 – Dit kan ons help. As ons almal saamstem oor wat ons moet doen. As mense dit anders wil doen, sal daar seker altyd rusie bly. Dit maak seker nie saak hoe jy dit doen nie, maar solank jy dit doen.
    - 2 – As ons daarop fokus, gaan enige iets anders waaroor verskil word minder belangrik word.
    - 3 – Dit moet tog ons saambindende faktor wees. My manier van doen is nie noodwendig meer reg as jou manier van doen nie.

**Afleiding:**

- Een respondent het nie geweet wat om te antwoord nie (WG2). Die ander het almal gemeen dat roepingsvervulling 'n rigtinggewende en versoenende faktor in situasies van kerklike verskille en konflik behoort te wees. Kerklike roepingsvervulling word grootliks beskou as 'n saambindende en versoenende faktor in situasies van kerklike konflik (4.2.3.10).

#### 4.2.3.11 Op watter wyse dink u vervul u kerk op die oomblik sy roeping?

- WG
    - 1 - Hulle bring al hoe meer tegnologie in om dit makliker te maak vir die mense en sing bietjie nuwer musiek op nuwer wysies en so lok hulle die kinders. Ek weet baie van die kinders gaan na hulle vriende se kerke toe en sing lekker daar en dan kom hulle hiernatoe en dan is dit sulke moeilike liedjies. Hulle kry meer uit by ander kerke. Hulle doen meer uitreike en het kleingroepe waar mense kan inskakel
    - 2 – Ons is besig met uitreike — al die kleingroepe — en ons stuur sendelinge uit. Ons reik baie uit. Al die kleingroepe het 'n uitreikprojek.
    - 3 – Waar ons ook redelik uniek is in ons omgewing is die kleingroepbediening waar homogene groepe saamkom in tipe bybelstudiegroepe. Ons ondersteun ook 'n sendeling in Oos-Afrika en ander verskillende aksies.
- MN
    - 1 – Om die gemeente toe te rus dat hulle kan uitgaan en gaan werk. Hulle is nie daar vir hulleself nie. Verder ook dan al ons uitreik en sending wat daarop volg en die omgeegroepe.
    - 2 – Omtrent in alles wat ons doen, probeer ons gehoorsaam te wees en beskou ons as ons roepings.
    - 3 – Ons het 'n geweldige klomp aktiwiteite wat almal direk of indirek bydra tot ons roepingsvervulling. Ons funksioneer baie sterk in verhoudinge wat gebou word deur die omgeegroepe en uiteindelik die gemeente toerus om aktief deel te wees van die bediening.
- MH
    - 1 – Ek dink ons trek die meeste mense deur ons Jeugaksie.
    - 2 – Ek verwys weer na die werksgroepe, want deur 'n wye spektrum van persone word uitgereik na 'n wye spektrum van persone. Ons fokus baie sterk op die opsoek van kerklos lidmate en ook ons totale uitreik na ander kerke. Ek dink nie ons sien onsself as 'n kerk op 'n eiland nie.

- 3 – Ons wil leef en werk tot eer van God. Die wyke moet geestelik bearbei word, en die kinders moet onderrig word. Hiermee is ons besig.

**Afleiding:**

- Al die betrokke gemeentes meen hulle is op die een of ander wyse besig met roepingsvervulling. Die hoof aktiwiteite word beskryf as sendinguitreike (WG1, WG2, WG3, MN1) en aktiwiteite in kleingroepe / omgeegroepe (WG1, WG2, WG3, MN1, MN3) (4.2.3.11). Opvallend is dat MH1, MH2, en MH3 hul roepingsvervulling definieer ooreenkomstig bediening na binne eerder as ooreenkomstig bediening na buite (vgl. antwoorde by 4.2.2.12 ). MN2 en MN3 meen dat feitlik al hulle aktiwiteite direk of indirek tot roepingsvervulling bydra.

**4.2.3.12 Enige iets anders wat u oor roepingsvervulling sou wou opmerk?**

- WG
    - 1 – Nee, dankie.
    - 2 – Nee, dankie.
    - 3 – Nee, dankie.
- MN
    - 1 – As elkeen net sy deel doen, dan kan ons dit maak. Baie keer gebeur dit net dat mense kerk toe kom vir hulle self en nie regtig besef dat hulle moet van hulleself gee nie. Alles wat jy hoor, moet oorgaan na dade toe. As elkeen sy deel bring, dan is dit goed.
    - 2 – Nee, dankie.
    - 3 – Nee, dankie.
- MH
    - 1 – Nee, dankie.
    - 2 – Ek dink net dit is die bron en kern van ons totale kerk-wees.
    - 3 – Net dat dit 'n groot stryd is en dat ons nie altyd suksesvol is nie.

**Afleiding:**

- MN1 maak die noemenswaardige opmerking dat roepingsvervulling die taak van die hele gemeente is (4.2.3.12).

**4.2.3.13 Wat dink u is die verhouding tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling?**

- WG
  - 1 – Ek dink hulle het 'n invloed op mekaar. As jy weet waaroor mense verskil, weet jy ook waaroor hulle ooreenstem want hulle verskil nie oor daardie dinge nie.
  - 2 – Ek dink die belangrikste in enige krisis is om op Jesus te fokus en so te fokus op dit waaroor ons saamstem. Dinge wat ons weet vasstaan.
  - 3 – Dit is belangrik dat die sake by mekaar gehou word. Eenheid en verskeidenheid is beslis nie teenpole nie.
- MN
  - 1 – Solank jy binne die basiese drie goed is wat ek genoem het, kan mens 'n eenheid wees. Jy moet dieselfde doel nastreef en nie oor klein goeters verskil en dit in die pad laat kom nie.
  - 2 – Ek dink ons eenheid lê in roepingsvervulling en dat elkeen verder ruimte het om verskillend te wees sodat hy 'n spesifieke roeping kan uitleef en gehoorsaam kan wees aan dit wat die Here van daardie spesifieke gemeente vra.
  - 3 – Ek het al baie gedink oor kerkeenheid en in my hart leef nie dat al die kerke een moet wees nie as 'n tipe kloon nie. Mens moet eerder fokus in jou wêreld waar jy 'n verskil kan maak. Ek dink mense probeer partykeer dinge binne kerkverband forseer wat uiteindelik nooit werk nie. Ek dink mens moet die kernroeping identifiseer waaroor kerke nie kan verskil nie en dat dit die kerneenheid teweeg kan bring en dat mens dan erken dat jy verskeidenheid moet akkommodeer en dat jy amper saamstem om te verskil oor daai goed;

dit beteken nie dat jy nie in eenheid met mekaar is nie, maar dat jy verskil oor middelmatige sake.

- MH
  - 1 – Ek dink daar sal altyd verskille wees. Solank mense verskil, sal jy verskille hê. Daar kan verskille wees, maar nog steeds 'n eenheid as mens dieselfde ding wil bereik.
  - 2 – Ek dink daar is 'n wisselwerking sonder dat mens bewustelik daarvolgens werk. Roepingsvervulling, eenheid, - jy kan nie jou roeping vervul as daar nie 'n bepaalde eenheid is nie. Mens moet tog dieselfde dink om dieselfde boodskap uit te stuur. Verder dink ek die feit dat daar verskeidenheid is, is 'n gegewe. Die verskeidenheid behoort nie te maak dat ons onsself van mekaar moet distansieer nie. Ek dink daar moet eenheid wees binne die verskeidenheid...dalk weerspreek ek nou myself maar ek dink tog so.
  - 3 – Ek dink roepingsvervulling speel 'n besondere rol in die verhouding tussen kerklike eenheid en verskeidenheid in 'n kerkverband. Dit speel nie altyd die rol wat dit moet nie, maar behoort. Die uitleef van die roeping kan my help om my te versoen met iemand wat anders werk as ek. Die roepingsvervulling moet ons bind, dit kan nie iets anders wees nie. Die oomblik wanneer daar iets anders is, kan jy nie jou roeping vervul nie en ook nie die ander probleme kan aanspreek nie. Ons slaag nie altyd in roepingsvervulling nie, en daarom sukkel ons so om mekaar te vind.

**Afleiding:**

- Die invloed van hierdie sake op mekaar word deur almal erken en pertinent deur WG1 genoem. WG2 verwys direk na Jesus Christus as die eintlike anker wat in enige situasie vasstaan. WG3 noem spesifiek dat eenheid en verskeidenheid nie teenpole van mekaar is nie. MN1 stel as vereiste vir kerklike eenheid: geloof in Jesus Christus, aanvaarding van die Skrif as gesagvol en roepingsvervulling – verder kan enige verskille geakkommodeer

word. MN2 meen dat eenheid in roepingsvervulling gesetel is en dat alles buiten dit mag verskil . MN3 meen dat 'n kerneenheid geïdentifiseer word in sake waarvoor mense mekaar verantwoordelik kan hou, maar dan ruimte moet laat vir verskeidenheid om te verskil oor sake. MH1 merk op dat roepingsvervulling eintlik eenheid teweeg bring, al geskied dit op verskillende maniere. MH2 erken dat hierdie wisselwerking aan die werk mag wees, al is mense nie bewus daarvan nie, en beskou die verhouding as 'n eenheid te midde van 'n verskeidenheid. MH3 beskou roepingsvervulling as die saambindende faktor tussen gemeentes. Dit wil voorkom of elkeen van die respondente 'n mate van wisselwerking erken, maar nie die omvang daarvan ten volle begryp nie.

**4.2.3.14 Sou u kerk sy roeping beter kan uitvoer as hy goed verstaan wat die verhouding is tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling?**

- WG
  - 1 – Dit sal help want dan weet mense waar hulle staan. Dit help hulle om te weet hoe om die mense te benader en hoe om die Woord te versprei.
  - 2 – Ja ek glo ons is almal verskillend en ons vul mekaar aan. Ons is anders en gaan verskillend dink, maar kan mekaar aanvul. Ons is soos 'n legkaart. Almal by mekaar vorm tog maar een prentjie.
  - 3 – Ek dink wanneer hierdie drie sake in die regte balans met mekaar gesien word, sal die probleme soveel minder wees. Dit geld selfs vir kerkraadvergaderings. Fokus op die drie en kry perspektief op die probleem; dit sal baie goeie rigting kan gee.
- MN
  - 1 – Ja, definitief.
  - 2 – Ja, ek dink definitief so. Ek dink die verskeidenheid in 'n gemeente sal groter raak as mens die verskeidenheid bedieninge ook so aanpas – dié klomp werk saam met daardie klomp, en daai klomp saam met

daai gemeente en amper 'n kruisbestuiwing van verskillende gemeentes.

  - 3 – Ek dink die gewone lidmaat is nie baie gepla daarmee nie. Ek dink wel as die leiers in die gemeente hierdie wisselwerking begryp, dat hulle die gemeente in so krisis kan toerus.

- MH
  - 1 – Ek dink so. As ons besef dat ons altyd sal verskil, sal ons daarmee kan vrede maak en beter saam kan werk. Daar is mense in ons kerk wat maar net nie glo dat dinge moet verander nie. As daardie mense dit kan verstaan, sal dit ons baie kan help.
  - 2 – Ek dink so. Miskien doen ons dit sonder dat ons dit weet. Om hierdie wisselwerking te verstaan dra by tot die bediening oor die wye spektrum.
  - 3 – Ek dink dit kan 'n groot impak maak op die bediening. As ons daaraan kan aandag gee, behoort so baie dinge makliker te kan gebeur

**Afleiding:**

- Elkeen van die toetspersone meen dat 'n deeglike kennis van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling tot meer effektiewe bediening en gemeentelike groei kan bydra, maar dat hulle nie glo dat hul gemeentes dit tans begryp en volgens die beginsels optree nie (4.2.3.14).

#### 4.2.3.15 Afleidings oor roepingsvervulling

- Roepingsvervulling word deur al die respondente beskou as baie belangrik en as die kern bestaansdoel van die kerk (4.2.3.1).
- Een respondent meen die kerk se roeping in die algemeen is om jongmense te betrek (WG1). Die ander respondente meen egter dat dit gaan om die dien van God deur die evangelie van Jesus Christus uit te dra en so verlossing vir

mense te bring (WG2, WG3, MN1, MN2, MN3, MH1, MH2, MH3). Daar blyk grootliks ooreenstemming te wees in die beskrywing van die roeping van die kerk in die algemeen as verkondiging van die evangelie aan die nasies (4.2.3.)

- Elkeen van die respondente glo dat hulle hul eie roeping beskou as ooreenstemmend met wat hulle beskou as die roeping van die kerk in die algemeen . MH1 maak wel die opmerking dat hulle dit dalk belangriker ag om bestaande Christene te behou as om nuwes te maak en te verwelkom (4.2.3.4).
- Sommige respondente meen dat hulle wel 'n mate van uniekheid besit in hul roepingsvervulling ten opsigte van die teikengroep (WG1) en rol in hul kerkverband (MN2, MN3). Die ander respondente glo nie dat hulle gemeente 'n ander roeping het as ander nie (4.2.3.4).
- Nie een van die respondente meen dat dit hulle gemeente sal help in hulle roepingsvervulling as hulle soos al die ander gemeentes in hul kerkverband moet lyk nie (4.2.3.5).
- Die meeste respondente meen dat hulle wel hul roeping beter kan vervul indien hulle ruimte het om anders as ander gemeentes te wees. MH1, MH2, en MH3 klink skepties oor die sinvolheid van 'n verskeidenheid in gemeentes (4.2.3.6).
- Van die respondente meen dat indien 'n gemeente self betrokke is by konflik, dit nadelig kan wees vir die roepingsvervulling van daardie gemeente (WG2, WG3, MN1, MH3). Een beskou dit as moontlik bydraend tot roepingsvervulling (MN2). Drie respondente meen dat kerklike konflik verwarrend is vir lidmate (WG1, MN1, MH3) (4.2.3.7).
- Een respondent het geen voorstel gemaak nie (WG2). Van die respondente meen dat verskille geakkommodeer moet word (WG1, MN3, MH2), ander dat bloot ruimte gegee behoort te word vir gemeentes wat 'anders' funksioneer (WG3, MN1, MN2, MN3, H1). Een respondent meen dat die kerkstruktuur en kerkorde die maatstaf is en dat alles wat nie daarbinne geakkommodeer kan word nie, verwerp moet word (MH3) (4.2.3.8).

- Al die respondente meen dat die saak daadwerklik hanteer moet word. Verskillende voorstelle word gemaak, soos: gesprekvoering tot oplossing (W1, WG2, WG3, MN1, MN2, MH1, MH2, MH3), standpuntinname (MN3) en gebed (WG2). Verskille wat wel die hart van die evangelie raak, kan nie sonder meer geakkommodeer word nie (4.2.3.9).
- Een respondent het nie geweet wat om te antwoord nie (WG2). Die ander het almal gemeen dat roepingsvervulling 'n rigtinggewende en versoenende faktor in situasies van kerklike verskille en konflik behoort te wees. Kerklike roepingsvervulling word grootliks beskou as 'n saambindende en versoenende faktor in situasies van kerklike konflik (4.2.3.10).
- Al die betrokke gemeentes meen hulle is op die een of ander wyse besig met roepingsvervulling. Die hoof aktiwiteite word beskryf as sendinguitreike (WG1, WG2, WG3, MN1) en aktiwiteite in kleingroepe/omgeegroepe (WG1, WG2, WG3, MN1, MN3) (4.2.3.11). Opvallend is dat MH1, MH2, en MH3 hul roepingsvervulling definieer ooreenkomstig bediening na binne eerder as ooreenkomstig bediening na buite (vgl. antwoorde by 4.2.2.12 ). MN2 en MN3 meen dat feitlik al hulle aktiwiteite direk of indirek tot roepingsvervulling bydra.
- MN1 maak die noemenswaardige opmerking dat roepingsvervulling die taak van die hele gemeente is (4.2.3.12).
- Die invloed van hierdie sake op mekaar word deur almal erken en pertinent deur WG1 genoem. WG2 verwys direk na Jesus Christus as die eintlike anker wat vasstaan in enige situasie. WG3 noem spesifiek dat eenheid en verskeidenheid nie teenpole van mekaar is nie. MN1 stel as vereiste vir kerklike eenheid: geloof in Jesus Christus, aanvaarding van die Skrif as gesagvol en roepingsvervulling – verder kan enige verskille geakkommodeer word. MN2 meen dat eenheid in roepingsvervulling gesetel is en dat alles buiten dit mag verskil . MN3 meen dat 'n kerneenheid geïdentifiseer word in sake waarvoor mense mekaar verantwoordelik kan hou, maar dan ruimte moet laat vir verskeidenheid om te verskil oor sake. MH1 merk op dat roepingsvervulling eintlik eenheid teweeg bring, al geskied dit op verskillende

maniere. MH2 erken dat hierdie wisselwerking aan die werk mag wees, al is mense nie bewus daarvan nie, en beskou die verhouding as 'n eenheid te midde van 'n verskeidenheid. MH3 beskou roepingsvervulling as die saambindende faktor tussen gemeentes. Dit wil voorkom of elkeen van die respondente 'n mate van wisselwerking erken, maar nie die omvang daarvan ten volle begryp nie.

- Elkeen van die toetspersone meen dat 'n deeglike kennis van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling tot meer effektiewe bediening en gemeentelike groei kan bydra, maar dat hulle nie glo dat hul gemeentes dit tans begryp en volgens die beginsels optree nie (4.2.3.14).

### *4.2.4 Afleidings ter sake vir hierdie studie*

4.2.4.1 Al die toetspersone ag eenheid van hul gemeente met ander gemeentes in 'n bepaalde kerkverband as belangrik (4.2.1.1). Die motivering hiervoor sentreer om die hulp wat gemeentes so aan mekaar kan bied, beter roepingsvervulling en behoud van identiteit (4.2.1.2). Alhoewel daar konsensus is dat eenheid in Jesus Christus gesetel is, word eenheid in verskillende kerkverbande verskillend beskou. Die hoofsake waarin eenheid gesien word, is kerklike vergaderings, bedieningstyl en tradisie (4.2.1.4; 4.2.1.8). Kerverband word gesien in die lig van gemeenskaplike belange, wat veral op kerklike vergaderings bespreek word (4.2.1.7) In ander gevalle staan die respondente skepties teenoor die waarde van die vergaderings vir plaaslike bediening (4.2.1.5). Verskeidenheid word nie negatief beoordeel en as 'n teenpool van kerklike eenheid gesien nie, behalwe waar die verskille so ingrypend is dat dit die eenheid bedreig (4.2.1.12). Lidmate is nie pertinent bewus van die bydrae wat kerklike eenheid in kerkverband tot roepingsvervulling van die plaaslike kerk maak nie (4.2.1.13).

4.2.4.2 Die Skriftuurlikheid van kerklike verskeidenheid word deur feitlik al die toetspersone erken (4.2.2.2). Die noodsaak vir kerklike verskeidenheid word gekoppel aan die verskeidenheid onder die mensdom wat toegeskryf word aan kulturele verskille, persoonlike smaak en verskillende gawes asook roeping (4.2.2.5). Eenheid word nie gesien as eendersheid nie (4.2.2.6), tog is daar nie eenstemmigheid daaroor dat ruimte vir verskeidenheid noodwendig tot roepingsvervulling bydra nie (4.2.2.14). Die effektiwiteit van kerklike bediening asook die instemming van die meerheid in die gemeente word aangevoer as rede en voorwaarde om die bedieningstyl aan te pas. Anders gestel: wanneer die bedieningstyl roepingsvervulling nie meer effektief tot gevolg het nie, behoort dit aangepas te word mits die meerderheid saamstem (4.2.2.7). Dit wil voorkom of die omgewing waarin die betrokke gemeentes geleë is, in sommige gevalle 'n invloed op die bediening het en in ander gevalle weer nie (4.2.2.12). Die omgewing waarin die gemeentes geleë is, word nie deurgaans beskou as 'n faktor wat bydra daartoe om die Here se roeping vir daardie gemeente te bepaal nie (4.2.2.13).

4.2.4.3 Roepingsvervulling word beskou as die kern bestaansdoel van die kerk (4.2.3.1). Die onderskeie respondente beskou roepingsvervulling egter verskillend. Die respondente meen elkeen dat hulle wel hulle roepings vervul soos hulle dit beskryf het (4.2.3.4). Sommige meen dat hulle wel 'n mate van uniekheid in hul roepingsvervulling besit, en die ander glo nie dat hulle werklik 'n unieke rol het om te vervul nie (4.2.3.4). Kerklike roepingsvervulling word beskou as 'n saambindende en versoenende faktor in situasies van kerklike konflik (4.2.3.10).

4.2.4.4 Toe die toetspersone gevra is om die verhouding tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling te beskryf het dit duidelik geword dat hulle tot nou toe nie pertinent bewus was van die spesifieke wisselwerking nie. Hulle kan egter wel die verbande kon trek in die lig van die onderhoud

(4.2.3.13). Uit die onderhoude het 'n meer Skriftuurlike beskouing van die wisselwerking na vore gekom as wat in 2.6 in elke betrokke gemeente se bedieningstrategie duidelik geword het.

4.2.4.5 Elkeen van die toetspersone meen dat 'n deeglike kennis van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling tot meer effektiewe bediening en gemeentelike groei kan bydra, maar dat hulle nie glo dat hul gemeentes dit tans begryp en volgens die beginsels optree nie (4.2.3.14).


## HOOFSTUK 5 –

## Strategiese bakens: riglyne vir die bepaling van 'n spesifieke roeping en strategie in die lig van kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling.

### 5.1 Inleiding

#### *5.1.1 Oriëntering*

Praktiese teologie, wat volgens Heitink te make het met die bemiddeling van die Christelike geloof in die praktyk van die gemeenskap, mik onafwendbaar op verandering (Heitink, 1999:202). Die strategiese proses wil voorstelle maak vir die weg waarlangs hierdie verandering kan plaasvind. Die strategiese perspektief wil die 'wie doen wat' met die 'hoe' en 'om welke rede' met mekaar verbind (Figuur 5).




**Figuur 5: Strategiese moment (Heitink, 1999:220)**

Ten einde die hoofstuk binne die groter raamwerk van die studie te plaas is dit nodig om die prakties-teologiese metodologie wat gevolg is saam te vat – soos in Hoofstuk 1 uiteengesit. In Afdeling 1 van die studie het Hoofstukke 2 en 3 die hermeneutiese momente gevorm waarin gepoog is om die problematiek en

Skriftuurlike perspektief te verstaan. Hoofstuk 2 se 2.6 en die empiriese moment bestaande uit Hoofstuk 4 het probeer skets wat uiteindelik in werklikheid verander moet word. Hoofstuk 3, deel van die hermeneutiese moment, wou vanuit Skriftuurlike beginsels aandui waartoe hierdie verandering moet plaasvind. Hoofstuk 5 vorm nou die strategiese moment waarin praktykteoretiese voorstelle gemaak word om vanaf die huidige praktyk (2.6 en 4) by die nuwe verlangde praktyk uit te kom.

In Hoofstukke 2 en 4 is gepoog om 'n begrip te ontwikkel met betrekking tot die huidige funksionering van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling in kerklike bediening. Hoofstuk 2 het gefokus op hoe hierdie wisselwerking in bedieningstrategieë funksioneer, en in Hoofstuk 4 is 'n poging aangewend om lidmate se persepsie van die wisselwerking te peil.

Hoofstuk 3 het 'n Skriftuurlike perspektief probeer bied op hierdie wisselwerking deur Handelinge 21:17-26 te eksegetiseer en ter sake afleidings daaruit te maak. Hoofstuk 5 wil uiteindelik die strategiese riglyne bied waarlangs die nodige verandering kan plaasvind sodat die gemeente uiteindelik opgebou en uitgebou kan word.

### *5.1.2 Doelstelling*

Om riglyne aan plaaslike kerke te bied vir die bepaling van hul unieke roeping en bedieningstrategie in die lig van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling.


### *5.1.3 Werkplan en metode*

Die onafwendbare verandering wat nodig is om die tans onbevredigende praktyk (praktyk 1) in 'n meer Skriftuurlike, en daarom aanvaarbare praktyk (praktyk 2), te verander, geskied langs die weg van strategiese bestuur en organisering van die

verandering. Strategiese aktiwiteit mag egter nie bloot gereduseer word tot die skep van 'n nuwe struktuur of metode sonder om die konteks waaruit dit voortspruit, naamlik die hermeneutiese perspektief, in berekening te bring nie (Heitink, 1999:218,219).

Die werkplan behels dus om in die lig van die bevindinge in 2.7, 3.3 en 4.3 wat gemaak is, bakens te bied wat praktiese riglyne insluit om van praktyk 1 na praktyk 2 te beweeg. Die werkplan van hierdie hoofstuk is dus ook die werkplan wat in 'n gemeente gevolg kan word ten einde hul spesifieke roeping en bedieningstrategie te bepaal en in die proses die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling te verreken.

Die agt bevindinge uit die hermeneutiese moment dra hoofsaaklik by tot die formulering van die agt bakens waarby verby beweeg moet word wanneer 'n gemeente oor sy spesifieke roeping en bedieningstrategie besin (Figuur 6). Hierdie studie wil dus nie 'n bedieningstrategie op sigself aanbied nie. Die empiriese moment dra by tot die formulering van die praktiese riglyne wat uiteindelik by elke baken voorgestel word. Eenvoudig gestel: die bevindinge uit die hermeneutiese moment bepaal die inhoud van die baken, en die bevindinge uit die empiriese moment werk mee tot die formulering van die ooreenkomstige praktiese riglyne.




**Figuur 6: Metodiek vir die bepaling van 'n spesifieke roeping en bedieningstrategie**

Die werkplan sal uitgevoer word deur eerstens die hermeneutiese bevindinge in 'n logiese volgorde as bakens aan te bied, en dan by elkeen van hierdie besprekinge praktiese riglyne te op te stel waarin die empiriese data verreken word. Gekombineerd word die inhoud en praktiese riglyne strategiese bakens genoem waarby verby beweeg moet word sodat 'n gemeente sy spesifieke roeping en bedieningstrategie kan bepaal.

## 5.2 Strategiese bakens

Die volgende strategiese bakens kom aan die orde:

- Baken 1: Identifisering van unieke konteks (vgl. 2.7.2)
- Baken 2: Vergewis van huidige wisselwerking (vgl. 2.7.1)
- Baken 3: Vergewis van Skriftuurlike wisselwerking (vgl. 3.3.1)
- Baken 4: Deurbreek van Tradisies (vgl. 2.7.3)
- Baken 5: Skep balans in wisselwerking (vgl. 3.3.2)
- Baken 6: Bewerk eenheid in gemeenskaplike belang (vgl. 3.3.3)
- Baken 7: Bewerk verskeidenheid nie in eie belang nie (vgl. 3.3.4)
- Baken 8: Akkommodering van mekaar (vgl. 3.3.5)

Omdat elke plaaslike kerk/gemeente hulleself in 'n unieke konteks bevind, is dit moeilik om gespesifiseerde praktiese riglyne te gee vir hoe om die beginsels uit te voer. Die voorstelle wat dus gemaak word, is eerder kursories en rigtinggewend as omvattend. Dit is immers getrou aan die hipotese van hierdie studie om nie voorskriftelik te wees met betrekking tot die bedieningspraktyk nie.

### *5.2.1 Baken 1 – Identifisering van unieke konteks*

Die huidige Suid-Afrikaanse multikulturele konteks, sowel as die opkoms van die postmodernisme, dwing tot 'n deeglike besinning oor die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling van die plaaslike kerk wat toenemend oneffektief blyk te wees (2.5.1.4.1.1; 2.5.1.4.1.1; 2.5.1.4.3.1;

2.5.1.4.5.1). Weens die geweldige verskeidenheid wat tans in die Suid-Afrikaanse samelewing aanwesig is, word 'n sterk appèl tot die plaaslike kerk gerig om hom van sy unieke konteks te vergewis en sy bediening so aan te pas dat dit uiteindelik effektief in sy konteks bedien.

Wanneer gemeentes hul roepings kontekstueel vervul, sal 'n verskeidenheid bedieningspatrone daarom noodwendig die gevolg wees. 'n Gebrek aan verskeidenheid, en dus 'n duidelike eendersheid, toon oneffektiwiteit en ongehoorsaamheid van 'n gemeente aan sy spesifieke roeping. Verder dui dit ook daarop dat ander sake, en nie roeping nie, in gemeentelike aktiwiteite die pas aangee (2.2.1.5; 3.3.1.4).

**Praktiese riglyne:**

Dit is noodsaaklik dat 'n gemeente sy eie identiteit ook vind in die konteks waarin die Here daardie gemeente geplaas het. Die konteks en omgewing van die gemeente is seker die grootste hulpmiddel vir 'n kerkraad om die Here se spesifieke roeping vir daardie gemeente te bepaal.
'n Konteksanalise is daarom nodig om eerstens die unieke omstandighede van die gemeente duidelik in konkrete terme te kan uitspel, en tweedens elemente in die konteks te kan identifiseer wat om bediening roep. Die kerkraad kan hierdie analise deeglik doen deur 'n aparte geleentheid net hiervoor te skep (bosberaad/dinkskrum).

Omdat die gemeentes in die ooste van Pretoria nie hul omgewing deurgaans beskou as 'n faktor wat daartoe bydra om die Here se roeping vir daardie gemeente te bepaal nie (4.2.2.13), moet die gemeente in daardie gebied pertinent betrek word. Die gemeentes kan gevra word om in hierdie verband skriftelike insette te lewer en opinies te lug. Dit is belangrik dat die resultaat so bondig en konkreet moontlik gehou word.


### *5.2.2 Baken 2 – Vergewis van huidige wisselwerking*

Dat die kerk een is, tog 'n verskeidenheid toon, maar steeds dieselfde roeping het, is 'n feit wat tot dusver nie in berekening gebring is wanneer 'n gemeente sy spesifieke roeping en bedieningstrategie bepaal het nie. Dit gee eerder aanleiding tot verwarring en konflik.

Dit is vir 'n kerkraad noodsaaklik om hierdie wisselwerking deeglik te begryp: eerstens om verantwoordelik om te gaan met sy kerklike eenheid met ander kerke binne en buite dieselfde kerkverband, tweedens om te weet in watter mate hulle gemeente wel uniek kan wees en laastens steeds roepingsvervulling as hul hoogste taak na te jaag.

Die feit dat hierdie wisselwerking tot nou toe nog nie deeglik uitgewerk is nie, skep verwarring en bring gevolglik mee dat eenheid en verskeidenheid in die algemeen verstaan word as twee teenpole van mekaar (2.5.1.4.4.1). Dit bring oënskynlike spanning na vore (2.2.1.5; 2.2.2.3; 2.3.1.4; 2.3.2.6). Die klem lê dikwels eerder op eenheid en roepingsvervulling, ten koste van 'n Skriftuurlike begrip van kerklike verskeidenheid (2.2.1.5; 2.2.2.3; 2.3.1.4; 2.3.2.6). 'n Fokus op roepingsvervulling word tans genoem as 'n weg uit kerklike konflik en sal waarskynlik 'n rol speel in die hantering van die oënskynlike spanning tussen kerklike eenheid en verskeidenheid (2.3.1.4).

In Figuur 7 word voorgestel hoe die kerklike landskap daar uitsien in die lig van 'n afwesigheid van 'n deeglike wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling.




**Figuur 7: Gevolg van huidige gebrek aan wisselwerking**

Elkeen van die groter gekleurde vorms stel 'n unieke konteks voor. Die vorm wat in konteks A bypassend is, dui op 'n gemeente wat die konteks verreken in die bepaling van hul roeping en bedieningstrategie. Daar is kongruensie. Maar omdat dit in die geval van konteks A werk, sal dit nie in enige ander kontekste (B,C,D) sonder meer oorgeneem kan word nie. Wanneer die roeping en strategie nie met die konteks kongrueer nie, neem effektiwiteit in roepingsvervulling drasties af. Selfs al word daar gepoog om kosmeties of kunsmatig 'anders' te wees soos by E, sal die gemeente steeds nie effektief wees nie.

**Praktiese riglyne:**

Die kerkraad kan bewus gemaak word van die problematiek deur in die lig van die konteksanalise vrae te formuleer en aan hulle te rig om te beantwoord, wat hulle aandag sal vestig op die probleem. 'n Voorbeeld mag wees: "Ons het in ons konteksanalise bevind dat ons geweldig baie jeuglidmate het en besluit het dat die

Here ons roep om hulle beter te bedien. Watter beperkinge plaas ons eenheid in kerkverband op die wyse waarop ons dit kan doen?"

So kan die kerkraad tot die besef gebring word dat daar konflikterende gedagtes bestaan rakende kerklike eenheid en verskeidenheid, en dat hulle indringend hulleself oor 'n Skriftuurlike wisselwerking moet vergewis as hulle die gemeente verantwoordelik wil toerus en begelei tot roepingsvervulling in die konteks waar die Here hulle geplaas het.

Dit is veral van toepassing vir die gereformeerde gemeentes in die Ooste van Pretoria. Elkeen van die toetspersone glo nie dat hul kerkrade dit tans begryp en volgens die beginsels optree nie (4.2.3.14). Uit die onderhoude het 'n meer Skriftuurlike beskouing van die wisselwerking na vore gekom as wat in 2.6 duidelik geword het in die bedieningstrategie van elke betrokke gemeente. Bewusmaking hoort dus eerder te fokus op die kerkrade as op die gemeentelede.


### *5.2.3 Baken 3 – Vergewis van Skriftuurlike wisselwerking*

Nadat die konteksanalise voltooi is en perspektief geplaas is op die huidige gebrek aan 'n deeglike wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling, is dit nodig om 'n Skriftuurlike beskouing daar te stel.

Die basiese inhoud daarvan kan as volg genoem word: Kerklike eenheid en verskeidenheid is nie teenpole wat onversoenbaar is nie. Beide is noodsaaklik. Geen kulturele, sosiale, etniese, of enige ander oorweging mag in aanmerking geneem word om eenheid te bepaal nie. Selfs groot sosiale en kulturele verskille behoort akkommodeerbaar te wees. Die eenheid bestaan daarom te midde van verskeidenheid (3.2.6.2). Die verhouding is eerder 'n verskeidenheid te midde van die eenheid, oftewel, 'n verskeidenheidseenheid. Ruimte vir verskeidenheid is noodsaaklik sodat plaaslike kerke ruimte het om hul konteks te verreken in die bepaling van hul spesifieke roeping en bedieningstrategie. Die aard van die eenheid

laat daarom ruimte vir verskeidenheid op plaaslike vlak om effektiewe roepingsvervulling te verseker (3.2.5.2).

Die diagram hieronder in Figuur 8 beeld die Skriftuurlike wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling uit. Indien kerklike eenheid so uitgedruk word dat genoegsame ruimte beskikbaar is vir 'n plaaslike kerk om in sy konteks aan te pas en sy roeping effektief te vervul behoort 'n Skriftuurlike wisselwerking wat funksioneer, skematies as volg uitgedruk te kan word.




**Figuur 8: Skriftuurlike wisselwerking**

Elkeen van die gekleurde groter vorms dui 'n unieke konteks aan wat in die samelewing voorkom. Die eenheid word sigbaar in die roepingsvervulling van elke gemeente in sy konteks. Die kongruensie van die vorms binne elke konteks dui aan dat die plaaslike kerk/gemeente sy spesifieke konteks verreken in die bepaling van sy spesifieke roeping en bedieningstrategie.

Die beginsel is dat bedieningskonteks bepalend is vir die spesifieke bedieningsfunksie wat aanleiding gee tot 'n unieke bedieningsvorm. In Figuur 9 hieronder word dit diagrammaties uitgebeeld dat die bedieningskonteks 'n invloed uitoefen op die spesifieke funksie van die plaaslike kerk asook die kerk se

bedieningsvorm. Verder word die bedieningsvorm wesenlik beïnvloed deur die bedieningsfunksie wat vasgestel is. Die bedieningsfunksie mag egter nooit deur die bedieningsvorm vasgestel word nie.




**Figuur 9: Konteks bepaal funksie, en konteks sowel as funksie bepaal vorm.**

Hierdie feit noodsaak kerklike verskeidenheid indien by hierdie Skriftuurlike beginsel gehou word (3.2.6.3). Wanneer die fokus op roepingsvervulling is, soos in die geval van Paulus in Handelinge 21:17-26, kan die verskeidenheid binne die eenheid geakkommodeer word (3.2.6.3).

**Praktiese riglyne:**

Twee sake moet dus hier onder die kerkraad en gemeente se aandag gebring word. Die eerste, soos in Figuur 8 uitgedruk, rakende 'n Skriftuurlike wisselwerking en 'n meer in-diepte-beskrywing daarvan, soos in Figuur 9 uitgedruk. Dit is belangrik dat hierdie figure nie losgemaak word van hulle wortels in Handelinge 21:17-26 en die eksegese daarvan nie. Dit kan daarom sinvol wees om reeksprediking te doen oor die onderwerp vanuit die teksgedeelte en verwante teksgedeeltes in die eksegese,

bybelstudies daaroor uit te werk vir die kleingroepe en ook in die kategese aandag daaraan te gee. Na 'n tyd kan die figure weer in 'n gemeentevergadering aan die gemeente voorgehou word en gevra word of enige onduidelikheid nog bestaan.

In die loop van die onderhoud wat met hulle gevoer is, het die toetspersone bewus geraak van die wisselwerking. Deur lidmate te begelei met behulp van 'n stel vrae soos in Hoofstuk 4 kan mense gehelp word om hierdie Skriftuurlike wisselwerking self te ontdek en so groter insig te verseker, eerder as wat dit gedoen word deur bloot inligting oor te dra.

### *5.2.4 Baken 4 – Deurbreek van Tradisies*

Groot soepelheid bestaan in die GKSA en ander gereformeerde kerkverbande vir plaaslike bediening om 'n verskeidenheid vorme te kan aanneem (2.5.2.2). Die afwesigheid van hierdie verskeidenheid in die praktyk wil dit laat voorkom of 'n ongeskrewe stel reëls of tradisie verantwoordelik is vir hoofsaaklik eenvormige bediening (2.5.2.4).
Indien by die bogenoemde beginsel (5.2.1) van 'n noodwendige unieke bediening van elke plaaslike kerk gehou wil word, is dit nodig om hierdie tradisies noukeurig te identifiseer, te weeg en as bydraend of belemmerend vir roepingsvervulling in die lig van die konteksanalise te klassifiseer. Die belemmerende tradisies moet dan in die naam van roepingsvervulling op so 'n wyse uitgefaseer word dat die minste moontlike konflik sal plaasvind.

**Praktiese riglyne:**

Indien by bogenoemde beginsel (5.2.1) van 'n noodwendige unieke bediening van elke plaaslike kerk gehou wil word, is dit nodig om in die lig van die konteksanalise hierdie tradisies noukeurig te identifiseer, te weeg en as bydraend of belemmerend vir roepingsvervulling te klassifiseer. Die belemmerende tradisies moet dan op so 'n wyse uitgefaseer word dat die minste moontlike konflik sal plaasvind.

Die gemeente kan geleentheid gegee word om 'n lys saam te stel van alles wat in hul gemeente gebeur wat hulle meen blote tradisie is. Die kerkraad kan dan hieroor besin en in die lig van die konteksanalise sekere tradisies aan die gemeente voorhou wat as belemmerend beskou word. 'n Gemeentevergadering kan dan hieroor gehou word om oor die uitfasering of vervanging van sulke belemmerende tradisies te besin.

In die toetsgroep uit die Ooste van Pretoria blyk dat eendersheid as inhiberend beskou word vir roepingsvervulling (4.2.3.5), terwyl verskeidenheid as bevorderlik beskou word vir roepingsvervulling (4.2.3.6). 'n Rigtingwyser hier is dus om die sake te identifiseer waarin die betrokke gemeente soos ander gemeentes in dieselfde kerkverband is en dan hierdie moontlike tradisies in die lig van die gemeente se spesifieke roeping op te weeg.

### *5.2.5 Baken 5: Skep balans in wisselwerking*

Wat die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling betref, blyk dit dat groter klem op enige van die beginsels geplaas kan word ter wille van die herstel van die balans. Só 'n optrede is eerder 'n kwessie van korrekte optrede binne 'n bepaalde konteks om aanstoot te vermy en effektief te bedien, as blote huigelary (3.2.4.1; vgl. 3.2.6.6). Hierdie baken oorvleuel met Baken 4: Deurbreek van tradisies, maar het die bykomende aksent om die wisselwerking te herstel.

Wanneer 'n oordrewe klem dus geplaas word op die eenheid sodat eenheid verstaan word as eendersheid, moet die fokus geplaas word op roepingsvervulling en verskeidenheid. Wanneer oordrewe klem geplaas word op verskeidenheid sodat kontak met ander kerke nie meer bestaan nie, moet die fokus op eenheid en roepingsvervulling val.

**Praktiese riglyne:**

Die effektiwiteit van kerklike bediening word in die empiriese ondersoek aangevoer as rede om die bedieningstyl aan te pas, oftewel die balans te herstel. Anders gestel: wanneer die bedieningstyl nie meer effektiewe roepingsvervulling tot gevolg het nie, is dit 'n praktiese aanduiding dat 'n herstel in die balans noodsaaklik geword het.

Die kerkraad moet bepaal in watter area in die bediening van die gemeente hulle tans 'n tekort aan balans in hierdie wisselwerking ondervind. Hierdie inligting moet verreken word wanneer die spesifieke roeping van die gemeente en bedieningstrategie later in die lig van 5.2.6 en 5.2.7 hieronder bepaal word.

### *5.2.6 Baken 6: Bewerk eenheid in gemeenskaplike belang*

Kerklike bediening is per definisie roepingsvervulling. In hierdie roepingsvervulling behoort kerklike eenheid selfs gehandhaaf te kan word met die strengste van teologiese strominge, tensy die kern van die evangelie aangetas word. Selfs al is kerklike verskille middelmatig, moet die eenheid bewaar word in die roepingsvervulling van die gemeente. Roepingsvervulling is immers die gemeenskaplike belang van alle partye in 'n betrokke gemeente. Optredes wat nie met die kern van die evangelie in stryd is nie, behoort akkommodeerbaar te word (3.2.4.2).

**Praktiese riglyne:**

'n Nuwe skriftelike verbintenis van elke lidmaat in die gemeente tot roepingsvervulling kan verkry word om hul toewyding aan effektiewe roepingsvervulling te bevestig – hoe dit ook al geformuleer mag word wanneer die spesifieke roeping en strategie van die gemeente later bepaal word. Uit die empiriese ondersoek blyk dit nie moeilik te wees om lidmate se verbintenis daartoe

te verkry nie. Dit is 'n belangrike anker waarna in latere konflik teruggekeer kan word.

### *5.2.7 Baken 7: Bewerk verskeidenheid nie in eie belang nie*

Die waterskeiding om eenheid te bepaal is slegs die evangelie van genade en verlossing deur geloof in Jesus Christus (3.2.6.2). Wanneer die hart van die evangelie aangetas word om sogenaamde eenheid te bewaar, of verskeidenheid te akkommodeer moet dit veroordeel word (3.2.6.2). Of negatief gestel: Slegs wanneer verskille afbreuk doen aan die evangelie, kan dit nie geakkommodeer word nie. Die pad wat die gemeente stap waarin hulle waarskynlik uiteindelik 'n unieke bedieningsvorm mag aanneem, mag nie deur of in eie belang bepaal word nie. 'n Gemeente se uniekheid is nie ter wille van homself nie maar ter wille van gehoorsaamheid aan die roeping van God aan daardie spesifieke gemeente in hulle gegewe konteks.

**Praktiese riglyne:**

Wanneer areas later bepaal word waarin die gemeente moet aanpas om die balans te herstel moet dit geskied in die lig van die Skriftuurlike wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling en die konteksanalise.

Die kerkraad mag geen persoonlike motief of voorkeur in aanmerking neem nie. Die uitgangspunt is gehoorsaamheid aan God. In die bepaling van die gemeente se spesifieke roeping en bedieningstrategie mag verskeidenheid nie maar toegelaat word ter wille van verskeidenheid nie. In afhanklikheid en gebed moet bepaal word watter vorm aangeneem moet word om effektiewe roepingsvervulling in die betrokke gebied te verseker.

### *5.2.8 Baken 8: Akkommodering van mekaar*

Wanneer verskille in die kerk voorkom, moet die een die ander altyd as broer in Christus ag (3.2.6.4.1). Vanuit hierdie eenheid in Christus moet die verskeidenheid in liefde geakkommodeer en nie veroordeel word nie (3.2.6.4.1). Die meer behoudende groep/standpunt mag daarom nie die meer vrydenkende groep/standpunt veroordeel nie en ook nie andersom nie (3.2.6.4.1). Kerklike eenheid moet verskeidenheid in sy midde kan akkommodeer (3.2.6.4.1).

Wanneer beide groepe op roepingsvervulling fokus, is harmonie moontlik (3.2.6.4.2). Die meer vrydenkende groep/standpunt mag nie op die meer behoudende groep/standpunt neersien nie, en ook nie andersom nie (3.2.6.4.2). Die meer vrydenkende groep/standpunt moet die meer behoudende groep/standpunt akkommodeer in soverre die verskil 'n geloofskrisis teweeg kan bring (3.2.6.4.2). Die beeld van die kerk as één in Christus en getrou aan die eie lewenskonteks moet in die oë van die wêreld te alle tye bewaar word (3.2.6.4.2).

**Praktiese riglyne:**

Die gesag van die Woord en die krag van die Heilige Gees is nodig om lidmate in hierdie saak te begelei. Gebed deur die leraar, kerkraadslede en ander gemeentelede is daarom onmisbaar in veral hierdie afdeling. Toerusting in prediking, kategese, kleingroepe ens. moet plaasvind met betrekking tot eerlikheid en integriteit in hierdie verband sodat mense werklik kan bepaal of hulle hul eie agenda dien of besig is om gehoorsaam te wees aan God.

Uiteindelik behoort, in die lig van waarskynlike verskille, 'n uitweg uit die konflik gevind te word deur die fokus te plaas op die roepingsvervulling van die gemeente en nie op persoonlike opinies of behoeftes nie.

## 5.3 Samevatting van die strategiese moment

Wat in hierdie hoofstuk aangebied is, is die integrering en strategiese aanwending van die bevindinge soos dit in Afdelings A en B van hierdie studie volgens die prakties-teologiese metodiek van Gerben Heitink geformuleer is (1999).

Strategiese bakens en praktiese riglyne is geformuleer waarvolgens 'n kerkraad en gemeente eers moet beweeg voordat hulle hul spesifieke roeping en bedieningstrategie kan bepaal om die gemeente in volwassenheid op te bou en in getalle uit te bou.

# HOOFSTUK 6 –

# Samevatting en gevolgtrekking


## 6.1 Inleiding

### *6.1.1 Oriëntering*

Voordat 'n gemeente hul spesifieke roeping en bedieningstrategie kan bepaal, is dit noodsaaklik dat hulle hulle deeglik vergewis van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling.

Hierdie wisselwerking was tot op hede nog nie deeglik uitgewerk nie en die negatiewe effek daarvan is vandag te bespeur in gereformeerde kerklike bediening. Hierdie studie poog om 'n korrektief daarop te bied deur die prakties-teologiese metodiek van Heitink (1999) so aan te wend dat 'n strategie in plek gestel word om hierdie probleem die hoof te bied.

Die metode behels die voltooiing van drie momente, die hermeneutiese moment, empiriese moment en strategiese moment. Hierdie momente het elkeen 'n spesifieke doel sonder om in strakke isolasie van mekaar te staan, en funksioneer eerder aanvullend.





**Figuur 10: Metodologie van praktiese teologie volgens Heitink (1999:165)**

Die diagrammatiese voorstelling en bevindinge van elkeen van die momente word vervolgens opeenvolgend aangebied om 'n samevattende oorsig van die studie te gee.

## 6.2 Hermeneutiese moment

Hoofstukke 2 en 3 het deel uitgemaak van die hermeneutiese ondersoek wat eers die huidige toedrag van sake wil 'verstaan' voordat dit empiries verduidelik en strategies aangepas kan word (Fig. 11). Hier is dus gepoog om tot 'n 'verstaan' te kom van die huidige stand van sake.




**Figuur 11: Die hermeneutiese perspektief (Heitink, 1999:178)**

Hierdie hermeneutiese ondersoek het in besonder gefokus op die funksionering van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling in die bepaling van 'n gemeente se unieke roeping en bedieningstrategie.

Hierdie deel van die hermeneutiese ondersoek wil 'verstaan' in watter mate eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling tans in aanmerking geneem word wanneer 'n gemeente sy unieke roeping bepaal en op 'n strategie besluit. Verder is 'n oorsig kortliks gegee van die omstandighede in Suid-Afrika wat 'n impak het op die milieu waarin plaaslike bediening moet geskied. Dit het die kontekstualiteit van hierdie studie verseker.

Kennis is hier versamel wat uiteindelik in 'n geïntegreerde teorie aangewend is. Die bevindinge van Hoofstukke 2 en 3 volg hierna.

***6.2.1 Hermeneutiese bevindinge uit Hoofstuk 2***

6.2.1.1 Die beginsels van kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling kom elkeen in al die ondersoekte literatuur aan die orde (2.2.1.5; 2.2.2.3; 2.3.1.4; 2.3.2.6). Die wisselwerking tussen hierdie drie beginsels word nie deeglik in hierdie literatuur uitgewerk en as noodsaaklik beskou vir die beplanning van 'n effektiewe bedieningstrategie nie. Hierdie feit skep verwarring en bring gevolglik mee dat eenheid en verskeidenheid in die algemeen verstaan word as twee teenpole (2.5.1.4.4.1). Dit bring oënskynlike spanning na vore (2.2.1.5; 2.2.2.3; 2.3.1.4; 2.3.2.6). Die klem in bogenoemde literatuur lê eerder op eenheid en roepingsvervulling, dikwels ten koste van 'n goeie begrip van kerklike verskeidenheid (2.2.1.5; 2.2.2.3; 2.3.1.4; 2.3.2.6). 'n Fokus op roepingsvervulling word genoem as 'n weg uit kerklike konflik en sal waarskynlik 'n rol speel in die hantering van die oënskynlike spanning tussen kerklike eenheid en verskeidenheid (2.3.1.4).

6.2.1.2 Die huidige Suid-Afrikaanse konteks sowel as die opkoms van die postmodernisme dwing tot 'n deeglike besinning oor die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling van die plaaslike kerk wat toenemend oneffektief blyk te wees (2.5.1.4.1.1; 2.5.1.4.1.1; 2.5.1.4.3.1; 2.5.1.4.5.1). 'n Verskeidenheid bedieningspatrone sal noodwendig die gevolg wees van die feit dat gemeentes hul roepings kontekstueel vervul. 'n Gebrek aan verskeidenheid toon oneffektiwiteit, ongehoorsaamheid en dat ander sake, en nie roeping nie, in gemeentelike aktiwiteite die pas aangee (2.2.1.5; 3.3.1.4).

6.2.1.3 Groot soepelheid bestaan in die GKSA vir plaaslike bediening om 'n verskeidenheid vorme te kan aanneem (2.5.2.2). Die afwesigheid van hierdie verskeidenheid in die praktyk wil dit laat voorkom of 'n ongeskrewe stel reëls of tradisie verantwoordelik is vir hoofsaaklik eenvormige bediening (2.5.2.4).

6.2.1.4 In al drie die ondersoekte gemeentes staan roepingsvervulling uit die aard van die saak voorop, al word dit verskillend verstaan (2.6.4; vgl. 2.6.3.3.4). In een van die bedieningstrategieë is melding gemaak van die eenheid van die gemeente met ander kerke in dieselfde kerkverband, en dat hulle gesamentlik verantwoordelikhede het wat roepingsvervulling betref (2.6.3.3.4). Klem word telkens gelê op die uniekheid van die plaaslike kerk en hul eie roeping (2.6.4).

### *6.2.2 Hermeneutiese bevindinge uit Hoofstuk 3*

6.2.2.1 Kerklike eenheid en verskeidenheid is nie teenpole van mekaar wat onversoenbaar is nie. Geen kulturele, sosiale, etniese of enige ander oorweging mag in aanmerking geneem word om eenheid te bepaal nie. Selfs groot sosiale en kulturele verskille behoort akkommodeerbaar te wees. Die eenheid bestaan daarom te midde van verskeidenheid (3.2.6.2). Die verhouding is eerder 'n verskeidenheid te midde van die eenheid, oftewel, 'n verskeidenheidseenheid. Die aard van die eenheid laat ruimte vir verskeidenheid op plaaslike vlak (3.2.5.2). Die beginsel is dat bedieningskonteks bepalend is vir bedieningsvorm. Hierdie feit noodsaak kerklike verskeidenheid, indien by hierdie Skriftuurlike beginsel gehou word (3.2.6.3). Wanneer die fokus op roepingsvervulling val, soos in die geval van Paulus, kan die verskeidenheid binne die eenheid geakkommodeer word (3.2.6.3).

6.2.2.2 Wat die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling betref, blyk dit dat groter klem op enige van die beginsels geplaas kan word ter wille van die herstel van die balans. Só 'n optrede is eerder 'n kwessie van korrekte optrede binne 'n bepaalde konteks om aanstoot te vermy en effektief te bedien, as blote huigelary (3.2.4.1; vgl. 3.2.6.6).

6.2.2.3 Uit die woordstudies blyk dat kerklike bediening per definisie roepingsvervulling is. In hierdie roepingsvervulling kan kerklike eenheid selfs gehandhaaf word met die strengste van strominge tensy die kern van die evangelie aangetas word. Selfs al is kerklike verskille middelmatig, moet die eenheid bewaar word. Optredes wat nie met die kern van die evangelie in stryd is nie, behoort geakkommodeer te word (3.2.4.2).

6.2.2.4 Die waterskeiding om eenheid te bepaal is slegs die evangelie van genade en verlossing deur geloof in Jesus Christus (3.2.6.2). Wanneer die hart van die evangelie aangetas word om sogenaamde eenheid te bewaar, of verskeidenheid te akkommodeer moet dit veroordeel word (3.2.6.2). Of negatief gestel: Slegs wanneer verskille afbreuk doen aan die evangelie, kan dit nie geakkommodeer word nie.


6.2.2.5 Wanneer verskille in die kerk voorkom, moet die een die ander altyd as broer in Christus ag (3.2.6.4.1). Vanuit hierdie eenheid in Christus moet die verskeidenheid in liefde geakkommodeer en nie veroordeel word nie (3.2.6.4.1). Die meer behoudende groep/standpunt mag daarom nie die meer vrydenkende groep/standpunt veroordeel nie (3.2.6.4.1). Kerklike eenheid moet verskeidenheid in sy midde akkommodeer (3.2.6.4.1). Wanneer beide groepe op roepingsvervulling fokus, is harmonie moontlik (3.2.6.4.2). Die meer vrydenkende groep/standpunt mag nie op die meer behoudende groep/standpunt neersien nie (3.2.6.4.2). Die meer

vrydenkende groep/standpunt moet die meer behoudende groep/standpunt akkommodeer in soverre die verskil 'n geloofskrisis teweeg kan bring (3.2.6.4.2). Die beeld van die kerk in die oë van die wêreld moet te alle tye bewaar word (3.2.6.4.2).

## 6.3 Empiriese moment

In Hoofstukke 2 en 3 van hierdie studie is die hermeneutiese ondersoek afgehandel. In hierdie ondersoek is gepoog om die huidige stand van sake te verstaan en te verklaar. Gebeure vind egter nooit in isolasie plaas nie en daarom was die empiriese moment noodsaaklik. Die empiriese moment wil die 'wie doen wat' verbind met die 'waar en wanneer'.

Alle aktiwiteit is situasioneel en vind plaas binne 'n bepaalde tyd en ruimte met 'n unieke konteks. Die empiriese ondersoek hoop om lig hierop te werp (Fig. 4). In hierdie sin staan die empiriese ondersoek nie lynreg teenoor die hermeneutiese en strategiese momente nie. Dit dra by tot die ontwikkeling van 'n verstaans- en praktykteorie, en wil kennis genereer wat dit moontlik sal maak om die huidige onbevredigende situasie in 'n meer aanvaarbare een te verander (Heitink, 1999:221-225). Anders as by die metode van Zerfass (1974:167), funksioneer hierdie drie momente daarom nie in strakke isolasie van mekaar nie maar is interaktief met 'n bepaalde wisselwerking (Heitink, 1999:221).




**Figuur 12: Die empiriese perspektief (Heitink, 1999:220)**

In sowel 2.6 in Hoofstuk 2 wat handel oor bedieningstrategieë in praktyk, as die hele Hoofstuk 3 word uiteindelik juis die situasie wat aangepas moet word, geskets.. Die bevindinge in 2.6 maak nie deel uit van die empiriese moment nie, omdat dit in wese gegewe literatuur as inligtingsbron gebruik het en nie vraelyste of onderhoude nie. So iets is toelaatbaar want dit is juis hier waar oorvleueling tussen die verskillende momente van die prakties-teologiese navorsingsmetode, soos deur Heitink uitgewerk, sigbaar word (1999:233-239).

Die bevindinge van die empiriese moment word gevolglik hierna weergegee.

### *6.3.1 Empiriese bevindinge*

6.3.1.1 Al die toetspersone ag eenheid van hul gemeente met ander gemeentes in 'n bepaalde kerkverband as belangrik (4.2.1.1). Die motivering hiervoor sentreer om die hulp wat gemeentes so aan mekaar kan bied, beter roepingsvervulling en behoud van identiteit (4.2.1.2). Alhoewel daar konsensus is dat eenheid in Jesus Christus gesetel is, word eenheid in verskillende kerkverbande verskillend beskou. Die hoofsake waarin eenheid gesien word, is kerklike vergaderings, bedieningstyl en tradisie (4.2.1.4; 4.2.1.8). Kerkverband word gesien in die lig van gemeenskaplike belange, wat veral op kerklike vergaderings bespreek

word (4.2.1.7) In ander gevalle staan die respondente skepties teenoor die waarde van die vergaderings vir plaaslike bediening (4.2.1.5). Verskeidenheid word nie negatief beoordeel en as teenpool met kerklike eenheid gesien nie, behalwe waar die verskille so ingrypend is dat dit die eenheid bedreig (4.2.1.12). Lidmate is nie pertinent bewus van die bydrae wat kerklike eenheid in kerkverband tot roepingsvervulling van die plaaslike kerk maak nie (4.2.1.13).

6.3.1.2 Die Skriftuurlikheid van kerklike verskeidenheid word deur feitlik al die toetspersone erken (4.2.2.2). Die noodsaak vir kerklike verskeidenheid word gekoppel aan die verskeidenheid onder die mensdom wat toegeskryf word aan kulturele verskille, persoonlike smaak en verskillende gawes asook roeping (4.2.2.5). Eenheid word nie gesien as eendersheid nie (4.2.2.6), tog is daar nie eenstemmigheid daaroor dat ruimte vir verskeidenheid noodwendig tot roepingsvervulling bydra nie (4.2.2.14). Die effektiwiteit van kerklike bediening asook die instemming van die meerheid in die gemeente word aangevoer as rede en voorwaarde om die bedieningstyl aan te pas. Anders gestel: wanneer die bedieningstyl nie meer roepingsvervulling effektief tot gevolg het nie, behoort dit aangepas te word mits die meerderheid saamstem (4.2.2.7). Dit wil voorkom of die omgewing waarin die betrokke gemeentes geleë is, in sommige gevalle 'n invloed op die bediening het en in ander gevalle weer nie (4.2.2.12). Die omgewing waarin die gemeentes geleë is, word nie deurgaans beskou as 'n faktor wat bydra daartoe om die Here se roeping vir daardie gemeente te bepaal nie (4.2.2.13).

6.3.1.3 Roepingsvervulling word beskou as die kern bestaansdoel van die kerk (4.2.3.1). Die onderskeie respondente beskou roepingsvervulling egter anders. Die respondente meen elkeen dat hulle wel hulle roepings vervul soos hulle dit beskryf het (4.2.3.4). Sommige reken dat hulle wel 'n mate van uniekheid in hul roepingsvervulling besit, en die ander glo nie dat


hulle werklik 'n unieke rol het om te vervul nie (4.2.3.4). Kerklike roepingsvervulling word beskou as 'n saambindende en versoenende faktor in situasies van kerklike konflik (4.2.3.10).

6.3.1.4 Toe die toetspersone gevra is om die verhouding tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling te beskryf het dit duidelik geword dat hulle tot nou toe nie pertinent bewus was van die spesifieke wisselwerking nie. Hulle het egter wel die verbande in die lig van die onderhoud kon trek (4.2.3.13). Uit die onderhoude het 'n meer Skriftuurlike beskouing van die wisselwerking na vore gekom as wat in elke betrokke gemeente se bedieningstrategie in 2.6 duidelik geword het.

6.3.1.5 Elkeen van die toetspersone meen dat 'n deeglike kennis van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling tot meer effektiewe bediening en gemeentelike groei kan bydra, maar dat hulle nie glo dat hul gemeentes dit tans begryp en volgens die beginsels optree nie (4.2.3.14).

## 6.4 Strategiese moment

Praktiese teologie, wat volgens Heitink te make het met die bemiddeling van die Christelike geloof in die praktyk van die gemeenskap, mik onafwendbaar op verandering (Heitink, 1999:202). Die strategiese proses het voorstelle gemaak vir die weg waarlangs hierdie verandering kan plaasvind. Die strategiese perspektief wil die 'wie doen wat' met die 'hoe' en 'om welke rede' met mekaar verbind (Figuur 5).




**Figuur 13: Die strategiese moment (Heitink, 1999:201)**

Ten einde die hoofstuk binne die groter raamwerk van die studie te plaas is dit nodig om die prakties-teologiese metodologie wat gevolg is, saam te vat – soos in Hoofstuk 1 uiteengesit.


In Afdeling A van die studie het Hoofstukke 2 en 3 die hermeneutiese momente gevorm waarin gepoog is om die problematiek en Skriftuurlike perspektief te verstaan. Hoofstuk 2 se 2.6 en die empiriese moment bestaande uit Afdeling B se Hoofstuk 4 het probeer skets wat uiteindelik in werklikheid verander moet word. Hoofstuk 3, deel van die hermeneutiese moment, wou vanuit Skriftuurlike beginsels aandui waartoe hierdie verandering moet plaasvind. Afdeling C, Hoofstuk 5 vorm nou die strategiese moment waarin praktykteoretiese voorstelle gemaak word om vanaf die huidige praktyk (2.6 en 4) by die nuwe verlangde praktyk uit te kom.

In Hoofstukke 2 en 4 is gepoog om 'n begrip te ontwikkel met betrekking tot die huidige funksionering van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling in kerklike bediening. Hoofstuk 2 het gefokus op hoe hierdie wisselwerking in bedieningstrategieë funksioneer en in Hoofstuk 4 is gepoog om te peil wat lidmate se persepsie van die wisselwerking is.

Hoofstuk 3 het 'n Skriftuurlike perspektief probeer bied op hierdie wisselwerking deur Handelinge 21:17-26 te eksegetiseer en ter sake afleidings daaruit te maak. Hoofstuk 5 wil uiteindelik die strategiese riglyne bied waarlangs die nodige verandering kan plaasvind sodat die gemeente uiteindelik opgebou en uitgebou kan word.

Die strategie wat ontwikkel is en ook as werkplan vir Hoofstuk 5 gedien het, word diagrammaties as volg voorgestel (Figuur 12):

**Inhoud van baken**




**Riglyne / Strategie vir baken**

**Figuur 14: Metodiek vir bepaling van spesifieke roeping en bedieningstrategie**

Die resultaat van hierdie metodiek is uiteindelik aangebied as belangrike bakens met praktiese riglyne om van die ongewensde praktyk 1 tot die verlangde praktyk 2 te vorder.

Die bakens wat ontwikkel is deur die onderskeie momente van hierdie studie te voltooi word hier kursories weergegee. Beskrywing van die inhoud en praktiese riglyne by elke baken kan gevind word in Hoofstuk 5 van hierdie studie.

- Baken 1: Identifisering van unieke konteks (vgl. 2.7.2)
- Baken 2: Vergewis van huidige wisselwerking (vgl. 2.7.1)
- Baken 3: Vergewis van Skriftuurlike wisselwerking (vgl. 3.3.1)
- Baken 4: Deurbreek van Tradisies (vgl. 2.7.3)
- Baken 5: Skep balans in wisselwerking (vgl. 3.3.2)
- Baken 6: Bewerk eenheid in gemeenskaplike belang (vgl. 3.3.3)

- Baken 7: Bewerk verskeidenheid nie in eie belang nie (vgl. 3.3.4)
- Baken 8: Akkommodering van mekaar (vgl. 3.3.5)

## 6.5 Finale konklusie

Dit is duidelik dat die verrekening van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling 'n onmisbare rol speel in die bepaling van die spesifieke roeping en bedieningstrategie van die plaaslike kerk ten einde te verseker dat hulle gehoorsaam is aan hulle opdrag van God.

'n Plaaslike kerk moet hulle deeglik van hierdie wisselwerking vergewis voordat hulle besluit om hulle spesifieke roeping en bedieningstrategie te bepaal. Effektiewe plaaslike bediening roep dus om 'n deeglike besinning oor die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling, wat tans nie genoegsaam verreken word nie. 'n Deeglike kennis van hierdie wisselwerking sal die plaaslike kerk help om sy eie spesifieke roeping en bypassende bedieningstrategie in sy eie konteks te bepaal en so effektief en gehoorsaam te bedien.

## 6.6 Terreine vir verdere navorsing

Navorsing op die volgende terreine kan 'n groot bydrae lewer tot beter funksionering van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling:

- Die verhouding van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling gesien vanuit die Koninkryksgedagte.
- Die verhouding van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling gesien vanuit Paulus se ekklesiologie.
- Die rol van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling in multikulturele kontekste en multikulturele kerkplanting.

- Die invloed van die konteks van die Reformasie op die bedieningstyl in die Reformasie en 'n vergelyking daarvan met bedieningstyle vandag algemeen in gereformeerde kerke in Suid-Afrika sowel as wêreldwyd.
- Die implikasie van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling vir gereformeerde kerkverbande en kerkregering.

# BIBLIOGRAFIE


BERKHOF, H. 1955. Geschiedenis der kerk. 6de Druk. Lemele : Nijkerk.

BOTHA, J. 2005. Nederduitsche Hervormde Gemeente Meyerspark – Bedieningsplan. 15p.

BURGER, C. 1999. Gemeentes in die kragveld van die Gees. Stellenbosch : BUVTON.

BYBELSE ENSIKLOPEDIE, 1998, c1977. Uit Nederlands vertaal. (electronic ed.). Logos Library System, 2de hers. uitg. Verenigde Protestantse Uitgewers : Kaapstad.

DE KLERK, B.J. & J VAN RENSBURG, F.J. 2005. Preekgeboorte: 'n Handleiding vir gereformeerde eksegese en prediking, toegepas op 1 Petrus 2:11-12, 18-25. Potchefstroom : Potchefstroom se Teologiese publikasies. 145p.

DE KOCK, K. 2005. 'n Prakties-teologiese beoordeling van "natural church development" se agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke. Potchefstroom : PU vir CHO. (Skripsie – MTh.) 198p.

DE VILLIERS, J.L. 1983. Die Handelinge van die Apostels. Deel 2. Goodwood : Nasionale Boekdrukkery. 216p.

DIE BYBEL *: Nuwe Vertaling*. 1998, c1983 (electronic ed.) Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Cape Town, South Africa.

DUNN, J.D.G. 1988. Romans 9-16. (In Word Biblical Commentary. Volume 38b. Ed Hubbard, D.A & Barker, G. W.) Dallas : Word Books Publisher.

DU PLOOY, A. LeR. 1982. Kerkverband. 'n Gereformeerd-kerkregtelike studie. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif – ThD.) 453p.

DU PLOOY, A. LeR. 2005. Kerkeenheid, Kerkverband en Kerkskeuring. In *Die Kerkblad,* Maart 2005. p. 18-20. Potchefstroom : Deputate Publikasies van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

DU TOIT, A. 1997. *Die leef wêreld van die Nuwe Testament.* Handleiding by die Nuwe Testament. (de Villiers, J.L (redakteur). Vol. Band II. (*In* Libronix Digital Library) [CD-ROM].

EDWARDS, D.L. 1997. Christianity. The first two thousand years.New York : Orbis.

FRIBERG, T. 2004. Friberg Greek Lexicon. (*In* Bibleworks 6.) [CD-ROM].

GAARDER, J. 1999. Sophie's world. London : Phoenix.

GEORGE, T. 1994. Galatians. (*In:* The new American commentary. Volume 30. *Ed.* Clenden, E.R.) Nashville : Broadman & Holman.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA, 1979. Kerkorde van die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika, soos gewysig deur die verskillende sinodes. Potchefstroom :Admin. Buro van die GKSA.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA, 1992. Die berymde Psalms en Skrifberymings. Potchefstroom : Calvyn Jubileum Boekefonds.

GIBBS, E. 2000. Church Next. Quantum Changes in how we do ministry. Illinois : InterVarsity.

GUNDRY, R.H. 1970. A survey of the New Testament. Devon : The Paternoster Press.

GKSA kyk GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA.

HEITINK, G. 1999. Practical Theology. Uit die Engels vertaal deur R. Bruinsma. Grand Rapids : Eerdmans. 358p.

HELBERG, J.L. 1988. Eenheid en verskeidenheid? In *Die Kerkblad* Oktober 1988. p. 26 + 29. Potchefstroom : Deputate Publikasies van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

HENDRIKS, J. 2001. Gemeente als herberg. Een conrete utopie. Kampen : Kok.

HORSLEY, R.A. 1998. 1 Corinthians. Nashville : Abington Press.

JACKSON, N. 2005. Gesprek oor diversiteit nodig. *Volksblad*:7, Feb. 11.

JOHNSON, L.T. 1992. The acts of the Apostles. Volume 5: Sacra Pagina Series *ed*. D.J. Harrington. Minnesota : The Liturgical Press. 568p.

JOUBERT, S. 1999. Handelinge. (*In* Vosloo, W. & van Rensburg, F.J. *reds*. Die Bybellennium. Vereeniging : CUM.)

KISTEMAKER, 1990. New Testament Commentary. Exposition of the Acts of the Apostels. Grand Rapids : Baker Book House. 1010p.

KRUGER, J. (jacokruger@lantic.net) 2005. Kernwaardes van GK Wapadrant. [E-pos aan:] van Wyk, G. (griffel@griffinsestate.co.za) Jun. 5.

LEKKERKERKER, A.F.N. 1975. De brief van Paulus aan de Romeinen II. Nijkerk : Callenbach B.V.

LIDDELL, H.G. & SCOTT, R. 1953. Greek-English Lexicon. (*In* BibleWorks 6) [CD ROM].

LONGENECKER, R.N. 1990. Galatians. (*In* Word Biblical commentary. Volume 41. *Ed* Hubbard, D.A & Barker, G. W.) Dallas : Word Books Publisher.

LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1988. Greek-English Lexicon of the New Testament based on semantic domains. Goodwood : National Book Press. 843p.

MARSHALL, I.H. 1989. The acts of the Apostles. An introduction and commentary. Grand Rapids : Eerdmans.

MOUNCE, R.H. 1995. Romans. (*In* The new American commentary. Volume 27.*Ed* Clendenen, E.R. Nashville : Broadman & Holman.

NEL, M. 1994. Gemeentebou. Johannesburg : Perskor Drukkers. 320p.

NEWMAN, B.M. 1971. A concise Greek-English dictionary of the New Testament. (*In* BibleWorks 6) [CD ROM].

PALMER, D.W. 1993. Acts and the ancient historical monograph. (*In* Winter, B.W. & Clarke, A.D., *ed*. The books of acts in its ancient literary setting. Grand Rapids : Eerdmans. p.2-29.)

PRIOR, D. 1985. The message of 1 Corinthians. Life in the local church. Leicester : Inter-Varsity.

RAINER, T.S. 1994. Eating the elephant. Dite sized steps to obtaining long-term growth in your church. Nashville : Broadman & Holman Publishers.

RICHEL, P.J. 1942. Het Kerkbegrip van Calvijn. Utrecht : Libertas.

RIENECKER, F. & ROGERS, C. 1980. Linguistic key to the Greek New Testament. Grand Rapids : Zondervan. 864p.

ROBERTS, J.H. 1988. Die genvangeniskapsbriewe. (In Handleiding van die Nuwe Testament Band V. Ed. Du Toit, A.B.) Goodwood : Nasionale boekdrukkery.

SCHALEKAMP, M.E. 2005. Missiones Ecclesiae: 'n Missionêre visie en strategie in gemeentebou ten opsigte van multikulturele kerkplanting. Potchefstroom : Noordwes Universiteit. (Proefskrif – ThD.). 529p.

SMIT, C.J. 1985. Kerkreg en kerkorde in die lig van God se reg en orde vir sy kerk. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif – ThD.) 388p.

SMIT, C.J. & VORSTER, J.M. 2000. Die GKSA en sy gereformeerde identiteit. *In die Skriflig*, 34(4):515-533.

SNYDER, H.A. 1996. Radical renewal. The problem of wineskins. Houston : Touch Publications.

SPOELSTRA, B. 2003. Het die "kerk" God in die GKSA verplaas? *In* Die Kerkblad, September, 106(3155):28-29.

STOTT, J.R.W. 1990. The message of acts. The Spirit, the Church and the World. Leicester : Inter-Varsity. 428p.

THISELTON, A.C. 2000. The first epistle to the Corinthians. Carlisle : The Paternoster Press.

VAN DER ELST, J & VAN DER WALT, E. 1998. Handleiding vir Bibliografiese Styl. Potchefstroom : PU vir CHO. (Diktaat D225/97.)

VAN DER LINDE, G.P.L. 1965. Die grondbeginsels van die presbiteriale kerkregeringstelsel. Potchefstroom : Pro Rege.

VAN DER SPUY, D. 2005. Lidmaatklas 1: Gemeenteprofiel. (leierds@morelata.co.za) [E-pos aan:] van Wyk, G. (griffel@griffinsestate.co.za) Jun. 10.

VAN WYK, J.H. 2003. Die verhouding tussen die Gereformeerde Kerke in Suidelike Afrika. *In* Die Kerkblad, Oktober 106(3156):13-15.

VENTER, J. 1994. Hoe verder met die verskeidenheid in die Gereformeerde Kerke? In *Die Kerkblad,* Julie 1994. p24-26.

VENTER, H.V. 2005. Die begeleiding van gesinne in die plaaslike kerk binne die konteks van die postmodernisme: 'n Prakties-teologiese benadering. Potchefstroom : PU vir CHO. (Skripsie – MTh.) 138p.

VORSTER, J.M. 1996. Is die kerk funksioneel? Potchefstroom : Potchefstroomse teologiese publikasies.

VORSTER, J.M. 1997. Die diens van die Gereformeerde predikant. *In die Skriflig,* 31(3):267-282.

VORSTER, J.M. 1999. 'n Waarskynlike bedieningsmilieu vir die GKSA in die dekades na 2000. *In die Skriflig*, 33(1):99-119.

VORSTER, N. 2004. Hoe kan ons ons verskille oorkom? In *Die Kerkblad,* Sept. 2004. p. 34-36.

VOSLOO, W. &. VAN RENSBURG. F. J. 1997, c1993. *Die Bybel in Praktyk (Nuwe Vertaling)* (Ac 1:1). Christelike Uitgewersmaatskappy : Vereeniging.

WALKER, W. 1992. A history of the Christian church. 4th Edition. Edinburgh : T&T Clark.

WALL, R.W. 2002. New Interpreter's Bible. Volume x. Nashville : Abington press.

ZERFASS, R. 1974. Praktische Teologie als Handelingswissenschaft. (*In* Praktische theologie heute. *Ed* Klostermann, F. & Zerfass, R.) Munich : Mainz.